



VAN
TEGNIK
TOT
AMPTELIKE
TAAL

DIE OPKOMS VAN
SUID-AFRIKAANSE GEBARETAAL
AS 'N

TWAALFDE AMPTELIKE TAAL
VAN SUID-AFRIKA,
1977-2023

THEODORUS DU PLESSIS



Van tegniek tot amptelike taal

Die opkoms van Suid-Afrikaanse
Gebaretaal as 'n twaalfde
amptelike taal van Suid-Afrika,
1977-2023

Theodorus du Plessis



UJ Press

Van tegniek tot amptelike taal. Die opkoms van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as 'n twaalfde amptelike taal van Suid-Afrika, 1977-2023

Uitgegee deur UJ Press
Universiteit van Johannesburg
Biblioteek
Aucklandpark Kingsway kampus
Posbus 524
Aucklandpark
2006
<https://ujpress.uj.ac.za/>

Samestelling © Theodorus du Plessis 2025
Hoofstukke © Outeur(s) 2025
Gepubliseerde Uitgawe ©Theodorus du Plessis 2025
Eerste publikasie 2025

<https://doi.org/10.64449/9781997468875>
978-1-997468-86-8 (Sagteband)
978-1-997468-87-5 (PDF)
978-1-997468-88-2 (EPUB)
978-1-997468-89-9 (XML)

Hierdie publikasie is onderwerp aan 'n deeglike dubbelblinde keuringsproses voor publikasie en alle aanbevelings deur die keurders is oorweeg en aangebring voor publikasie.

Proeflees: Cornelia Geldenhuys
Omslagontwerp: Hester Roets, UJ Graphic Design Studio
Geset in 9/13pt Merriweather Light



Inhoud

Voorwoord	1
Afkortings	9
Hoofstuk 1: Inleiding	13
Hoofstuk 2: Die gebaretaalgemeenskap, gebaretale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal	33
Hoofstuk 3: Taalbeleid en -beplanning vir, en regserkenning van gebaretale	75
Hoofstuk 4: Suid-Afrika se pre-1994 taalbeleidskonteks	105
Hoofstuk 5: Eerste poging tot verampteliking – ’n onverwagse maar gemengde sukses (1993-1996)	139
Hoofstuk 6: Die tussenperiode: verdere erkenning sonder wesenlike resultate (1997-2006)	201
Hoofstuk 7: Tweede poging tot verampteliking – ’n moeisame dog relatief suksesvolle proses (2007-2023) ..	225
Hoofstuk 8: Taalbeplanning vir SAGT in oënskou	309
Hoofstuk 9: Ten besluite en vooruitskouend	345
Bibliografie	357

Opedra aan my vader, LCJ du Plessis, een van die
medewerkers aan die Penn-woordeboek van die
negentigerjare van die twintigste eeu

Voorwoord

Oor 'n kort tydperk het Gebaretaal [sic] beweeg van 'n posisie van relatiewe onbekendheid en onderdrukking na een met status en erkenning (Reagan & Penn 1997:2).

Die plan vir die monografie het gedurende Februarie 2020 ontstaan na aanleiding van die jaarlikse uitnodiging van die PUK-Kanselierstrust om aansoek te doen om befondsing van "... akademiese projekte wat tot publikasies in Afrikaans sal lei of wat die gebruik van Afrikaans as wetenskaplike taal op ander wyses kan bevorder".¹ In daardie stadium het die meeste publikasies oor Suid-Afrikaanse Gebaretaal oor die algemeen in Engels verskyn, 'n situasie wat tans (2025) steeds die geval is. Dieselfde tendens geld vir die twintigtal publikasies op die terrein van taalbeleid en -beplanning vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal. 'n Afrikaanse publikasie oor die onderwerp sou verseker 'n bydrae kon lewer.

Opvallend omtrent die gemelde korpus publikasies is die feit dat die meerderheid uit die vroeë negentigerjare van die vorige eeu dateer, hoofsaaklik deur enkele outeurs soos Timothy Reagan en Claire Penn voortgebring is en primêr op taal-in-die-onderwys-beplanning vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal konsentreer. Reagan se meer onlangse 2020-publikasie oor statusbeplanning is 'n uitsondering, maar dek nie na behore die belangrike post-2017 periode nie. Die situasie dui daarop dat daar in elk geval 'n behoefte aan 'n meer onlangse publikasie oor taalbeleid en -beplanning vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal bestaan, veral in die lig van verwickelinge met betrekking tot die taal sedert Februarie 2020. Dit is juis toe dat die President op Donderdag die 13de Februarie tydens sy staatsrede aangekondig het dat die regering gereed was om die Grondwetlike Hersieningskomitee se [2017] aanbeveling dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal tot 12de amptelike taal verklaar moet word, te

1 Geneem uit die bewoording van die PUK-Kanselierstrust se 2020-uitnodiging om aansoeke om befondsing van akademiese projekte in Afrikaans.

finaliseer. So 'n publikasie wat die volle verloop van die verampteliking van Suid-Afrikaanse Gebaretaal dek, sal dan benewens die feit dat dit in Afrikaans verskyn ook 'n besondere bydrae tot die vermelde korpus studies maak. Kunsmatige Intelligensie-toepassings sal verseker dat anderstaliges heel gemaklik ook toegang tot die werk kan kry sonder om op grond van taal uitgesluit te word. Trouens, juis om dié rede sal so 'n publikasie selfs 'n bydrae tot die internasionale korpus studies oor taalbeleid en -beplanning vir nasionale gebaretale maak. Die uitgewer maak die XML weergawe van die boek beskikbaar wat outomaties vertaal kan word in enige taal.

Taalbeleid en -beplanning vir nasionale gebaretale (gebaretale wat aan lande of nasionaliteite gekoppel word) het volgens kenners sedert die negentigerjare van die vorige eeu in samehang met 'n wêreldwye beweging vir die regserkenning van nasionale gebaretale as spesialisterrein van Dowestudies ontwikkel. Die Suid-Afrikaanse geval trek al vanaf die begin van die beweging aandag, omdat Suid-Afrika die eerste land was wat amptelike status aan 'n nasionale gebaretaal verleen het, nietemin in beperkte verband, toe die nasionale wetgewer deur middel van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996*² (hierna Skolewet – RSA 1996b), Suid-Afrikaanse Gebaretaal vir onderrigdoeleindes in openbare skole amptelik verklaar het. Terselfdertyd was Suid-Afrika ook een van die eerste lande en na Uganda (in 1995), die tweede land in Afrika wat grondwetlike erkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen het toe *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996* (hierna Grondwet – RSA 1996c) die taal (weliswaar die generiese benoemingsvorm, 'gebaretaal', en nie 'Suid-Afrikaanse Gebaretaal' by name nie) ingesluit het by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad se taalmandaat omtrent taalontwikkeling en -bevordering. Met die 2023-verampteliking van Suid-Afrikaanse Gebaretaal het Suid-Afrika sy reputasie gestand gedoen deur die eerste land ter wêreld te word wat sy nasionale gebaretaal in die land se grondwet as amptelike taal erken.

2 Die titels van wette word geskryf soos in die betrokke wet geproklameer.

Voorwoord

Tydens die saamstel van die monografie het dit duidelik begin word dat die veramptelikingsproses uiteindelik desondanks die indruk wat gewek is, nie kort op die hakke van die President se 2020-aankondiging gevolg het nie. Nieteenstaande die aanvanklike verwagting (ook van die befondser) dat die klem van die monografie op die taalbeplanningsaksies rondom die hele veramptelikingsproses sou val, het dit algaande duidelik begin word dat 'n voortydige afhandeling van die werk eintlik onvolledig sou wees sonder die insluiting van 'n wetlike ampteliketaalverklaring deur middel van 'n grondwetwysiging. Die relatiewe uitgerektheid van die proses het die monografie ironies genoeg ten goede gekom omdat die gebeurtenis van 19 Julie 2023, die datum waarop die President so 'n wysigingswet onderteken het, as die suksesvolle voltooiing van die wetgewende proses en daarom as natuurlike afsnydatum vir die monografie beskou kan word; eerder as die 2017-aanbeveling van die Grondwetlike Hersieningskomitee of die President se Februarie 2020-aankondiging. Taalbeplanningsaksies wat hierna van stapel gestuur is en nog sal word, behoort vanselfsprekend tot Strofe Twee van die betrokke Suid-Afrikaanse Gebaretaal-verhaal en behoort vorentoe ondersoek te word.

Die oogmerk met die monografie is om in navolging van internasionale studies oor die regserkenning van gebaretaal die veramptelikingsproses van Suid-Afrikaanse Gebaretaal te dokumenteer en as die resultaat van interaksie tussen taalbeplanningaksies en wetgewende prosesse te beskryf. Die beskrywing sal gedoen word aan die hand van 'n ontleding van argiefmateriaal wat die hele verhaal omtrent die ontplooiing van die veramptelikingsproses dokumenteer, onder meer notules van wetgewende prosesse, relevante wetgewing en beleidsdokumentasie, koerantknipsels en ander relevante dokumentasie wat in die openbare ruimte ter beskikking is, asook tersaaklike literatuur omtrent die betrokke prosesse. Die ontleding sal aan die hand van sentrale taalbeleid en -beplanningskonstrukte onderneem word. Wat aangebied word, is 'n verslag oor 'n kwalitatiewe ondersoek na die opkoms van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as 'n 12de amptelike taal van Suid-Afrika, nie noodwendig as die 12de amptelike taal nie. Oor so

'n rangorde-opstelling bestaan 'n mate van sensitiwiteit onder sekere kringe binne die Dowe gemeenskap.

Dit moet benadruk word dat die hele studie vanuit 'n horende perspektief onderneem is en in geen stadium wil voorgee om namens die Dowe gemeenskap van Suid-Afrika te praat nie. As sodanig word derhalwe nie afgewyk van die bestaande konvensie hieromtrent nie, wat bevestig word deur die feit dat studies oor taalbeleid en -beplanning vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal tot hiertoe oor die algemeen vanuit 'n horende perspektief geskryf is. Soos ter aanvang opgemerk, het nog nie een van die bestaande studies die hele proses van die verampteliking van Suid-Afrikaanse Gebaretaal gedokumenteer nie, dit wat met die monografie beoog word. Nie net dra die studie by tot die uitbreiding van die bestaande korpus publikasies nie; dit vul ook die algemene korpus aan oor taalbeleid en -beplanning in Suid-Afrika – die groter plaaslike taalbeplanningsprentjie.

Meer algemeen gesproke kan die monografie uiteindelik help om belangstelling in Suid-Afrikaanse Gebaretaal en sy gemeenskap aan te wakker en mense meer bewus maak van die kompleksiteit van Suid-Afrika se taalsituasie, maar veral van die uitdagings waarmee gebruikers van die land se agtergestelde en geminoritiseerde tale mee te kampe het. Hieruit kan meer begrip vir die situasie van minderheidstale en hulle gemeenskappe binne die konteks van 'n post-1994 Verengelsingstirannie ontwikkel word.

Die verskyning van *Van tegniek tot amptelike taal*, 'n boek oor die verampteliking van Suid-Afrika se jongste inheemse taal, in die jaar waarin Afrikaans se 100-jarige bestaan as amptelike taal herdenk word – die eerste inheemse taal om veramptelik te word – is onbedoeld relevant. Nie net plaas dit weer die kompleksiteit van so 'n veramptelikingsproses op die voorgrond nie, dit beaam ook nogeens die rol van taalaktiviste by die hele proses en die waarde van van-benede-na-bowe taalbeplanning. Een van die studies wat in die werk aan die orde kom, toon aan watter rol 'n verskeidenheid Afrikaanse veldtogvoerders by die verampteliking van Afrikaans binne 'n relatief kort tydperk gespeel het. Al het die gebaretaalveldtogvoerders in Suid-

Voorwoord

Afrikaanse Gebaretaal se geval nie altyd bereik wat hulle wou nie – en soms selfs onbedoeld meer bereik het as wat hulle beoog het – was dit nogtans hulle vasberadenheid (somsyd selfs verbeterheid) wat die veramptelikingswa deur die drif gesleep het. Die uitdaging in Suid-Afrikaanse Gebaretaal se geval is om nou ná verampteliking in 2023 strategieë uit te werk om die staat se sentrale rol in taalbestuur met betrekking tot Suid-Afrikaanse Gebaretaal te probeer neutraliseer en om te verseker dat al die goeie wetlike maatreëls oor die taal wat reeds vanaf 1995 voortgebring is, behoorlik geïmplementeer word. In Afrikaans se geval in 2025 is die uitdaging om voort te bou op die relatief suksesvolle produktiewe taalprivatiseringsmodel wat in reaksie op 'n relatief vyandige staat se georkestreerde ontplanning van die taal tot stand gebring is. Vanuit 'n taalbeplanningsoogpunt beskou, bied 'n vergelyking van die twee gevalle interessante stof tot nadenke. Hopelik sal die meelewende leser ook tot so 'n slotsom kom.

In die lig van die PUK-Kanselierstrust se strewe na die bevordering van die voortgesette gebruik asook verdere ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal word in die monografie sover as moontlik gehou by die tradisie van die Verafrikaansing van Engelse woorde, begrippe, terme, aanhalings, ensovoorts. Die titels van wette is deurgaans vertaal maar nie in die geval van wetsontwerpe wat departementeel gehanteer is nie. Oor die algemeen word die titels van nieamptelike anderstalige verwysingsbronne uiteraard ook nie vertaal nie. Omdat die gebruik van Afrikaanse afkortings en akronieme vir die ingeligte leser dalk steurend mag wees (bv. TPTG vir die meer bekende 'Langtag'), is met die lys afkortings gepoog om die nodige skakel na etlike meer bekende Engelstalige ekwivalente te bewerkstellig. In uitsonderlike gevalle is die name van instellings nie vertaal nie, byvoorbeeld African National Congress (ANC) ensovoorts.

My dank aan die PUK-Kanselierstrust vir hulp met die befondsing wat die produksie van die monografie en aan die betrokkenes vir hulle geduld met die afhandeling van die projek. Ook aan ons departementshoof, prof. Annalene van Staden, my groot waardering vir haar deurgaanse steun en aanmoediging

asook vir die Departement se ruim finansiële bydrae tot die produksie van die monografie en aan kollegas by ons biblioteek vir hulle hulp met die vind van soms byna onbekombare dokumente. 'n Besondere woord van dank aan prof. Johan Moll vir die deeglike deurwerking van die manuskrip en vir sy uiters waardevolle terugvoer asook aan kollegas vir nuttige gesprekke oor die onderwerp.

In die finale instansie my dank aan die uitgewer wat bereid was om die boek uit te gee, aan sy span wat onder groot druk die boek gereed gekry het en aan die anonieme keurders vir hulle waardevolle terugvoer. My groot waardering aan Corrie Geldenhuys vir die taalversorging van die finale manuskrip.

Theo du Plessis

*Emeritus-professor, Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal
en Dowestudies, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
27 November 2024*

Met erkenning aan die PUK-Kanselierstrust vir hulle finansiële bydrae tot die produksie van hierdie boek.

Die navorsingsprotokol vir hierdie studie is hersien en eties goedgekeur deur die Algemene/Menslike Navorsings-etiekkomitee aan die Universiteit van die Vrystaat op 26 Oktober 2023. Die amptelike etiese verwysingsnommer is: UFS-HSD2023/2154/4.

Afkortings

ACDP	African Christian Democratic Party
AGT	Amerikaanse Gebaretaal
ANC	African National Congress
BANZSL	British, Australian and New-Zealand Sign Language
BDB	Breë Demokratiese Beweging (kyk BDM)
BDM	Broad Democratic Movement (kyk BDB)
BGT	Britse Gebaretaal
CAPS	Curriculum and Assessment Policy Statement (kyk KABV)
CHED	Committee of Heads of Education Departments (kyk KODH)
CODA	Children of Deaf Adults (kyk HKDV)
CRPD	Convention on the Rights of Persons with Disabilities
DA	Demokratiese Alliansie
DBO	Departement van Basiese Onderwys
DeafSA	Deaf Federation of South Africa (kyk DFSA)
DEWB	Deaf Education Without Borders
DFSA	Dowe Federasie van Suid-Afrika (kyk DeafSA)
DHH	Dowe(s) en Hardhorende(s)
DJGO	Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling
DKK	Departement van Kuns en Kultuur
DKKWT	Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
DOW	Departement van Openbare Werke
DPSA	Disabled People South Africa
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DSKK	Departement van Sport, Kuns en Kultuur

Van tegniek tot amptelike taal

DVJPG	Departement van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdheid
DvO	Departement van Onderwys
EFF	Economic Freedom Fighters
GBVs	Gebaretaalvolkere (kyk SLPs)
GHK	Grondwetlike Hersieningskomitee
GV	Grondwetlike Vergadering
HGIT	Histories Gemarginaliseerde Inheemse Taal/Tale
HKDV	Kinders van 'n Dowe volwassenes (kyk Coda)
IDASA	Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika
IGT	Ierse Gebaretaal
IS	International Sign
KABV	Kurrikulum Assessering Beleidsverklarings (kyk Caps)
KRLT-Kom.	Kommissie oor die Regte van Kulturele-, Religieuse- en Taalgemeenskappe
KODESA	Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
KODH	Komitee van Onderwysdepartementshoofde (kyk Ched)
KZN	KwaZulu/Natal
LANGTAG	Language Plan Task Group (kyk TPTG)
LiCCA	Languages in Contact and Conflict in Africa (kyk TiKKA)
LiEP	Language in Education Policy (kyk TiOB)
LMR(e)	Linguistiese Mensereg(te)
LP	Lid van die Parlement
NBIKT	Nie-Bantoe Inheemse Kliktaal/tale
NECC	National Education Coordinating Committee (kyk Nokk)
NELP	National English Language Project
NEPI	National Education Policy Investigation (kyk Nobo)
NGT	Nederlandse Gebarentaal

Afkortings

NID	Nasionale Instituut vir Dowes
NLB(s)	National Language Body/Bodies (kyk NTL)
NLP	National Language Project (kyk NTP)
NLPF	National Language Policy Framework (kyk NTBR)
NLS	National Language Service (kyk NTD)
NOBO	Nasionale Onderwysbeleidsondersoek (kyk Nepi)
NOKK	Nasionale Onderwys Koördineringskomitee (kyk NECC)
NP	Nasionale Party
NRvP	Nasionale Raad van Provinsies
NTBR	Nasionale Taalbeleidsraamwerk (kyk NLPF)
NTD	Nasionale Taaldiens (kyk NLS)
NTL(e)	Nasionale Taaliggaam(e) (kyk NLB)
NTP	Nasionale Taalprojek (kyk NLP)
NV	Nasionale Vergadering
PanSALB	Pan South African Language Board (kyk PanSAT)
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (kyk PanSALB)
PFP	Progressiewe Federale Party
PGV	Persone met Gehoorverlies
PMG	Parliamentary Monitoring Group
PUK	Potchefstroomse Universiteitskollege (vir Christelike Hoër Onderwys CHO)
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RSA	Republiek van Suid-Afrika
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal (kyk SASL)
SAGTNP	Suid-Afrikaanse Gebaretaal Navorsingsprogram (kyk SASLRP)
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (kyk SAQA)
SALB I	South African Languages Bill I (kyk SATW I)
SALB II	South African Languages Bill II (kyk SATW II)
SAMRK	Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie
SANDA	South African National Deaf Association

Van tegniek tot amptelike taal

SANRD	Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes
SAQA	South African Qualifications Authority (kyk SAKO)
SARHK	Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie
SASL	South African Sign Language (kyk SAGT)
SASLRP	South African Sign Language Research Programme (kyk SAGTNP)
SATPR	Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad
SATW I	Suid-Afrikaanse Tale Wetsontwerp (kyk SALB I)
SATW II	Suid-Afrikaanse Tale Wetsontwerp (kyk SALB II)
SGB	Standards Generating Body (kyk SGL)
SGL	Standaardegenererende Liggaam (kyk SGB)
SLPs	Sign Language Peoples (kyk GBVs)
SSA	Statistieke Suid-Afrika
TBA	Taalbeplanningsagente
TBP	Taalbeleid en -beplanning
TBVC	Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei
TiKKA	Tale in Kontak en Konflik in Afrika (kyk LiCCA)
TiOB	Taal-in-onderwysbeleid (kyk LiEP)
TPTG	Taalplan Taakgroep (kyk Langtag)
UDF	United Democratic Front
VF Plus	Vryheidsfront Plus
VGT	Vlaamse Gebaretaal
VN	Verenigde Nasies
WASLI	World Association of Sign Language Interpreters
WFD	Wêreld Federasie van Dowes
WGAT	Wet op die Gebruik van Amptelike Tale
Wits	Universiteit van die Witwatersrand
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Inleiding

Op Woensdag 19 Julie 2023 het die Suid-Afrikaanse President tydens 'n openbare seremonie Suid-Afrika se agtiende grondwetwysiging bekragtig deur sy ondertekening van die *Grondwet Agtiende Wysigingswet, 2023* (RSA 2023 – hierna Grondwetwysigingswet). Ingevolge hierdie wysiging erken die land se grondwet voortaan Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT)¹ as een van 12 amptelike tale. Hiermee word Suid-Afrika die eerste land ter wêreld wat sy 'nasionale gebaretaal' (Branson & Miller 1997; Reagan 2016) grondwetlik as amptelike taal erken, en slegs die sesde wat ampteliketaalstatus aan sy gebaretaal verleen. Ander lande wat hulle nasionale gebaretale veramptelik het, is Nieu-Seeland (vanaf 2006), Pole (vanaf 2012), Papoea-Nieu-Guinee en Suid-Korea (beide vanaf 2015) en Malta (vanaf 2016) (Du Plessis 2023). Nie een van die handjievul lande het ampteliketaalstatus deur middel van hul land se grondwet verleen nie.

Suid-Afrika se naam duik ook op wanneer gekyk word na die geskiedenis van lande se regserkenning aan hulle gebaretale. Volgens 'n lys van die Wêreld Federasie van Dowes (WFD) het die gebruik van die regserkenning van gebaretale in 1992

¹ Die gebaretaalteken vir die taal is SASL, die gebaretaal ekwivalent van die geskrewe Engelse afkorting SASL vir South African Sign Language. (Dit is konvensie om gebaretaaltekens in hoofletters te skryf.) Na analogie van die gebaretaaltekens het dit ongelukkig gebruiklik geword om selfs in Afrikaans die Engelse afkorting te gebruik. Die Afrikaanse afkorting SAGT is daarom relatief onbekend. 'n Ekwivalente voorbeeld is die gebruik van 'SABC' in Afrikaans om na die SAUK te verwys. Gegewe die oogmerk van die PUK Kanselierstrust word in die monografie egter sover as moontlik by Afrikaanse skryfkonvensies gehou.

ontstaan toe Panama die eerste land was om só 'n stap te neem,² dieselfde jaar waarin die Verenigde Nasies (VN) se *Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities* (VN 1992) uitgereik is. Artikel 4(2) van die verklaring lê lidstate die verpligting op om maatreëls te tref "... om gunstige omstandighede te skep wat persone wat aan minderhede behoort in staat te stel om hul unieke aard uit te druk en hul kultuur, taal, godsdiens, tradisies en gebruike te ontwikkel, behalwe waar spesifieke praktyke in stryd is met nasionale wetgewing en internasionale standaarde". Uganda was die eerste Afrikaland wat Panama se voorbeeld gevolg het met die erkenning in 1995 van sy nasionale gebaretaal in die land se grondwet, as taal wat bevorder moet word, maar nie as amptelike taal nie (Constitute 2017a). Suid-Afrika volg een jaar later in 1996 as die tweede Afrikaland en slegs die sesde land ter wêreld om regserkenning aan sy nasionale gebaretaal te verleen (WFD 2025) toe die land se grondwet die taal by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) se taalmandaat omtrent taalbevordering en -ontwikkeling ingesluit en sy Skolewet van dieselfde jaar dit tot amptelike taal vir die doeleindes van onderrig in openbare skole verklaar het, beide kwessies wat in besonderhede behandel sal word.

Ander lande het hierna gevolg, sodat daar teen 13 Mei 2025³ reeds 81 uit 193 VN-lidstate was wat hulle nasionale gebaretale op een of ander manier wetlik erken (WFD 2025), getuienis van wat as 'n beweging rakende gebaretaalverwetliking getipeer kan word. Die ses lande wat vroeër vermeld word, verteenwoordig uiteindelik die minderheid VN-lidstate wat amptelike status aan hulle nasionale gebaretale verleen het. Die meerderheid lande blyk te volstaan met een of ander vorm van regserkenning en is nie noodwendig ingestel op die verampteliking van hulle gebaretale nie (De Sousa 2024a:5 e.v.; 2024b:307 e.v.).

Suid-Afrika staan met ander woorde eintlik reeds sedert 1996 uit as 'n land wat deur middel van verskillende tipes

2 Al wys Hlibok (2018:56) daarop dat die Amerikaanse staat Texas reeds in 1979 Amerikaanse Gebaretaal naas Engels as onderrigtaal wetlik erken het.

3 Tydens die finalisering van die monografie die laaste datum waarop die stand van sake gekontroleer is.

wetgewing regserkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen. Wat die betrokke mylpaal so uitsonderlik maak, is dat gedurende 1995 toe daar in Suid-Afrika oor 'n nuwe grondwetlike bedeling besin en 'n eerste voorstel omtrent verampteliking oorweeg is, nog onsekerheid bestaan het of SAGT inderdaad 'n volwaardige taal is. Trouens, 'n lid van die Nasionale Party (NP) het selfs gevra of SAGT nie maar net "... 'n tegniek" is nie (SAPA 1995b; 1995c). Ook uitsonderlik is die feit dat SAGT die kleinste taal van Suid-Afrika is. Volgens die jongste sensussyfers word die taal deur minder as 0,5% van die land se bevolking as primêre huistaal gebruik (SSA 2023).

Die vraag wat onvermydelik hieromtrent ontstaan, is waaraan die opvallende prestasies wat regserkenning betref, toegeskryf kan word. Afgesien van wat oor die algemeen met regserkenning bereik word, is dit vanuit die perspektief van taalbeleid en -beplanning (TBP) interessant om kennis te neem van die heel konkrete realisering van sodanige erkenning deur middel van verskeie wette waarin beleid omtrent die status, funksie en gebruik van SAGT uitgespel word. As sodanig verteenwoordig sulke wette 'taalbeleidsartefakte', een van die drie tipes artefakte wat Weideman (2021:45; 2022:30-31) binne die toegepaste taalkunde identifiseer, waar die artefak die verkonkretisering is van 'n doelgerigte ontwerp met die oog op die oplossing van taalprobleme. Só 'n taalbeleidsartefak kom tipies as 'n produk van 'n taalbeplanningsaksie tot stand. 'n Onderzoek na die verband tussen die wette en verbandhoudende aksies kan derhalwe meer lig werp op die rol van TBP by die opkoms van SAGT as een van die 12 amptelike tale van Suid-Afrika.

1.2 Navorsingsvraag en -oogmerk

Wat in die monografie aan die bod kom, is eenvoudig gestel die verband tussen die regserkenning van gebaretaal ('n wetgewende proses) en TBP, 'n onderwerp wat trouens al geruime tyd in die literatuur oor die regserkenning van gebaretaal aandag kry. Vanuit Reagan (2016:271-72) se perspektief kan 'n mens suksesse wat met regserkenning gepaardgaan, verbind aan (suksesvolle) TBP-aksies. Trouens, volgens hom kan die hele

wêreldwye post-1992 verwetlikingsbeweging rondom gebaretale inderdaad direk verbind word aan taalbeplanningsaktiwiteite en verteenwoordig die korpus studies oor die verskynsel 'n ryke bron van relevante gevallestudies. De Meulder, Murray en McKee (2019a:1) tref insgelyks 'n verband tussen TBP vir en die wetlike erkenning van gebaretale, maar De Meulder (2015:498) benadruk dat dit nog 'n relatief nuwe studieterrein is. 'n Studie in dié trant oor die opkoms van SAGT as amptelike taal speel in op die betrokke ontwikkelingsgang en kan 'n bydrae lewer, veral gesien die feit dat daar wat SAGT betref nog nie so 'n ondersoek bestaan nie.

Wat die geval SAGT as taalbeplanningstudie uniek maak, is die relatiewe spoedigheid waarmee die taal vanaf 'n relatief onbekende entiteit in 1993 drie jaar later in 1996 tot amptelike taal in die onderwys verklaar is en slegs 27 jaar later in 2023 deur middel van 'n grondwetwysiging tot amptelike taal op nasionale vlak verklaar is, 'n skrale 30 jaar na die grondwetlike mylpaal van 1993. (In 1993 is 'n oorgangsgrondwet vir die vestiging van 'n demokratiese Suid-Afrika aanvaar en in 1996 'n finale grondwet.) Die opgang is uitsonderlik, gegewe die feit dat desondanks die totstandkoming van 'n beweging vir regserkenning van gebaretale gedurende dieselfde tydperk slegs ses ander lande hulle gebaretale tot amptelike tale verklaar het. Die onderhawige geval word nog merkwaardiger wanneer dit met die verampteliking van Suid-Afrika se Sintutale⁴ vergelyk word. Dit het presies dubbel so lank geneem vir laasgenoemde tale om in 1963 gedeeltelike amptelike status te verwerf (54 jaar na die aanvaarding van die Uniewet in 1909) en daarna 30 jaar voordat volwaardige amptelike status in 1993 aan hulle toegeken is. Die skrilte kontras laat die vraag ontstaan waarom verampteliking in SAGT se geval soveel vinniger as die van die Sintutale geneem het. Terwyl 'n mens natuurlik in gedagte moet hou dat die twee veramptelikingsgeskiedenis in verskillende eras voorgekom het, bly dit nogtans interessant om die vraag vanuit 'n TBP-oogpunt te probeer beantwoord, gegewe die sentraliteit van wetgewing by verampteliking.

4 Groepsterm wat in die linguistiek soms gebruik word om na die Suidelike Bantoetale te verwys, 'n veel akkurater benoeming as die populistiese en niksseggende term 'Afrikatale'.

Die oogmerk met hierdie monografie is daarom om ter aansluiting by bestaande studies oor die regserkenning van nasionale gebaretaal die opkoms van SAGT as amptelike taal vanuit die oogpunt van TBP te beskryf. As sodanig bou die studie voort op vroeëre beskrywings van taalkorpus- en taalverwerwingsbeplanning (of taal-in-onderwys-beplanning) vir SAGT, maar val die soeklig grootliks op taalstatusbeplanning en op die verweefdheid tussen die verskillende tipes TBP.

1.3 Bestaande studies oor TBP vir SAGT

Die vroegste akademiese verwysing na 'n taalbeplanningspoging met betrekking tot SAGT tref ons aan in die werk van Penn, Lewis en Greenstein (1984:7) waar die outeurs in 'n artikel oor navorsings- en kliniese kwessies met betrekking tot SAGT ter inleiding wys op die noodsaak aan beleidsbeplanning vir dowe onderwys; dit ten einde die diskrepansies in die toenmalige apartheidgebaseerde onderwysstelsel onder die loep te neem. Meer spesifiek verwys hulle na die destydse Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes (SANRD) se inisiatief vanaf 1979 hieromtrent, 'n inisiatief wat later in hierdie monografie weer ter sprake kom. Die SANRD is op 6 April 1929 opgerig met die doel om "... al die dienste sowel as organisasies wat op die gebied van doofheid betrokke is, te koördineer" (SANRD 1979), 'n opdrag wat kennelik taalbeplanning impliseer.

Die SANRD se taalbeplanningsinisiatiewe het in verdere publikasies deur Reagan (1986a:43-44; 1986b) en Penn en Reagan (1990; 1991) ter sprake gekom waar die outeurs beide korpusbeplanning- en taalverwerwingsinisiatiewe behandel.

Reagan, Penn en Ogilvy (2006:188) skryf die vroeë belangstelling in taalbeplanning deels toe aan die destydse gesprek rondom minderheidstale in Suid-Afrika en SAGT as uitsonderlike geval wat binne die konteks van die breër nasionale gesprek oor menseregte en ekonomiese en sosiale geregtigheid en onderwys op dreef gekom het; alles uitvloeielsels van die sosiale en politiese dinamiek wat Suid-Afrika se oorgangsjare na 'n demokratiese bestel gekenmerk het. Dit is 'n gesprek wat volgens Reagan en Penn (1997:1) veral sedert die 1994-verkieping met intensiteit toegeneem het, grootliks

as gevolg van die verskeidenheid inisiatiewe wat toe rondom die beplanning aan 'n nuwe taalbestel op die voorgrond getree het; natuurlik teen die agtergrond van 'n gevestigde taalbeplanningstradisie in Suid-Afrika (Du Plessis 1985). Die onderwystema sou hierna onder akademiese kringe tot in die jongste tyd bly aandag geniet.

Sedert die middel 1990s van die 20ste eeu verskuif die fokus van studies spesifiek na taal-in-onderwysbeplanning, oftewel taalverwerwingsbeplanning.

Penn en Reagan (1995) lui die studierigting in. Veral Reagan dra op sy eie, maar ook in samewerking met andere heelwat by om die veld verder te ontwikkel. Opvallend omtrent hulle studies is die beskrywing van ontwikkelings in dowe onderwys waarby die taal self ter sprake kom, soos ons onder meer merk in Storbeck (2000), Magongwa (2010), ensovoorts. Die klem val nie noodwendig altyd *per se* op taalverwerwingsbeplanning vir SAGT nie. In die nadraai van die *Springate v Minister of Education*-saak van 2009 (Holness 2016) begin daar wel studies verskyn wat ietwat meer aandag begin bestee aan verwerwingsbeplanning vir SAGT, soos onder meer gedemonstreer in Morgan, Glaser en Magongwa (2016).

Op die hakke van die genoemde verwikkeling en soms in samehang daarmee volg 'n verdere klemverskuiwing na taalstatusbeplanning, 'n verskynsel wat nogal dui op die noue band tussen taalstatusbeplanning en taalverwerwingsbeplanning. Ofskoon ook 'n bydrae oor dowe onderwys, betrek Reagan en Penn (1997) byvoorbeeld ontwikkelings op die terrein van statusbeplanning vir SAGT. Terselfdertyd begin die eerste geluide nou in akademiese kringe opklink oor die noodsaak aan die erkenning van SAGT as bykomende of 12de amptelike taal, 'n tema wat deurloop in die meeste bydraes sedertdien, hetsy of die outeurs oor taalverwerwings- of taalstatusbeplanning vir SAGT skryf of nie. Reagan (2020a) is die jongste bydrae op die terrein en een wat die geïntegreerdheid van die twee dimensies van taalbeplanning benadruk.

Kenmerkend aan die vermelde studies is hulle apologetiese trant en wesenlike onderskrywing van die noodsaaklikheid om

SAGT as 12de amptelike taal te erken (Reagan & Penn 1997; Reagan et al. 2006; Reagan 2007; 2020:77 e.v.; Holness 2016). Dié inslag is hoofsaaklik te wyte aan die direkte koppeling wat die betrokke outeurs maak tussen ampteliketaalerkenning en die verwesenliking van taalregte, in die onderhawige geval dié van 'n spesifieke benadeelde en gemarginaliseerde of geminoritiseerde gemeenskap.

Reagan en Penn (1997:1) beklemtoon die belang van een spesifieke mylpaal in SAGT se taalbeplanningsgeskiedenis, te wete die beraadslagende konferensie van die Taalplan Taakgroep (TPTK) wat die minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie gedurende Junie 1996 opgerig het om 'n nasionale taalplan te bedink. Volgens die betrokke outeurs het die Dowe Federasie van Suid-Afrika (DFSA)⁵ die geleentheid as die aanvang van "... 'n nuwe era vir die erkenning van hierdie taal [SAGT] en van dowe kultuur in hierdie land [Suid-Afrika]" bestempel (Reagan & Penn 1997:2), hoofsaaklik as gevolg van die buitengewone hoë sigbaarheid – in vergelyking tot die nege agtergestelde amptelike tale – wat SAGT deurlopend by die geleentheid geregistreer het, maar ook te wyte aan die besonderse prestasie om binne 'n relatiewe kort tydperk "... vanuit 'n posisie van relatiewe onbekendheid en onderdrukking na een met status en erkenning" te beweeg, soos die outeurs uitwys.

Die betrokke outeurs bied in hulle gemelde studie 'n oorsig van faktore wat tot die opmerklike uitkomstige aanleiding gegee het en poog daarmee om sommige van die TPTG-verslag se aanbevelings met betrekking tot SAGT te kontekstualiseer en uiteindelik die implikasies vir toekomstige onderwysstaalbeleid te ondersoek. Ons kan Reagan en Penn se studie as besinnend van aard bestempel. Aan die hand van die African National Congress (ANC) se destydse gespreksdokument, *A Policy Framework for Education and Training* (ANC 1995) en algemene

5 Soos in die geval van die gebaretaalteken SASL is die gebaretaalteken vir die naam van die federasie DEAFSA, 'n gebaretaalekwivalent van die geskrewe Engelse afkorting DeafSA (vir Deaf Federation of South Africa). Ook in dié geval het die gebruik ontstaan om na analogie van die gebaretaalteken selfs in Afrikaans die Engelse afkorting te gebruik. Die Afrikaanse afkorting is ook daarom eintlik onbekend.

rigtinggewende beginsels met betrekking tot taalbeleid binne die onderwysterrein ondersoek die outeurs dan 'n aantal implisiete implikasies van die erkenning van SAGT wat by die TPTK-kongres ter sprake gekom het. Hulle vertrekpunt is dat onderwystaalbeleid nie los kan staan van die grondwetlike erkenning van individuele taalregte nie, wat volgens hulle slegs verwesenlik kan word deur die erkenning van SAGT as bykomende amptelike taal. Op grond hiervan oorweeg hulle dan 'n aantal implikasies van sodanige erkenning vir onderwystaalbeleid en hoe dit op SAGT betrekking het. Ongelukkig het die outeurs nie meer grondig besin oor die implikasies vir SAGT van die verampteliking van die taal binne onderwysverband nie, 'n stap wat Reagan (2020a:78) uitlig as moontlik "... 'n groter stap as wat baie mense besef", omdat sodanige erkenning volgens hom by implikasie neerkom op die erkenning van Dowekultuur as 'n integrale onderdeel van Suid-Afrikaanse kultuur.

Die kwessie van grondwetlike taalregte kom weer ter sprake in 'n latere artikel waarby Reagan ook betrokke is en waarin verdere taalbeplanningsaksies met betrekking tot SAGT behandel word. In hierdie latere en ook besinnende tipe studie bied Reagan et al. (2006) 'n meer resente oorsig van belangrike beleidsontwikkelinge sedert die grondwetlike erkenning van SAGT in 1996 tot en met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid se inisiatief vanaf 2001 rondom die ontwikkeling van kwalifikasie- en eenheidstandaarde vir SAGT binne die konteks van die nasionale kwalifikasieraamwerk. Die betrokke outeurs kom tot die slotsom dat die implementering van taalbeleid rondom SAGT net soos wat die ander amptelike tale betref, gebrekkig is. Nietemin redeneer hulle (regtens foutiewelik) dat die Dowegemeenskap nog nie in 'n posisie is waar hulle op dieselfde grondwetlik gewaarborgde taal- en menseregte aanspraak kan maak as ander nie. Wel benadruk die outeurs die belang van relevante inligting en navorsing vir die implementering van taalbeleid vir SAGT.

In 'n artikel wat die volgende jaar verskyn, redeneer Reagan (2007:33) dat, ten spyte daarvan dat die taal wat die Grondwet betref nie as amptelike taal erken word nie, dit

op retoriese vlak nietemin "... wil lyk of dit [SAGT] feitlik dieselfde regte as 'n amptelike taal sou hê". Dit doen hy na aanleiding van 'n verdere oorsig oor taalbeplanningsaksies met betrekking tot SAGT. Hy beveel nietemin nogeens aan dat SAGT as addisionele amptelike taal erken word, naas 'n aantal verdere aanbevelings met betrekking tot die onderwys en die werk van PanSAT (Reagan 2007:36). Die aanbevelings spruit voort uit sy ontleding van die huidige situasie aan die hand van die jongste navorsingsinligting oor die posisie van gebarete binne die onderwysdomein, met inbegrip van die internasionale denkerskuiwing na die sosiokulturele konseptualisering van doofheid vanaf die (tekortskietende) patologiese benadering wat doofheid as gestremdheid hanteer (Reagan 2007:29). Reagan konsentreer daarom in die betrokke artikel en insgelyks in Reagan (2008) – grootliks 'n replika van sy 2007-publikasie – spesifiek op die ontwikkeling van taalbeleid oor SAGT binne onderwysverband.

In sy meer resente publikasie, ook weer van oorsigtelike en besinnende aard, stel Reagan (2020a:77 e.v.) nogeens die saak vir SAGT as amptelike taal en voer aan dat niestaaende 'n hele aantal argumente ter ondersteuning van die verampteliking van SAGT (inderdaad reeds en steeds gemaak) die een oor taalregte, gekoppel aan menseregte, waarskynlik die swaarste weeg. Reagan sluit hier natuurlik aan by een van sy vroeëre werke waar die taalregte-argument ook gevoer is. Hy verklaar nou dat die Grondwet se Handves van Menseregte vir alle praktiese doeleindes vir die Dowegemeenskap nutteloos is sonder die amptelike erkenning van SAGT en redeneer dat die regte vervat in die handves "... slegs geniet kan word indien SAGT een van die amptelike tale van Suid-Afrika word". Die stelling hou nie rekening met die onderskeid tussen amptelike taalregte en wat Skutnabb-Kangas en Phillipson (1995:71) Linguistiese Menseregte (LMRs) noem nie en sluit by implikasie alle burgers uit wat ander tale as die amptelike tale gebruik, byvoorbeeld Nama-, Portugees-, Hindi-sprekendes, ensovoorts. LMRs sluit terloops, naas die reg op jou moedertaal, die reg in om 'n amptelike taal van die land waarin jy woon aan te leer sodat jy nie van die openbare lewe uitgesluit sal word nie. Die kwessie kom verder in 'n latere afdeling ter sprake.

Oorwegend beskou, kom taalbeleid- en taalbeplanningskwessies met betrekking tot SAGT wel ter sprake in die werke van Reagan, hetsy in individuele of gesamentlike publikasies met ander outeurs, maar oorwegend afgestem op argumente omtrent die verampteliking van SAGT en die koppeling daarvan aan die realisering van die taalregte van Doves wat SAGT as hulle primêre taal gebruik. Die studies ondersoek deels taalbeplanningsaksies met betrekking tot die verampteliking van SAGT (dit wil sê taalstatusbeplanning).

Aansluitend by Snoddon (2009:268) se gevolgtrekking dat daar 'n behoefte bestaan aan taalbeplanning vir inheemse gebaretaale, spesifiek wat betref taalhouding-, taalstatus-, taalkorpus- en taalverwerwingsbeplanning, bied Holness (2016:175-176) 'n saaklike besinning oor die stand van sake betreffende taalbeplanning vir SAGT. Dit doen sy as deel van die tot hiertoe volledigste studie oor die sogenaamde *Springate*-litigasie rondom SAGT as skoolvak en die nagevolge daarvan, veral wat betref kurrikulumbepanning.

In haar saaklike besinning bekyk Holness elk van die vier tipes taalbeplanning wat Snoddon as noodsaaklik vir gebaretaale beskou. Wat betref taalhoudingsbeplanning vir SAGT bevind Holness (2016:175) dat dit tot dusver min resultate opgelewer het en dat verdere pogings benodig word deur relevante instellings wat die regte van gebaretaalgebruikers monitor. In haar artikel het sy met betrekking tot die *Springate*-saak spesifiek gekyk na die rol van sodanige instellings, onder meer die (meer onlangse) Departement van Basiese Onderwys (DBO), PanSAT, die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK), die Kommissie oor die Regte van Kulturele, Religieuse en Taalgemeenskappe (KRLT-Kommissie), die media en die burgerlike samelewing. Sy doen dit teen die agtergrond van 'n oorsig oor die regserkenning van SAGT en inklusiewe onderwys, 'n indringende bespreking van die *Springate*-saak en die nagevolge daarvan, en 'n besinning oor die basis vir die erkenning van SAGT – as gestremdeheidsreg of as linguïstiese minderheidsreg? Van die tekortkominge met betrekking tot die rol van die instansies by taalhoudingsbeplanning wat tydens die *Springate*-saak na vore gekom het, is PanSAT se onoplettendheid

omtrent die regte van Doves asook die blaamverskuiwing van die DBO tydens die litigasieproses. Sy bevind dat laasgenoemde 'n houdingverandering omtrent die status van SAGT op skool moet ondergaan en progressiewe stappe in werking stel om SAGT as taalvak ook in hoofstroomskole te vestig. Holness bevind ook dat die SAMRK en die KLRT-kommissie vorentoe 'n groter moniteringsrol sal moet speel en SAGT as kwessie by hulle agendas insluit.

Wat taalstatusbeplanning betref, bevind Holness aksies hieromtrent behoort op beleidsgebied geprioritiseer te word. Sy bevind dat korpusbeplanning wel 'n aanvang geneem het met die vestiging van SAGT as huistaal in skole vir dowes en hardhorendes, een van die direkte uitkomstes van die *Springate*-saak. Tegnies gesproke verwys sy hier na 'n taalverwerwingsaangeleentheid. Die kwessie van die ontwikkeling van 'n skryfstelsel vir SAGT, woordeboekontwikkeling in SAGT, ensovoorts, kom nie ter sprake nie. Wat taalverwerwingsbeplanning betref, herhaal sy haar siening dat SAGT as skoolvak en vandaar as addisionele taal in hoofstroomskole ingestel moet word ten einde volwaardige inklusiewe onderwys tot stand te bring. Ook wys sy daarop dat die opleiding van gebaretaalonderwysers nog veel te wense oorlaat en dat die onvoldoende postebeplanning in hierdie verband 'n ernstige tekortkoming is. Vir haar dui gebrekkige taalverwerwingsbeplanning op die ontsegging van die taal- en onderwysregte van Doves. Holness (2016:187) beroep haar hierin op 'n aanbeveling van Human Rights Watch dat voldoende opgeleide onderwysers in skole waar dove en hardhorende leerders aanwesig is, aangestel moet word met die oog daarop om die gaping te oorbrug wat betref gehalteonderwys in SAGT.

Uiteindelik stippel Holness (2016:186 e.v.) twee groot uitdagings aan omtrent SAGT wat 'n georkestreerde aanpak verg, te wete die verskansing van die erkenning van SAGT en die implementering van inklusiewe onderwys waardeur dowes en hardhorendes in hoofstroomskole geïntegreer kan word. Beide uitdagings hou implikasies in vir taalbeplanning. Holness voorsien 'n benadering wat 'n brug slaan tussen diversiteit (vanuit 'n groepsregte perspektief beskou) en inklusiwiteit

(vanuit 'n individuele regte-perspektief beskou) ten einde te help om taalregte en ander menseregte binne die Dowegemeenskap te verskans. Sodanige tussengrond kan as basis dien vir die bevordering van tweetalige onderrig (gebaretaal plus 'n gesproke taal) vir 'gebaretaalpersone' binne 'n groepsopset wat beide kollektiewe en individuele regte verseker. Sy staan derhalwe 'n benadering tot die erkenning van SAGT voor wat rekening hou met beide die gestremdheidsperspektief (wat neerslag vind in inklusiwiteit) en die linguistiese minderhedeperspektief (wat neerslag vind in diversiteit).

Benewens die basiese taalbeplanningstemas, val dit op dat die belangstelling in taalbeplanning vir SAGT mettertyd begin uitkring na meer gespesialiseerde temas. As aspek van tusalige kommunikasie staan gebaretaaltolking uit as een van die temas, al fokus nie al die betrokke studies noodwendig *per se* op die aspek van taalbeplanning nie. Nietemin bestaan daar akademiese belangstelling in gebaretaaltolking as studieveld en kom beplanningskwessies wel ter sprake. Lotriet (2001) wys tereg daarop dat benewens al die redes wat aangevoer kan word hoe die noodsaaklikheid van gebaretaaltolking, die groeiende bewusmaking oor gebaretaal as unieke minderheidstaal en oor die regte van die betrokke minderheidsgroep [sedert 1994] tot 'n selfs groter behoefte hieraan bydra. Sy wy ook heelwat aandag aan veral die rol van 'n loodsstudie met betrekking tot die verfyning van die opleidingsmodel vir gebaretaaltolke en maak op grond hiervan ten besluite konkrete aanbevelings rondom toekomstige beplanning.

Hoewel die kwessie van die opleiding van gebaretaaltolke ook ter sprake kom, verteenwoordig Morgan (2001) wel een van die vroegste studies oor die praktyk van gebaretaaltolking in Suid-Afrika, meer bepaald in die land se howe. Morgan doen naamlik verslag oor haar etnografiese ondersoek na die kommunikasiehindernisse wat Dowes in Gautengse howe beleef. Op grond van haar bevindinge maak sy aanbevelings omtrent die verbetering van die diens wat in daardie stadium bestaan het. Dit behels onder meer die institusionalisering van 'n tolkpaarstelsel waar 'n horende tolk in spanverband saam met 'n Dowe deurgeetolk ('relay interpreter') werk ten einde die kwaliteit

van tolking te verbeter. Voorts beveel sy aan dat alle tolke professioneel opgelei word. Sy beveel verder aan dat Dowes ook opgelei moet word om hofprosedures en regsterminologie te verstaan en dat hofamptenare omtrent die aanwending van gebaretaal tolke opgelei word ten einde die professie beter te kan verstaan. Verdere studies oor ander velde van die tolkpraktyk volg, onder meer Zulu et al. (2017), asook 'n hele aantal nagraadse dissertasies en tesisse waarna hier nie as akademiese studies verwys word nie.

Nog 'n veld wat vanuit 'n taalbeplanningsoogpunt vir SAGT belangrik is, is die ontwikkeling van toepassings in menslike taaltegnologie vir gebaretaal. Etlike studies oor inisiatiewe op die terrein sien algaande die lig (Van Zijl & Olivrin 2008; Seymour & Tšoeu 2015; Ndlovu & Alatise 2022; Chakoma & Baron 2023). Dit is opvallend dat die studies nie noodwendig vanuit 'n taalbeplanningperspektief benader word nie. Hulle is nietemin van belang omdat sodanige tegnologiese ontwikkeling as 'n spesialisaspek van taalkultivering binne taalverwerwingsbeplanning getipeer kan word.

Uit die voorafgaande literatuuroorsig blyk dat daar sedert die negentigerjare van die vorige eeu 'n groeiende belangstelling in TBP vir SAGT bestaan, ofskoon nie altyd as primêre studiefokus nie. Dit val op dat daar 'n mate van progressie omtrent belangstellingsvelde voorkom. Van die aanvanklike studies het kwessies omtrent korpusbeplanning belig. Mettertyd het taal-in-die-onderwys- of taalverwerwingsbeplanning ter sprake begin kom en meer onlangs word toenemend ook aan taalstatusbeplanning aandag gegee. Desnieteenstaande dié belangstelling is dit opvallend dat daar steeds nie 'n erkende spesialispublikasie oor taalbeplanning vir SAGT verskyn het nie. Ganiso en Kaschula (2013) se etnografiese studie oor die gebruik van SAGT in drie Wes-Kaapse skole vir dowes en hardhorendes – in werklikheid die gepubliseerde weergawe (onder 'n gewysigde titel) van Mirriam Ganiso se magisterverhandeling wat sy gedurende 2011 uitgevoer het⁶ – bevat wel 'n hoofstuk

6 Ongelukkig verswyg die twee outeurs hierdie feit en verwys selfs nie eens in hul bibliografie na die betrokke magisterstudie getiteld, "Sign language in South Africa: language planning and policy challenges" (kyk Gillit et al. 2017:10) nie. Die Duitse uitgewer

wat 'n bruikbare oorsig bied van TBP vir SAGT, tot in daardie stadium die volledigste van sy soort. Nieteenstaande die saaklike vermelding van relevante wetgewing kom die hele wetgewende proses rondom die verampteliking van SAGT nie werklik ter sprake nie, in ieder geval nie die belangrike fase wat in 2007 op dreef gekom het nie.

Die huidige monografie sluit by die meer onlangse studies aan deur die klem te laat val op taalstatusbeplanning vir SAGT maar wil meer bepaald die wetgewende prosesse wat uitgeloop het op die verampteliking van SAGT dokumenteer en in meer besonderhede beskryf. Ook die interaksie tussen verskillende TBP-tipes verdien ons aandag.

1.4 Werkswyse

In navolging van Wheatly en Pabsch (2010:39) se raamwerk oor hoe wetlike erkenning vir gebaretaal gerealiseer word, word in die huidige studie rekening gehou met die feit dat wetgewende prosesse sentraal staan. Dit bring mee dat die bestudering van in die openbare domein gedokumenteerde rol van die wetgewer uiteraard 'n fokuspunt is. Terselfdertyd moet ook rekening gehou word met die rol van kampvegters en ander rolspelers wat ter wille van hulle oogmerke ook grootliks binne die openbare ruimte funksioneer. Derdens moet 'n mens natuurlik tred hou met die interaksie tussen die partye, handeling wat meestal ook in die openbare domein gedokumenteer word.

Die monografie word in die lig hiervan beperk tot die benutting van algemeen toeganklike en openbare beskikbare bronne. Daar was in geen stadium van die ondersoek interaksie met die betrokkenes self nie. Vandaar dat geen inligting wat daaruit sou kon voortspruit in die huidige studie ter sprake kom nie. Dit sou trouens 'n andersoortige studie behels waarin wegbeweeg word van slegs die bestudering van gedokumenteerde inligting oor SAGT se verampteliking en aanverwante kwessies.

Lambert Academic Publishing (LAP) spesialiseer in die publikasie van verhandelinge en tesse (LAP 2025) wat hulle dan teen 'n buitensporige prys verkansel.

Hoofstuk 1

Vir die doeleindes van die huidige studie is inligting uit hoofsaaklik vier openbare dokumentêre bronne versamel, te wete (i) die verrigtinge van parlementêre komitees en parlementêre huise, (ii) die gedokumenteerde werksaamhede van betrokke staatsinstansies, (iii) die werksaamhede van PanSAT en (iv) relevante gedrukte mediarekords.

Die verrigtinge van parlementêre komitees en parlementêre huise (die Nasionale Vergadering of NV en Nasionale Raad van Provinsies of NRvP) wat deur die Parliamentary Monitoring Group (PMG) gedokumenteer word, is as primêre bron benut. Die PMG is 'n nieregeringsorganisasie wat in 1998 tot stand gekom het in reaksie op die totale gebrek aan 'n amptelike openbare rekord oor komitee- en ander verrigtinge van die Suid-Afrikaanse Parlement. Die oogmerk van die PMG is om die tipe inligting aan 'n breër publiek beskikbaar te stel (PMG 2025a). Veral nuttig is die feit dat hulle databasis die getranskribeerde weergawe van die verbatim verloop van vergaderings bevat tesame met 'n rekord van relevante dokumentasie wat by vergaderings gedien het. Wel moet 'n mens daarvan kennis neem dat die argief nie 'n amptelike weergawe van verrigtinge is nie en dat die groep nie op absolute korrektheid aanspraak maak nie (PMG 2025b).

Die dokumente vanaf PMG se databasis wat vir ontleding bekom is, het hoofsaaklik betrekking op verrigtinge van die Grondwetlike Hersieningskomitee (GHK), 'n gesamentlike komitee van albei huise, wat die hele kwessie van verampdeling hanteer het, asook van die huise en verdere komitees wat mettertyd betrek is. Ook die werksaamhede van ander portefeuljekomitees wat taalsake hanteer, onderskeidelik die NV se portefeuljekomitees vir Basiese Onderwys, Hoëronderwys, Wetenskap en Innovering, Justisie en Korrektiewe Dienste en Sport, Kuns en Kultuur en die NRvP se komitee vir Onderwys en Tegnologie, Sport, Kuns en Kultuur, het betrekking. Aangesien doofheid deur die parlement as 'n gestremdheid hanteer word, het ook die werksaamhede van komitees wat kwessies omtrent gestremdhede hanteer betrekking, onder meer die portefeuljekomitee vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede en die Gesamentlike Moniteringskomitee vir

Kinders, Jeug en Persone met Gestremdhede. Die komitees het gedurende die onderhawige tydperk dikwels van titel verander, soos per geleentheid aangedui sal word.

'n Tweede primêre bron is die gedokumenteerde werksaamhede van betrokke staatsinstansies, onder meer die kabinet en drie staatsdepartemente, die (meer resente herbenoemde) Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK – voorheen onderskeidelik DKKWT en DKK), die DBO (voorheen DvO) en die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling (DJGO).

'n Derde primêre bron is die werksaamhede van PanSAT, die statutêre liggaam verantwoordelik vir die ontwikkeling en bevordering van SAGT. Van besondere belang hier is die werksaamhede van die taaladviesliggaam vir die taal wat PanSAT gedurende 2002 opgerig het en waaroor later meer besonderhede verskaf word.

Relevante gedrukte mediarekords is die vierde – weliswaar sekondêre – bron wat betrek is. Die rekords is elektronies beskikbaar op Sabinet se SA Media databasis (Sabinet 2025). SA Media is 'n databasis wat nuusknipsels uit hoofsaaklik Suid-Afrikaanse hoofstroomkoerante versamel. Die betrokke versameling koerant uitknipsels strek sover terug as 1900 en bevat beide Engels- en Afrikaanstalige uitknipsels.

Interessantheidshalwe duik die eerste koerantberig oor Dowes op in 'n uitknipsel van 'n berig oor die hoof van die Skool vir Dowes in Worcester wat op 'n buitelandse studiereis vertrek (Korrespondent 1977). Die eerste Engelstalige koerantberig duik op in 'n uitknipsel van 'n berig ook oor 'n skool vir Dowes, in die geval die Transoranje Instituut vir Spesiale Onderwys (Abbott 1977), by wyse van spreke Worcester se noordelike teenhanger. Die eerste koerantberig waarin die woord 'gebaretaal' voorkom, verskyn 'n jaar later op 28 Desember 1978, ironies genoeg in 'n uitknipsel van 'n berig oor laasgenoemde instituut se stemoefenaarprogram om Dowes korrek te leer 'praat' (Michaelides 1978) en daarom nie oor gebaretaal as sodanig nie. Die eerste keer dat die woord 'sign language' in 'n Engelse koerant gebruik word, het eers twee jaar later op 7 April 1981 voorgekom in 'n uitknipsel oor 'n gerapporteerde onderhoud

met 'n Dowe waarin gemeld word dat hy en sy tolk "... gebaretaal met mekaar gepraat" het (Baron 1981).

Op grond van gepaste trefwoorde kon 'n korpus van 195 uitknipsels saamgestel word wat inligting bevat oor ingrepe wat betrekking het op taalbeplanningaksies gerig op die verhoging van SAGT se status in die openbare domein, maar ook op die gebruik en onderrig daarvan.

Origens is op bykomende sekondêre bronne staatgemaak om relevante inligting omtrent regserkenning in te win. Dit sluit in dokumentasie deur relevante rolspelers en studies oor die hele proses. Vanweë die feit dat PMG eers parlementêre prosesse sedert 1998 dokumenteer, is grondwetlike mylpale wat betref die ontwikkeling van die eerste demokratiese Grondwet van 1996 grootliks bekom van die Grondwethof se historiese oorsig daaromtrent (GHSA 2023), aangevul deur verwante media- en ander bronne.

Die bespreking van die wetgewende prosesse word sowel tematies as chronologies aangebied. Die tematiek word chronologies bepaal deur die voorkoms van getuienis met betrekking tot spesifieke taalbeplanningaksies met die sewentigerjare van die twintigste eeu as beginpunt. Soos wat 'n identifiseerbare taalbeplanningsaksie sigself in die data voordoet, word dit as tema chronologies bespreek soos dit tot en met die huidige tydperk ontplooi word. Oorhoofs beskou, word die temas in chronologiese orde aangebied ooreenkomstig die aangemelde voorkoms van die betrokke aktiwiteite. Die daaropvolgende tema volg dan chronologies op die datum van aanvang van aktiwiteite met betrekking tot die voorafgaande tema.

Uiteraard dra 'n analise van al die gemelde bronne by tot 'n historiografie van die taal, maar dit moet duidelik gestel word dat die monografie nie in die eerste instansie dit as oogmerk het nie. Dat veral die oorsig oor die wetgewende proses 'n historiese perspektief bied, is 'n terloopse uitkoms van die studie. Nietemin sluit die monografie aan by 'n tradisie wat ontwikkel het om die verhaal van SAGT aan die hand van 'n historiese tydlyn aan te bied. Vier beskikbare tydlyne het vir hierdie doel as vertrekpunt gedien, te wete dié van Penn (1993a:18), Reagan

et al. (2006:192 e.v.), Druchen (2014:75 e.v.) en Druchen (2023), ofskoon soms ietwat kripties van aard en nie noodwendig vanuit 'n TBP-oogpunt aangebied nie. Die aanbieding wat later in die monografie volg, word grootliks gebaseer op die meer onlangse en vollediger tydlyn van Du Plessis (2023).

Die rekonstruksie van die regserkenningsproses word in navolging van dié tradisie ook in die vorm van 'n historiese tydlyn aangebied, ondersteun deur tersaaklike toeligting. Een van die voordele van so 'n tydlyn is dat dit 'n oorsigtelike perspektief bied op die mylpale van die veramptelikingsproses. Ook help dit met die organisering van die data en skets dit 'n prentjie van die breër konteks waarbinne regserkenning in die geval van SAGT tot hiertoe afgespeel het.

Uiteindelik val die klem van die latere aangebode tydlyne en toeligting op 'n ontleding van drie stelle inligting, te wete inligting met betrekking tot relevante grondwetlike en verwante wetlike ontwikkelings, inligting met betrekking tot die parlementêre wetgewende proses en inligting met betrekking tot die aksies van veldtogvoerders en ander rolspelers.

Ter wille van die politieke konteks word die hoofmomente van die tydlyn ingedeel in terme van mylpale wat binne die termyne van verskillende post-1994 parlementsval. Omdat die bronne nie altyd spesifieke datums vermeld nie, word soms net jaartalle aan die mylpale gekoppel. Die regserkenningsproses strek oor verskillende termyne van die parlement heen, wat meebring dat komitees soos die GHK wat mettertyd deurlopend betrokke geraak het per parlementêre termyn opnuut saamgestel is. Vandaar dat die parlementêre termyn aan die afkorting GHK gekoppel word. GHK III verwys byvoorbeeld na die GHK van die derde post-1994 parlement, ensovoorts.

Die beperkte fokus van die huidige studie op die benutting van slegs dokumente wat in die openbare domein beskikbaar is, strook met die buiteperspektief van 'n horende outeur wat die monografie uiteindelik bied. Vandaar dat die monografie nie op volledigheid kan aanspraak maak nie, omdat die aangebode inligting mank gaan aan 'n binneperspektief. Moontlik sal latere studies hierdie leemte oorbrug.

1.5 Hoofstukindeling

Die monografie beslaan nege hoofstukke wat soos volg ingedeel is:

- Die inleidende hoofstuk van die monografie behandel die rasionaal vir die studie, geplaas teen die plaaslike agtergrond en taalbeplanningskonteks.
- Die tweede hoofstuk word gewy aan die groter konteks omtrent gebaretaale en kwessies rondom SAGT, vir die meer ingeligte leser bekende stof, maar vir die minder ingeligte leser 'n noodsaaklike oriëntering met betrekking tot die taal en sy mense.
- Die derde hoofstuk behandel kernaspekte van TBP wat op die huidige studie betrekking het en staan spesifiek stil by die verband tussen TBP en die regserkenning van nasionale gebaretaale.
- Die vierde hoofstuk skets die taalpolitieke agtergrond waarteen die verampteliking van SAGT aangepak is.
- Die volgende drie hoofstukke beskryf SAGT se veramptelingsproses in terme van drie fases, die eerste poging tot verampteliking wat op die 1996-taalbedeling uitgeloop het, 'n tussentydse konsoliderende periode met teleurstellende uitkomste en die tweede poging tot verampteliking wat op die 2023-Grondwetwysigingswet uitgeloop het.
- Die agtste hoofstuk neem die drie veramptelingsfases in oënskou vanuit 'n TBP-perspektief.
- Die slothoofstuk reflekteer op die vernaamste bevindinge van die studie en waag enkele vooruitskouende gedagtes op grond van die aangebode ontledings oor toekomstige TBP vir SAGT.

In vroeëre weergawes van die monografie het die fokus op verskeie TBP-tipes geval en is derhalwe in verskillende hoofstukke aandag geskenk aan respektiewelik taalstatus-, korpus-, verwerwings- en prestigebepanning. Die werkswyse het vanweë die noue verweefdheid van die verskillende tipes tot duplisering en herhaling aanleiding gegee, maar ook die koherensie van die ontplooiingsverhaal versteur. Vandaar dat op

'n meer chronologiese aanpak in die vorm van 'n tydlyn besluit is om die kern van die studie, te wete die opkoms van SAGT as amptelike taal, aan te bied. Derhalwe val die fokus hoofsaaklik op taalstatusbeplanning, maar word wel aandag geskenk aan die interessante dinamiek van interaksie tussen verskillende TBP-tipes.

Ook word die ondersoektydperk van die monografie by die datum van die teoretiese verampteliking van SAGT op 19 Julie 2023 afgesny. (Die begrip *teoretiese verampteliking* hou verband met die voorwaardelike verampteliking van die betrokke wysigingswet, 'n kwessie wat later in die studie behandel word.) Teen die einde van hoofstuk 7 kom wel enkele kwessies na daardie datum ter sprake, maar word dit slegs gedoen om die outeur se standpunt oor die uitwerking van verampteliking te illustreer. 'n Opvolgstudie kan aandag gee aan die verdere ontplooiing van verampteliking na 19 Julie 2023. Die begindatum 1977 val saam met een van die vroegste inisiatiewe met betrekking tot taalbeplanning vir SAGT toe werk aan die eerste poging tot 'n soort SAGT-woordeboek afgeskop het. Soos later aangetoon sal word, het Penn en Reagan (1990:96) die inisiatief rondom die saamstel van 'n gebaretaalgids deur Nieder-Heitmann as die vroegste poging om SAGT in ten minste onderwysverband te standaardiseer, getipeer.

Hoofstuk 2

Die gebaretaalgemeenskap, gebaretale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal

2.1 Inleiding

Aangesien gebaretale danksy die werk van die WFD en verskeie verdrae van die VN met betrekking tot minderhede en persone met gestremdhede veral vanaf die negentigerjare van die 20ste eeu wêreldwyd toenemend meer prominensie begin geniet het, het dit as't ware konvensie geword om by studies oor die onderwerp ter aanvang 'n aantal gereelde vrae omtrent die tale aan die orde te stel. Vroeë Suid-Afrikaanse outeurs oor die onderwerp, soos Penn et al. (1984), Penn (1993a), Aarons en Akach (1998), Aarons en Morgan (1998), Aarons (1999) en selfs latere outeurs soos Storbeck (2000) en McIlroy en Storbeck (2011) se bydraes in dieselfde gees bied daarom 'n nuttige vertrekpunt vir 'n bespreking oor kwessies omtrent gebaretale oor die algemeen en van SAGT in die besonder.

Na aanleiding van 'n internetsoektog val dit op dat ook nie-akademiese instansies aan die kwessies aandag gee, meestal deur middel van Penn et al. (1984), 'n FAQ-rubriek, 'Frequently Asked Questions about Sign Language'. Die rubriek van die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) in Worcester: 'Wat is gebaretaal', dien as 'n tipiese voorbeeld van dié wêreldwye praktyk (NID 2021).

Teen hierdie agtergrond word vervolgens aan drie prominente kwessies aandag gegee, te wete die kwessie oor watter soort gemeenskap met gebaretaal geassosieer (moet) word, asook algemene kwessies omtrent gebaretale en kwessies spesifiek met betrekking tot SAGT.

2.2 Gebaretaalgemeenskap vs. Dowegemeenskap

Met die kroning (10 Augustus 2024) van Mia le Roux as Mej. Suid-Afrika 2024 is klem gelê op die feit dat sy "... die eerste dowe Mej. SA" is, dit ten spyte van die feit dat sy op 'n vroeë ouderdom 'n kogleëre inplanting en daardeur die sogenaamde "... gawe om te kan hoor" ontvang het (Mafu 2024a). Le Roux is danksy dié mediese ingryping in staat om deur middel van gesproke taal (in haar geval Afrikaans en Engels) met horendes te kommunikeer. Sy het egter nie SAGT verwerf nie. Soos sy 'n paar dae na die kroning in 'n onderhoud met Naledi Maleo van Newzroom Afrika verduidelik, het sy vanweë omstandighede nooit die geleentheid gehad om SAGT aan te leer nie en het betrokkenes voluit op gesproketaalverwerwing gekonsentreer (Newzroom Afrika 2024b).

In 'n opvolgerberig na haar aankondiging omtrent die kroning skryf Mafu (2024b) dat "... dowe organisasies" Le Roux se kroning verwelkom het. Die joernalis haal onder meer Bruno Druchen, nasionale direkteur van DFSA, aan wat sy dank jeens die organisasie Mej. SA betuig dat hulle vir Le Roux toegelaat het om as 'dowe deelnemer' deel te neem terwyl sulke deelnemers vroeër geweier is. Hierna wys Claudine Storbeck van die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) se Centre for Deaf Studies in 'n onderhoud met Naledi Maleo van Newzroom Afrika op die belang van Le Roux se besondere prestasie vir "... 'n baie groot deel van persone met 'n gehoorverlies wat na hulself as doof verwys" en dat die hele gebeurlikheid die diversiteit omtrent doofheid na vore bring. Storbeck benadruk die feit dat nie alle Dowes Suid-Afrikaanse gebaretaal gebruik nie: sommige mag verkies om te praat, want hulle is dalk tweetalig – sommige in beide gebaretaal en 'n gesproke taal – andere mag weer ander opsies verkies. Storbeck noem byvoorbeeld dat Le Roux tydens die Mej. SA-kompetisie verkies het om onderskrifte te benut en om die vroeë skriftelik te ontvang (Newzroom Afrika 2024a).

Die hele gebeurlikheid illustreer die kompleksiteit van die onderliggende vraag wat in hierdie afdeling aan die bod kom, naamlik watter tipe gemeenskap hier sprake is, 'n gebaretaalgemeenskap of Dowegemeenskap of selfs albei.

Hoofstuk 2

In die bespreking wat volg, verdien twee kernaspekte ons aandag, te wete die rol van die doofheidfaktor teenoor die rol van die taalfaktor. 'n Mens kan die kompleksiteit deels vergelyk met die rol van die rasfaktor teenoor die taalfaktor by 'n gesprek oor die Afrikaanse taalgemeenskap wat mag neig om uit te loop op 'n debat oor Afrikanerskap. Veronderstel die begrip 'gebaretaalgemeenskap' kennis van 'n gebaretaal as onderskeidende kriterium of speel doofheid ook 'n rol en veronderstel die begrip 'Dowegemeenskap' doofheid as onderskeidende kriterium of speel gebaretaal ook 'n rol? Wat moet onder die begrip 'doofheid' verstaan word? Word 'n horende persoon wat 'n gebaretaal bemeester het, deel beskou van hetsy die gebaretaalgemeenskap of die Dowegemeenskap?

Die kwessie raak nog meer problematies omdat die konsep- gebaretaalgemeenskap minder algemeen gebruik word en daar meestal na die Dowegemeenskap verwys word. As vertrekpunt is dit daarom belangrik om te begryp wat met die begrip 'Dowegemeenskap' bedoel word.

Ladd en Lane (2013) ondersoek die relevansie van die konsep-etnisiteit vir Dowegemeenskappe. Hulle steun op Schermerhorn (1978:12) se definisie van etnisiteit as

'n kollektiwiteit met 'n werklike of vermeende gemeenskaplike afkoms binne 'n groter samelewing, herinneringe aan 'n gedeelde historiese verlede en 'n kulturele fokus op een of meer simboliese elemente wat gedefinieer word as die toonbeeld van hul bestaan as unieke groep.

Vir Ladd en Lane (2013:576) omvat Dowe etnisiteit die somtotaal van kollektiewe 'doofhede' binne 'n spesifieke gemeenskap. Dit omvat kollektiewe taal, kollektiewe identiteit, kollektiewe kultuur, kollektiewe geskiedenis, kollektiewe kunste, kollektiewe epistemologieë en ontologieë. Doofheid is vir hulle dan die meer omvattende begrip wat die somtotaal van "... alles wat Doof kan beteken" behels. Pudans-Smith, Cue en Clark (2019) wys op 'n hele semantiese veld wat bestaan uit woorde wat verwys na hoe mense met verskillende grade van

gehoorgestremdheid hulleself identifiseer en sluit in: doof, doofblind (of DoofBlind), doofgestremd (of DoofGestremd), hardhorend, laat-doof en gehoorgestremd.

As sodanig bestaan doofheid dan inter-etnies – Dowe etnisiteit is konteks gebonde en verenig Doves binne 'n lokale konteks, terwyl Doofheid tegelykertyd ook etniese grense oorskry. Doves vanuit verskillende wêrelddele afkomstig van verskillende Dowe-wêreld-etnisiteite vind dat hulle desnieteenstaande heelwat gemeen het (Ladd & Lane 2013:577). Laasgenoemde outeurs verkies daarom eerder die groter begrip 'Dowe-wêreld-etnisiteit' (of net Dowe Wêreld) om die besondere dinamiek in perspektief te stel.

Die selfgeïdentifiseerde begrippe omtrent Doofheid verskil wesenlik van die gehoorverlies-kontinuum wat vanuit 'n horende perspektief ontwikkel is. Die doofheidkontinuum hou verband met die werk van onder meer Clark (1981) oor die klassifisering van gehoorverlies. Die outeur se onderskeiding van sewe grade van gehoorverlies, wat wissel van Normale Gehoor tot Uiters Ernstige Gehoorverlies, kan as 'n kontinuum van gehoorverlies beskou word. Die kategorieë tussen die twee punte op die kontinuum sluit in Geringe Gehoorverlies, Ligte Gehoorverlies, Matige Gehoorverlies, Matig Ernstige Gehoorverlies en Ernstige Gehoorverlies. Hardhorendes verskyn op verskillende punte van die kontinuum, maar dit is diesulkes wat ernstiger grade van gehoorverlies ervaar wat 'n mens sou identifiseer as persone wat grootliks van 'n gebaretaal vir kommunikasie afhanklik is. Dit val op dat Suid-Afrika se amptelike klassifisering van gehoorgestremdheid in die laaste twee sensusse grootliks met die betrokke kontinuum ooreenkom.

Die gebruik van die hoofletter-D in die 'Dowe' van 'Dowe Wêreld' is betekenisvol omdat dit na die betrokke etniese of kulturele kollektief verwys, 'n konvensie soortgelyk aan die skryfwyse van die begrippe 'Afrikaner', 'Duitser', 'Israeli', ensovoorts. Teenoor die gebruik van die hoofletter-D het die gedagtegang ontstaan dat die gebruik van die kleinletter-d in 'dowe' na 'n mediese toestand of gestremdheid verwys.

Hoofstuk 2

'n Mens merk die betrokke benadering in Njeyiyana (2024) se opiniestuk tydens Dowebeewustheidsmaand 2024, al voer haar onderskeiding die kwessie 'n stap verder. Volgens haar verwys 'Doof' na persone wat deel vorm van die Dowe-kultuur en -gemeenskap terwyl 'doof' verwys na persone wat oraal doof of hardhorend is, níe gebaretaal ken nie en nie deel vorm van die Dowe-gemeenskap nie. Skynbaar beskou Njeyiyana kennis van 'n gebaretaal as 'n deurslaggewende kriterium. Mia le Roux kan hiervolgens nie daarop aanspraak maak dat sy deel is van die Dowe-gemeenskap nie terwyl 'n horende kind van 'n Dowe volwassene (HKDV – 'CODA' in Engels) (CODA International 2021) wat nie 'oraal doof of hardhorend' is nie wel kan; so ook 'n student wat SAGT aan 'n universiteit soos Stellenbosch Universiteit (waar die betrokke doseer) bemeester en (natuurlik) met die Dowe-kultuur en gemeenskap assosieer.

Die kwessie van die gebruik van die twee konvensies het aanleiding gegee tot 'n dilemma, vernameklik binne akademiese kringe. In een van die omvangrykste ondersoeke na die benamingsturksy wys Pudans-Smith et al. (2019) op die kern van die huidige dilemma, naamlik dat die mees gangbare konvensie deur 'n horende persoon en tegnies gesproke 'n buitestander, ene James Woodward,¹ ontwikkel is. Pudans-Smith en haar kollegas redeneer dat die konvensie indruis teen die gangbare gedagtegang binne die groter gestremdeheidsbeweging wat vasgevang word in die bekende leuse 'Niks oor ons sonder ons nie' (Pudans-Smith et al. 2019:2092). Volgens hulle tref Dowe nie noodwendig self 'n onderskeid tussen Doof as kulturele aangeleentheid en doof as gestremdeheid nie hoofsaaklik omdat heelwat hulself as 'n linguistiese minderheid beskou.

Ten einde inklusief te probeer wees, het die hiperkorrekte 'd/D'-konvensie (of D/d-konvensie) egter in akademiese kringe ontwikkel om sodoende na die hele semantiese veld van doofheid te verwys. Pudans-Smith et al. (2019) probeer dan

1 Pudans-Smith et al. (2019:2113) verwys hier na Woodward se kontroversiële referaat, "How You Gonna Get to Heaven if You Can't Talk with Jesus: The Educational Establishment vs. the Deaf Community", wat hy in 1975 in Amsterdam gelewer het, soos in die drie outeurs se bibliografie vervat word.

ondersoek of 'n konsensus omtrent ('n) korrekte benaming(s) bereik kan word. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die hele kwessie eintlik steeds om verskeie redes 'n politieke tameletjie bly, veral onder die betrokkenes en dat die tyd vir 'n konsensus nog nie ryp is nie. McIlroy en Storbeck (2011:499) koppel die betrokke konvensie aan die sogenaamde eerste-golf doof/Dowe identiteitspolitiek wat berus het op 'n streng binêre teenstelling van mediese teenoor sosiokulturele perspektiewe van doofheid. Binne die tweede-golf identiteitspolitiek wat meer postmodern van aard is, word as't ware vrede gemaak met doofheid en wegbeweeg van antagonisme jeens die horende wêreld. Die begrip 'Dowe' (gekoppel aan alle vorms van doofheid) het nou die gangbare inklusiewe benoeming geword.

Daarom benadruk Hoffmeister (2007) dat die Dowe Wêreld doofheid nie (langer) as 'n gestremdheid sien nie. Vanuit 'n Dowe perspektief beskou, word iemand nie as (kultureel) Doof geïdentifiseer op grond van sy/haar graad van doofheid nie. Volgens hom spruit die aanwending van doofheid as identiteitskriterium voort uit 'n Horende perspektief wat doofheid as gestremdheid beskou (wat ooreenkom met die sogenaamde mediese benadering tot doofheid). Onderliggend hieraan lê volgens Hoffmeister twee fundamenteel verskillende beskouinge omtrent "... anders wees", 'n negatiewe beskouing van Doves as gestremd teenoor 'n positiewe beskouing van Doves as 'n verskillende kultuur- of etniese groep, 'n kollektief wat essensieel deel vorm van 'n sogenaamde "... sienende kultuur". Hoffmeister probeer derhalwe wegbeweeg van die uiterse binêre opstelling van doofheid as mediese kondisie (klein-d) teenoor doofheid as sosiale gegewe (groot-D). Dit wil voorkom asof ons Stellenbosse kollega Njeyiyana nie met dié beweging identifiseer nie, vandaar dat sy met die binêre onderskeiding volhard. Dit is daarom jammer dat sy op grond van haar onderskeiding aan joernaliste wil voorskryf hoe hulle na Doves moet verwys (Njeyiyana 2024).

McIlroy en Storbeck (2011) voer die herdefiniëring deur Hoffmeister en andere nog 'n stap verder deur Dowe identiteit as 'n vloeibare verskynsel te benader. Die outeurs stel 'n alternatiewe beskouing voor van Dowe identiteit as 'n

vloeibare bikulturele verskynsel wat beweeg tussen doofheid en horendheid, in Engels voorgestel as ‘DeaF identity’ (in Afrikaans DoWe identiteit) waar die Engelse hoofletter ‘F’ (‘W’ in Afrikaans) na die vloeibaarheidsaspek verwys. Hulle etnografiese ondersoek na hoe Dowes hulleself beskryf, bevind dat self-identifisering ’n belangrike element van Dowe identiteit vorm (doof wees soos jy wil) eerder as ’n navolging van afgedwonge kategorieë. Hulle voorgestelde benoeming probeer om self-identifisering voorop te stel.

Reagan (2022:170) benadruk daarom “... die sentraliteit van taal by dowe identiteit”. Vandaar dat ’n mens (alhoewel klinkend na ’n kontradiksie) die Dowe gemeenskap kan omskryf as ’n unieke etniese of kulturele groep wat gebaretaal en nie doofheid nie as primêre identiteitsmerker gebruik. Dit verteenwoordig duidelik ’n opvallend inklusiewer benadering as die een wat Njeiyana propageer.

Die konsep- gebaretaal gemeenskap kan in navolging van Reagan bykans as ekwivalent naas die konsep- Dowe gemeenskap gebruik word. Trouens, vir McIlroy en Storbeck (2011:494) is die konsep- gebaretaal gemeenskap inderdaad sinoniem met die van die begrip ‘Dowe gemeenskap’. Dit sou inderdaad die geval wees binne die assosiatiewe benadering van Hoffmeister waardeur beide primêre en sekondêre gebruikers ingesluit word. Afgesien van “... persone met gehoorverlies” (deesdae die meer gangbare generiese benoeming – kyk Storbeck in Newzroom Afrika 2024a) wat gebaretaal aangeleer het, vorm álle aanleerders van die taal hiervolgens ook deel van die gebaretaal gemeenskap. In hierdie sin is die term inderdaad ’n sinoniem vir die hergedefinieerde en inklusiewe konsep- (kultureel) Dowe gemeenskap, maar val die klem net meer pertinent op gebaretaal. Dit is ’n term wat ’n mens in staat stel om ook sekondêre gebruikers van die taal te identifiseer (soos byvoorbeeld die gebaretaalstudente aan Stellenbosch Universiteit).

Ten einde die kwessie van linguïstiese minderheid volledig te verwyder van enige moontlike assosiasie met gestremdheid stel Batterbury, Ladd en Gulliver (2007:2899-2900) die konsep “... Sign Language Peoples” (wat hulle tot SLPs afkort) voor, in Afrikaans ‘Gebaretaalvolkere’. Hulle koppel die begrip aan

'n parallelle begrip: 'Eerste Nasie Volkere'. So geredeneer, kan Gebaretaalvolkere aanspraak maak op dieselfde taalregte en kulturele beskerming as inheemse Eerste Nasie Volkere. Hulle gee toe dat die konsep *Doof* (met hoofletter-D) onder bepaalde omstandighede steeds gebruik kan word om die onderskeid met die konsep *doof* (met kleinletter-d) as **oudiologiese status** aan te dui om te verwys na persone met gehoorverlies (teenoor horende persone) op 'n ander deel van die spektrum wat nie noodwendig deel vorm van 'n Gebaretaalvolk nie. Uiteindelik word Gebaretaalvolkere volgens hulle soos ander volkere deur 'n gemeenskaplike taal en gedeelde kultuur en geskiedenis gekenmerk, een wat baie anders is as die van 'n horende volk, ongeag gestremdheid en weerbaarheid. Batterbury en haar kollegas (2007) se voorstel help om 'n duideliker onderskeid te tref tussen 'n definitief onderskeibare gebaretaalgemeenskap teenoor 'n groepering van persone met gehoorverlies suiwer op oudiologiese gronde (teenoor die oudiologiese onderskeiding 'horendes') wat nie noodwendig 'n *hardhorende gemeenskap* vorm nie.

Die konsep 'Gebaretaalvolkere' sluit aan by die kulturele konsep 'Dowegemeenskap' soos deur die Dowe Wêreld vertolk, 'n konsep om na 'n *gemeenskap* te verwys wat gebaretaal as sentrale identiteitsmerker erken, ongeag daarvan of dit 'n eerste- of tweedetaal is en of vaardigheid daarin verkry is of nie. (Byna soos iemand wat as 'n Ier identifiseer en Iers hoog ag sonder om in die taal vaardig te wees.)

Wel bly die hele kwessie omtrent vrywillige assosiasie soos geartikuleer in artikels 18, 30 en 31 van die Grondwet 'n uitdaging wat nie uit die oog verloor kan word nie. Die beroemde (dog taalkundig ietwat problematiese) woorde van die VSA se president John F. Kennedy, '*Ich bin ein Berliner*' van 26 Junie 1963 (Landsberg 2023), illustreer ten beste die inklusiewe aard van vrye kulturele assosiasie deur middel van taal, ongeag van die vlak van taalvaardigheid. By implikasie kan horende persone ook met die Dowe Wêreld assosieer. Terselfdertyd wil nie alle persone met gehoorverlies hulleself noodwendig as deel van die Dowe Wêreld beskou nie, soos McIlroy en Storbeck (2011) betoog. Selfs al word die groot-D-konvensie insluitend

Hoofstuk 2

bedoel, baat diesulkes nie noodwendig daarby nie, wat 'n mens terugbring by die d/D-konvensie – weliswaar as skryfwyse om na die hele spektrum van persone met gehoorverlies te verwys, kennelik nie na 'n gemeenskap van persone met gehoorverlies nie. Alternatief kan die afkorting PGV (vir Persone met Gehoorverlies) dalk vir so 'n oudiologiese onderskeiding oorweeg word. Nogtans los selfs die geïmpliseerde Dowe/PGV-onderskeiding nie die dilemma heeltemal op nie eenvoudig omdat Dowe's gehoorverlies nie noodwendig as 'n verlies ervaar nie, soos Reagan (2024:544) inderdaad benadruk.

Ook Reagan (2024:537) betoog nietemin vir die behoud van die d/D-konvensie as een wat volgens hom antropologies verdedigbaar is om te verwys na 'n onderskeibare 'subkultuur' of onderdrukte linguïstiese en kulturele minderheid. Die motivering word primêr op grond van 'n gemeenskapskriterium (belangrik: nie 'n oudiologiese kriterium nie) gemaak soos blyk uit sy onderskeiding van subkultuur, minderheid, ensovoorts. Die vraag hieromtrent is of 'n mens wel na die hele spektrum van PGV as 'n minderheid of subkultuur kan verwys, veral as die betrokkenes hulself nie noodwendig as deel van so 'n verbeelde gemeenskap beskou nie. By implikasie transposeer Reagan die idee van 'n sogenaamde Dowe-kultuur (groot-D) op die ganse PGV-deel van die bevolking. Indien 'n mens nie na die hele sodanige groepering as 'n gemeenskap (hetsy subkultuur of minderheid) kan verwys nie, verval die noodsaak aan die d/D-onderskeiding in werklikheid. Reagan se benadering verskil daarom wesenlik nie veel van Njeyiyana (2024) se strakker onderskeiding nie. Nietemin kan eersgenoemde se gebruik van die d/D-konvensie ook gesien word as 'n poging tot inklusiwiteit deur te verwys na 'n groter oudiologies geïmpakteerde groep waarbinne daar sprake is van grade van gehoorverlies, maar tegelykertyd ook van ontkenning van gehoorverlies. Só benader, lewer die d/D-konvensie 'n groter kritiese massa op om stukrag te verleen aan Dowe- en gebaretaalveldtogte. Dit is 'n benadering wat gegewe die relatiewe afname van doofheid onder meer in die VSA, die land met die grootste relevante populasie (Hoffman et al. 2017), skynbaar relevant is.

Die (grootliks hiperkorrekte) geworstel met die d/D-konvensie bevestig die belang daarvan om duidelik te onderskei tussen 'n identifiseerbare (of self-identifiseerbare) linguistiese en kulturele minderheid (Dowes) en 'n deel van 'n bevolking wat oudiologies (en nie noodwendig kultureel nie) onderskeibaar is, met dien verstande dat die kategorieë nie absoluut is nie, maar eerder vloeibaar. Soos Smolen en Paul (2023) inderdaad benadruk, is daar (kulturele) Dowes wat hulself nie noodwendig as eksklusief Doof sal/wil identifiseer nie, terwyl daar weer PGV is wat hulself dalk wel as sodanig sal/wil identifiseer. Om dié rede behou laasgenoemde outeurs die d/D-konvensie, maar voeg daaraan die hh-konvensie (vir hardhorende persone) toe, wat natuurlik aanleiding gee tot 'n bykomende skryfwyse: 'd/Dhh'. Hulle kom nietemin tot die gevolgtrekking dat die kontroversie oor die verskillende skryfkonvensies bly voortduur.

Die onderskeidende aspek wat outeurs meestal nalaat om te beklemtoon, het te make met die vraag of alle PGV hulleself as deel van 'n **taalgemeenskap** beskou al dan nie, met ander woorde of daar iets soos 'n PGV-taalgemeenskap bestaan. Die d/D-konvensie en al sy verdere geledinge onderskei nie voldoende tussen 'n 'gemeenskap' en 'n unieke deel van 'n bevolking (nie noodwendig 'n gemeenskap nie) wat grootliks op oudiologiese gronde onderskeibaar is nie. Dit sou daarom misleidend wees om na 'n sogenaamde d/D-**gemeenskap** te verwys, gewoon omdat daar nie werklik so 'n verskynsel bestaan nie. Dit sou slegs geldig kon wees in 'n geval waar d/D-persone met gebaretaal as gemeenskaplike taal identifiseer, dié eksklusiewe onderskeidende faktor (ongeag die individu se oudiologiese toestand) wat tipies is aan taalgemeenskapsvorming. Om dié slaggat te vermy, gebruik Byatt et al. (2021:5) eerder die konvensie DHH as oorkoepelende oudiologiese beskrywing om na alle persone wat **doof of hardhorend** is, te verwys – met ander woorde, alle PGV. Die konvensie DHH verwys nie na kulturele of linguistiese identiteit nie en kom grootliks ooreen met die afkorting PGV om na die ganse oudiologiese identifiseerbare deel van 'n bevolking te verwys; 'n suiwer oudiologiese beskrywing. Hiervolgens kan die hoofletter Doof dan aangewend word wanneer 'n unieke **linguistiese en kulturele minderheid** ter sprake kom, met dien

verstande dat dit soos vroeër aangedui **inklusief** bedoel word en nie eksklusief soos in Njeyiyana (2024) se opvatting nie.

Die Suid-Afrikaanse gebaretaalgemeenskap word in die monografie as 'n unieke maar komplekse minderheids-gemeenskap beskou wat SAGT as gemeenskaplike identifiseringstaal deel (nie noodwendig kennis daarvan nie), maar wat soos ander linguistiese minderhede terselfdertyd ook deel (kan) vorm van bepaalde horende taalgemeenskappe (byvoorbeeld tegelykertyd Doof en Afrikaans). Per slot van rekening is dit 'n minderheid wat 'n suksesvolle veldtog gevoer het vir die erkenning van SAGT as 12de amptelike taal van Suid-Afrika, 'n veldtog wat deur 'n veel breër gemeenskap ondersteun is as waarvoor die kontensieuse d/D-konvensie ooit voorsiening kan maak omdat die veldtog selfs horendes ingesluit het. Dit maak taalpolitieke sin vir veldtogvoerders om ter wille van die groter saak persone buite die klein Dowegemeenskap te mobiliseer en die begrip meer inklusief te gebruik soos 'n bepaalde denkskool dit inderdaad bedoel.

2.3 Kwessies omtrent gebaretale

Van die kwessies omtrent gebaretale wat gereeld in vrae opduik, is of gebaretaal werklik 'n taal is, of dit 'n universele taal is wat alle Dowe oor die wêreld heen kan verstaan, of dit verwant is aan bepaalde gesproke tale, byvoorbeeld of 'n Dowe wat in 'n Afrikaanse huis grootword byvoorbeeld 'n tipe 'Afrikaanse gebaretaal' praat en of 'n Sotho-Dowe 'n 'Sotho- gebaretaal' praat, ensovoorts.

Hierdie soort vrae spruit dikwels voort uit 'n mate van oningeligtheid oor die Dowegemeenskap en 'hulle' taal, gebaretaal. Dit is eintlik onvermydelik dat 'n monografie oor taalbeplanning vir SAGT 'n aantal kwessies rondom gebaretale aan die orde te stel en terselfdertyd poog om enkele wanopvattinge omtrent die unieke tale uit die weg te ruim.

2.3.1 Of gebaretaal 'n (natuurlike) taal is

Dat die vraag, 'Is gebaretaal 'n taal?' relevant is, word gestaaf deur die vraag van 'n verteenwoordiger van die destydse NP oor of gebaretaal inderdaad as 'n taal beskou kan word waarna in

die inleiding verwys is (SAPA 1995b; 1995c). Die betrokke het die vraag tydens die onderhandelinge oor 'n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika en na aanleiding van 'n voorstel deur die ANC om SAGT te veramptelik, gestel, 'n kwessie wat in 'n latere hoofstuk behandel word.

Taalkundiges is dit al vir 'n geruime tyd eens dat gebaretaal 'n natuurlike taal is. Trouens, volgens Aarons (1999:285) het die linguistiese gemeenskap reeds "... jare gelede" tot hierdie gevolgtrekking gekom.

Ten spyte daarvan dat gebaretale klanklose en visuele tale is, is hulle gebruikers volledig daartoe in staat om die hele spektrum van menslike ervaring uit te druk. Daarom benadruk Aarons en Akach (1998:2) dat gebaretale volwaardige tale is, in alle opsigte gelykstaande aan ander natuurlike tale. Op grond van die bydraes deur verskeie taalkundiges wys die outeurs daarop dat gebaretale op 'n soortgelyke manier as gesproke tale verwerf word, oor 'n verskeidenheid linguistiese registers beskik en soortgelyke kompleksiteite as ander menslike tale vertoon. Hulle wys voorts daarop dat gebaretale ook nes gesproke tale oor fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese vlakke van verteenwoordiging beskik. Die outeurs beklemtoon die onderskeidende kenmerk van gebaretale naamlik dat hulle deur middel van ruimte, en nie klank nie, voortgebring word en dat die gebaretaalgebruiker se hande, gesig, kop en bolyf vir lokutiewe realisering aangewend word. In vergelyking met ander menslike tale verskil gebaretaal wat modaliteit betref daarom wel wesenlik van gesproke tale.

Die bestaan van onder meer die gerekende internasionale vakjoernaal, *Sign Language & Linguistics* (JBPC 2021) van die toonaangewende uitgewer John Benjamins Publishing Company, speel 'n belangrike rol om ons begrip van gebaretaal as natuurlike taal te help ontwikkel en om die bestudering van hierdie unieke taalmodaliteit te bevorder.

2.3.2 Of daar 'n universele gebaretaal bestaan

Nes by gesproke tale bestaan daar ook by gebaretale 'n noue verband tussen taalgebruiker en samelewing, 'n basiese sosiolinguistiese gegewe wat onder meer aan die verskynsel

taalvariasie verbind word. Volgens Woll, Sutton–Spence en Elton (2004:8) is die gebare van gebaretale gekonvensionaliseerde tekens wat van die een na die ander gebaretaal kan wissel, soos wat dit die geval is by taalgebruik in gesproke tale. Vandaar dat daar nie sprake kan wees van ’n universele gebaretaal nie. Daar bestaan wel historiese verbande tussen verskillende gebaretale ingevolge waarvan daar tog ’n mate van onderlinge verstaanbaarheid kan voorkom tussen gebaretale uit dieselfde gebaretaalfamilie (Woll et al. 2004:25–28), ’n kwessie wat in ’n volgende afdeling in meer besonderhede behandel sal word wanneer na taalfamilies gekyk word. Nietemin is linguïste dit eens dat daar nie ’n universele gebaretaal bestaan nie (Aarons & Akach 1998:3).

Ray (2020) wys daarop dat daar strenggesproke wel iets soos ‘International Sign’ (IS) bestaan, ’n teoreties universele gebaretaal wat by die Deaflympics (die Internasionale Spele vir Dowes gesanksioneer deur die Olimpiese Komitee – kyk DW 2022) en ander internasionale Dowe geleenthede gebruik word. Internasionale tolke word in dié taalvorm opgelei. Volgens Ray kan IS nietemin nie as ’n ware taal gereken word nie. Linguïste beskou dit meer as ’n soort komplekse pidgin, ’n vereenvoudigde vorm van kommunikasie wat ontwikkel tussen groepe mense wat verskillende tale praat.

2.3.3 Of gebaretale verwant is aan gesproke tale

’n Mens kan die vraag of gebaretale verwant is aan gesproke tale ook anders stel: is die gebaretale en gesproke tale van spesifieke gemeenskappe interafhanklik? Met ander woorde, bestaan daar iets soos ’n Afrikaanse gebaretaal, ’n Engelse gebaretaal, ’n Sotho–gebaretaal, ensovoorts; dit wil sê na gelang van die gesproke taal van die gemeenskap waarvan die betrokke Dowe ook deel vorm?

Sommige van die vroeë outeurs oor SAGT was nogal besorg dat Claire Penn se gebaretaalwoordeboek (Penn 1992; 1993b; 1994a; 1995b; 1994c) miskien hierdie indruk omtrent die taal sou kon skep, grootliks as gevolg van die woordeboek se ontwerp. Die variante vir elke gebaretaalteken is in terme van gesproke tale aangebied, byvoorbeeld naas die gebaretaalteken

'n Afrikaanse variant, 'n Zulu-variant, ensovoorts. Aarons en Akach (1998:3) beklemtoon die feit dat gebaretale los van gesproke tale bestaan en illustreer hulle punt deur te verwys na Amerikaanse Gebaretaal (AGT) en Britse Gebaretaal (BGT) wat, ten spyte daarvan dat Engels die oorheersende taal in beide lande (naamlik Amerika en Engeland) is, hulle onderskeidelike nasionale gebaretale grootliks onverwant is. Woll et al. (2004:13) sluit hierby aan deur te benadruk dat daar nie vir elke gesproke taal 'n ekwivalente gebaretaal bestaan nie. Dowes wat byvoorbeeld in 'n Afrikaanse gesin opgroei, gebruik derhalwe nie 'n 'ander' (gesproke) gebaretaal as Dowes wat in 'n Sotho-gesin opgroei nie en kan mekaar ten spyte van moontlike etnies-gebonde variasies begryp, presies dit wat Penn (1993a:23) desondanks kritiek op haar woordeboek, uiteindelik in haar woordeboek illustreer.

Dat gebaretale as gevolg van die nabyheid van gesproke tale – meer bepaald in geskrewe vorm – wel deur die tale van horendes beïnvloed word, word nie deur geleerdes betwis nie. Dié soort taalbeïnvloeding is uiteraard 'n normale sosiolinguistiese verskynsel wat aan taalkontak te wyte is. Ann (2004:59) wys byvoorbeeld daarop dat daar in beginsel geen noemenswaardige verskil bestaan tussen die uitkomst van taalkontak by twee gesproke tale en dié van taalkontak by 'n gebaretaal en gesproke taal nie. Ann kom tot hierdie gevolgtrekking na aanleiding van haar oorsig oor studies omtrent taalkontak tussen gebaretale en gesproke tale.

2.3.4 Of vingerspelling gebaretaal is

Soms dink mense dat vingerspelling gebaretaal is, 'n wanopvatting wat waarskynlik verband hou met die Afrikaanse ekwivalent 'vingertaal', 'n woord wat soms as sinoniem vir gebaretaal gebruik word. 'n Webblad wat die aanleer van gebaretaal bevorder, lok byvoorbeeld kliënte met die prominente frase: "... (e)erste 100 basiese vingertaalbewegings tussen ouers en hul kinders" (Kleuters 2024).

Die NID maak hulle standpunt omtrent enige vergissing dat vingerspelling gebaretaal is met hulle kort en kragtige stelling baie duidelik: "... (v)ingerspelling is nie gebaretaal nie"

(NID 2021). Hulle verduidelik dat vingerspelling 'n tegniek is wat gerieflikheidshalwe gebruik word om die geskrewe woord van 'n gesproke taal op 'n spesifieke oomblik van direkte kommunikasie visueel voor te stel. Dit word meestal gebruik om name van mense te spel (veral by bekendstellings), of vir name van plekke en konsepte en/of woorde wat 'n mens dalk nie ken nie, of waarvan jy miskien die spesifieke gebareteken vergeet het.

2.4 Kwessies omtrent Suid-Afrikaanse Gebaretaal

Al was Suid-Afrika een van die eerste lande wat in 1996 in artikel 6(5)(a)(iii) van die Grondwet erkenning aan 'gebaretaal' [*sic*] verleen het deur die taal in te sluit by die groep tale wat deel van PanSAT se taalmandaat vorm, het die wetgewer se nie-erkenning van 'Suid-Afrikaanse Gebaretaal' werklik nie die taalsaak 'n guns bewys nie. In plaas daarvan om sekerheid te skep, het die generiese benaming eintlik net meer vrae oor die taal laat ontstaan, onder meer oor 'watter' gebaretaal nou eintlik ter sprake is, of daar in Suid-Afrika 'n eenheidstaal bestaan, of dit 'n inheemse taal is, en so meer. Die ironie omtrent die hele naamkwessie is dat gedurende die stryd om verampteliking daar nooit gepoog is om 'n regstelling te bewerkstellig nie. Dit is trouens eers met die 2023-Grondwetwysigingswet deurgevoer.

In die bespreking wat volg, word op hierdie en verwante vraagstukke ingegaan.

2.4.1 Waar Suid-Afrikaanse Gebaretaal vandaan kom

Al maak Asonye (2019) daarop aanspraak dat Dowe-gemeenskappe van Afrika reeds so vroeg as die 17de eeu gebaretaalstelsels ontwikkel het – volgens Edward (2021:3) selfs lank voor AGT – beweer Aarons en Akach (1998:6) dat "... baie min" bekend is oor die ontstaan van Dowe-gemeenskappe en by implikasie ook oor 'n plaaslike gebaretaal. Trouens, bestaande taalhistoriografieë skop meestal af met die geskiedenis van die skole vir dowes, beginnende in 1863 met die oprigting van die Dominican Grimley Institute in Kaapstad deur Ierse nonne (Aarons & Akach 1998:7). Gevolglik benadruk outeurs

oor die onderwerp grootliks in navolging van laasgenoemde outeurs asook van Akach en Naudé (2008) die bestaan van 'n noue verbintenis tussen die ontwikkeling van SAGT en die vestiging van dowe onderwys hier te lande. Die jongste bydrae hieromtrent illustreer hierdie tendens (Lombaard 2022). Vir 'n meer volledige perspektief op die taalhistoriografie van SAGT behoort 'n mens ten minste ook die bydraes van onder meer Morgans (1999), Heap (2003) en die meer resente studie deur Van Niekerk (2020) te oorweeg.

Helen Morgans se bondige artikel is die uitsondering op die reël wat die vermelde meer tradisionele taalhistoriografie van SAGT betref deurdat sy die enigste is wat werklik op die oorsprong van SAGT as taal ingaan. Morgans (1999:55) kom kortliks tot die gevolgtrekking dat vanweë gebrekkige historiese getuienis omtrent die ontstaan van SAGT, daar aanvaar kan (moet?) word dat SAGT "... 'n mengsel" is van Ierse Gebaretaal (IGT), BGT en AGT. Laasgenoemde het volgens haar eers later 'n rol begin speel. Die outeur gee wel toe dat verdere ondersoek hieromtrent noodsaaklik is.

In sy ondersoek² na leksikale variasie in SAGT het Van Niekerk (2020:2) vasgestel dat meer as 65% van gebaretaalitems in SAGT inderdaad op een of ander manier teruggevoer kan word na ander gebaretaale. Hy bevind egter dat Vlaamse Gebaretaal (VGT) naas IGT en BGT óók hierin 'n rol gespeel het, 'n heeltemal nuwe insig omtrent die oorsprong van SAGT. Van Niekerk (2020:8) wys op die rol van die opleiding wat onderwysers van skole vir dowes afkomstig uit verskillende lande, elk met sy eie gebaretaaltradisie, gespeel het asook plaaslike instellings (kerkgenootskappe, regeringsinstansies, ensovoorts, wat die onderskeie Suid-Afrikaanse skole vir dowes opgerig het) se voorkeure en voorveronderstellinge omtrent gebaretaal. Die twee faktore het 'n invloed uitgeoefen op die tipe leermateriaal waaraan leerders blootgestel is. Na aanleiding van haar aangehaalde bronne beweer Lombaard (2022) dat

2 Tans (2025) ongelukkig nog net beskikbaar in sy magisterstudie. Volgens Huddleston (2021) is wetenskaplike publikasies skynbaar onderweg. Vanweë die nuwe perspektief wat Van Niekerk op die taalhistoriografie van SAGT bied, word sy doktorale studie hier by uitsondering wel as verwysingsbron benut.

Hoofstuk 2

verskillende gebaretale uit die betrokke lande na Suid-Afrika se eerste skole vir dowes ingevoer is, dit wil sê IGT na sommige skole, BGT na ander en Duitse Gebaretaal na nog ander. (Volgens Morgans het AGT later ook 'n rol begin speel, deels as gevolg van groeiende interaksie met die betrokke gemeenskap.) Sodoende het verskillende gebaretaaltradisies ontwikkel wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die groot mate van variasie in SAGT. Aarons en Akach (1998:5 e.v.) voer aan dat 'n Suid-Afrikaanse gebaretaal mettertyd as gevolg van onderlinge interaksie tussen die verskillende skoolgemeenskappe uitgekristalliseer en geografies versprei het om vandag se SAGT te vorm. Die voorkoms van variasie bly nietemin 'n sterk kenmerk van SAGT, trouens, na Van Niekerk (2020:7) se mening iets wat "... enige waarnemer" behoort raak te sien. 'n Gebaretaal eiesoortig aan Suid-Afrika het ontwikkel wat te danke aan die inspeel van al die ander reeds genoemde faktore tot vandag toe nog deur 'n ryke variasie gekenmerk word. Sommige kenners verwys hierna as verskillende regionale dialekte van SAGT, meestal direk gekoppel aan areas of streke waar skole geleë is. Vandag se Dowes beskou SAGT desnieteenstaande as die natuurlike taal van Suid-Afrikaanse Dowes.

Wat uitstaan omtrent Morgans (1999) en Van Niekerk (2020) se studies is die rol van twee veranderlikes, te wete linguistiese verwantskap en taalverandering, volgens Reagan (2021:445) twee van die sentrale veranderlikes by die ontwikkeling van gebaretale regoor die wêreld. Hoewel hy opmerk dat gebaretale meer as gesproke tale aan laterale interferensie blootgestel is en daarom oor die algemeen besonder vinnig verander, taalverwantskap nietemin die deurslaggewende rol speel by die ontstaan van nuwe gebaretale. Dit is ook die geval by die ontstaan van SAGT, wat soos in die geval van ander gebaretale afgelei is van bestaande gebaretale. Taalverandering het nietemin hier ook 'n prominente rol gespeel, enersyds as gevolg van taalkontak tussen verskillende gebaretale (IGT, VGT en AGT) en andersyds as gevolg van laterale interferensies (verskillende taalmodelle) en intra-generasionele oordrag.

Die primêre rol van taalverwantskap by die ontstaan van nuwe gebaretale – volgens Deaf Education Without Borders

(DEWB) bestaan daar tussen 138 en 300 verskillende gebaretale regoor die wêreld (DEWB 2022) – het aanleiding gegee tot die belangstelling in die ontwikkeling van familieboome vir gebaretale. Anderson (1979) se kontensieuse familieboom van Noord-Westelike Europese Gebaretaal is van die eerste studies oor die onderwerp. Vir Woll et al. (2004:27) lê die nut van sy studie daarin dat ten minste vier taalfamilies op grond van historiese verbintenisse geïdentifiseer kan word, te wete 'n Britse, Noord-Sjinese, Duitse en Sweedse gebaretaalfamilie. Reagan (2021:432) verwys na meer onlangse studies wat weer vyf duidelik onderskeibare families identifiseer, te wete die Britse, Duitse, Japannese, Franse en Lyonese gebaretaalfamilies. Die Britse Gebaretaalfamilie word ook soms die BANZSL-familie genoem waarmee na die Britse, Australiese en Nieu-Seelandse gebaretaalfamilies verwys word. Volgens Reagan (2021:441) maak SAGT deel uit van die BANZSL-familiegroep. 'n Nie-akademiese en nie-winsgewende bedryf onderskei ses taalfamilies plus ses gebaretaalisolate (boostlingo 2021). Buiten die BANZSL-taalfamilie en die Duitse, Japannese en Franse gebaretaalfamilies onderskei *boostlingo* ook die Arabiese en Sweedse gebaretaalfamilies, maar nie die Lyon-familie nie. DEWB (2022) voeg die AGT-familie asook die Sjinese gebaretaalfamilie toe.

Reagan (2021:445) bevind uiteindelik dat die vergelykende metode in historiese gebaretaaltaalkunde nietemin minder betroubaar is as die resultate wat deur die metode van glottochronologie of leksikostatistiek verkry kan word. Volgens Reagan (2021:434) behels leksikostatistiek in wese die vergelyking van die persentasie van kognate tussen twee (of meer) tale om hul genetiese verwantskap te bepaal. Van Niekerk (2020) se studie volg grootliks hierdie benadering en verdien beslis as sodanig (meer) erkenning. Hy bied 'n heeltemal nuwe perspektief op SAGT se beweerde taalverwantskap met die BANZSL-gebaretaalfamilie.

Dit is insiggewend dat die ontstaan van SAGT opvallende ooreenkomste met dié van Afrikaans toon, 'n vergelykende studie wat nog nie deur enige taalhistorikus onderneem is nie. Gebaseer op Hein Grebe se boek, *Op die keper beskou. Oor*

die ontstaan van Afrikaans (Grebe 2012) en Conradie (2013) se uitvoerige resensie daarvan, kan heel oorsigtelik volstaan word met twee opmerkings omtrent so 'n vergelyking.

Heel oorsigtelik beskou, het beide tale binne 'n meertalige en multikulturele konteks uit tale ontspring wat nie van die Afrika-vasteland afkomstig is nie. Soos aangetoon, het SAGT as 'n mengeltaal uit BGT, IGT en VGT ontstaan en is nie hier vanuit een spesifieke gebaretaal as brontaal 'oorgeplant' nie. Insgelyks kan Afrikaans se oorsprong teruggevoer word na dialekvermenging uit verskeie Nederlandse dialekte van die sewentiende eeu, maar binne die konteks van taalkontak met ander tale en in 'n situasie wat tot kreolisering aanleiding gegee het. Afrikaans het ook nie noodwendig uit een spesifieke oorgeplante vorm van Nederlands ontstaan nie, al was die Hollandse dialek nogal prominent (Van Rensburg 2012). Hoewel ander prominente tale aan die vroeë Kaap ook 'n rol by die vorming van Afrikaans gespeel het, was dit volgens die jongste sieninge soos dié van Grebe wel in vergelyking met die sosiopolitieke faktore (en die daaruit voortspruitende kreolisering as taalkontakverskynsel) 'n veel mindere rol. Soos ons gesien het, het sosiopolitieke faktore ook by die ontstaan van SAGT 'n prominente rol gespeel. Die bekende opvatting in SAGT-studies dat die geskiedenis van hierdie spesifieke gebaretaal grootliks gekoppel word aan die ontwikkeling van dowe onderwys in Suid-Afrika is natuurlik 'n kwessie wat wel vanuit 'n taalbeplanningsoogpunt van belang is.

Dit is belangrik om kennis daarvan te neem dat verskeie Europese lande weens hulle vroeë betrokkenheid by dowe onderwys in Suid-Afrika 'n betekenisvolle invloed op dowe onderwys uitgeoefen het en daarmee saam ook op die ontwikkeling van SAGT as taal. Só is verskillende tradisies en konvensies met die betrekking tot die onderrig van Doves gevestig, 'n situasie wat tot vandag toe nog heelwat probleme in dowe onderwys oplewer. Dit het onder meer aanleiding gegee tot die uiteindelijke vestiging van twee prominente metodes van onderrig in skole vir doves, te wete die Handmatige Metode teenoor die Orale Metode. Eersgenoemde metode beklemtoon die aanleer van 'n gebaretaal as basis van kommunikasie

en laasgenoemde die aanleer van 'n gesproke taal as basis van kommunikasie (Heap 2003:9). 'n Derde metode, "... Totale Kommunikasie", kombineer die twee metodes binne 'n gebaretaalgebaseerde spraakmodel wat liplees kan insluit. Hierbenewens is verskillende variëteite van gebaretaal by die onderskeie skole gevestig na gelang van die betrokke kerkgenootskap wat hieromtrent inisiatief geneem het. Al die faktore het aanleiding gegee tot die unieke aard van SAGT wat deur ryke variasie gekenmerk word.

Die eerste skool vir dowes, wat in 1863 deur die Ierse Dominikaanse Orde onder leiding van ene biskop Grimley in Kaapstad opgerig is, het vanuit die staanspoor ingevolge die Handmatige Metode gebaretaal as onderrigmedium gebruik (Heap 2003:71). Morgans (1999:54) beklemtoon dat die praktyk ooreengestem het met die destydse internasionale tendens. Hulle noem ook dat na die sogenaamde Milaan-konferensie van 1880 (Wêreldkongres vir Opvoeders van Dowes in Milaan, Italië), wat toe nog deur horendes oorheers is, egter besluit is om weg te doen met hierdie praktyk, wêreldwyd gebaretaal in die onderwys te verbied en die orale metode van onderrig aan te moedig.

Voor 1880 is gebaretaal as metode van onderrig in Europese in skole vir dowes gebruik. Ook was Dowe onderwysers betrokke by die onderrig van Dowes. Gebaretaal as metode van onderrig in skole vir dowes het na aanleiding van die historiese gebeure in 1880 'n verandering ondergaan. Verskeie skole vir dowes is besoek en ondersoek is ingestel na die onderskeie metodes van onderrig wat gebruik is. 'n Stemproses ten opsigte van die mees doeltreffende metode van onderrig en leer in skole vir dowes het gevolg, maar Dowe afgevaardigdes is by die stemproses uitgesluit. Horende opvoeders het die besluit geneem dat Oralisme – dit is die gebruik van slegs spraak- en liplees sonder die gebruik van enige gebare – die beste metode van onderrig vir Dowe kinders is. Dit het tot gevolg gehad dat gebaretaal in skole vir dowes in Europa verban is.

Die Milaan-besluit het wêreldwyd 'n invloed op Dowe onderrig gehad. Dit sluit die skole vir dowes in Suid-Afrika in. Dowes is in die meeste skole geforseer om te praat en is gestraf

indien hulle gebaretaal in die onderrigsituasie gebruik het. Die Milaan-kongres het kennelik 'n duidelike verandering ten opsigte van dowe onderrig en die ontwikkeling van gebaretaal teweeggebring (Van Niekerk 2020:6; Aarons & Akach 1998:7). Gebaretaal het desondanks nie uitgesterf nie. Trouens, hulle het volgens Aarons en Akach (1998:7) as "... ondergrondse" tale bly floreer en ontwikkel. Ons kan die uitwerking van die Milaan-besluit konkreet begin waarneem by die onderwyspraktyk wat by Suid-Afrika se tweede Skool vir Dowes ingestel is. Hierdie skool, wat in 1881 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die kinders van Britse setlaars in Worcester in die Wes-Kaap opgerig is, het vanuit die staanspoor 'n kombinasie van spraak (in Afrikaans) en gebare in die onderrig van leerders gebruik; dit ingevolge die stelsel van sogenaamde Totale Kommunikasie wat volgens Morgans mettertyd ontwikkel het. Die Milaan-Invloed was nóg sigbaarder by die skool vir dowes wat in 1884 deur Duitse Dominikaanse nonne in King William's Town (deesdae Qonce) in die Oos-Kaap opgerig is. Dié skool het ooreenkomstig die post-Milaan bestel vanuit die staanspoor hoofsaaklik die orale metode aangewend en vandaar op spraak gekonsentreer. Die skool het later na Johannesburg verskuif en staan vandag as die St. Vincent School for the Deaf bekend. Al drie skole het hoofsaaklik blanke³ Dowe kinders ingeneem en onderrig.

Die Nuwe Hoop Sentrum vir Dowes was die eerste skool vir bruin kinders en is in 1933 deur die Nederduitsch Hervormde Kerk ook in Worcester opgerig. Die onderrigmetode van die skool het gesproke Afrikaans met gebare as ondersteuning gevestig, dus 'n vorm van Totale Kommunikasie.

Die behoefte om 'n aparte skool vir swart Dowe kinders te hê, het gelei tot die stigting in 1941 van Khutlwani-skool

3 In navolging van die gebruik in Nederlands word na persone van Kaukasiëse oorsprong as 'blankes' verwys, 'n term waarvoor onder bepaalde kringe in Suid-Afrika vanweë 'n apartheidskonnotasie 'n bepaalde sensitiwiteit bestaan. Die soort sensitiwiteit is net so inkonsekwent as die ongesubstansieerde rasseklassifikasie, aangesien al die klassifiseringse strenggesproke onkies is. My gebruik van 'blanke' daag hierdie sensitiwiteit uit, maar is tegelykertyd 'n standpuntinname teen die holderstebolder oornames van die Engelse (en wesenlike onsinnige) term 'White' in Afrikaans.

vir Dowes in Roodepoort in die voormalige Transvaal (deesdae onder meer Gauteng). Khutlwanong het die sogenaamde Paget Gorman Sistematiese Gebaretaal vir onderrigdoeleindes aangewend. Die stelsel bevorder 'n handgekodeerde vorm van gesproke taal en is eintlik ontwerp om gebruik te word in die onderrig van kinders met spraak- of kommunikasieprobleme (Pardoe 2012). Dit is 'n sisteem waar elke woord 'n eie gebaar kry, wat dan in dieselfde volgorde as die struktuur van gesproke taal in 'n sin of frase gebruik word.

Vanaf 1959, met die oprigting van die Efata-skool in Transkei (ook deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk), is verdere skole oor die land heen opgerig, die meerderheid daarvan skole wat swart kinders akkommodeer.

'n Opvallende kenmerk van die betrokke skole is dat hulle op grond van die ouers se huistaal opgerig is, dit wil sê as Xhosa-skole, Sotho-skole, ensovoorts, 'n situasie wat deels aanleiding gegee het tot die opvatting dat verskillende spraakgebaseerde gebaretaale ontwikkel het. Tydens die openbare verhoor van die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling op 7 Maart 2023 oor die *Grondwet Agtiende Wysigingswetsontwerp Grondwetwysigingswetsontwerp, 2022* [B1-2023] (RSA 2022 – hierna Grondwet Wysigingswetsontwerp) omtrent die verampteliking van SAGT,⁴ het een van die komiteelede pertinent die vraag gestel watter gebaretaal veramptelik word. Hy wou weet of dit Engelse Gebaretaal is, want in KwaZulu-Natal (KZN), vanwaar hy afkomstig is, gebruik mense skynbaar "... Zulu-gebaretaal". Een van die lede van die betrokke komitee het terloops tydens dieselfde sessie haar kommer uitgespreek dat dit die Engelse variëteit van SAGT is wat as amptelike taal verklaar gaan word en nie die "... ware" Suid-Afrikaanse Gebaretaal nie. Mlungisi Zwane, die stigter van die Ulimi lomQhwebo lwesiZulu (LQZ – letterlik vertaal: 'Zulu-gebaretaal') het tydens 'n terugvoersessie van die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling

4 'n Soektog na die betrokke verhoor lewer wel 'n skakel op na 'n blad waar aangekondig word dat die rekord van die betrokke vergadering nie toeganklik is vir die publiek nie. Die outeur was by die betrokke verhoor teenwoordig waar die genoemde opmerking gemaak is.

op 14 Maart 2023 bevestig dat die praktyk van 'n sogenaamde Zulu-gebaretaal inderdaad voorkom (PKJGO 2023a). Dit is nogal insiggewend dat die voormalige president, Jacob Zuma, na die hele sogenaamde Jantjie-insident by Nelson Mandela se gedenkdien, ter sy verdediging na die betrokke persoon se gebaretaal ook as Zulu-gebaretaal verwys het (Pinder 2022). Thamsanqa Jantjie was die persoon wat gekontrakteer is om die gebeure na SAGT te tolk, maar wat die taak weens 'n totale gebrek aan taalvaardigheid nie kon baasraak nie en gewoon 'n reeks relatief betekenislose gebare opeenvolgend en herhalend aangewend het (De Wet 2013).

Gedurende Suid-Afrika se apartheidsera is Dowe kinders in verskillende rasgebaseerde skole geakkommodeer. Skole in Suid-Afrika het meestal in isolasie gefunksioneer en verskillende onderrigmetodes gebruik waaronder sogenaamde 'Signed Exact English', 'n metode waarvolgens gesproke taal deur gebare ondersteun word – die struktuur van die dominante gesproke taal in daardie area of streek word in gebaretaal gevolg. Dit het bygedra tot die gevolgtrekking wat mettertyd ontwikkel het dat daar 'n ekwivalente gebaretaal vir elke gesproke taal in Suid-Afrika bestaan. Die meeste skole vir blanke kinders het grotendeels slegs gesproke taal gebruik teenoor skole vir ander rassegroepe wat wel 'n mate van gebare gebruik het. Tot en met die implementering van die nuwe Grondwet van 1996 was onderrig vir Doves nie verpligtend nie. Voor 1994 het die meerderheid Dowe kinders nooit eers skool bygewoon het nie, wat uiteraard tot 'n hoër vlak van ongeletterdheid onder hulle bygedra het.

Uiteindelik het die verskillende onderrigmodelle in skole vir dowe 'n groot bydrae gelewer tot die hoë mate van diversiteit in Suid-Afrika se gebaretaal. Die diversiteit is verder versterk deur die minimale kontak tussen die verskillende rassegroepe tydens die apartheidsera.

2.4.2 Of daar een of meer Suid-Afrikaanse gebaretale bestaan

Kennelik bestaan daar onder sommiges onduidelikheid oor of daar een of meer gebaretale in Suid-Afrika gebruik word, 'n

vraagstuk wat in werklikheid geïllustreer word deur die generiese bewoording van artikel 6(5)(a)(iii) van die 1996-Grondwet wat aan 'gebaretaal' bepaalde erkenning as deel van PanSAT se taalmandaat omtrent taalontwikkeling en -bevordering verleen het (RSA 1996c). Dit is waarskynlik na aanleiding van die *Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995* (hierna PanSAT-wet – RSA 1995), wat die vorige jaar gepromulgeer is, dat die generiese verwysing ook in die Grondwet neerslag gevind het. Artikel 8(a) (b) van laasgenoemde wet maak voorsiening vir die oprigting van taalliggame om die raad te adviseer oor enige spesifieke taal, insluitende oor "... gebaretaal" [sic], waar sodanige liggaam nie bestaan nie (RSA 1995 soos gewysig RSA 1999b). Uiteindelik weerspieël die generiese bewoording selfs 'n groter mate van onsekerheid oor die taal as net vrae oor die bestaan van verskillende Suid-Afrikaanse gebaretale. Die vroeëre verwysing na een van die opposisielede se vraag of gebaretaal 'n taal of 'n tegniek is, bevestig hierdie onsekerheid.

In reaksie op die destydse vrae oor die aard van gebaretaal het Aarons en Akach (1998:19-20) 'n respons in die vorm van 'n artikel met die vraag, 'South African Sign Language – one language or many?', as titel gepubliseer. Hierin neem hulle die status van die gebaretaal wat in Suid-Afrika gebruik word onder die loep. Eers behandel hulle die status van "... natuurlike" gebaretale wêreldwyd en daarna die geskiedenis van SAGT, asook die taal se verspreiding, waarna die vraag in die titel dan aan die orde kom. Vir hulle is die vraag eintlik van geen belang nie en grootliks gebaseer op oningeligtheid en gevolglike wanopvattinge oor die aard van gebaretale (Aarons & Akach 1998:13-14).

Een so 'n wanopvatting word gebaseer op die veronderstelling dat SAGT 'n handmatige weergawe van gesproke taal is, dat daar met ander woorde vir elk van die gesproke amptelike tale 'n gebaretaalweergawe bestaan; presies die standpunt wat eerder aan die bod gekom het. So 'n benadering sal uiteraard daartoe lei dat 'verskillende gebaretale' geïdentifiseer word, wat natuurlik nie die geval is nie as gevolg van die hoë graad van onderlinge verstaanbaarheid wat binne die plaaslike gebaretaalgemeenskap voorkom. Die feit dat gebaretale oor

die algemeen volwaardige tale met 'n unieke grammatika en struktuur is wat onafhanklik van gesproke tale ontwikkel het, weerlê die opvatting.

Nog 'n wanopvatting word gebaseer op die hoë graad van variasie wat in SAGT voorkom, 'n verskynsel wat volgens Aarons en Akach (1998:19 e.v.) teruggevoer kan word na die verskillende gebaretaaltradisies wat in skole vir dowes ontwikkel het, wat weer grootliks verband hou met die pre-1994-beleid van segregasie op rasgronde. Hulle wys daarop dat die ryke taalverskeidenheid grootliks berus op die voorkoms van leksikale variasie en nie grammatikaal van aard is nie. Die outeurs wys daarop dat ten spyte van sodanige variasie Dowes uit verskillende dele van die land mekaar onderling verstaan. Volgens hulle kan ons hoogstens praat van verskillende geografiese gebaretaalvariëteite maar beslis nie van verskeie gebaretale nie.

Volgens Aarons en Akach (1998:24) het twee gebaretaalwoordeboeke ongelukkig bygedra tot die wanopvatting dat daar verskillende gebaretale in Suid-Afrika bestaan, te wete die beperkte een saamgestel deur Norman Nieder-Heitmann, hoof van Khutlwanong Skool vir Dowes, vir gebruik in hoofsaaklik swart skole, getiteld *Praat met die dowes/Talking to the deaf* (Nieder-Heitmann 1980) en die omvattende een saamgestel deur Claire Penn, met die doel om die gebare wat deur Dowes gebruik word te dokumenteer en wat altesaam vyf volumes beslaan het, getiteld *Dictionary of Southern African signs for communicating with the Deaf* (Penn 1992; 1993b; 1994a; 1994b; 1994c). Ten spyte van Aarons en Akach (1998:20 e.v.) se latere kritiek op die gebreke van die woordeboek, wat volgens hulle weens 'n problematiese leksikologiese ontwerp laasgenoemde opvatting oor 'verskillende gebaretale' sou kon perpetueer het, gee die samesteller self in haar voorwoord tot die vyfde en laaste volume toe dat die uitkoms van die projek heeltemal anders was as wat aanvanklik vermoed is. Sy noem dat met die saamstel van die woordeboek (wat oor 'n tydperk van sewe jaar gestrek het) dit duidelik geword het dat ten spyte daarvan dat 'n hoë graad van leksikale variasie aangeteken is (gemiddeld ses per leksikale item), daar 'n aansienlike mate van ooreenkoms

tussen die verskillende gebaretaaltekens bestaan, veral wanneer hulle in kombinasie met mekaar gebruik word (Penn 1994c:xiii). Hiermee sinspeel sy op die onderlinge verstaanbaarheid van SAGT. Beide woordeboeke word in 'n latere afdeling van die monografie meer uitvoerig behandel.

Aarons en Akach (1998) se sobere behandeling van die vraagstuk oor een of meer Suid-Afrikaanse gebaretale het inslag gevind, sekerlik in akademiese kringe maar mettertyd ook in ander kringe. Nogtans het die gebruik van die generiese naamvorm 'n tyd lank bly voortduur eerdat die wetgewer ook mettertyd daarvan wegbeweeg het, 'n kwessie wat ook in 'n latere afdeling in meer besonderhede behandel sal word.

2.4.3 Of Suid-Afrikaanse Gebaretaal 'n inheemse taal is

Die vraag of SAGT 'n inheemse taal is, hou allerlei implikasies in, veral gesien die bepaling van artikel 6(2) van die Grondwet dat die staat proaktief moet optree jeens die verhoging van die status en uitbreiding van die gebruik van die voorheen agtergestelde *inheemse tale* (RSA 1996c). Volgens die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (NTBR) is agtergestelde inheemse tale die "... African languages [*sic*] and the Khoi, San and Nama languages [*sic*], as well as SA Sign Language(s) [*sic*]" (DKK 2003a:18). Currie (2005:65-6) stel die vermelde agtergestelde tale teenoor die 'histories onverminderde' tale, dit wil sê Engels en Afrikaans – en tipeer Afrikaans hiervolgens as 'n inheemse maar tog 'bevoordeelde' inheemse taal.

Dit is opvallend dat die NTBR egter nie Afrikaans pertinent as 'n inheemse taal klassifiseer nie, 'n benadering wat strook met die van die minister van Hoër Onderwys en Opleiding se kontroversiële uitsluiting van die taal in die taalbeleidsraamwerk vir hoër onderwys op grond van 'n Afrikanisties geïnspireerde definisie van wat 'n inheemse taal hier te lande is en wat beslis implikasies vir SAGT inhou. Volgens die aanvanklike bewoording in die taalbeleidsraamwerk vir openbare hoëronderwysinstellings is inheemse tale:

Hoofstuk 2

(T)ale wat hul erfeniswortels in Afrika het (ook na verwys as Afrikatale in die literatuur en sommige beleidsdokumente) en wat tot die Suidelike Bantoetaal-familie behoort, waar ‘Bantoe’ suiwer as ’n taalkundige term gebruik word. ’n Inheemse taal is ’n taal wat inheems is aan ’n streek of land en deur inheemse mense gepraat word (DHOO 2020).

Onder druk vanuit verskeie Afrikaanssprekende oorde was die betrokke minister verplig om die definisie aan te pas, aangesien Afrikaans as nie-Sintutaal natuurlik uitgesluit word. Hy het tydens ’n vraesessie in die parlement onderneem om die gewysigde definisie in die *Staatskoerant* te publiseer, maar sonder om aanvanklik bekend te maak wanneer dit sou gebeur het (PP 2022). Uiteindelik is die volgende ietwat aangepaste maar steeds problematiese definisie op 7 Julie 2023 gepubliseer:

’n Inheemse taal is ’n taal wat eie is aan ’n streek of land en deur inheemse mense gepraat word. Die term word in hierdie beleidsraamwerk afwisselend met ‘inheemse Afrikatale’ gebruik en verwys na voorheen gemarginaliseerde Suid-Afrikaanse tale waarvan die gebruik en status histories verminder is, soos na verwys in artikel 6(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (DHOO 2023).

Dit wil voorkom asof die minister op Currie se mening teruggeval het deur by implikasie Afrikaans wel as inheemse taal te erken, maar dan klem te lê op die voorheen gemarginaliseerde amptelike tale. Volgens Leon Schreiber, toenmalige Demokratiese Alliansie (DA) Lid van die Parlement (LP – tans Minister van Binnelandse Sake) speel die minister hier met woorde (Heyns 2023).

SAGT kan ingevolge die tweede, Afrikanisties-geïnspireerde deel van die herbewerkte definisie, nes Afrikaans nie as ‘inheemse Afrikatale [sic]’ beskou word nie maar wel op grond van die eerste deel van die definisie as inheemse tale beskou word.

Soos vroeër aangevoer, dui die geskiedenis van hierdie spesifieke gebaretaal daarop dat wat ons vandag as SAGT ken 'n taal is wat inderdaad op Suid-Afrikaanse bodem ontwikkel het; soos reeds uitgewys 'n taal met 'n ontstaansgeskiedenis soortgelyk aan dié van Afrikaans. SAGT kan daarom om dieselfde rede as inheems aan Suid-Afrika beskou en dusdanig as ons land se (inheemse) 'nasionale gebaretaal' erken word.

Branson en Miller (1997:89-90) wys daarop dat die konsep "... nasionale gebaretale" meer reserontstaan het ten einde die tale te onderskei van gelokaliseerde gebaretale soos huisgebaretale ('home signing') (Vermeerbergen 2020). Die gebruik het sedert die tagtigerjare van die twintigste eeu internasionaal ontstaan om die tale wat deur Dowes gebruik word deur middel van nasionale identifiseerders as Engelstalige eksonieme te benoem (Bauman & Murray 2017), byvoorbeeld 'Brasiliëse Gebaretaal', 'Eswatiniese Gebaretaal', 'Israeliese Gebaretaal', ensovoorts (Wikipedia 2023). In die lande self word die benoeming uiteraard na gelang van die nasionale taal aangepas. Volgens Branson en Miller (1997) is die ontstaan van die konsep "... nasionale gebaretaal" grootliks die produk van die verspreiding van nasionalismes. Vir hulle speel vier bewegings saam by die popularisering van die begrip, te wete die ontwikkeling van nasionale verenigings vir Dowes, die strewe na die erkenning van die LMRs van Dowes, die ontwikkeling van taalbeleide en die strewe na nasionale onderwysstelsel waar gebaretaal as onderrigmedium aangewend word. Dit sal uit die monografie blyk dat al vier van die bewegings 'n besondere rol by die erkenning van SAGT as Suid-Afrika se nasionale gebaretaal gespeel het en uiteindelik ook by die verampteliking van die taal.

Die geopolitieke kwalifisering in die taalnaam 'South African Sign Language' (let wel, slegs die Engelse vorm) volg derhalwe die konvensie by die wêreldwye erkenning van nasionale gebaretale wat in geopolitieke terme vernoem word. Sodanige erkenning staan in kontras tot die aanvanklike onsekere gebruik van die generiese naamvorm waarna reeds herhaaldelik verwys is. By implikasie is die erkenning van SAGT as Suid-Afrika se nasionale gebaretaal uiteindelik ook 'n

erkenning van die taal as inheemse taal, dit is naas die erkende (nasionale) inheemse tale van die land wat tot amptelike tale verklaar is.

2.4.4 Of Suid-Afrikaanse Gebaretaal 'n minderheids-taal is

In hulle toeligtig van 6 Februarie 2007 aan die GHK ter oorweging van die erkenning van SAGT as 'n bykomende amptelike taal, maak DFSA by monde van sy direkteur Bruno Druchen twee kontensieuse aansprake omtrent SAGT: eerstens, dat DFSA 'n bevolking van ongeveer een miljoen Dowes verteenwoordig (Druchen 2007:1;3) en tweedens, dat as sodanig die minderheidsgroep baie groter is as sommige van die taalgemeenskappe wie se tale as amptelike tale erkenning geniet (Druchen 2007:4).

Na aanleiding van 'n vraag deur een van die betrokke komiteelede oor watter persentasie van die sogenaamde een miljoen persone volledig doof is, wysig Druchen sy aanspraak. In sy antwoord beweer hy dat die een miljoen in werklikheid verwys na die groter dowe EN hardhorende gemeenskap (met ander woorde die DHH-groepering) en gee dan toe dat op grond van die sogenaamde 1994-gegewens⁵ eintlik net sowat 500 000 persone SAGT as hulle "... eerste taal" gebruik. Hy kwalifiseer onmiddellik sy getal deur te suggereer dat DFSA se berekening eintlik op die (volgens hom) onbetroubare gegewens van Statistieke Suid-Afrika (SSA) berus (wat natuurlik kan impliseer dat die uiteindelik getal groter maar ook kleiner kan wees), Volgens hom slaag SSA vanweë 'n problematiese metodologie (onder meer die samegroepering van verskillende doofverwante gestremdhede) in opeenvolgende sensusopnames (dié van 1996 en 2001 – outeur) nie daarin om akkurate syfers oor die dowe bevolking van Suid-Afrika te bekom nie (GHK 2007a:2). Volgens Druchen het DFSA in samewerking met die Wêreldgesondheidsorganisasie skynbaar 'n meer werkbare metode ontwikkel wat die getal eerstetaalgebruikers van SAGT in werklikheid nader aan een miljoen vasstel (GHK 2007a:3).

5 Onseker waarna hier verwys word; heel waarskynlik na die opgaaf in *Democracy in Action* (kyk Crawhall 1995).

In reaksie het een van die lede van die GHK die uitdaging om akkurate getalle te bekom, benadruk.

Teen bogenoemde agtergrond beskou, spreek dit byna vanself dat 'n bespreking van demografiese gegewens oor SAGT ietwat meer kompleks blyk te wees as wanneer oor gesproke tale gepraat word. Afgesien van die beskouing van die gebaretaalgemeenskap as 'n unieke minderheidsgroep soos Druchen hierbo suggereer, kom twee verdere stelde gegewens ter sprake, enersyds taalgegewens en andersyds gegewens oor gehoorgestremdheid. 'n Opmerking van 'n vorige direkteur van DFSA, Kobus Kellerman, tydens 'n onderhoud met Nigel Crawhall is in hierdie opsig besonder relevant:

Dit is nie moontlik om na Dowes as 'n minderheidstaalgroep in Suid-Afrika te verwys sonder amptelike en plaaslike wetenskaplike erkenning van Suid-Afrikaanse Gebaretaal nie. Vir ons om as 'n minderheidstaalgroep erken te word, sal ons perspektiewe moet verander. Voorlopig tree ons op as 'n gestremde groep om ons regte te verkry. In die toekoms, wanneer al hoe meer menseregte vir Dowes "... aangeteken word" [sic], kan ons uit die gestremde arena na 'n minderheidstaalgroep beweeg (Crawhall 1995).

Uit Druchen se 2007-aanbieding word dit duidelik dat presies hierdie strategie gevolg is deurdat opgeblase syfers aangebied word deur hardhorendes by te tel.

Ondertussen het DFSA sy beramings aangepas. In haar publikasie waarin sy die ontwikkeling en gebruik van SAGT in skole onder die loep neem, meld Holness (2016:164) dat DFSA teen 2016 op 1,6 miljoen Suid-Afrikaanse Dowes aanspraak gemaak het. Ook die beraming omtrent eerstetaalgebruikers is ietwat aangepas. Volgens (Storbeck 2023) het DFSA teen 2023 altesaam 600 000 eerstetaalgebruikers van SAGT geïdentifiseer.

Die South African National Deaf Association (SANDA), 'n noordelik-gebaseerde Dowe organisasie, gaan veel verder deur daarop aanspraak te maak dat daar selfs méér DHH-

Hoofstuk 2

persone in Suid-Afrika woon. Hulle meer onlangse (maar ook ongesubstansieerde) beraming suggereer dat die gemeenskap uit "... meer as vier miljoen" mense bestaan (SANDA 2018). SANDA se aanspraak berus nes Druchen s'n op 'n berekening wat hardhorende persone insluit, wat meebring dat dit nie noodwendig 'n akkurate aanduiding gee van die hoeveelheid gebruikers van SAGT nie, allermins van eerstetaal gebruikers. In haar betoog oor die betekenis van die verampteliking van SAGT vir die onderwys verwys Storbeck (2023) ook na SANDA se viermiljoen, wat impliseer dat sy hulle beraming as gesaghebbend aanvaar.

Meer instansies aanvaar skynbaar SANDA se beraming as gesaghebbend. Tydens die laaste openbare verhoor van die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling oor die agtiende grondwetwysiging omtrent die verampteliking van SAGT het Matthews Park, Cosatu se parlementêre koördineerder, tydens sy aanbieding ook die betrokke getal vermeld (PKJGO 2023a). Dat ons hier met 'n soort getallepolitiek te make het, blyk 'n maand later uit 'n vraag aan die minister van Sport, Kuns en Kultuur deur 'n lid van die NV, Yoliswa Yako van die Economic Freedom Fighters (EFF), oor waarom dit so lank neem om SAGT as amptelike taal erken te kry (MSAC 2021). Die betrokke lid stel die vraag na aanleiding van "... meer as sewemiljoen Doves" (!) wat op verampteliking wag.

Ten einde 'n meer kontroleerbare perspektief te probeer vorm, moet 'n mens jou uiteraard tot die beskikbare sensusgegevens oor SAGT en die Dowegemeenskap wend. In die stadium waarop Druchen DFSA se getalle bekendgemaak het, was slegs die gegewens van die 1996- en 2001-sensusse beskikbaar. Die 1991-sensus was die laaste een wat onder die sogenaamde apartheidsbestel onderneem is en die 1996-sensus die eerste 'volledige' en verbeterde sensus onder 'n meer demokratiese bedeling terwyl die 2001-sensus in werklikheid as die eerste 'ware' sensus van die post-1994 bedeling beskou kan word.

Beide sensusse se taalvrae en vrae oor gestremdhede verskil.

Tydens die 1996-sensus is twee taalvrae gestel met die bedoeling om vas te stel watter tale "... die meeste" tuis gepraat word. By die eerste vraag moes die persoon aandui watter spesifieke taal die meeste tuis gepraat word, in die verslag oor die sensus aangedui as "... huistaal" (SSA 1998). By die tweede vraag moes die persoon aandui of slegs een taal tuis gebruik word en, indien nie, moes aangedui word watter volgende taal dikwels gebruik word (WB 2014). Inligting met betrekking tot hierdie vraag is nie in die sensusverslag aangedui nie. Persone kon tydens die betrokke sensus egter nog nie SAGT as opsie vermeld nie.

Tydens die 2001-sensus is slegs die eerste vraag herhaal (SSA 2001) en dientengevolge het die verslag oor die sensus slegs inligting oor die huistaal bevat (SSA 2003). Weer eens is SAGT as huistaalopsie uitgesluit.

'n Mens kan aanneem dat response deur persone wat SAGT as huistaal gebruik, in beide gevalle waarskynlik onder die kategorie "... Ander" geregistreer is. Die 1996-sensus het 'n kategorie "... Ander" (228 275 uit 40 583 573) en "Ongespesifiseer" (355 538) ingesluit en die 2001-sensus slegs die kategorie "... Ander" (217 293 uit 44 819 778). Dit sal wel raaiwerk verg om huistaalgegevens vir SAGT vanuit hierdie kategorieë te ekstrapoleer. Druchen het hierbo nie DFSA se vroeëre vermelde berekeningsmodel verduidelik nie.

Wel sluit beide sensusse 'n kategorie oor hardhorende persone in. Tydens die 1996-sensus moes persone aangedui het of hulle 'n "... ernstige" gehoorgestremdheid het. In die sensusverslag word slegs 'n getal omtrent die kategorie "... gehoor" as gestremdheidskategorie aangedui. Uit die totale bevolking van gestremde persone (2 657 714) is 14% (383 408) aangeteken as hardhorende persone (SSA 1998:33). Vir die 2001-sensus is die vraag oor gestremdheid sodanig gewysig dat persone met 'n gehoorgestremdheid nou 'n keuse uit twee moontlike response kon aandui, te wete "... doof" of "... absoluut hardhorend" (SSA 2014:14). Al het die werklike getal verander, het die persentasie van 14% gehoorgestremde persone (313 585 uit 2 255 982) van die 2001-sensus onveranderd gebly.

Hoofstuk 2

Vir die 2011-sensus wysig SSA beide hulle taalvraag en vraag oor gestremdhede.

Wat die taalvraag betref, keer die 2011-sensus nou terug na die 1996-vraag omtrent die twee meesgebruikte tale in 'n betrokke huishouding, met die verskil dat persone moes aandui watter twee tale die meeste in die huishouding gebruik word, sonder die keuse om slegs een taal aan te dui (SSA 2011). Die antwoorde op die vraag is aangeteken as "... eerste" en "... tweede" taal, maar gerapporteer as "... eerste gesproke taal", met ander woorde nie meer huistaal nie.

Vir die deelnemers word in die betrokke sensus nou altesaam 13 moontlike taalkeuses voorsien, waarby "... Gebaretaal" (let op die generiese naam) nou vir die eerste keer amptelik as opsie ingesluit word. Die kategorie Opsie 13 maak voorsiening vir die kategorie "... Ander". Soos in vorige sensusverslae, word geen besonderhede oor die tweede gekose taal vermeld nie. Tabel 1 bevat 'n opsomming van die gerapporteerde gegewens (SSA 2012:23).

Tabel 1: Eerste gesproke tale volgens die 2011-sensus

Sensus-kategorie	Taal	Totaal	% van Groototaal
01	Afrikaans	6 855 082	13,5%
02	Engels	4 892 623	9,6%
03	Ndebele	1 090 223	2,1%
04	Xhosa	8 154 258	16,0%
05	Zulu	11 587 374	22,7%
06	Pedi	4 618 576	9,1%
07	Sotho	3 849 563	7,6%
08	Tswana	4 067 248	8,0%
09	Gebaretaal	234 655	0,5%
10	Swati	1 297 046	2,5%
11	Venda	1 209 388	2,4%
12	Tsonga	2 277 148	4,5%
13	Ander	828 258	1,6%
Totaal		50 961 442	100%

Volgens SSA het slegs 234 655 persone in die 2011-sensus aangedui dat hulle SAGT as "... eerste gesproke [sic] taal" gebruik (SSA 2012:23), wat slegs 0,5% van 'n totale bevolking van 50 961 443 verteenwoordig.

Die getal verteenwoordig nie noodwendig slegs (oudiologiese) dowes nie, aangesien dit HKDV's kan insluit wat natuurlik SAGT as hul eerste taal gebruik. Horende kinders van (oudiologies) dowe ouers vorm by implikasie op kulturele basis deel van die Dowegemeenskap. In hulle 2015-aanbieding voor die GHK wys SANDA daarop dat slegs ongeveer 5,1% van die totale dowe bevolking [die totaal word verswyg – outeur] in 'n gesin met (oudiologies) dowe ouers groot word en wat daarom inderdaad SAGT as hulle eerste taal kan opeis (SANDA 2016:2). Mense wat later in hulle lewe doof geword het, mag uiteraard SAGT aanleer, maar het tegnies gesproke meestal 'n gesproke taal as eerste taal en sal heel waarskynlik SAGT as 'n tweede of selfs derde taal aandui. Dit mag voorts moontlik wees dat sulke persone in 'n sensusopname selfs die gesproke taal as eerste taal opgee. Nietemin plaas die demografiese profiel van SAGT in die sensusverslag wel die taal onder die groepie kleiner tale van Suid-Afrika, tale soos Swati (2,5%), Venda (2,4%) en Ndebele (2,1%).

Van die 234 655 gerapporteerde gebaretaalgebruikers word in terme van Suid-Afrika se kontensieuse en inkonsekwente bevolkingsregister⁶ 89,98% (211 134) as "... African Black" [sic],

6 Afgesien van die voortsetting van die problematiese rasseklassifisering van die apartheidsera, is SSA se bevolksklassifisering, "... African Black", "... Coloured", "... Indian/Asian", "... White" en "... Other" grootliks inkonsekwent, aangesien dit onder meer impliseer dat swart Suid-Afrikaners die enigste Afrikane is. Dit is tweedens inkonsekwent aangesien dit deels op grond van velkleur ('Coloured', 'White') klassifiseer, deels op grond van kontinentale oorsprong en velkleur ('African black') en andersins op grond van kontinentale oorsprong en sub-ras ('Indian/Asian') geklassifiseer word. Van groter belang is die feit dat die klassifiserings onder die dekmantel van transformasie 'n voortsetting is van die stelsel wat met Suid-Afrika se kontroversiële Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950 (UvSA 1950) in werking gestel is. Posel (2001) se kritiese besinning oor die voortsetting van so 'n essensieel onverdedigbare, arbitrêre stelsel en die nagevolge daarvan het hier betrekking. Die betrokke wet en 'n hele rits verwante wette is in 1991 herroep (kyk UvSA 1991) maar die stelsel van rassekategorisering in

Hoofstuk 2

5,07% (11 891) as "... Coloured", 1,43% (3 360) as "... Indian/Asian", 3,24% (7 604) as "... White" en 0,28% (666) as "... Other" geklassifiseer.

Wat betref die sensusvraag oor gestremdhede is die vrae van die 1996- en 2001-sensusse ook aangepas.

In die 1996-sensus is gevra dat die persoon moet aandui of hy of sy "... ernstig" gestremd is met betrekking tot vier kategorieë, te wete sig, gehoor, fisieke of mentale toestand. Kombinasies van die kategorieë was moontlik. Die vraag is in die 2001-sensus ietwat gewysig deurdat die persoon moes aandui of die ernstige gestremdheid hom of haar verhinder het om ten volle deel te neem aan lewensaktiwiteite soos onderwys, werk en sosiale lewe. Die kategorieë van gestremdheid is uitgebrei om ook gestremdheid wat kommunikasie (spraakgebrek) betref in te sluit. Die kategorie mentale gestremdheid is laat val en vervang met twee verdere kategorieë, te wete intellektuele gestremdheid (ernstige leerprobleme) en emosionele gestremdheid (gedrag en sielkundig) (SSA 2014:14).

Die 2011-sensus het die vraag nog verder aangepas. Ooreenkomstig die konvensies van die VN se *Convention on the Rights of Persons with Disabilities* (CRPD) (VN 2006) meet SSA persone se moeilikheidsgraad met betrekking tot funksionaliteit in ses domeine, waarvan "... gehoor" een is. Die ander is sien, loop, kommunikeer, onthou/konsentreer en selfversorging. Geen vraag is in die 2011-sensus oor persone met gestremdhede as sodanig gestel nie. Onder die afdeling "... gesondheid en funksionering" is gevra of die persoon probleme beleef in terme van ses gewysigde en nuwe kategorieë. Sensusopnemers moes die persoon se gepaste antwoorde aan die hand van ses kategorieë aandui, te wete "... geen probleme nie", "... ietwat probleme", "... heelwat probleme", "... kan glad nie doen nie". Twee addisionele antwoorde, "... weet nie" en "... kan nog nie bepaal word nie", is toegevoeg (SSA 2014:16). Moeite is

terme van die eweneens kontroversiële sogenaamde B-BBEE-wet behou (kyk South Africa 2003). Dit is ironies dat die Verenigde State van Amerika skynbaar met 'n ewe inkonsekwente "... rasseklassifikasiesstelsel" volhard wat in 1977 aanvaar is (kyk OMB 1997).

tydens die opnames gedoen om die onderhoud in die persoon se meesgebruikte taal te voer, SAGT inbegrepe (SSA 2014:17).

Die vraag in die kategorie met betrekking tot gehoor wou vasstel of die persoon gehoorprobleme het selfs wanneer 'n gehoorapparaat gebruik word. Die kategorie oor kommunikasie het nou 'n taalinkleding gekry omdat die persoon moes aandui of probleme ervaar word om in "... haar of sy" taal te kommunikeer; dit is om ander persone te verstaan of deur ander verstaan te word.

Waar die vraag oor gehoorgestremdheid in die 2001-sensus op die klassifisering van die *gestremdheidstipe* gefokus het, soos eerder aangedui, verskuif die fokus van die 2011-sensus na die identifisering van die persoon se *moeilikhedsgraad* by die ervaring van 'n spesifieke gestremdheid, in dié geval gehoorgestremdheid.

Vir die doeleindes van die verslag van die 2011-sensus oor gestremdhede is slegs data van persone vyf jaar en ouer oorweeg. Volgens SSA is op grond van vorige verslae vasgestel dat statistiese gegewens oor kinders jonger as vyf jaar onbetroubaar is (SSA 2014:23). Omdat sommige persone oor meer as een gestremdheid kon rapporteer, verskil die totale vir elk van die ses gestremheidskategorieë ietwat. Vir die kategorie "... gehoorprobleme" is met 'n totale bevolking van 43 818 834 persone vyf jaar en ouer gewerk terwyl die totale bevolkingstelling 51 770 560 is (SSA 2012:18).

Die 2011-sensusverslag oor gesondheid en funksionering rapporteer dat 96,4% (42 257 767) van persone vyf jaar en ouer geen "... gehoorgestremdheid" aangemeld het nie; dat 2,9% (1 251 907) van hulle ligte probleme met betrekking tot hulle gehoor aangemeld het (ooreenkomstig die tweede responskategorie hierbo vermeld); en dat 0,7% (288 369) ernstige probleme (ooreenkomstig die derde responskategorie) aangemeld het. Saamgevoeg kom die totale bevolking van vyf jaar en ouer met gehoorverlies op 1 540 276 persone te staan, 'n getal wat nogal ooreenstem met DFSA se latere raming waarna Holness hierbo verwys het. Eersgenoemde kategorie (van 1 251 907 persone) verwys waarskynlik na sogenaamde hardhorendes en laasgenoemde kategorie (van

288 369 persone) na werklike (audiologiese) dowes. Die eerste kategorie verteenwoordig 81% van die groep persone vyf jaar en ouer met gehoorverlies en die tweede kategorie 18% van die groep. Persone in laasgenoemde groep is grootliks van kommunikasie in SAGT afhanklik. Dit is opvallend dat die getal 288 369 vir hierdie groep grootliks korreleer met die aantal persone wat in dieselfde sensus gebaretaal as hulle eerste gesproke taal aangedui het, wat dui op die betroubaarheid van die sensustelling.

Dit wil voorkom asof die verfyning in die 2011-sensus met betrekking tot die moeilikheidsgraad wat persoon by gestremdheid ervaar, bygedra het tot 'n akkurate opname oor die breë kategorie "... gehoorgestremdheid", iets waarop SSA trouens aanspraak maak (SSA 2014:152) maar waaroor Druchen in sy 2007-voorlegging skepties was. Nietemin bevestig die 2011-sensus se gegewens oor gehoorgestremdheid ons vroeëre gevolgtrekking oor die werklik klein gemeenskap van eerstetaal-SAGT-gebruikers.

SSA se 2016-gemeenskapsverslag oor die sosio-ekonomiese status en lewensreëlins van persone met gestremdhede (SSA 2018) bevestig die bevindinge van die 2011-sensus met betrekking tot gehoorgestremdheid en by implikasie die betroubaarheid van die sensusse. Vir die doeleindes van die opname is die kategorie vir "... gehoorgestremdheid" nog verder verfyn met die insluiting van 'n kategorie van persone wat geheel en al nie met hulle gehoor regkom nie. Die 2016-verslag rapporteer dat 3,1% (1 515 214/49 625 810) van persone aangedui het hulle ervaar ietwat probleme met hulle gehoor; 0,6% (307 786/49 625 810) dat hulle ernstige moeilikheid met hulle gehoor ervaar; en 0,1% (62 653/49 643 590) dat hulle eenvoudig glad nie regkom nie. Altesaam 282 034 persone (ons kan aanneem merendeels persone uit die 0,6%-kategorie) het aangedui dat hulle gehoorapparate gebruik (SSA 2018:94).

Persentasiegewys kom die 2016-gegewens grootliks ooreen met die van 2011-sensus, maar getallegewys kom daar wel 'n belangrike verskil voor. Die totaal vir laasgenoemde twee kategorieë saam is 370 439, wat neerkom op 'n totaal van

82 070 persone meer as die getal vir 2011 (288 369). 'n Mens kan verwag dat die 2022-sensusopname die oënskynlike styging in die hoeveelheid eerstetaalgebruikers van SAGT sal bevestig.

Soos in die vorige afdeling aangedui, is persone tydens die 2011-sensusopname ook gevra om aan te dui watter tweede taal die meeste in die huishouding gebruik word. Die gegewens is op aanvraag by SSA se Gebruikersinligtingdienste beskikbaar. In die 2011-sensus het slegs 64 336 persone aangedui dat SAGT die taal is wat die tweede meeste in die huishouding gebruik word (STR 2023). Ons kan aanneem dat die getal die keuse van persone wat in huishoudings leef en waarvan een of meer Dowes deel vorm, reflekteer. Indien wel die geval, bevestig ook hierdie inligting die feit dat die gebaretaalgemeenskap van Suid-Afrika inderdaad 'n klein gemeenskap is wat nie in terme van miljoene persone getel kan word nie.

Dit is opvallend dat die rolspelers wat vroeër vermeld word, nie inligting oor tweedetaalgebruikers van SAGT bekend maak nie. Aangesien die 2011-sensus die eerste was wat SAGT as taal ingesluit het en wat wel inligting oor die tweede mees gebruikte taal bevat, kan 'n mens begryp dat DFSA in 2007 nie na die sekondêre gebaretaalgebruikers kon verwys het nie. Dit is opvallend dat hulle sedert die bekendmaking van die resultate van die 2011-sensusopname nóg van die betrokke inligting nóg van die inligting oor eerstetaalgebruikers gebruik maak en volhard met hulle eie (ongesubstansieerde) geraamde syfers. Dit val op dat simpatieke rolspelers hulle hierin navolg. 'n Mens kan derhalwe net tot die gevolgtrekking kom dat die beskeie aard van die gegewens waarskynlik nie oortuigende gronde verskaf het vir 'n argument oor verampteliking nie, 'n situasie wat deur die 2022-sensus selfs vererger word.

Soos by die vorige sensusse moet inligting omtrent die Dowegemeenskap ook in die 2022-sensus by twee afdelings verkry word, die een oor taal en die ander oor gestremdheid.

Wat inligting omtrent taaldemografie betref, val dit op dat die 2022-sensus weer terug is by slegs een vraag oor die mees gebruikte huistaal. Volgens 'n senior SSA-amptenaar van sensusinhoudontwikkeling en -produkte is teruggeval op slegs een taalvraag omdat daar skynbaar klagtes was oor die lengte

Hoofstuk 2

van die sensusvraelys en sommige vrae gevolglik uitgesny moes word (Anoniem 2024). Tabel 2 dui die persentasies van huistaalgebruik aan.

Tabel 2: Bevolkingsverspreiding volgens taal wat die meeste in die huishouding gepraat word, Sensus 2022

Huistaal	1996 n=40 583 573	2001 n=44 819 778	2011 n=51 770 560	2022 n=62 027 503
Afrikaans	14,5%	13,4%	13,5%	10,6%
Engels	8,7%	8,3%	9,7%	8,7%
Ndebele	1,5%	1,6%	2,1%	1,7%
Xhosa	17,9%	17,6%	16,0%	16,3%
Zulu	22,8%	23,8%	22,7%	24,4%
Pedi	9,2%	9,4%	9,0%	10,0%
Sotho	7,7%	7,9%	7,6%	7,8%
Tswana	8,2%	8,2%	8,0%	8,3%
Gebare- taal	–	–	0,5%	0,02%
Swati	2,5%	2,7%	2,5%	2,8%
Venda	2,2%	2,3%	2,4%	2,5%
Tsonga	4,4%	4,4%	4,5%	4,7%
Ander	0,6%	0,5%	1,6%	2,1%
Totaal	100%	100%	100%	100%

Anders as verwag, is dit opvallend dat die persentasie huistaalgebruikers van SAGT opvallend gedaal het vanaf 234 655 in 2011 tot 'n skrale 12 406 in 2022. Dieselfde tendens kom voor by die vraag oor gestremdheid waar 0,5% (310 247) van persone bo 5 jaar oud (55 012 716) aangedui het dat hulle een of ander moeilikheidsgraad met gehoor ervaar. Die kategorie was dieselfde as dié van die 2011-sensus, buiten dat die frase "... selfs met 'n gehoorapparaat" tot die vraag toegevoeg is (SSA 2023). 'n Mens moet wel kennis neem van die feit dat 'n reuse ondertelling van 31% by die 2022-sensus gerapporteer is, 'n gegewe wat volgens die VN Suid-Afrika nou die rekordhouer van sensus ondertelling maak (Fraser 2024).

Vrae ontstaan vanselfsprekend oor die betroubaarheid van die gerapporteerde gegewens.

Totdat 'n grondige demografiese studie die teendeel bewys het, moet 'n mens jou nietemin verlaat op die amptelike sensusgegewens oor die aantal eerste- (en tweedetaal) gebruikers van SAGT as die enigste relatief betroubare bron van inligting oor die grootte van die taalgemeenskap. Die gerapporteerde sensus inligting dui daarop dat SAGT sonder twyfel die land se kleinste minderheidstaal is en teenstrydig met die aansprake van sommige rolspelers in werklikheid nie naastenby in dieselfde geselskap as die ander minderheidstale genoem kan word nie. Dit is daarom jammer dat tydens die proses van die verampteliking van SAGT ongegronde gegewens hieromtrent as feite voorgehou is en selfs voorgegee is dat die taalgemeenskap groter is as van die ander kleiner inheemse taalgemeenskappe wie se tale (in daardie stadium) reeds as amptelike tale erken is. 'n Mens moet onvermydelik tot die gevolgtrekking kom dat die aanbod van sulke ongegronde en oordrewe getalle waarskynlik deur bymotiewe geïnspireer word en verband hou met getallepolitiek. 'n Mens kan hierdie praktyk waarskynlik in navolging van Reagan (2020b) se tong-in-die-kies-opmerking toeskryf aan "... die gryp na die gestremdeheidskaart", 'n gebruik waarop die Dowe Wêreld inderdaad soms terugval. Kobus Kellerman se argument hierbo dat in die stryd om erkenning vir eers op die gestremdeheidskwessie gekonsentreer sal word, illustreer 'n die-doel-heilig-die-middele benadering op treffende wyse.

Die oorsig van hierdie hoofstuk benadruk die gegewe omtrent gebaretaal as outonome en volwaardige tale wat in hulle onderskeie lande aan 'n unieke linguïstiese en kulturele minderheid gekoppel kan word. Na aanleiding van die werk van toonaangewende outeurs is geredeneer dat die gebruik van 'n gebaretaal en assosiasie met die Dowe kultuur die bepalende faktor is vir lidmaatskap van 'n gebaretaalgemeenskap, en nie noodwendig gehoorverlies as sodanig nie.

Wat uit die voorafgaande oorsig blyk, is dat die kompleksiteit van Dowe identiteit, wat strek van die oudiologiese spektrum tot by 'n self-geïdentifiseerde kulturele identiteit,

Hoofstuk 2

vereis dat ons wegbeweeg van rigiede, binêre definisies oor die onderwerp. Die suksesvolle veldtog vir die amptelike erkenning van SAGT as 'n 12de amptelike taal van Suid-Afrika dien as 'n kragtige bewys van die mobiliserende krag van 'n gedeelde taal en kultuur, wat lede van buite die Dowegemeenskap insluit. Uiteindelik is dit taal, en nie doofheid nie, wat die kern van hierdie gemeenskap se identiteit vorm. Die hoofstuk beklemtoon die noodsaaklikheid om 'n akkurate en inklusiewe benadering tot die Dowe en gebaretaalgemeenskappe te handhaaf vir die doeltreffende beplanning van SAGT se toekoms. Ook bepleit dit 'n nugtere en verifieerbare benadering met betrekking tot demografiese gegewens oor ten minste persone wat SAGT as 'n huistaal gebruik.

Hoofstuk 3

Taalbeleid en –beplanning vir, en regserkenning van gebaretale

3.1 Inleiding

Soos ter inleiding genoem, is TBP vir gebaretale 'n relatief nuwe studieveld wat eintlik eers sedert die negentigerjare van die 20ste eeu op dreef gekom het (De Meulder 2015:498; De Meulder, Murray & McKee 2019b:1). Reagan (2016:271–72) verbind byvoorbeeld die groeiende strewe na die regserkenning van gebaretale oor die laaste sowat 30 jaar direk aan taalbeplanningsaktiwiteite. Ook Quer en De Quadros (2012) benadruk in hulle voorwoord tot 'n spesiale joernaaluitgawe oor taalbeplanning vir gebaretale so 'n verband. Trouens, hulle beweer dat die hele strewe na erkenning in werklikheid taalbeplanning vir gebaretale op beleidmakers se agenda geplaas het. Sodanige erkenning het progressief ontwikkel, meestal vanaf 'n erkenning van gebaretaal in die onderwys tot 'n erkenning van gebaretaal as volwaardige taal, tot die erkenning daarvan as minderheidstaal, tot die erkenning van die gebruik daarvan binne bepaalde amptelike funksies, tot uiteindelik die volwaardige erkenning daarvan as 'n amptelike taal.

Murray (2015a:375) wys daarop dat die strewe na regserkenning uiteindelik verband hou met die merkwaardige toename in die bestudering van die taal self sedert die tweede helfte van die twintigste eeu. Akademiese belangstelling in TBP vir gebaretale het mettertyd hieruit voortgevloei.

In die oorsig wat volg, word kortliks stilgestaan by aspekte van TBP waarna gekyk word en na wat hieromtrent in die gebaretaalwêreld gebeur.

3.2 Taalbeleid en -beplanning

Die konsep-TBP verwys na twee onderling verwante velde, maar word toenemend as 'n verweefde term gebruik, soos weer met die onlangse verskyning van die jongste handboek in die veld, getiteld *The Routledge Handbook of Language Policy and Planning* (Gazzola et al. 2024) geïllustreer word. Terwyl sommige soos Spolsky (2004) sou wou aanvoer dat taalbeleid 'n meer oorkoepelende konsep is, sou ander soos Kaplan en Baldauf (1997) weer wou argumenteer dat taalbeleid eintlik 'n onderafdeling van taalbeplanning is. Ten spyte van die verskille en oproepe om selfs na 'n ander breër konsep, taalbestuur (Jernudd & Neustupny 1987), te beweeg, het die gebruik van die saamgevoegde begrip TBP gevestig geraak. Volgens Johnson (2013:3) het die konvensie ontstaan uit respek vir die tradisie van meer as 50 jaar op die gebied van taalbeplanning en vanweë die onderlinge nabyheid van die twee velde.

Hornberger (2006:25) gee gepas toe dat die TBP-aanduiding in werklikheid heel bruikbaar is as 'n herinnering aan hoe onlosmaaklik die twee velde aan mekaar verbonde is, maar ook as 'n manier om die probleem van hoe presies die twee velde verwant is, te sistap. Die saamgevoegde konsep verwys sekerlik na twee verskillende, dog nou verwante, aspekte van taalintervensie (Du Plessis 1995), met ander woorde na pogings om 'n taalsituasie in 'n spesifieke rigting te stuur, of mense se taalkeuse binne die situasie te beïnvloed of te manipuleer. Die verskille kom veral na vore wanneer 'n mens die twee tipes taalintervensies vanuit 'n ontwerpperspektief beskou.

Vanuit 'n ontwerpperspektief beskou, stel 'n mens veral belang in die uitkomst of artefakte wat deur intervensies soos taalbeleid en taalbeplanning opgelewer word (Weideman 2017a). Simplisties beskou, lewer taalintervensies deur middel van beleid meestal 'n taalbeleidsartefak op, hetsy in die vorm van 'n taalbeleidsverklaring of 'n taalbeleidsdokument, waarin wesenlik aangedui word watter taal of tale om binne welke funksies en domeine aan te wend en watter voorwaardes hieromtrent geld. Taalbeplanning daarenteen lewer 'n andersoortige uitkoms of artefak op, meestal bekend as 'n taalplan of taalprogram. 'n Taalplan dui tipies die HOE van

die realisering van 'n taalbeleid aan: wat bereik wil word, hoe dit bereik moet word, volgens watter beginsels en met welke hulpbronne. Die inwerkingstelling van so 'n taalplan kan soms ook as taalbeleidsontplooiing waargeneem word, 'n verskynsel wat nogeens die verwickeldheid van die twee tipes taalintervensie illustreer. Nietemin kan taalbeplanning ook taalbeleid vooruitgaan, tipies binne 'n situasie waar die taalplan die daarstel van 'n gunstige(r) taalbeleid op die oog het. In so 'n geval kan die verwickeldheid van die twee taalintervensies waargeneem word in 'n proses wat weer met taalbeleidsformulering verband hou.

Die raamwerk vir taalbeplanningsoogmerke wat deur Hornberger (2006) ontwikkel en deur Kaplan en Baldauf (2003) en Du Plessis (2022a) gemodifiseer is, erken dié verwickeldheid deur drie kernkonstrukte, te wete taalbeplanningstipes, taalbeplanningsbenaderings en taalbeplanningsoogmerke te integreer (Tabel 3). As resultaat verkry ons 'n raamwerk wat besonder bruikbaar is vir die doeleindes van die analisering van TBP-aksies.¹

Wat in gedagte gehou moet word, is dat al vyf tipes taalbeplanning en die verbandhoudende taalbeplanningsbenaderings uiteindelik nie noodwendig overt (openlik) aangepak word nie. Al hoe meer kenners benadruk die hele kwessie van koverte (verborge) TBP (Schiffman 1996; Shohamy 2006). By overte taalbeplanning maak die ondersoeker staat op 'n analise van gedokumenteerde taalplanne en verwante dokumente, met ander woorde op getuienis van TBP-aktiwiteite en ooreenkomstige artefakte wat in die openbare ruimte beskikbaar is. Aktiwiteite met betrekking tot koverte taalbeplanning is soms moeiliker om na te spoor, deels omdat daar soms agter die spreekwoordelike skerms beplan word en (meer) dikwels nie in ooreenstemming met gedokumenteerde afsprake nie.

1 Hornberger (1994; 2006) se indeling word hier nagevolg, met ander woorde beleidsbeplanning met betrekking tot bepaalde onderwysverwante domeine. Kaplan en Baldauf (2003) se indeling verwys na spesifieke vorms van taalbeleidsbeplanning en is nuttig wanneer byvoorbeeld ondersoek ingestel word na taalverwerwingsbeplanning binne elk van Hornberger se domeine.

Tabel 3: Bygewerkte Raamwerk vir Taalbeplanningsoogmerke

Benaderings	1. Beleidsbeplanning (oor vorm)	2. Kultiveringsbeplanning (oor funksie)
<i>Tipes (overt–kovert)</i>	Doelwitte	Doelwitte
1. Status-beplanning (rakende die samelewing en taalfunksies)	Status-standaardisering <ul style="list-style-type: none"> • Verampteliking • Nasionalisasie • Proskripsie 	Herlewing <ul style="list-style-type: none"> • Restourasie • Revitalisering • Omkering Handhawing Interlinguale Kommunikasie <ul style="list-style-type: none"> • Internasionaal • Intra-nasionaal Taalverspreiding/ Taalgebruiksbevordering
2. Korpus-beplanning (rakende taal)	Korpus-standaardisering <ul style="list-style-type: none"> • Grafisering • Grammatikasie • Leksikasie Hulpkode-standaardisering <ul style="list-style-type: none"> • Grafisering • Grammatikasie • Leksikasie 	Leksikale Modernisering Stilistiese Modernisering Renovasie <ul style="list-style-type: none"> • Suiwering • Hervorming • Stilistiese vereenvoudiging • Terminologiese vereniging Internasionalisering
3. Taal-in-Onderwys (Verwerwings-) beplanning (rakende aanleer)	Institusionalisering <ul style="list-style-type: none"> • As taalmedium • As taalkvak Domeinspesialisering <ul style="list-style-type: none"> • Opvoedkundig • Letterkundig • Religieus • Massamedia • Arbeidsektor/ Werksomgewing 	Herverwerwing Handhawing Vreemdetaal-/ Tweedetaalverwerwing Taalverskuiwing Geletterdheidsverwerwing Diskoersbeplanning Taaltegnologie-ontwikkeling

Benaderings	1. Beleidsbeplanning (oor vorm)	2. Kultiveringsbeplanning (oor funksie)
4. Prestige-beplanning (rakende beeld)	Taalbevordering Beeldvorming	Intellektualisering · Wetenskapstaal · Taal van die professies · Hoër kultuurtaal
5. Taalhoudings-beplanning (rakende taalgebruikers)	Taalhandhawing Taallegitimisering/ Taaldelegitimisering	Taalbewusmaking

Nog 'n aspek van TBP wat nie pertinent in die raamwerk aangeraak word nie, is die onderskeid tussen aktiwiteite met betrekking tot van-bowe-na-benede TBP (verwysende na taalintervensies deur owerhede en ander gesaghebbende instansies) en aktiwiteite met betrekking tot van-benede-na-bowe TBP (verwysende na intervensies deur nie-gesaghebbende instansies en individue). Die onderskeid is wel betekenisvol omdat dit die aandag vestig op die verskillende rolspelers wat by taalintervensies betrokke kan wees, ook bekend as taalbeplanningsagente (TBA), sommige daarvan instansies wat nie altyd noodwendig aan TBP gekoppel word nie.

Das Gupta en Ferguson (1977:5) omskryf TBA as agentskappe wat betrokke is by die aanduidende, regulatiewe, promoverende en produktiewe funksies van taalbeplanning. Die aanduidende funksie van taalbeplanning hou verband met die assessering van 'n taalsituasie in terme van sosiopolitieke vereistes. Die funksie strek oor al drie die ander heen. Die regulatiewe funksie hou verband met gesaghebbende optrede wat deur middel van openbare maatreëls geneem word, ondersteun deur sanksies om die gebruik van geselekteerde tale in geselekteerde domeine aan te moedig. Die funksie hou grootliks verband met statusstandaardisering en taal-in-onderwysbeplanning. Die produktiewe funksie hou verband met die ontwikkeling van die kapasiteit van 'n aangewese taal om die eise vir die gebruik van die taal in hoë funksies die hoof te bied. Dit hou grootliks verband met korpusstandaardisering en verbouingsbeplanning, maar ook met tipiese taalontwikkelingsaktiwiteite soos leksikale en stilistiese

modernisering. Die promoverende funksie hou verband met linguistiese posisionering, 'n aspek wat nou verwant is aan taalprestigebeplanning.

Deur die taalbeplanningsfunksies met die raamwerk vir taalbeplanningsdoelwitte te verbind, word dit moontlik om te onderskei tussen 'n verskeidenheid TBA wat by TBP betrokke kan wees. Tabel 4 doen op grond van die verkreeë insigte omtrent die verskillende rolspelers betrokke by TBP 'n tipologie van TBA aan die hand.

Tabel 4: Tipologie van TBA

Funksie	Regulerend	Produktief	Promoverend
Fokus	Taalwetgewing, beleid en ander maatreëls	Taal-ontwikkeling	Taalbevordering
Aktiwiteit	Status-standaardisering	Leksikale en stilistiese modernisering	Prestige-beplanning: Linguistiese posisionering
Tipiese instansies	Wetgewers Howe Ministeries en staats-departemente	Statutêre liggame en instellings Taalrade & Akademies Nasionale Taaldienste	Taalverenigings Vrywilligers-organisasies Media afsetpunte Taalaktiviste Ander individue

Só voorgestel, word dit duidelik dat dit nie slegs owerhede is wat by TBP-aktiwiteite betrokke is nie. Om 'n geheelbeeld van taalintervensie as verskynsel te kry, vereis dat ingegaan moet word op die werksaamhede van 'n verskeidenheid TBA. Deur die werk van TBA in terme van die tipologie te bestudeer, kan 'n mens 'n beter insig verkry in hul rol in 'n TBP-program, eerder as om gelei te word deur die konvensionele binêre klassifisering van regeringsagentskappe teenoor nieregeringsagentskappe, gespesialiseerde teenoor nie-gespesialiseerde agentskappe, ensovoorts, onderskeide wat soms in die literatuur voorkom (Kaplan & Baldauf 1997:5; Haarmann 1990:120-21).

Hoofstuk 3

Die tipologie van Tabel 4 bied 'n basis vir 'n meer sistematiese beoordeling van die effektiwiteit van TBA, 'n algemene becommernis onder beide die oorspronklike en meer kontemporêre geleerdes wat oor TBA skryf (Spolsky 2011).

'n Vergelykende studie oor die rol van TBA by taalbeplanning in Suid-Afrikaanse hoër onderwys met betrekking tot die suksesvolle institusionalisering van Afrikaans as hoëronderwystaal en die mislukkende institusionalisering van die Sintutale illustreer die nut van die tipologie (Du Plessis 2020b). Die resultate van dié studie toon dat by die Afrikaanse geval 'n verskeidenheid TBA betrokke was, wat wissel van studenteverenigings, taalorganisasies en taalliggame as die samestellers asook universiteitsenate, ministeriële besluitnemers en wetgewers as responsiewe implementeerders. Daarteenoor, in die geval van die Sintutale val die beperkte betrokkenheid van TBA en die prominensie van ministeriële en verwante besluitnemers en 'n mate van betrokkenheid deur statutêre liggame en universiteite op. Dit is veral opvallend dat geen gedokumenteerde bewyse van die betrokkenheid van taal- en studente-organisasies by pogings tot die institusionalisering van die Sintutale bestaan nie. Die eerste geval illustreer die krag van taalbeplanning van benede en die tweede die swakheid van taalbeplanning van bowe en dui daarop dat vir TBP om te slaag, 'n mens ideaalgesproke interaksie tussen 'n verskeidenheid TBA benodig, maar dat die rol van promoverende TBA nietemin swaar weeg. Hul rol is besonder doeltreffend in van-benede-na-bowe bewegings. Onderliggende faktore soos kennis van die bevorderde taal asook taaljaliteit (Steyn 1997), speel hierin 'n belangrike rol.

Aangesien die tipologie van TBA ook vir taalaktiviste voorsiening maak, is dit noodsaaklik om die hele kwessie van taalaktiwisme ook aan te roer. Combs en Penfield (2012) stem saam dat taalaktiwisme beslis 'n rol speel by die bereiking van resultate in veral die wetlike arena, maar dat dit nogtans 'n nie-erkende of waarskynlik onderskatte element van die beleidmakende of selfs wetgewende proses is. Volgens die outeurs word taalaktiwisme spesifiek gerig op die beïnvloeding of verandering aan bestaande beleid (Combs & Penfield

2012:462). Hulle siening sluit natuurlik aan by Martel (1999:49) se benadering, met die verskil dat laasgenoemde die klem laat val op taalregteaktiwisme. Op grond van laasgenoemde se onderskeiding van ses instrumente van taalregteaktiwisme – wat uiteraard ook op taalaktiwisme betrekking het – het Du Plessis (2006:77) ’n tipologie van taalaktiwisme ontwikkel soos weergegee in Tabel 5. Taalklagtelegging is as ’n sewende instrument toegevoeg.

Tabel 5: Tipologie van taalaktiwisme

Instrumente van taalaktiwisme	
Matig	Ondersoek
	Mediadekking
	Taalklagtelegging
	Drukgroepvorming
	Mobilisering
	Petisionering
Konfronterend	Boikottering
	Bedreiging van litigasie
	Druk op die massas
	Betogings
	Litigasie

Die linkerkolom dui ’n glyskaal aan van aksies wat wissel van besonder matig tot uiters konfronterend. Volgens Martel (1999:63) is litigasie waarskynlik die suksesvolste van al die instrumente, maar uit haar oorsig van taalaktiwisme in Kanada blyk dit dat ’n kombinasie van instrumente meestal wel gewenste resultate kan oplewer. Die verskeidenheid instrumente veronderstel natuurlik die betrokkenheid van verskillende rolspelers by die beïnvloeding van taalbeleidsvorming.

Die onderskeie tipologieë skep 'n raamwerk waarteen die dokumentering van die geskiedenis van TBP vir gebaretaale ondersoek kan word.

3.2 Taalbeleid en -beplanning vir gebaretaale

Branson en Miller (1997) voer die ontwikkeling van formele regeringstaalbeleide met betrekking tot lande se nasionale gebaretaale terug na die verspreiding van nasionalismes en van nasionale en internasionale bewegings op die gebied van menseregte en spesifiek die onderwys. Volgens Murray (2015a:375) het die oprigting van skole vir dowes naas gedeelde gebaretaalgemeenskappe waar gebaretaale deur beide dowe en horende mense gebruik word, in werklikheid 'n deurslaggewende rol (ge)speel by die ontwikkeling van gebaretaale.

Timothy Reagan is soos eerder vermeld een van die toonaangewende outeurs oor TBP vir gebaretaale, asook oor taalbeplanning vir SAGT. In een van sy meer resente bydraes benadruk hy die onbetwiste status wat 'n belangstelling in TBP vir gebaretaale in die oorhoofse studiegebied geniet (Reagan 2024). Hy baseer sy standpunt natuurlik deels op sy toonaangewende monografie op die terrein, *Language policy and planning for sign languages* (Reagan 2010).

Reagan bespreek in sy monografie die noodsaak aan TBP vir gebaretaale binne die konteks van die wêreldwye belangstelling in TBP-aktiwiteite oor die algemeen, maar spits hom dan toe op die groeiende belangstelling met betrekking tot gebaretaale. Hy rig die publikasie op twee gehore, ten eerste kundiges van die TBP-terrein wat nie noodwendig op die hoogte is van TBP vir gebaretaale nie en ten tweede op die Dowe Wêreld wat weer nie noodwendig op die hoogte is van die breër terrein van TBP nie. Vandaar dat die outeur die eerste twee hoofstukke van die monografie gebruik om twee groepe lesers te oriënteer, enersyds met betrekking tot die Dowe Wêreld en andersyds met betrekking tot TBP as studieterrein.

Beide hoofstukke bied uitstekende oorsigte oor die twee onderwerpe wat waardevolle oriënterings vir die oningeligte leser verteenwoordig. In die eerste hoofstuk kom onder meer konsepte en benaderings tot doofheid ter sprake, die aard van

gebaretaal en die sogenaamde kultuur en (strenggesproke) die leefwêreld van die Dowes of Gebaretaalvolkere, waaronder literêre tradisie, humor, gedragsnorme, historiese bewustheid, ensovoorts. Ook hanteer die outeur in die betrokke hoofstuk die ingewikkelde en meestal gespanne verhouding tussen die dowe en horende wêreld. Die tweede hoofstuk verstrekk 'n rasionaal waarom TBP oor die algemeen nodig is en bied 'n saaklike oorsig op die geskiedenis van die twee studievervelde, waarna ingegaan word op die aard, oogmerke en tipes taalbeplanning, asook die funksies en prosesse van taalbeplanning. Reagan staan ook stil by oriënterings en ideologieë van TBP en ten slotte ook by die verband tussen TBP en taalregte, waaronder ook TBP in die onderwys ter sprake kom.

Die derde hoofstuk bied 'n oorsig oor TBP vir AGT en watter rol laasgenoemde by die legitimisering van die taal gespeel het. In die vierde hoofstuk kom handmatige tekenkodes as gevallestudie in TBP ter sprake. Handmatige tekenkodes word soms vanweë hulle aard om gelyktydig met gesproke taal gebruik te word ook as handmatige gekodeerde gesproke taal beskou, in Reagan se geval handmatige gekodeerde Engels. Hy behandel die ontwikkeling van die spesifieke vorm van gebaretaal asook die linguïstiese, kulturele en opvoedkundige beperkinge daarvan. Reagan bied in die vyfde hoofstuk van sy monografie 'n stimulerende oorsig van wêreldwye TBP-aktiwiteite met betrekking tot status-, korpus-, verwerwings- en houdingsbeplanning vir verskeie nasionale gebaretaale. Vanweë sy bekendheid met die Suid-Afrikaanse situasie behandel hy kortliks SAGT as gevallestudie van TBP in post-apartheid Suid-Afrika. Hy gee ook natuurlik aandag aan die kwessie van taalregte, 'n kwessie wat hy in latere publikasies verder voer (Reagan 2016; 2022).

Die slothoofstuk van Reagan se belangrike monografie staan saaklik stil by uitdagings met betrekking tot TBP vir gebaretaale. Hy benadruk die noodsaak aan 'n vollediger TBP-program vir gebaretaale in plaas van een wat slegs op die onderwys, televisie en tolking fokus, 'n benadering wat soortgelyk is aan TBP vir gesproke tale. 'n Volronde TBP-program behoort volgens hom taalbemagtiging aan die hand

te werk (Reagan 2010:152 e.v.). Hy beklemtoon dieselfde benadering in sy heel jongste publikasie oor die onderwerp (Reagan 2024).

Naas Reagan se monografie het Gallaudet Universiteit ('n universiteit wat primêr dowe persone bedien) twee spesiale uitgawes van sy vakjoernaal, *Sign Language Studies*, oor die onderwerp die lig laat sien, die eerste in 2012, getiteld *Special Issue: Language Planning and Policies for Sign Languages* (Quer & De Quadros 2012) en die tweede in 2015, getiteld *Special Issue: Language Planning and Sign Language Rights* (Murray 2015b). Die rasionaal vir die eerste spesiale uitgawe is volgens die samestellers om aandag te gee aan presies dit waarvoor Reagan in sy monografie gepleit het, naamlik 'n breër aanpak van TBP vir gebaretaale.

Quer en De Quadros (2012) wil met die samestelling van hulle spesiale weergawe aandag skenk aan 'n "... gemodifiseerde perspektief" van TBP vir gebaretaale wat wegbeweeg van doofheid as gestremdheid na Doofheid as linguistiese minderheidskwessie. Eersgenoemde benadering word verbind aan 'n enger fokus op aksies met betrekking tot onderwys en toeganklikheid vir Doves, terwyl laasgenoemde eerder konsentreer op TBP vir gebaretaale as minderheidstale en op die verbreding van die taalregte van gebaretaalgebruikers. Vandaar dat die sewetal bydraes wat hulle insluit 'n perspektief bied op die suksesse en tekortkominge wat betref minderheidstaalbeplanning in enkele geselekteerde lande, uit Suid-Amerika: Brasilië en Uruguay; uit Noord-Amerika: Quebec en die VSA; en uit Europa: Katalonië, Spanje, Italië, Swede en Nederland. Die bydraes gee veral aandag aan status-, korpus- en verwerwingsbeplanning in die betrokke lande en dien daarom as basis vir vergelykings en analises met betrekking tot die ontwerp en implementering van taalbeleid vir gebaretaale as minderheidstale. Vir Quer en De Quadros (2012) lewer sodanige vergelyking belangrike insigte op omtrent die relatiewe belang van die regserkenning van nasionale gebaretaale. Hulle wys daarop dat wetlike prestasies nie noodwendig altyd die gewenste uitkomst vir gebaretaalgemeenskappe oplewer nie en dat verwante TBP-aksies meestal minder verreikend en doeltreffend

is as wat ver wag word. Taalwetgewing alleen verander nie noodwendig die lewens van gemeenskappe nie, konstateer hulle.

In aansluiting by die kritiese perspektief wat die redakteurs van die eerste spesiale uitgawe oor TBP vir gebaretale op die sukses en tekortkominge van 'n minderheids-taalbenadering bied, delf die tweede uitgawe dieper deur in te speel op die interseksie tussen taalhoudings, openbare beleid en Dowegemeenskapsdiskoers op nasionale, streeks- en internasionale vlakke. Die verdieping sluit aan by die toenemende wêreldwye belangstelling in die taalregte van 'n unieke taal minderheid (Murray 2015a:375), vandaar dat Murray self in sy inleiding asook in die eerste bydrae spesifiek op taalregte fokus, terwyl drie verdere bydraes (twee deur De Meulder en een elk deur McKee en Manning) die hele kwessie van die regserkenning van gebaretale onder die loep neem. In die ander twee bydraes oorweeg Krausneker (2003; 2008) die rol van ideologieë en houdings met betrekking tot die erkenning van die taalregte van gebaretaalgemeenskap, terwyl Adam (2015) die hele kwessie van taalstandaardisering krities beskou. Murray (2015a:378) vind dat die betrokke bydraes 'n belangrike perspektief bied op veldtogte vir gebaretaalregte in verskillende lande en dat veral veldtogvoerders belangrike lesse hieruit kan leer.

Ronice de Quadros, een van die redakteurs van *Sign Language Studies* se eerste spesiale uitgawe oor TBP vir gebaretale, dra in 2018 ook 'n hoofstuk oor die onderwerp tot die toonaangewende *The Oxford handbook of language policy and planning* by, getiteld *Language policies and sign languages* (De Quadros 2018), 'n verdere bevestiging van die status wat TBP vir gebaretale reeds in die betrokke studieveld geniet. Reagan (2024) se meer resente bydrae tot 'n soortgelyke handboek, *The Routledge handbook of language policy and planning*, beklemtoon die punt verder. Besonders omtrent De Quadros se bydrae is 'n afdeling waarin hy 'n agenda vir gebaretaalbeleid en -beplanning behandel en waarin hy voortborduur op Reagan se 2010-oproep vir 'n oorkoepelende TBP-program vir gebaretale. De Quadros se hoofstuk word goed aangevul en gekomplementeer deur twee meer onlangse bydraes van Reagan, "Language planning and

language policies for sign languages: an emerging civil rights movement” Reagan (2022) en “Sign languages and language policy” (Reagan 2024), waarin hy klem lê op die verband tussen gepaste TBP en die taalregte van die gebaretaalgemeenskap as ’n linguistiese minderheid.

Beide outeurs raak die verband tussen gepaste TBP vir nasionale gebaretaal en hulle regserkenning as taal van ’n linguistiese minderheid aan. Dit is daarom heel gepas dat in die jaar waarin die WFD se *WFD Charter on Sign Language Rights for All* (WFD 2019) bekendgemaak is, by Multilingual Matters die eerste bundel oor die regserkenning van gebaretaal, getiteld *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*, verskyn (De Meulder et al. 2019). De Meulder (2015) se eerste volledige oorsig oor die regserkenning van nasionale gebaretaal moes sekerlik as stimulus vir so ’n omvattende publikasie gedien het.

Met hulle bundel speel De Meulder en haar kollegas in op die groeiende belangstelling in die regserkenning van gebaretaal (De Meulder et al. 2019a:1–2), ’n tema wat in werklikheid gehelp het om TBP vir gebaretaal op beleidmakers se agenda te plaas (Quer & De Quadros 2012). Dit is daarom nie vreemd nie dat De Meulder et al. (2019a) ’n oorsig gee van die ontwikkeling van die veld en veral klem lê op die verwickelde verband tussen die regserkenning van en TBP vir gebaretaal.

The legal recognition of sign languages bevat 18 studies van lande uit Europa, die VSA, Suid-Amerika en Asië asook ’n studie van Nieu-Seeland, versprei oor vier afdelings, elk afgestem op ’n spesifieke aspek van regserkenning: resente gebaretaalwette, implisiete regserkenning, deurlopende veldtogte vir eksplisiete regserkenning en die implementering van gebaretaalwette. As sodanig dokumenteer die bundel tegelykertyd die vordering wat gemaak word met TBP-aksies en taalaktivistiese veldtogte vir die erkenning van nasionale gebaretaal ten einde ’n beter taalregtebedeling vir gebaretaalvolke te beding, asook vordering met die bestudering van verskeie verskynsels. Die bydraes van die bundel bevestig die sentrale rol wat TBP speel by die wêreldwye beweging om gebaretaal wetlike erken te

kry. Inbegrepe hierby is die rol van gebaretaalveldtogvoerders oftewel gebaretaalaktiviste as TBA.

Ofskoon 'n relatief nuwe belangstellingsveld soos De Meulder (2015:498) uitwys, toon die gemelde publikasies en nog vele meer dat die studieveld TBP vir gebaretale ondertussen 'n erkende belangstellingsveld binne die oorhoofse dissipline geword het.

Een van die kenmerke van studies in TBP vir gebaretale is dat hulle dikwels 'n historiese oorsig oor die geskiedenis en ontwikkeling van TBP vir gebaretale insluit, maar oorwegend aandag skenk aan die ontwikkeling en implementering van taalbeplanningsprogramme vir nasionale gebaretale en die evaluering van die effektiwiteit van sulke programme. Aandag word ook geskenk aan die impak van TBP op Dowegemeenskappe en toenemend ook aan die rol van die betrokke gemeenskappe by sulke aksies.

Nieteenstaande die feit dat alle tipes taalbeplanning deurlopend in tersaaklike studies aandag kry, merk 'n mens tog 'n mate van progressie deurdat aanvanklik heelwat aandag aan korpusbeplanning en taal-in-onderwys-beplanning aandag gegee is maar dat mettertyd verskeie aspekte van statusbeplanning na die voorgrond begin tree het. Die progressie hou uiteraard direk verband met die groeiende beweging vir die regserkenning van gebaretale, 'n taalstatuskwessie. Verbandhoudend hiermee het verdere kwessies omtrent taalstatusbeplanning ook aandag begin geniet, onder meer taalverspreiding in die uitsaaiwese en die werkplek, intertalige kommunikasie (spesifiek gebaretaaltolking) asook taalbevordering. Ook kwessies omtrent prestigebeplanning het mettertyd op die agenda begin verskyn. In die meer onlangse tyd word toenemend spesifiek aandag gegee aan regserkenning as 'n vorm van taalstatusbeplanning en saam daarmee aan die erkenning van taalregte (Reagan 2016; 2022). Om hierdie rede word 'n afdeling in die monografie afgestaan aan die regserkenning van nasionale gebaretale.

'n Bykomstige rede is dat 'n perspektief op die regserkenning van gebaretale kan meehelp om regstellings te maak omtrent foutiewe inligting wat onder meer oor die

erkenning van gebaretale as amptelike tale gemaak word. In die aanloop tot die verampteliking van SAGT is allerlei getalle en gegewens rondgegooi oor die soortgelyke amptelike erkenning aan die nasionale gebaretale van ander lande. Skynbaar word die nogal gesaghebbende World Atlas se getal van 41 sodanige lande (WorldAtlas 2023), as betroubaar aanvaar, selfs al word Suid-Afrika as een van die lande hierby ingereken nog voordat sodanige erkenning op nasionale vlak verleen is. Die feitlike situasie sien aansienlik anders daaruit, soos reeds aangedui.

3.4 Die regserkenning van nasionale gebaretale


Ter inleiding is saaklik vermeld dat lande vanaf die vroeë negentigerjare van die vorige eeu aandag begin gee het aan die wetlike erkenning van hulle nasionale gebaretale, 'n verskynsel wat sedert die negentigerjare van die 20ste eeu nougeset deur die WFD geboekstaaf word en infografies aangebied word (WFD 2025). Opvallend omtrent die WFD-databasis is dat dit geen dokumentêre bewyse vir die organisasie se aansprake omtrent gebaretaalwetgewing in die gelyste lande bevat nie. Die egtheid van die lys kan nie sonder aansienlike moeite geverifieer word nie.²

Quer en De Quadros (2015:128) wys pertinent daarop dat die VN se verklaring oor die regte van minderhede (VN 1992) naas die oor inheemse volke (VN 2008) wat in 2007 aanvaar is, spesifieke wetgewing en aktiewe beleid onder state bevorder het ten einde die oogmerke van die onderskeie verklarings te realiseer. Al wys die outeurs daarop dat die uitkomst hiervan met betrekking tot gebaretale nie noodwendig altyd aan verwagtinge voldoen het nie, het soos eerder aangevoer 81 uit 193 VN-lidlande teen 13 Mei 2025 reeds regserkenning aan hulle nasionale gebaretale verleen.

Figuur 1 dui die verspreiding van lande se regserkenning van hulle gebaretale sedert 1992 aan, 'n gemiddeld van ongeveer drie lande per jaar oor daardie tydperk, gebaseer op die WFD se lys oor lande wat wetgewing uitgevaardig het wat Dowes se reg

² Die outeur het tydens die saamstel van die monografie die WFD hierop gewys, maar kon geen reaksie ontlok nie.

erken om hul nasionale gebaretale in verskillende lewensareas te gebruik.



Figuur 1: Verspreiding van VN-lidstate se regserkenning van hulle nasionale gebaretale (teen 13 Mei 2025)

Die grafiek toon dat 35% van VN-lidstate reeds voor die tweede VN-verklaring van 2007 wetlike erkenning aan hulle gebaretale verleen het, by implikasie na aanleiding van 'n veronderstelde erkenning van die linguistiese minderheidstatus van Dowes. In haar verslag oor 'n behoefteontleding onder lidstate van die Raad van Europa oor die beskerming en bevordering van gebaretale en die regte van hulle gebruikers sluit Krausneker (2008:11) aan by die Europese diskoers oor die regserkenning van gebaretale wat sedert 1992 na aanleiding van die Raad van Europa se Europese Handves vir Streeks- of Minderheidstale (ER 1992) en 'n 2003-aanbeveling deur dieselfde raad omtrent die beskerming van gebaretale (Wheatly & Pabsch 2010:37) ontstaan het.

De Meulder et al. (2019a:4-5) wys op die dualistiese aanspraak wat soms deur Dowegemeenskappe gemaak word wanneer hulle hul op die interseksionele regte van tegelykertyd linguistiese minderheid en gestremdhedsminderheid beroep. Hierin speel volgens die outeurs die VN se *Convention on the Rights of Persons with Disabilities* (VN 2006) wat in 2006 aanvaar is, maar eintlik eers in 2008 in werking getree het, 'n

deurslaggewende rol. Artikel 21(e) van die konvensie verwag van lidstate om die nodige stappe te neem om te verseker dat hulle gebaretaal erken en hul gebruik bevorder word. Let daarop dat nie pertinent na regserkenning of erkenning as 'n amptelike taal verwys word nie. Uit die WFD se *Charter on Sign Language Rights for All* (WFD 2019) 'n dekade later blyk dat die organisasie nietemin die betrokke verwysing interpreteer as verwysende na regserkenning. Die federasie benadruk in sy handves die feit dat die erkenning van die VN se verklaring van 23 September as *International Sign Language Day* (VN 2017) (by implikasie) die regserkenning van nasionale gebaretaal as amptelike taal bevorder. 'n Mens moet toegee dat so 'n vertolking van 'n relatief neutrale standpunt ietwat opportunisties is.

Dit is opvallend dat 72% van die lande wat wetlike erkenning aan hulle gebaretaal verleen dit na die aanvaarding van laasgenoemde 2006-konvensie gedoen het. Nogtans sou dit misleidend wees om op grond van die betrokke mylpaal in die erkenningstydlyn enige geldige afleidings te maak omtrent die spesifieke regte betrokke, sonder om elke land se wetgewing diepgrondig te ontleed. 'n Mens moet nie die rol van die sogenaamde "... vermenging van taalgestremdhedsperspektiewe" onderskat of uit die oog verloor nie. De Meulder et al. (2019b:304) wys juis daarop dat strategiese winste vir gebaretaalerkenning dikwels steeds binne 'n gestremdhedsraamwerk gerealiseer word. Hulle noem spesifiek die geval van Nieu-Seeland se gebaretaalwet (NZG 2006) as die direkte uitkoms van sodanige vermenging. In die vorige afdeling is verwys na die SAGT-beweging wat van presies dieselfde strategie gebruik maak.

Die WFD redeneer in sy toeligtig omtrent die wetlike erkenning van nasionale gebaretaal dat ingevolge die CRPD alle lande onder die verpligting staan om die wetlike erkenning van hul nasionale gebaretaal te bevorder (WFD 2025). Dit laat die vraag ontstaan wat presies met die wetlike erkenning van gebaretaal bedoel word.

Volgens Pabsch (2017:367) het die begrip "... regs-erkenning van gebaretaal" as akademiese begrip gevestig geraak na die publikasie van Wheatly en Pabsch (2010) oor

gebaretaalwetgewing in Europa. Al tref ons die term reeds vroeër aan in onder meer Timmermans (2003:17 e.v.) maar ook in Krausneker (2003:11; 2008:11, 28), albei outeurs wat hulle met gebaretaal in Europa besig hou, merk 'n mens inderdaad toenemende belangstelling in die studierrein na 2010. Aangesien daar verskillende opvattinge bestaan oor wat taalwetgewing vir gebaretaal behels, stel Pabsch (2017:367) na aanleiding van die CRPD die volgende definisie voor:

Gebaretaalwetgewing is enige supranasionale, nasionale en streeksgewys wetgewing, aanbeveling of beleid wat melding maak van, erkenning gee aan, of verband hou met gebaretaal en die Dowe gemeenskap, waarby die spesifieke wetgewing noodsaaklik moet wees om hindernisse wat deur die omgewing opgelê word, insluitend houdings- en maatskaplike hindernisse, teen te werk, en/of die volle, gelyke genieting van alle menseregte en fundamentele vryhede, asook volle, gelyke deelname in die samelewing van 'n spesifieke groep wat die Dowe gemeenskap vorm en uit dowe individue bestaan, moontlik te maak.

Hiervolgens kan selfs wetgewing wat nie direk na 'n gebaretaal verwys nie – Pabsch noem die voorbeeld van die Europese Unie (EU) se anti-diskriminasie wetgewing – steeds as “... gebaretaalwetgewing” getipeer word, 'n ietwat wydlopende benadering.

In navolging van die WFD redeneer De Sousa (2022:180) dat die CRPD 'n noodsaaklike (dog “... sagte”) wetsinstrument verteenwoordig wat die regstatus van gebaretale en state se onderskeie taalregteraaamwerke kan rig, maar wat nogtans kan bydra tot begripsvorming omtrent die wetlike erkenning van gebaretale. Aangesien die CRPD nie die begrip as sodanig gebruik nie omskryf De Sousa (2022:185) wetlike erkenning as 'n regs-kategorie wat die bestaan van 'n gestelde wetlik-linguistiese werklikheid in wetgewing realiseer. Dit impliseer dat die wetlike bestaan van 'n gebaretaal nie deur die betrokke staat se unieke regstelsel ontken of verwaarloos kan word nie. Elke staat wend sodanige regserkenning na gelang van sy unieke

wetlike raamwerk aan as instrument om regte met betrekking tot die betrokke taal te realiseer.

De Meulder (2015:498-9) se pertinente koppeling van regserkenning aan taalstatus en taalregte sluit by die twee sienings aan. Sy baseer haar benadering op grond van Dowegeenskappe se aandrang op eksplisiete regserkenning, 'n tipe erkenning wat opvallend verbind kan word aan die gemeenskappe se erkenning as linguistiese en kulturele minderhede en derhalwe nie as persone met 'n gestremdheid nie. De Meulder beskou wetgewing met betrekking tot gestremdheid as implisiete erkenning. Pabsch se verwysing na anti-diskriminasie wetgewing sou hiervolgens ook as 'n voorbeeld van implisiete erkenning getipeer kon word.

De Meulder (2015:500) ontwikkel vervolgens 'n tipologie van die regserkenning van gebaretale wat vyf tipes wetgewing onderskei, vier tipes eksplisiete en een tipe implisiete wetgewing soos in Tabel 6 voorgestel.

Tabel 6: De Meulder (2015) se (aangepaste) tipologie van die regserkenning van nasionale gebaretale

Eksplisiete regserkenning	Implisiete regserkenning
Grondwetlik	Wetgewing oor gestremdheid, gelykheid en onderwys
Algemene taalwetgewing	
'n Gebaretaalwet	
Wetgewing oor taalrade	
Gekoppel aan linguistiese minderheidsregte	Gekoppel aan gestremdheidsregte

Vir De Meulder (2015:505) is implisiete wetgewing nie noodwendig gemoeid met taalregte nie. Sy verduidelik nietemin nie wat sy as taalregte beskou nie en oorweeg nie die hele kwessie van LMRs nie. Vandaar dat haar tipologie vir die doeleindes van die monografie aangepas is om vir laasgenoemde voorsiening te maak. Nogtans verteenwoordig die tipologie nie 'n absolute posisie omtrent verskillende regte nie. Wetgewing oor gelykheid en oor die onderwys sou natuurlik ook betrekking kon hê op LMRs, ongeag die kwessie van


gestremdeheidsregte. Daar word later in die monografie verder op die kwessies ingegaan.

De Meulder se tipologie verwys opvallend generies na die wetlike erkenning van gebaretale. Vandaar dat sy nie spesifiek voorsiening maak vir die erkenning van nasionale gebaretale as amptelike tale nie. Wanneer oor die regserkenning van gebaretale gepraat word, behoort 'n mens ten minste duidelikheid te verkry oor wat die begrip en aanverwante begrippe soos 'amptelike erkenning' en 'amptelike taalerkenning' behels.

Op grond van die WFD-lys is dit duidelik dat die begrip 'regserkenning' verskeie moontlikhede wat verband hou met verskillende wetlike realiseringe omsluit. Opvallend omtrent die WFD-lys is dat dit geen dokumentêre bewyse vir die organisasie se aansprake omtrent gebaretaalwetgewing in die gemelde 81 lande bevat nie, wat dit nie moontlik maak om sonder aansienlike moeite die egtheid daarvan te kan bevestig nie. In teenstelling tot die WFD-lys word Wikipedia s'n wel ondersteun deur verwysings na dokumente wat verifieerbaarheid vergemaklik (Wikipedia 2025).

Sodanige verifiëring begin meestal by 'n ondersoek van die grondwette van die lande wat World Atlas en die WFD lys. Die databasis van die Comparative Constitute Project, 'n gesamentlike projek van die Universiteit van Texas en die Universiteit van Chigaco bevat 'n volledige opgaaf van die grondwette van altesaam 202 lande. Die databasis is aanlyn beskikbaar by Constitute se webtuiste (Constitute 2025). Oorwegend beskou, dui 'n grondwet meestal die tale aan wat in die land een of ander vorm van regserkenning geniet, hetsy as amptelike, nasionale of minderheidstaal. Bykomend kan ander wetgewing ondersoek word, aangesien dit uit die WFD se opgaaf asook dié van Wikipedia blyk dat lande hulle gebaretale op verskillende wyses wetlik erken.

Die WFD se infografiese voorstelling van lande wat hulle gebaretale wetlik erken (WFD 2025), is op grond van De Meulder se (oorspronklike) tipologie ontwikkel (Figuur 2).




Figuur 2: Die WFD se infografiese voorstelling van regserkenning vir die wêreld se nasionale gebaretaale (soos teen 13 Mei 2025)

Uit die voorstelling blyk dit dat die WFD se aangebode inligting gerasionaliseer kan word tot vier basiese kategorieë van regserkenning, te wete grondwetlike erkenning, erkenning deur middel van 'n gebaretaalwet, erkenning deur middel van ander wetgewing (gestremdheidswetgewing, onderwyswetgewing ensovoorts) en wetgewing omtrent 'n taalraad. Figuur 3 bevat 'n opsomming van die WFD se verwerkte en geverifieerde data oor die regserkenning van 81 lidlande van die VN.

Die opsomming toon dat die lande op die WFD-lys hulle nasionale gebaretaale deur middel van verskeie tipes wetgewing erken:

- 2 lande deur middel van ander vorms van erkenning (Denemarke deur 'n taalraad; Japan deur 'n munisipale verordening)
- 24 lande deur middel van 'n gebaretaalwet (België, Brasilië, Bulgarye, Ciprus, Costa Rica, Dominikaanse Republiek, Filippyne, Hongarye, Ierland, Italië, Kroasië, Luxemburg, Malta, Nederland, Nieu-Seeland, Noord-Masedonië, Pole, Serwië, Slowakye, Slowenië, Suid-Korea, Tsjeggiese Republiek, Verenigde Koninkryk, Ysland)

- 14 lande deur middel van gestremde wetgewing (Albanië, Azerbaidjan, Belarus, Duitsland, Eswatini, Indonesië, Kanada, Malawi, Maleisië, Oesbekistan, Roemenië, Russiese Federasie, Turkye, Uruguay)
- 11 lande deur middel van die land se grondwet (Ecuador, Fidji, Finland, Kenia, Nepal, Oostenryk, Portugal, Suid-Afrika, Uganda, Venezuela en Zimbabwe)
- 1 land deur middel van 'n nasionale taalwet (Noorweë)
- 15 lande deur middel van nie-spesifieke wetgewing (Bangladesj, Bolivia, Colombia, El Salvador, Estland, Griekeland, Guatemala, Kosovo, Letland, Mexiko, Oekraïne, Papoea-Nieu-Guinee, Peru, Spanje, Swede).



Figuur 3: Opsomming van die kategorieë van regs erkenning van nasionale gebaretaal in 81 VN-lidstate (teen 13 Mei 2025)

Onsekerheid bestaan oor die tipe erkenning van 14 lande (Angola, Argentinië, Bosnië-Herzegowina, Chili, Honduras, Indië, Kuba, Litawe, Marshall-eilande, Mongolië, Namibië, Nicaragua, Panama, Paraguay) aangesien die geldigheid van hulle aanspraak nie tydens die huidige ondersoek geverifieer kon word nie.

Die WFD-lys bevestig nietemin die relatiewe geslaagdheid van die organisasie se verbintenis omtrent die bevordering van die wetlike erkenning van nasionale gebaretaal ingevolge sy sogenaamde "... 2020-2030 Strategiese Rigting" (WFD

2025), veral sedert en na aanleiding van die CRPD as deurslaggewende faktor.

Ook opvallend omtrent die WFD se infografiese voorstelling is dat hulle nie 'n kategorie 'erkenning as amptelike taal' insluit nie. De Meulder et al. (2019a:2-3) wys pertinent uit dat wanneer dit by statuserkenning vir gebaretaale kom, amptelike status – dit is die erkenning van gebaretaal as amptelike taal – eintlik nie aandag geniet nie. Nogtans maak die nogal gesaghebbende WorldAtlas op grond van die einste WFD-lys in sy rubriek, "... Which countries recognize sign language as an official language?", foutiewelik daarop aanspraak dat altesaam 41 lande hulle gebaretaale as amptelike tale erken (WorldAtlas 2023). Soos vroeër aangedui, erken slegs sewe lande hulle nasionale gebaretaale as amptelike tale (Kenia – weliswaar slegs in die parlement, Malta, Nieu-Seeland, Papoea-Nieu-Guinee, Pole, Suid-Afrika, Suid-Korea). Dit laat die vraag ontstaan hoe WorldAtlas die konsep 'amptelike taal' begryp.³

Sekerlik kan regserkenning wel ampteliketaalerkenning as een sodanige realisering insluit, alhoewel die WFD soos reeds genoem nie dit nodig ag om so 'n kategorie aan te dui nie. Meestal hou regserkenning verband met die erkenning van 'n nasionale gebaretaal naas ander tale wat deur die betrokke wetgewer as deel van 'n land se taalopgaaf in een of ander wetlike formaat erken word. Die aanvaarding op 13 Oktober 2020 van die Wet erkenning Nederlandse Gebarentaal (EKSG 2020) dien as tipiese voorbeeld van die wetlike oftewel amptelike erkenning van 'n gebaretaal, in die geval van Nederlandse Gebarentaal (NGT) naas nog 'n nasionale minderheidstaal, Fries, wat ook amptelike erkenning in die vorm van 'n taalwet geniet. Fries geniet interessant genoeg in Friesland wel ampteliketaalerkenning naas Nederlands (Rijksoverheid 2022). Nietemin, in beide gevalle kom amptelike erkenning as nasionale minderheidstale nie wat die groter Nederland betref neer op ampteliketaalerkenning nie.

3 Die outeur het die organisasie tydens die betrokke ondersoek met hulle ongesubstansieerde aanspraak gekonfronteer, maar geen reaksie ontlok nie.

Uit die oorsig tot hiertoe blyk dat daar 'n noue verband bestaan tussen TBP vir nasionale gebaretale en regserkenning as besondere aspek daarvan. Trouens, De Meulder et al. (2019a:3) praat eintlik van "... gebaretaalerkenning as taalbeleid en -beplanning". Hulle vind dat vier tipes taalbeplanning aan regserkenning verbind kan word, te wete status-, korpus-, verwerwings- en houdingsbeplanning, dit waarskynlik in navolging van die grondliggende werk van Reagan (2010). 'n Oorsig van TBP vir gebaretale behoort sekerlik met die noue verbintenis aan regserkenning en die verweefdheid van die verskillende taalbeplanningstipes rekening te hou.

Instansies soos WorldAtlas neem nie kennis van die kompleksiteit van die begrip 'regserkenning' nie, vandaar hulle foutiewe gevolgtrekking dat 41 lande op die WFD-lys hulle nasionale tale as 'amptelike tale' erken (WorldAtlas 2023).

Die ongesubstansieerde en derhalwe misleidende konstatering spruit natuurlik ook voort uit 'n semantiese dilemma, naamlik die onderskeid tussen die begrippe 'amptelike erkenning' en 'ampteliketaalerkenning', 'n kwessie wat vervolgens onder die loep geneem word.

3.5 Amptelike erkenning teenoor erkenning as amptelike taal

Vir De Sousa (2022:185) vloei amptelikheid voort uit verampteliking, die wetlike proses wat amptelike status aan 'n taal toeken. Volgens hom is die minimumvereiste vir regserkenning dat 'n staat sy gebaretaal in regsterme as 'n volwaardige taal sal erken sodat dit as geldige kommunikasiemiddel in interaksie tussen die taalgebruiker en owerhede aangewend kan word. Regserkenning kan ook aan die konsep 'linguistiese amptelikheid' gekoppel word, 'n wetlike toestand wat te make het met die nodige voorwaardes vir die taal om (uiteindelik) as amptelik geag te kan word. Hy gee egter toe dat ons hier met relatiewe begrippe te make het wat nie in alle lande dieselfde toegepas word nie.

Gebaseer op De Sousa se regspektief sou WorldAtlas se erkenning van 41 'amptelike' tale as geldig aanvaar kon word, mits die wetgewing ter sprake (wat WorldAtlas

terloops nie vermeld nie) natuurlik die betrokke land se gebaretaal as volwaardige taal naas sy amptelike tale erken. 'n Verifiëringsproses hieromtrent het nieteenstaande uitgewys dat dit nie die geval is nie en dat heelwat lande eintlik (net) hul gebaretaal amptelik (d.w.s. wetlik) as taal van hulle dowe bevolking erken. WorldAtlas vertolk amptelike erkenning as sinoniem aan erkenning as amptelike taal.

Uganda en Zimbabwe verteenwoordig tipiese voorbeelde van die verwarring wat rondom die terminologie omtrent verampteliking kan ontstaan. Uganda se grondwet erken twee amptelike tale, te wete Engels en Swahili, en bepaal omtrent hulle nasionale gebaretaal slegs dat die staat verantwoordelik is om die ontwikkeling daarvan te bevorder (Constitute 2017a). Zimbabwe se grondwet verleen 'amptelike erkenning' aan 'n hele boel tale met inbegrip van Zimbabwiese Gebaretaal, maar baie duidelik nie erkenning aan die tale as 'amptelike tale nie'; slegs Engels geniet so 'n status (Constitute 2017b). WorldAtlas se lys van lande wat hulle nasionale gebaretaal as amptelike tale erken, is gevolglik onbetroubaar en beslis nie gesaghebbend nie.

By De Meulder et al. (2019a:2-3) bestaan daar geen twyfel oor wat met verampteliking bedoel word nie. Hulle wys pertinent daarop dat die regserkenning van gebaretaal nie dieselfde implikasies inhou as sodanige erkenning van gesproke tale nie, gewoon omdat die erkenning nie lei tot ampstaalstatus vir 'n nasionale gebaretaal nie. Vir hulle hou die erkenning van 'n taal as amptelike taal "... praktiese implikasies" in omdat dit die taal is wat in amptelike taaldomeine gebruik word; regserkenning gaan meer oor simboliese belang.

In TBP-terme word taalverampteliking gesien as 'n proses wat gewoonlik afgesluit word met 'n regsamptelikeheidsverklaring met betrekking tot die gebruik van die aangewese taal in waarna Turi (1995) as amptelike taaldomeine verwys, dit wil sê wetgewend (geassosieer met die taalgebruik van wetgewers), geregtelik (geassosieer met die taalgebruik van die regbank), opvoedkundig (geassosieer met die taalgebruik in die onderwys) en administratief (geassosieer met die taalgebruik in die openbare administrasie). Dit is 'n proses wat die amptelike taal prioritiseer, met die implikasie dat ander tale gevolglik

minder aandag en ondersteuning sal geniet (Kaplan & Baldauf 2003:204).

Dit is nogtans belangrik om te verstaan dat die term ‘amptelike taal’ nie heeltemal onproblematis is nie, aangesien dit onder verskillende omstandighede verskillende dinge kan beteken. Om hiervoor voorsiening te maak, tref Cooper (1989:100-104) ’n onderskeid tussen drie soorte amptelike tale, soos opgesom in Tabel 7.

Tabel 7: Amptelike taaltipes (Cooper 1989)

STATUTÊRE AMPTELIKE TAAL Verklaar deur wetgewing (<i>de jure</i> amptelik)	
WERKENDE AMPTELIKE TAAL Taal/Tale wat in die daaglikse besigheid gebruik word (<i>de facto</i> amptelik)	SIMBOLIESE AMPTELIKE TAAL Taal/Tale wat vir simboliese doeleindes gebruik word

Die opsomming dui daarop dat ’n taal wat in ’n grondwet (of ’n taalwet) statutêr tot amptelike taal verklaar is, maar grootliks vir simboliese doeleindes in amptelike taaldomeine gebruik word (byvoorbeeld soms in ’n parlementêre toespraak, by amptelike regeringsfunksies, op tekenborde, ens.), nie as ’n werkende amptelike taal beskou kan word nie. Regerings wat binne meertalige state funksioneer, kies meer dikwels om slegs een of ten minste so min amptelike tale as moontlik te gebruik, eerder as om soveel as moontlik te gebruik. Dit verklaar die deurlopende taalstryde in sommige meertalige lande (Nelde 2017) waar meer as een taal amptelik is.

Die kwessie van meer as een amptelike taal binne ’n staat laat die vraag ontstaan wat die ideale aantal werkbare amptelike tale kan wees. Die vraag het vroeg in die dissipline taalbeplanning ontstaan en is deur Kloss (1966:135), een van die insieerders van die studieveld, onder die loep geneem. Volgens Kloss kan drie tale maksimaal op gelyke voet as amptelike tale aangewend word. Idealergewys is minder beter as meer.

Dit laat vrae oor die kwessie van regverdigheid in ’n meertalige samelewing ontstaan – is dit regverdig om die

aantal amptelike tale te beperk? Pool (1991:496) wys daarop dat die meeste keuses oor amptelike tale 'n "... onvermydelike kompromie" tussen doeltreffendheid en regverdigheid behels – 'n beleid wat minder tale veramptelik, is doeltreffer maar onregverdiger, terwyl 'n beleid wat meer tale veramptelik, regverdiger, maar waarskynlik ondoeltreffer is. 'n Mens word hier herinner aan die taalbeleidtipologie van Kloss wat Schiffman (1996:29) se tipologie aanvaar het en wat egalitêre versus beperkende beleide onderskei as 'n tweede belangrike taalbeleidstipe (die ander is bevorderings- versus verdraagsaamheidsbeleid en taalbeleide met jurisdiksionele beperkings). 'n Taalbeleid wat meer tale amptelik maak, kan ingevolge die tipologie as egalitêr van aard beskou word, terwyl een wat minder tale amptelik maak, as beperkend van aard beskou kan word, hoewel relatief doeltreffer en meer funksioneel. Waarskynlik kan besluitnemers dit moeilik vind om 'n kompromie tussen doeltreffendheid en regverdigheid te bereik wanneer hulle oor die ampteliketaalstatus van verskeie tale moet besluit.

Cooper se tipologie dui daarop dat kompromieë soms bereik kan word deur die wyse waarop verskillende amptelike tale in die praktyk behandel word, ongeag taaldemografie, soos in die geval van die bestuur van die taalbedeling van die Europese Parlement (Gazzola 2006:396 e.v.). By die bepaling oor watter amptelike tale om vir amptelike doeleindes aan te wend, kan besluitnemers 'n domeinbenadering volg. Met inagneming van Turi se vier amptelike taaldomeine, kan 'n mens 'n gedifferensieerde taalbeleid kry wat nie noodwendig vir elke domein dieselfde is nie. Byvoorbeeld, 'n mens kan relatief meer amptelike tale in die opvoedkundige domein aantref as teenoor die hoeveelheid wat in die administratiewe domein aangewend word. Dit veronderstel 'n benadering wat ooreenstem met Spolsky (2009) se domeinteorie oor taalbeplanning. Die intieme verhouding tussen elke taaldomein en die unieke taalregister wat daarmee gepaard gaan (Schiffman 1996) help 'n mens om te verstaan waarom 'n gedifferensieerde taalbeleid selfs wenslik mag wees.

Sommige tale kan ook meer funksioneel wees om in sekere taaldomeine te gebruik as gevolg van hul funksionele lading in die gepaardgaande taalregisters, maar ook as gevolg van die taalrepertoires van sprekers. Daarom voer Modiano (2017:313, 315) aan Engels het die tweede taal van kontinentale Europa geword; wat gevolglik sy status in die onderwysdomein as voorkeurtaal verhoog. 'n Mens merk die toenemende funksionele lading van Engels in die taalrepertoires van Europeërs, veral in die register wat met die onderwysdomein geassosieer word. Die proses ontwikkel binne die konteks van 'n amptelike taalbedeling waar Engels (wat ná Brexit agtergebly het) een van 24 amptelike tale van die Europese Unie is,⁴ 'n situasie wat weer eens die beperkings van taalamptelikheid illustreer. In sekere gevalle kan een of ander vorm van regserkenning van tale ook taalregte aan die sprekers en gebruikers van minderheidstale verleen, soos De Meulder (2015) aandui.

Taalverampteliking bly 'n komplekse aangeleentheid, beslis wanneer dit oor gesproke tale gaan en waarskynlik des te meer in die geval van gebaretale. Krausneker (2008: 28) wys juis pertinent daarop dat die blote regserkenning van gebaretale beslis nie alle probleme opeens oplos nie, maar dat dit (waarskynlik vanweë simboliek) wel ruimte skep vir die betrokke gemeenskap om op ander kwessies te kan konsentreer. Vandaar dat sy uiteindelik tog aanbeveel dat alle lande as 'n minimumreëling, na die regserkenning van hul nasionale gebaretale in hul nasionale wette en/of grondwet streef. Dit moet waar moontlik erkenning as minderheidstale insluit. Volgens haar behoort die oogmerk en effek van die wette konkrete taalregte vir Dowes in alle lewensdomeine te wees. Vir haar val die klem omtrent regserkenning op laasgenoemde en nie soseer op die funksionaliteit van 'n taalbedeling waar die nasionale gebaretaal ook as amptelike taal aangewend word nie.

Die onderhawige kwessies omtrent taalverampteliking en die verampteliking van 'n nasionale gebaretaal is net so relevant vir Suid-Afrika as wat dit vir ander lande is. In Suid-

4 Engels bly selfs na Brexit een van die amptelike tale van die Europese Unie (EU 2023).

Hoofstuk 3

Afrika se geval waarskynlik selfs meer relevant, gegewe die land se onmoontlike post-1994 opset van 11 amptelike tale waarby SAGT aanvanklik nie eens ingereken was nie. Vandaar dat dit noodsaaklik is om die Suid-Afrikaanse konteks van TBP vir SAGT te ondersoek alvorens na die hele geskiedenis van TBP en regserkenning vir die taal gekyk word.

Hoofstuk 4

Suid-Afrika se pre-1994 taalbeleidskonteks

4.1 Inleiding

Die bykans meteoritiese opgang van SAGT sedert Suid-Afrika se politieke oorgangsjare teen die einde van die tagtigerjare van die vorige eeu van 'n haas onbekende minderheidstaal (vir sommige 'n blote 'tegniek') tot een van 'n klein groepie nasionale gebaretaale ter wêreld wat van die eerstes was om in hulle lande wetlike erkenning te verkry, noodsaak kontekstualisering.

Sodanige erkenning het saamgeval met die totstandkoming van 'n breë demokratiese bestel in Suid-Afrika gedurende die vroeë negentigerjare van die vorige eeu en is tegelykertyd die uitvloeiende van die daarmee gepaardgaande indringende nasionale taalgesprek wat in die naloop van die Soweto 1976-opstand op dreef gekom het.

4.2 Die Soweto-opstand as waterskeiding

Die Soweto-opstand van 16 Junie 1976 word gekoppel aan 'n reeks betogings vanaf 1975 deur hoërskoolleerders van Soweto, een van Suid-Afrika se grootste swart stede uit die apartheidsbedeling,¹ wat op die betrokke dag in 'n opstand deur nagenoeg 20 000 swart leerders gekulmineer het en met brute geweld deur die Suid-Afrikaanse polisie onderdruk is. Die protesaksie was gerig teen die destydse regering se instelling van Afrikaans op gelyke basis met Engels as onderrigtaal in bepaalde dissiplines van sekondêre onderwys in swart skole

1 Die pleknaam *Soweto* is 'n akroniem wat staan vir South-Western Townships, 'n kompleks van 26 sogenaamde townships (Raper, Möller & Du Plessis 2014:474).

en het uiteindelik oor 'n tydperk van agt maande geduur. Die Cillié-kommissie (só vernoem na die voorsittende regter, Petrus Malan Cillié) is later gedurende 1976 aangestel om spesifiek die gebeurde te ondersoek (Kulik 2023). Cillié se verslag is op skrikkeltdag van 1980 in die destydse Volksraad ter tafel gelê (Mischke 1980), soos Tucker (2009) tereg opgemerk het "... drie jaar, agt maande en 12 dae na die inferno wat op 16 Junie begin en maande later [op 28 Februarie 1977] geëindig het". Volgens die gemelde verslag het die dodetal rondom die protesaksie uiteindelik opgelopen tot 575 persone terwyl altesaam 3 907 persone beseer is. Ter herdenking van die gebeure is 16 Junie tot openbare vakansiedag van post-1994 Suid-Afrika verklaar, bekend as Jeugdag (voorheen Soweto-dag) (RKIS 2008).

Deurbraak, die destydse Progressiewe Federale Party (PFP) van Suid-Afrika se nuusbrief, haal die kernbevinding van die Cillié-kommissie se 1 000 bladsye verslag aan wat die "... oproer van 16 Junie" toeskryf aan die sameloop van die volgende omstandighede:

Die toepassing van die voertaalbeleid, wat misverstand en ontevredenheid onder die mense van Soweto verwek het, die skoliere se beplande en georganiseerde verset teen die voertaalbeleid, die ondoelmatige, amptelike hantering van die verset, en die onvermoë van departementele amptenare en die polisie om die dreigende oproer te voorsien en teenmaatreëls te tref (PFP 1980).

Met voertaalbeleid word hier na die opdrag van die destydse Departement van Bantoe-onderwys in 1974 verwys dat Afrikaans vanaf 1975 as onderrigmedium vir die onderrig van wiskunde en sosiale wetenskappe in swart sekondêre skole aangewend sal word, dit ingevolge die destydse beleid van dubbelmedium (Afrikaans plus Engels) onderwys in dié skole. Dit is 'n besluit wat groot ontevredenheid ontlok het en klagtes daarvoor is sedertdien by die betrokke onderwysowerhede aanhangig gemaak. Toe die betrokke onderwysowerheid desnieteenstaande die implementering van die besluit in 1976 deurgevoer het, het die groeiende ontevredenheid omgesit in die beplande protesaksie van 16 Junie (Kulik 2023). Ofskoon die

voertaalkwessie net een van 'n aantal kwessies omtrent Bantoe-
onderwys was waaroor ontevredenheid bestaan het (mense was
byvoorbeeld ook ontevrede oor verpligte moedertaalonderrig),
was dit uiteindelik eerder die onvermoë van die betrokke
owerheid om op gepaste wyse met die openlike ontevredenheid
te handel wat 'n teelaarde vir aanhitsing help skep het, 'n
situasie wat vanselfsprekend uitgebuit kon word deur diegene
wat verset wou aanwakker, redeneer Van Rensburg (2006). Die
verband verklaar die opwelling van politieke onstuimigheid na
Soweto 1976 waarna eerder verwys is.

Twee direkte gevolge – volgens Plüddemann et al.
(2004:13) “... twee slagoffers” – van Soweto 1976 was 'n
regeringswysiging aan die dubbelmediumstelsel gedurende
1977 en 'n wetswysiging oor die beleid van moedertaalonderrig
gedurende 1979. Ingevolge die wysigings is ouers sedert 1977
toegelaat om vanaf Standaard 5 (Graad 7) slegs een taalmedium
vir onderrigdoeleindes te kies (die meeste natuurlik Engels)
terwyl die *Wet op Onderwys en Opleiding, 1979* (RSA 1979)
moedertaalonderrig tot vier jaar in die primêre fase beperk het,
waarna leerders 'n alternatiewe onderrigmedium (Afrikaans
of Engels) vir die verdere fases kon kies (Hartshorne 1995), 'n
bedenklike stelsel van “... ontnemende tweetaligheid” (García
1997:410 e.v.), wat vreemd genoeg tans nog in die meeste
swart skole die geval is. Die stelsel ontnem die waarde van
die moedertaal by leerders se kognitiewe ontwikkeling en dra
grootliks by tot die sosiale ongelykheid in Suid-Afrika wat
meestal langs rassekontoere loop.

Die genoemde wysigings verteenwoordig 'n nogal
ingrypende koerswysiging deur die destydse regime wat
taalbeleid betref en suggereer dat 'n keerpunt bereik is wat
die taalkwessie in swart onderwys betref; trouens, volgens
Alexander (1989:23) nie net wat die onderwys betref nie,
maar ook betreffende taalbeleid in die breë. Vir hom het die
Soweto-opstand intendeel 'n streep getrek deur die “...
knoetsagtige” taalmedium beleide van die destydse regime en
'n hele nuwe nasionale vraagstuk oor (onvanpaste) werklike
en (gepaste) moontlike TBP aan die orde gestel, hetsy deur
staatsinstellings van die sogenaamde 'establishment' geïnisieer

of deur sogenaamde ‘kragte’ in die burgerlike samelewing aangedryf – verwysende na die sogenaamde Breë Demokratiese Beweging (BDB). Die post-1994 taalbestel kan inderwaarheid as die uitkoms van die ‘nuwe’ taalgesprek beskou word, een wat uiteindelik op ’n kompromis tussen die twee standpunte uitgeloop het.

Die konteks vir taalbeplanning vir SAGT kan grotendeels na die pre-1994 en post-Soweto ’76-taalgesprek teruggevoer word.

4.3 Post-Soweto 1976 taalverwikkelinge

Een van die verstommende aspekte van die voortvloeiende post-Soweto 1976 taalgesprek wat ’n mens deurentyd in gedagte moet hou, is dat dit gevoer is teen die agtergrond van een van die onstuimigste periodes in Suid-Afrika se geskiedenis, ’n tydperk gekenmerk deur onder meer

- die momentum wat die Swartbewussynsbeweging onder Steve Biko opgebou het;
- die opkoms van die United Democratic Front (UDF), ’n breë koalisie van anti-apartheidsgroepe wat daarop gemik was om alle gemeenskappe teen die regime te mobiliseer;
- die uitbreek van massaweerstand gekenmerk deur betogings, stakings en boikotte;
- die afkondiging van noodtoestande;
- aandklokkeëls wat ingestel is;
- aktiviste wat (meestal sonder verhoor) aangehou is;
- die instel van die sogenaamde Driekamer Parlement wat swart Suid-Afrikaners uitgesluit het;
- die uiteindelige vrylating van Nelson Mandela; en
- F.W. de Klerk wat P.W. Botha as staatspresident vervang het (SAHO 2022a; 2022b).

Spesifiek die laaste klompie verwikkelinge het ’n periode van dialoog ingelui met onder meer die ontbaning van die ANC en ander anti-apartheidsorganisasies. Daarmee is die weg gebaan vir onderhandelinge om apartheid te beëindig, wat in 1994 op die totstandkoming van ’n breër demokratiese Suid-Afrika uitgeloop het.

Die taalgesprek wat teen die voorafgaande agtergrond op dreef gekom het, was in meer as een opsig vernuwend. Nie net was die gesprek uniek omdat dit in beide hoofstroomkringe sowel as in die dampkring van die sogenaamde BDB gevoer is nie; dit het ook betekenisvol die weg tot 'n meertalige bestel help voorberei. Dit ten spyte van die twee breë groeperinge se opponerende benaderings: die propagandering van 'n voorskriftelike drietalige bestel binne die hoofstroom teenoor die meer buigsame benadering van ongespesifiseerde twee- of drietaligheid binne die BDB. Opvallend omtrent die twee benaderings is die feit dat beide tekenend is van verskuiwende denke omtrent taal: weg van streng amptelike tweetaligheid in Afrikaans en Engels binne die hoofstroom, maar ook weg van 'n (ten minste) overte verknogtheid aan 'n eentalige (Engelse) bedeling binne die BDB, waarvan die ANC die grootste voorstander was (Crawhall 1993).

4.3.1 Die hoofstroomreaksie op Soweto 1976: van amptelike tweetaligheid tot amptelike drietaligheid

Twee invloedryke verslae van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) wat post-Soweto '76 verskyn het, het 'n groot rol gespeel om 'n gesprek oor die noodsaak aan 'n veranderde taalbestel binne die hoofstroom op dreef te kry: een oor 'n ondersoek na taal en taalonderrig en die ander oor 'n ondersoek na tussengroepverhoudinge.

Eersgenoemde, die sogenaamde De Lange-verslag (RGN 1981), is voorberei binne die kader van die breë "Onderzoek na die Onderwys" wat die destydse regering in Junie 1980 van die RGN versoek het. 'n Grondige ondersoek na alle aspekte van die onderwys, insluitende die taalkwessie, is in die vooruitsig gestel, met onder meer die oogmerk om 'n stelsel te vestig wat gelyke onderwysgehalte vir "... alle bevolkingsgroepe" moes bewerkstellig het (NRF 1981:vii).

Uit die De Lange-verslag blyk in die eerste plek dat die moedertaalbeginsel vir skole van alle Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe gegeld het (buiten vir die sogenaamde Indiërskole waar die huistaal gekies is), asook (uiteindelik) die

beginsel van ouerinstemming by die keuse van onderrigtaal. In die tweede plek was kennis van die twee nasionale amptelike tale (Afrikaans en Engels) ook vir almal verpligtend, hetsy as moedertaal (in die geval van die sogenaamde blanke en bruin skole), as huistaal of sterkste taal (in die sogenaamde Indiërskole), of as vreemdetaal (in die geval van swart skole vanaf 1979). In die derde plek was onderrig in een van die twee nasionale amptelike tale ook verpligtend in staatskole – in swart skole vanaf 1979 (RGN 1981:40–49).

Dit is opvallend dat verskillende vorms van burgerlike tweetaligheid, 'n vorm van *linguistiese burgerskap* (Coulombe 2000), binne die onderwys verwerf is. Die bruin en Indiërskole was oorwegend enkelmediumskole waar tweedetaalverwerwing op 'n toevoegende basis (García 1997) plaasgevind het; 'n stelsel wat grootliks met die een in blanke skole ooreengekom het. Die swart skole, daarenteen, was oorwegend sogenaamde tweetalige skole waar die tweede amptelike taal strenggesproke as derde taal verwerf en waar die moedertaal as onderrigtaal ontnem is. Gewoon vanuit die oogpunt van linguistiese burgerskap beskou, is dit duidelik dat die uiteenlopende vorms van taalplig tot 'n rangorde aanleiding sou kon gee waar mense op grond van amptelike tweetaligheid as uitgesluit en as minderwaardige burgers geklassifiseer sou kon word, wat inderdaad in die praktyk die geval was.

Dit val op dat die De Lange-verslag uiteindelik nie ingaan op die diskrepansie met betrekking tot tweetaligheidsverwerwing nie en ook nie die burgerskapskwessie onder die loep neem nie. Wel het die verslag aanbeveel dat 'n meer buigsame benadering tot die moedertaal-as-voertaal-vraagstuk gevolg word, en dat vir die swart onderwys beslis verskillende modelle oorweeg word (wat insluit die gebruik van die moedertaal of huistaal deurlopend as voertaal, óf Engels of selfs Afrikaans vanuit die staanspoor as voertaal). Ook het die verslag aanbeveel dat wat ook al die omstandighede die moedertaal sovêr as moontlik nie as vak ontnem sal word nie. Aanbevelings is interessant genoeg ook gemaak met betrekking tot die inburgering van vreemdelinge wat nie een van die amptelike tale magtig is

nie en dat hulle 'n voorbereidingsprogram in die gekose onderrigmedium moes deurloop (RGN 1981:49–52).

Tog het die De Lange-verslag die rol van taal in die onderwys by die mislukking van amptelike burgerlike tweetaligheid onder die breë Suid-Afrikaanse bevolking baie pertinent onder die soeklig geplaas. Nietemin is die betrokke voorstelle uiteindelik nie geïmplementeer nie (Luckett 1992:16), onder meer ook nie die aanbeveling oor 'n enkele ministerie verantwoordelik vir die bepaling van 'n makrobeleid vir die voorsiening van onderwys in die Republiek op sentrale regeringsvlak nie (Behr 1988:352). Hartshorne (1995) betreur die onbenutte geleentheid om progressief te reageer op die gees van die tyd en terug te keer na die beginsels van plooibaarheid wat wel in 1953 (toe sogenaamde Bantoe-onderwys opgerig is) as regeringsbeleid aanvaar is. Hierna het die situasie wat swart onderwys betref sienderoë agteruitgegaan, ook op taalgebied, 'n toestand wat volgens Heugh (2002:18) grootliks toegeskryf kan word aan die vestiging van 'n stelsel van ontnemende tweetaligheid in swart skole waar te vroeg en daarom voortydig na Engels as voertaal oorgeskakel word.

Wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat met Republiekwording in 1961 ingevolge die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961* (UvSA 1961) die land se burgerskapprojek 'n nuwe rigting ingeslaan het. Artikel 108 van die betrokke Grondwet verklaar onomwonde Engels en Afrikaans as die nasionale amptelike tale en sit die konvensie van amptelike taalgelykheid voort. Gedurende die eerste kwartaal van 1963 word die artikel gewysig om ook ampteliketaalstatus aan Suid-Afrika se Bantoe-tale of Sintutale (in die territoriaal afgebakende etniese gebiede) te verleen. Die *Wysigingswet op die Grondwet, 1963* (RSA 1963) behou artikel 108 se eerste twee bepalings oor taalgelykheid, maar voeg 'n derde artikel daaraan toe. Die volledige nuwe artikel met verdere verfyning word gekonsolideerd gepubliseer in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983* (die sogenaamde 'driekamergrondwet') en wat as 'n verdere waterskeidingsgrondwet beskou kan word aangesien dit finaal 'n andersoortige grondwetlike bedeling vir swart Suid-Afrikaners konstateer:

89. (1) Engels en Afrikaans is die amptelike tale van die Republiek, en word op 'n basis van gelykheid behandel en besit en geniet gelyke vryhede, regte en voorregte.

(2) Alle stukke, joernale en verrigtinge van die Parlement word in albei die amptelike tale gehou en alle wetsontwerpe, wette en kennisgewings van algemene openbare belang of belangrikheid wat deur die Regering van die Republiek uitgereik word, moet in albei die amptelike tale wees.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan 'n Wet van die Parlement of 'n proklamasie van die Staatspresident, uitgevaardig word kragtens 'n Wet van die Parlement, waardeur 'n Swart gebied tot 'n selfregerende gebied in die Republiek verklaar word, of 'n latere Wet van die Parlement of 'n latere proklamasie van die Staatspresident (wat by ontstentenis van enige ander magtigende bepaling kragtens hierdie subartikel uitgevaardig kan word) —

(a) voorsiening maak vir die erkenning van een of meer Swart tale vir enige of al die volgende doeleindes, naamlik—

(i) as 'n bykomende amptelike taal of as bykomende amptelike tale van daardie gebied; of

(ii) vir gebruik in daardie gebied vir amptelike doeleindes voorgeskryf deur of kragtens daardie Wet of latere Wet of by so 'n proklamasie; en

(b) bepalings bevat wat die gebruik van so 'n Swart taal buite genoemde gebied magtig vir sodanige doeleindes wat in verband staan met die sake van daardie gebied en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat by of kragtens daardie Wet of latere Wet of so 'n proklamasie voorgeskryf word (RSA 1983).

Veral van belang is die heel laaste subbepaling oor die gebruik van die aangewese Sintutale buite die geproklameerde swart areas. Dit maak byvoorbeeld voorsiening vir die beperkte gebruik van Xhosa vir amptelike taaldoeleindes buite die

Transkei. Die taalbepaling (wat al sedert 1963 van krag is) moet saamgelees word met Klaaren (2000:224) se tipering van 'apartheid burgerskap', ten einde die konteks beter te begryp.

Ingevolge die *Wet op Burgerskap van Bantoetuislande, 1970* (RSA 1970) is 'n vorm van dubbele burgerskap aan swart Suid-Afrikaners toegeken, Suid-Afrikaanse nasionaliteit naas tuisland burgerskap. Met die 'onafhanklikheid' van 'n tuisland, het burgers afkomstig uit die gebied hulle Suid-Afrikaanse nasionaliteit verloor. Volgens Klaaren (2000:225) was die onderliggende idee dat sodra die tuislandbeleid tot sy volle konsekwensie deurgevoer is, daar geen swart burgers in Suid-Afrika sou oorbly nie. Die ondoenbaarheid van die betrokke beleid het die P.W. Botha regering genoodsaak om in 1986 die burgerskapkwessie te hersien en ingevolge die *Wet op Herverlening van Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1986* (RSA 1986) Suid-Afrikaanse burgerskap van tuislandburgers te herstel wat voor onafhanklikheidswording reeds permanent in Suid-Afrika gewoon het. Klaaren (2000:226) wys daarop dat die sowat nege miljoen mense wat wel in die onafhanklike tuislande woonagtig was steeds hulle Suid-Afrikaanse burgerskap kwyt was. 'n Verdere wet, die *Wet op die Herverlening en Uitbreiding van Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1993* (RSA 1993a), wat uit die onderhandelingsproses voortgespruit het, het uiteindelik 'n volledige regstelling hieromtrent gemaak en burgerskap vir alle Suid-Afrikaners herstel. Volgens Klaaren (2000:228) is die gelykwaardige tuislandewette eers in 1995 herroep.

Deur die taalkwessie te koppel aan die hele post-1996 burgerskapsdebat kry ons deels 'n verklaring vir die oënskynlike ongeërgdheid van die NP-regering met betrekking tot die relatief progressiewe aanbevelings van die De Lange-verslag. Waarom deurdruk met taalhervorming waardeur 'n groter gedeelte basis tussen sprekers van die Sintutale en Afrikaans- en Engelstaliges (met inbegrip van die twee ander bevolkingsgroepe) geskep word as swart mense wetlik gesproke nie Suid-Afrikaners is nie? Die potensiele rol van taal by die polarisering van die Suid-Afrikaanse bevolking wat onder meer by die RGN-ondersoek na taaljaliteit na vore gekom het (Hauptfleisch 1977:2,50), het ook in verdere RGN-verslae prominensie begin geniet.

Die tweede invloedryke verslag uit die post-1976 tydperk is getiteld *Die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* (Hoofkomitee 1985). Dit is 'n onafhanklike verslag (dus nie in opdrag van die destydse regering nie) wat die vraagstuk na tussengroepverhoudinge vanuit 'n verskeidenheid perspektiewe bekyk het, waarvan 'taligheid' maar een aspek vorm. Die verslag skets die agtergrond tot die problematiek, ondersoek die beleving van verhoudinge sowel as die strukturering van verhoudinge, onderneem 'n evaluering en maak dan belanghebbende aanbevelings met betrekking tot die opbou van konstruktiewe groepverhoudinge.

Wat taligheid betref, gaan die verslag van die standpunt uit dat Suid-Afrika se taalverskeidenheid tegelykertyd "... bydra tot kulturele rykheid en kruisbestuiwing", maar potensieel "... aanleiding gee tot wrywing en selfs konflik tussen groepe" en beklemtoon in dieselfde asem die vereiste "... dat persone in staat moet wees om mekaar te verstaan" (Hoofkomitee 1985:35). Dit val op dat die verslag die rol van taal by verhoudinge neutraal stel, terwyl lande gekenmerk deur taalkonflik soos België, Kanada (waar linguistiese burgerskap 'n sterkgevestigde konsep is) asook Nigerië wel as voorbeelde betrek word. Die verband tussen burgerskap en taal word egter nie by name behandel nie. Nietemin lê die outeurs hulle vinger op die kern van die taaldilemma, naamlik ongelyke taalkennis. Op grond van 1980-gegewens blyk dit dat tweederdes van swart burgers aangedui het hulle is nie een van die twee destydse amptelike tale na behore magtig is nie, terwyl ongeveer dieselfde persentasie uit die ander bevolkingsgroepe aangedui het hulle nie 'n 'swarttaal' [*sic*] magtig is nie (Hoofkomitee 1985:36).

Ten spyte daarvan dat die verslag die mislukking van amptelike tweetaligheid onder die breër gedefinieerde burgery eintlik net nog verder bevestig, word dit nie as sodanig geproblematiseer nie. Die klem val eerder op die implikasies van die geïdentifiseerde taalprobleme en op "... die polemieke wat ontwikkel het rondom die keuse van en die vlak van invoering van 'n medium van onderrig anders as die moedertaal in die geval van swart skole", 'n problematiek "... met moontlikhede vir spanning, weerstand en misverstand" (Hoofkomitee

1985:125). Die verhoging van vaardigheid in die betrokke tale word as 'n belangrike uitdaging geïdentifiseer, maar die onderwys wel as terrein van korreksie.

In die slothoofstuk van die verslag word algemene vertrekpunte gestel wat uiteindelik kan lei tot die kultivering van konstruktiewe verhoudinge. 'n Aantal voorvereistes hieromtrent word ook behandel. Sewe belangrike 'groeipuntareas' word geïdentifiseer, waarvan "... (r)edelik gemeenskaplikheid in taalgebruik" een is, maar ook "... (b)etreklik gesofistikeerde ontwikkelingsstrukture in die openbare en private sektore", waaronder die onderwys en die media, twee middele wat aangewend kan word om kommunikasievaardighede onder alle 'groepe' te bevorder (Hoofkomitee 1985:167).

Die ontwikkeling van kommunikasievaardighede word as prioriteit beklemtoon en in die lig van die uitdagings hieromtrent word voorgestel dat oorweging geskenk word aan **die erkenning van 'n derde amptelike taal op streeksgrondslag** (Hoofkomitee 1985:180-181). Insgelyks stel die verslag in die vooruitsig dat voorsiening in die onderwys gemaak word vir "... blootstelling aan die geskiedenis, kulturele agtergrond asook **minstens een derde taal van 'n ander kultuurgroep** [sic] **op streeksgrondslag**" [eie beklemtoning]. Tot in daardie stadium is 'n Sintutaal wel van Graad 5 tot 7 as kommunikasietaal aangebied in blanke, bruin en Indiërskole, maar nie as volwaardige derde taal nie (PK3eT 1986:6) soos wat wel in die verslag insake Tussengroepverhoudinge gesuggereer word. In dié tyd het juis toenemend stemme opgegaan oor 'n Sintutaal as derde amptelike taal. Uit mediadekking oor die aangeleentheid blyk dit dat blanke ouers selfs bereid was om 'n Sintutaal as verpligte skoolvak te aanvaar (Lubbe, Moll & Du Plessis 2011:43-44).

Dit is insiggewend dat die verslag rakende die Tussengroepverhoudinge by implikasie wel by die burgerskapskwessie uitkom deur as riglyn te stel dat aan die "... universeel menslike" (dit wat Suid-Afrikaners met mekaar gemeen het) aandag gegee sal word binne die "... breë sosialiseringproses" (Hoofkomitee 1985:179). Ons sou die ideaal van gemeenskaplikheid hier kon verbind met Coulombe (2000)

se gedagte oor die rol van taal by die kultivering van burgerlike solidariteit, hoewel die klem in daardie stadium nog binne die Suid-Afrikaanse hoofstroom denke op 'tussengroepverhoudinge' geval het. Die ondersoek rakende die Tussengroepverhoudinge is onderneem binne 'n tydsgewrig waarin 'n meer inklusiewe staatsbestel bedink is, een wat uitgeloop het op die kontensieuse Driekamer- parlementêre stelsel wat swart burgers grondwetlik van die res van (blankgedomineerde) Suid-Afrika sou geïsoleer het.

Die twee geïdentifiseerde prioriteitsareas, te wete die invoer van 'n derde taal op skool en die aanvaarding van 'n derde amptelike taal - beide op streeksbasis - beklemtoon die strategiese verband tussen ampteliketaalbestel en taal-in-die-onderwysbestel. Beide aspekte geniet in die laaste jare van die apartheidsera prominente aandag binne die kontemporêre hoofstroomdenke. Weer eens speel die RGN 'n sleutelrol in die debat.

Wat derde taal op skool betref, borg die RGN 'n nasionale kongres met die tema *The role of language in Black education*, wat van 17 tot 18 Februarie 1986 in Pretoria aangebied is en waaraan 'n verteenwoordigende aantal prominente taalkenners van oor die kleurgrens deelgeneem het. Die taalkwessie in swart onderwys word vanuit verskeie gesigspunte belig, waaronder die skoolomgewing (intern en ekstern), sillabusse, metodologie, onderwyseropleiding en natuurlik die onderrigmediumvraagstuk (IER 1986).

Waar die kongres buiten probleme oor die korrekte tydsberekening met betrekking tot die aanbied van Afrikaans as derde taal nie eintlik aan die derdetaalvraagstuk aandag skenk nie, doen 'n omvattende verdere RGN-verslag, *Afrikatale in blanke primêre skole* (ION 1986), dit wel. Die betrokke projekkomitee moes vasstel of die model waarvolgens 'n 'Afrikataal' destyds in blanke (en grootliks ook bruin en Indiërskole) aangebied is, suksesvol was en of dit as model wyer toepassing vir derdetaalonderrig in swart skole inhou (ION 1986:6). Hulle bevind uiteindelik dat 'n mate van sukses inderdaad behaal word, maar dat hierop verbeter kan word. Derhalwe maak hulle enkele aanbevelings wat groter

sukses met die model kan verseker. Van hulle belangrikste aanbevelings hou in dat oorweging geskenk moet word om 'Afrikatale' [*sic*] verpligte eksamenvakke te maak (na gelang van taalprominensie per streek), om moedertaalonderwysers aan te wend en om geleenthede te skep waar met moedertaalsprekers gekommunikeer kan word (ION 1986:199–201). Uiteindelik bevind die projekkomitee ook dat die voorgestelde verbeterde model wel potensieel wyer toepasbaarheid het, maar dat die kwessie verder ondersoek behoort te word (ION 1986:201–202).

Die RGN se hieropvolgende twee sogenaamde Threshold-verslae wat aan die begin van die oorgangstydperk bekendgestel word, konsentreer ook meer bepaald op die voertaalvraagstuk en spesifiek in die primêre skoolfase (Macdonald 1990; 1993).

Nog 'n navorsingsprojek van die RGN oor spesifiek 'n nuwe taalonderwysbeleid stel in 1991 'n voorlopige verslag bekend waarin 'n nuwe taalonderwysbestel vanuit verskillende gesigspunte (onder meer ekonomies, sosiopolities, kultureel, taalsosiologies en demografies) oorweeg word. Studie 1(d) van die verslag oorweeg die moontlikheid om 'n derde taal op skool opsioneel in te stel (Schuring 1991).

'n Belangrike verwikkeling in die oorgangstydperk vanuit regeringskringe is die vrystelling gedurende November 1991 van 'n voorgestelde kurrikulummodel vir 'n veranderende Suid-Afrika deur die sogenaamde Komitee van Onderwysdepartementshoofde (KODH), 'n dokument wat deur 'n hoofartikel in *Beeld* as die belangrikste in sy soort sedert die De Lange-verslag van tien jaar vroeër bestempel is (Lubbe et al. 2011:60). Die voorstel vloei voort uit 'n ondersoek wat in 1984 van stapel gestuur is na die ontwikkeling van 'n algemene kurrikulum vir pre-tersiêre onderwys in Suid-Afrika (KODH 1991:v) en waarby strukture binne die BDB ook insette gemaak het. Een van die belangwekkende resultate van die proses is die vrystelling van die sogenaamde Nated 02-124(88/06)-verslag, *Educational programmes for pre-tertiary education in South Africa* (DNO 1988), 'n dokument wat onder meer die breë oogmerke vir pre-tersiêre onderwys uitstippel. Nated identifiseer vier breë oogmerke met onderwys in Suid-Afrika, opsommenderwys met

betrekking tot karakter, potensiaal en beroepsbevoegdheid. Die vierde oogmerk het betrekking op burgerskap:

(d) (D)ie opvoeding van leerders tot verantwoordelike en bruikbare burgerskap sodat hulle die wêreld waarin hulle leef, sal verstaan, respekteer en bewaar, bereid en in staat sal wees om diens te lewer aan die gemeenskap, die nasie, die land en die wêreld, en hulle rol in die lewe op 'n bekwame en aanvaarbare wyse sal kan vervul en 'n positiewe bydrae tot die geheel sal lewer (KODH 1991:61-62).

Die kurrikulummodel wat die onderwysdepartementshoofde voorstel, lig spesifiek drie onderliggende beginsels uit, te wete die strewe na gelyke onderwysgeleenthede vir alle "... inwoners" (let wel, nie 'burgers' nie); erkenning van taal- en religieuse diversiteit; en die voorsiening van onderwys op 'n verantwoordelike wyse, maar in reaksie op die behoeftes van individue en die samelewing, asook die eise van ekonomiese ontwikkeling en mannekragbehoefte (KODH 1991:7). Die hoofde, wat alle destydse onderwysdepartemente verteenwoordig, stel inderdaad 'n verpligte derde taal op skoolvlak voor, die eerste keer dat so iets op amptelike vlak gemaak word. Hulle argument is "... (d)ie veeltalige aard van die breë Suid-Afrikaanse samelewing vereis die bekendstelling van alle leerders aan minstens drie tale gedurende hul skoolloopbaan" (KODH 1991:27). Derhalwe behels hulle voorstel dat voorsiening gemaak word vir Engels en Afrikaans plus 'n dominante streekstaal (lees: 'Afrikataal'). Dit is verkieslik dat een van die aangebode tale die moedertaal sal wees maar dit word nie verplig nie. Wel moet die voertaal van die skool as vak aangebied word. Die drietaalverpligting geld spesifiek vir Graad 5 tot 7 en die streekstaal word gediversifiseer per streek aangebied ter erkenning van die demografie van die tale se moedertaalsprekers. Die voorstel maak ook voorsiening dat die derde taal hierna opsioneel aangebied word (KODH 1991:27-29).

Wat 'n derde amptelike taal betref, ontwikkel daar ook binne RGN-kringe 'n voorstel wat uiteindelik deur die NP-onderhandelaars by Kodesa as regeringsposisie bekendgestel is

(Schuring 1993:116). Die voorstel, wat deur Gerhard Schuring van die RGN ontwikkel is en intern al gedurende Augustus 1990 die lig gesien het, kry prominensie in 1991 toe hy dit by die eerste Languages in Contact and Conflict in Africa (LiCCA)-kongres bekendstel wat aan die Universiteit van Pretoria gehou is. Die betrokke teks (Schuring 1991:1991) wat hierna wyd in omloop was, maak voorsiening vir 'n amptelike drietaalbestel met Engels en Afrikaans as die twee oorhoofse amptelike tale plus 'n 'Afrikataal' [sic] as derde amptelike taal op streekvlak. Dit is 'n voorstel wat hy ontwikkel aan die hand van 'n sewetal taalbeleidsbeginsels en wat hy in die bygewerkte, gepubliseerde kongresverhandelinge as 'n 'akkommodasiebeleid' tipeer (Schuring 1985:77). Nieteenstaande die feit dat die drietaalvoorstel uiteindelik nie by Kodesa aanvaar is nie, redeneer Du Plessis en Van Gensen (1999:14) dat elemente van die sogenaamde Schuring-voorstel wel teruggevind kan word in die bewoording van artikel 6 van die 1993-Grondwet (RSA 1993b). Die verskansing van die twee tradisionele amptelike tale deur die nie-verminderingsbepaling en die uitbreiding van die status van die nege addisionele amptelike tale sou in hierdie opsig betrekking kon hê.

Hoewel amptelike tweetaligheid onder die aanvanklike (hoofsaaklike blanke) teikenpubliek geslaagd was, kom dit duidelik uit die kritiese gesprek oor die Suid-Afrikaanse taalvraagstuk sedert 1976 na vore dat vroeë begin ontstaan het oor die relevansie daarvan vir die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Dit blyk dat meningsvormers binne die hoofstroom bewus geraak het van die noodsaak aan kommunikasie oor kleurgrense heen en van die belang wat 'n nuwe amptelike taalbestel hierin kon speel. Hieruit het die gewysigde konsep van amptelike drietaligheid ontwikkel, wel nie noodwendig op die vlak van tradisionele amptelike tweetaligheid (waar die amptelike tale gelyke erkenning geniet het) nie.

Opvallend omtrent die voorgestelde drietaligheid is wat ons as die twee-plus-een-model kan tipeer, dit is amptelike drietaligheid wat die behoud van Engels en Afrikaans veronderstel, maar wat 'n Sintutaal (na gelang van streeksdominansie) as derde element toevoeg. Essensieel het

die taalmodel 'n hervorming van amptelike tweetaligheid behels. 'n Mens sou tot die gevolgtrekking kon kom dat die model 'n uitbreiding van die linguistiese burgerskapsmodel van die post-1961-bedeling verteenwoordig. Ook opvallend omtrent die taalgesek binne die hoofstroom is die grootlikse afwesigheid van 'n beheptheid met Engels as brugtaal oor die kleurgrense heen. Kenmerkend van die hoofstroomdenke was ook die sentrale rol wat aan die onderwys toegeken word as 'n strategiese area waarin die gewenste regstellings gemaak kan word.

Klop die hoofstroomneigings omtrent taalbeleid met verwickelinge binne die BDB-dampkring? Hierdie vraag kom in die volgende afdeling aan die bot.

4.3.2 Die progressiewe reaksie: amptelike eentaligheid, tweetaligheid, drietaligheid

Die gesprek oor die "... nasionale vraagstuk" binne die dampkring van die BDB of progressiewe kringe het sedert die middel van die tagtigerjare van die vorige eeu meer opsigtelik na die voorgrond begin tree, uiteraard ook in reaksie op die Soweto-opstand. Volgens Alexander (1989:25, 38) word die hele gesprek gekenmerk deur die deelname "... vir die eerste keer" (in die openbaar) van die voorheen benadeelde sektore in hoofsaaklik swart onderwys en wat die taalvraagstuk as't ware 'in eie hande geneem' en begin het om oplossings te bedink ooreenkomstig hulle eie behoeftes. King en Van den Berg (1992:1) gaan sover as om te beweer dat die weerstand tydens die tydperk teen bestaande onderwystaalbeleid eintlik 'n uitblikkerrol in die bevrydingsstryd gespeel het. Waar die "... progressiewe" taalgesek van daardie periode aanvanklik weggespring het met die oorweging van opsies vir 'n nuwe onderwystaalbeleid, het die verdere bydraes onvermydelik wyer uitgekring na oorhoofse taalbeleid vir 'n nuwe, demokratiese bestel as sodanig (Du Plessis & Van Gensen 1999:2-4).

Omdat die BDB-gesprek destyds minder prominensie in die hoofstroommedia geniet het, is die ondersoeker grootliks afhanklik van inligting wat verspreid in sekondêre bronne uit

daardie tydperk voorkom. Die oorsig hieronder is grootliks 'n rekonstruksie op grond van sodanige bronne.

Heugh (1986:208-218) behandel die ontwikkeling van taalbeleid gedurende die vroeë tagtigerjare van daardie tydperk binne die kringe wat gekant was teen die destydse regeringstrukture, waarvan heelparty toe nog verban was. Sy onderskei tussen twee hoofbewegings, die sogenaamde 'Charteriste'-beweging en die Swart Bewussynsbeweging. Eersgenoemde, waaronder die ANC, was onderskrywers van die sogenaamde *Freedom Charter* (CotP 1955) of Vryheidsmanifes. Laasgenoemde groepering het organisasies soos die destydse National Forum asook die Azanian People's Organisation oftewel AZAPO ingesluit. Organisasies uit eersgenoemde groepering is uiteindelik binnelands saamgesnoer binne die UDF, waarmee groepe uit die laasgenoemde beweging van tyd tot tyd op 'n losse solidariteitsbasis saamgewerk het (Heugh 1986:209).

Uit haar oorsig van alternatiewe taalbeleidsontwikkeling tussen 1976 en 1986 binne die eerste groepering wys Heugh (1986:213) daarop dat die ANC as hoofvertegenwoordiger binne die eerste groepering toe nog nie met 'n definitiewe taalbeleidsvoorstel vorendag kon kom nie. Tien jaar na Soweto 1976 was denke binne die eerste groepering hieromtrent werklik heeltemal tentatief van aard. Nietemin suggereer Heugh dat die gedagte aan Engels as *lingua franca* en eenheidstaal onder die invloed van ander Afrikalande waar die praktyk reeds gevestig was, wel reeds wortel geskiet het.

Dieselfde huiwering oor taalbeleid kom nie by die tweede groepering voor nie. Hier neem die Nasionale Taalprojek (NTP), in 1983 deur Neville Alexander (destyds een van die prominente figure binne die Swart Bewussynsbeweging) opgerig as die National English Language Project (NELP), die leiding. Aanvanklik was dit sy bedoeling om Engels as brugtaal ('linking language') te bevorder maar Alexander het mettertyd 'n meer genuanseerde standpunt hieroor ontwikkel. Die NTP, wat sedert 1985 as outonome instansie begin funksioneer het (Heugh 1986:215-216), het hierin 'n sentrale rol gespeel en uiteindelik na vore getree as een van die prominentste rolspelers betrokke by die ontwikkeling van beide 'n nasionale en onderwystaalbeleid

vir 'n post-apartheid Suid-Afrika. Met Alexander as voorloper, ontwikkel die NTP 'n alternatiewe drietaligheidsmodel, wat in September 1986 by die English Academy of Southern Africa se silwerjubilee-kongres aan 'n breër gehoor bekendgestel word (Alexander 1989:26,51). Die NTP-voorstel bevat twee elemente, enersyds dat Engels ter wille van nasionale eenheid as brugtaal gevestig word, maar andersyds dat die ander Suid-Afrikaanse tale as streekstale bevorder en ook op administratiewe vlak gebruik word. Vir die destydse Kaapprovinsie sou drietaligheid behels het dat Engels, Afrikaans en Xhosa daar as amptelike tale gebruik word. Wat onderwys betref, hou die voorstel in dat alle Suid-Afrikaners ook geletterdheid in Engels moes verwerf. Onderrig begin in die moedertaal, waarna mettertyd na Engels oorgeskakel word, terwyl laasgenoemde taal reeds vanaf die eerste skooljaar as vak aangebied word. Geletterdheid moes ook in die aangewese streekstaal (wat nie die moedertaal van die skolier was nie) verwerf word (Heugh 1986:217).

Die een taalsentiment wat die twee opponerende groepe binne die BDB-dampkring gemeen gehad het, is hulle verbintenis tot die sentrale rol van Engels. Waar die fokus in reaksie op Soweto 1976 aanvanklik oorweldigend op Engels as die taal van bevryding geval het, wys Heugh (1986:216) op 'n belangrike verskuiwing in denke wat egter tien jaar later by die BDB na vore begin tree het. Die taalbeleidsopsies wat binne die Swart Bewussynsbeweging oorweeg en waarin die rol van die ander tale ook toenemend in oorweging gebring is, speel hierin 'n kernrol. King en Van den Berg (1992:25) se opsomming teen die einde van die tagtigerjare van die vorige eeu van denke oor taal binne die BDB dui op die sentrale maar (uiteindelik) nie (meer) allesoorheersende rol van Engels nie. Hulle lig drie belangrike tendense in taalbeleidsontwikkeling uit:

- Die rol van Engels as *lingua franca* en as primêre onderwystaal is onbetwis, wat meebring dat toegang tot Engels 'n prioriteit is.
- Die bevordering van 'n minder puristiese benadering tot die gebruik van Engels en Afrikaans as hooftale in die onderwys, om weg te beweeg van die streng gehalte-opvatting oor standaardtale.

Hoofstuk 4

- Die bevordering van die inheemse tale as van kardinale belang vir die demokratisering van taalbeleid.

Veral opvallend is die klem wat in dié tyd geplaas word op die rol van taalbeleid en meer bepaald op onderwystaalbeleid by die oorbrugging van die verdeeldheid en onenigheid van die verlede. Alexander (1989:52-53) verwoord die ideaal soos volg:

Ons hoofdoel op die gebied van taalbeleid in die tydperk tot 'n bevryde, post-apartheid Suid-Afrika/Azanië moet wees om kommunikasie tussen die verskillende taalgroepe wat die bevolking van Suid-Afrika uitmaak, te fasiliteer, ten einde die isolerende effekte van Verwoerd se apartheidstaalbeleid teen te werk.

Hy verbind die ideaal nie simplisties aan Engels nie, want hy stel net hierna 'n tweede oogmerk:

Terselfdertyd beteken dit dat ons meertaligheid onder ons mense moet aanmoedig. Mense behoort ten minste hul huistaal en Engels te ken, maar die ideale situasie sou een wees waarin elke persoon in Suid-Afrika vlot sy/haar huistaal, Engels en een of meer van die ander belangrike tale op streeksvlak kan praat.

King en Van den Berg (1992:53) voorsien insgelyks 'n nuwe orde waar "... taal in die onderwys 'n aansporing vir kommunikasie en verdraagsaamheid eerder as isolasie en verdeeldheid kan word".

Alexander (1989:28-39), Brown (1991:28-39), King en Van den Berg (1992:23-26) en Crawhall (1993) behandel die verdere verloop van die progressiewe taalgerek oor die volgende vyf jaar. Du Plessis en Van Gensen (1999:9-12) gee 'n samevattende oorsig en skets die verloop daarvan tot en met die nuwe grondwetlike bestel wat vanaf 1994 in Suid-Afrika tot stand gekom het. Van die hoogtepunte in die betrokke ontwikkelingsproses word weens beperkte ruimte hieronder saaklik chronologies vermeld:

Tydlyn:

- 1989:
 - Verskyning van Neville Alexander se boek, *Language policy and national unity in South Africa/Azania* (Alexander 1989).
- 1990:
 - Maart: Die ANC se sogenaamde Harare-taalwerkwinkel, “Towards a language policy for a post-apartheid South Africa” (Nokk 1990).
 - Oktober 15-16: ’n Nasionale kollokwium oor die onderwerp “Language policy for South African schools” aangebied deur die Independent Examinations Board (IEB) (King & Van den Berg 1992:i).
 - Desember: Oprigting van die National Education Policy Investigation (Nobo) deur die Nokk (Nokk 1992:vi).
- 1991:
 - September: NTP-kongres, “Democratic approaches to language planning and standardisation” en verkiesing van ’n Demokratiese Taalraad (NLP 1991).
 - Tweede helfte van die jaar: Oprigting van die ANC Language Commission (Crawhall 1993:22).
 - Einde van die jaar: Bekendstelling van die Nobo-verslag, *National Education Policy Investigation. Language* (Nokk 1992).
- 1992:
 - Februarie 13: Persverklaring deur die ANC Language Commission oor ’n voorgestelde elftalige bestel (ANC Language Commission 1992).
 - Februarie: Bekendstelling deur die ANC van die gespreksdokument *African National Congress: Language Policy Considerations* (Luckett 1992:21-22).
 - Mei: Bekendstelling deur die ANC van die gespreksdokument *Policy guidelines for a Democratic South Africa* (Luckett 1992:21-22).

- 1994:
 - Vroeg in die jaar: Bekendstelling van 'n ANC-gespreksdokument oor onderwysbeleid met 'n afdeling wat handel oor onderwystaalbeleid (ANC 1994:61-66).

Wat ongelukkig vanweë die bondigheid van die tydlyn nie pertinent na vore kom nie, is die sentrale rol van die NTP by die fasilitering van die ontwikkeling van alternatiewe taalbeleidsvoorstelle binne die BDB, ten minste tot en met die finalisering van 'n nuwe (tussentydse) grondwet in 1993. Dit is 'n rol wat verband hou met die oorgang van die NTP in 1985 na 'n meer outonome liggaam wat as doel nagestreef het om die belange van enige spesifieke groep te verteenwoordig wat hulle vir die totstandkoming van 'n post-apartheid Suid-Afrika beywer het (Heugh 1986:216). Die NTP se rol is veral opmerklik in die dokumentering van die nasionale taalgesprek deur middel van hulle nuusbrieff, *Language Projects' Review* (later *Bua!*) en in die sentrale rol wat Neville Alexander se menings hierin gespeel het. Hier moet 'n mens die belangwekkende nasionale kongres van 1991 uitlig asook die NTP se rol binne die Nobo-inisiatief. Interessant genoeg het die Nobo-inisiatief deels 'n forum geword waar 'n mate van sinergisme tussen die verskillende denkskole bewerkstellig is.

Dit is opvallend dat die Charteriste (spesifiek die ANC en Nokk) 'n toenemend prominente rol by die ontwikkeling van alternatiewe taalbeleid begin speel het, veral op die gebied van onderwystaalbeleid. Een van die direkte gevolge hiervan is dat gaandeweg wegbeweeg is van die Swartbewussynsbeweging se drietaligheidsmodel. Ten spyte van die sterk rol van die NTP merk ons reeds by die Nobo-groep oor taal 'n voorkeur vir (individuele) tweetaligheid op, maar opvallend nie steun vir 'amptelike tweetaligheid' nie. Al stel Nobo nie 'n spesifieke beleid voor nie, steun die groep die verwerping van tweetaligheid op skool binne die toevoegende model, dus met behoud van die moedertaal (Nokk 1992:89 e.v.). In aansluiting hierby voorsien die ANC se 1994-raamwerk vir onderwys derhalwe dat alle Suid-Afrikaanse kinders "... toegang tot, en daarvan verwag word om, minstens twee Suid-Afrikaanse tale

gedurende die tydperk van verpligte skoolonderrig aan te leer” (ANC 1994:65). Die betrokke voorstel lê klem op die belang van ’n nuwe taalbestel waar taalverdrukking en -weerstand teengewerk word ter wille van die bevordering van vrede en “... ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse nasieskap” (ANC 1994:62). Opvallend is die gekoppelde verwagting dat alle skole en onderwysinstellings eksplisiet programme ter bevordering van meertaligheid bekend moet stel, wat die aanvaarding van ’n institusionele taalbeleid insluit.

Nieteenstaande die laatvaarding van die aanvanklike gedagtegang omtrent drietaligheid binne die BDB, bevat die uitkristalliserende voorstelle omtrent ’n nuwe taalbestel nietemin van die sentrale taalsentimente wat voortspruit uit die slyping van gedagtes oor taalbeleid binne die BDB oor ten minste twee dekades heen, dit is sedert Soweto 1976. Van die sentimente behels die verwerping van die amptelike tweetaligheid van die vorige bestel, die onverhandelbare posisie van Engels as brugtaal en taal van nasionale eenheid, daarmee saam die herwaardering van die rol van Afrikaans binne ’n nuwe bestel, die versigtige heroorweging van die belang van die moedertaal en die klem op meertaligheid as nasionale bate.

Waar die hoofstroomdenke die vorige taalbeleid wou hervorm, het die rolspelers binne die BDB die transformering van die vorige bestel in gedagte gehad. Wat wel met die hoofstroomdenke ooreenstem, is die klem wat op die onderwys as die primêre speelveld vir die implementering van so ’n veranderde taalbestel val.

Tussen hierdie grootliks uiteenlopende denkrigtings moes uiteeraard ’n kompromie bereik word, ’n kwessie wat vervolgens aan die bod kom.

4.3.3 Die kompromie: winste en verliese

Die herhaalde verwysings in die voorafgaande oorsig na die werk van Crawhall (1993) getuig van die volledigheid van sy dokumentering van die ontluikende gesprek oor ’n nuwe taalbeleid vir die sogenaamde ‘nuwe’ Suid-Afrika. In die huidige afdeling word op sy analise voortgebou, maar word meer spesifiek aandag geskenk aan die konkrete resultate van die

soort beleidskompromieë waarop hy gesinspeel het en wat op die ou end in nuwe beleide gerealiseer het. In die proses loop 'n mens onvermydelik die inhoud van die hieropvolgende afdelings 'n bietjie vooruit. Ter wille van konteks is egter nodig om reeds in 'n vroeë stadium die verband tussen die taalgesprek van die oorgangsjare en die daaruit voortvloeiende taalbeleidsuitkomst vas te lê.

Die pertinente afwysing van voortgesette vorms van sogenaamde 'taalbevoordeling', met ander woorde van 'n bestel waar amptelike tweetaligheid in Engels en Afrikaans as deel van amptelike nasionale tweetaligheid verskans word, is een van die opvallende eienskappe van die taalgesprek wat onder BDB-geledere ontwikkel het. King en Van den Berg (1992:10) wys daarop dat so 'n standpunt reeds gedurende 1990 by 'n kollokwium pertinent as vertrekpunt by die formulering van 'n alternatiewe taalbeleid aangeneem is, hoofsaaklik omdat dit gedwonge drietaligheid onder die meerderheid van die bevolking tot gevolg het, 'n probleem wat reeds ook in die vroeër vermelde RGN-ondersoeke na vore gekom het. Trouens, die hele konsep van amptelike tweetaligheid as sodanig, ongeag die inkleding daarvan, is doelbewus vermy. Die naaste wat die BDB in die onderhawige tydperk aan so 'n konsep gekom het, is die drietaligheidsmodel wat die rondte gedoen het. Dit was nie 'n model wat, buiten vir die voorskrif oor Engels, spesifieke bykomende tale voorgeskryf het nie. 'n Mens sou dit veel eerder as 'n templaats-model kon beskou. Die drietaligheidsmodel van die hoofstroom wat ook ter sprake was, sou insgelyks as 'n templaatsmodel beskou kon word, maar met die belangrike verskil dat hulle model twee tale (Engels en Afrikaans) verpligtend gemaak het.

Wat egter belangrik was omtrent BDB-denke in dié tyd is dat die direkte verband tussen onderwystaalbeleid en 'nasionale taalbeleid' wel raakgesien en selfs beklemtoon is, soos ons onder meer later by die Nobo-groep oor taal waarneem (Nokk 1992:19), 'n kwessie wat in 'n volgende afdeling ter sprake kom. Waar die Swart Bewussynsbeweging se drietaligheidsmodel inderdaad beide aspekte dek, kan dieselfde nie gesê word van die rigting waarin taalbeleid binne die Charteriste-beweging

ontwikkel het nie. Uiteindelik het die gebrek aan sodanige wisselwerking aanleiding gegee tot 'n dissonansie wat tussen onderwystaalbeleid en nasionale taalbeleid ontstaan het, iets wat waarskynlik toegeskryf kan word aan die plasing van nasionale taalbeleidsontwikkeling binne die ANC se destydse kultuurdepartement. Crawhall (1993:23) het al in sy verslag aan Nobo hieroor gewaarsku. Ons merk die resultaat van dié ongelukkige plasing in die gebrek aan beleidsooreenstemming tussen die grondwetlike bepalings oor nasionale taalbeleid en onderwystaalbeleid en die meer gedetailleerde onderwystaalbeleid wat in 1997 gepubliseer is. Die vergelyking in Tabel 8 belig die leemte in meer besonderhede.

Tabel 8: 'n Vergelyking van die mate van beleidsooreenstemming by die grondwetlike en gedetailleerde onderwysbepalings met betrekking tot die 1993- en 1996-grondwet

Beleid	1993-Grondwet	1996-Grondwet
Taal- klousule	Artikel 3	Artikel 6
	11 amptelike tale	11 (ietwat verskillende) amptelike tale
	Skep omstandighede vir ontwikkeling en bevordering van gelyke gebruik	Alle amptelike tale geniet gelykheid van aansien en word billik behandel met inagneming van die bevoordeling van voorheen agtergestelde tale
	Nievermindering van taalregte (dus: voormalige amptelike tweetaligheid) en uitbreiding van voormalige taalregte in streke	Nasionale en provinsiale regering moet ten minste (enige) twee tale gebruik

Hoofstuk 4

Beleid	1993-Grondwet	1996-Grondwet	
Onderwys- klousule	Artikel 33	Artikel 29	
	Onderrig in taal van keuse waar redelikerwys haalbaar	Onderrig in amptelike taal/ tale van keuse waar redelikerwys haalbaar	
	Vestig waar haalbaar opvoedkundige instellings op grond van gedeelde kultuur, taal of religie mits geen rassediskriminasie nie	Staat moet redelike alternatiewe oorweeg, insluitende enkelmedium instellings, onderhewig aan bepaalde faktore	
Onderwys- taalbeleid	Verskeie beleide voor 1997, op apartheidsbasis		Taal in Onderwysbeleid (1997)
	Blanke, bruin- en Asiër- onderwys	Swart onderwys	
	Amptelike tweetaligheid (Engels/ Afrikaans) PLUS OPSIONEEL (Seniorprimêr) 'Afrikataal'	Amptelike tweetaligheid (Engels/ Afrikaans) PLUS 'Afrikataal' (Moedertaal)	Toevoegende tweetaligheid (in tale van keuse; ten minste EEN 'n amptelike taal; vanaf 2002, albei amptelike tale ²)
		Taal van onderrig en leer PLUS een bykomende taal as vak	

Die 1993-Grondwet het nog die konsep van amptelike tweetaligheid behou, hoewel reeds in 'n versluiserde vorm. Omdat die onderwysbeleid uit die vorige taalbestel nog gekontinueer het, is die versluiserde vorm van amptelike tweetaligheid nog in 'n minder versluiserde vorm deur die onderwys in stand gehou. 'n Belangrike verskuiwing het na 1996 voorgekom toe amptelike tweetaligheid in sy tradisionele formaat volledig uit die Grondwet geskryf is en sedertdien slegs nog van die nasionale en provinsiale regering verwag

2 Die betrokke regstelling is deur middel van die *Revised National Curriculum Statement Grades R-9 (Schools)* ingevoer (DoE (Department of Education), 2002).

word om in ten minste twee amptelike tale te funksioneer. Die verpligting is nie absoluut nie en kan nie meer as ‘amptelike tweetaligheid’ in die pre-1996 sin van die woord beskou word nie. Die konsep ‘amptelike tweetaligheid’ word verder verwater met die onderwystaalbeleid van 1997 wat wel twee tale vereis, maar eers sedert 2002 albei as amptelike tale spesifiseer. Die verwikkelde band tussen nasionale taalbeleid en onderwystaalbeleid is hiermee tot ’n mate weer herstel, maar nie die konsep ‘amptelike tweetaligheid nie’, waar twee amptelike tale voorgeskryf word en van alle burgers verwag word om die tale te bemeester. Daarmee saam is die eertydse konsep van linguistiese burgerskap (burgerskap gekoppel aan amptelike tweetaligheid) gewysig en het dit vir alle praktiese doeleindes uit die nasionale agenda verdwyn.

Wat ons uit die bostaande vergelyking wys word, is dat die regerende party reeds al in 1997 afstand gedoen het van taalsentimente wat in die BDB ontwikkel het en skynbaar nie meer ag geslaan het op die taalbeleidsvoorstelle wat tot en met die aanvaarding van die 1993-Grondwet die rondte gedoen het nie. Ook is dit opmerklik dat die hoofstroomvoorstelle volledig geïgnoreer is, waarskynlik as gevolg van die feit dat wegbeweeg is van die konsep ‘amptelike twee- of drietaligheid’ en omdat die bevoordeling van Afrikaans waarskynlik vermy wou word. Trouens, al wat van die hoofstroom gedagtes oorgebly het, was die kompromie bepaling in die 1996-Grondwet wat enkelmediumskole (wat moedertaalskole kan insluit) toegelaat het, ’n bepaling wat letterlik ter elfder ure ingebring is om ’n hoogs plofbare skaakmatsituasie rondom die taalkwessie te ontloot (Ebrahim 1998:168-170). So is die taaldebate uiteindelik (weer) gereduseer tot een oor die moedertaalvraagstuk in plaas van een oor die burgerskapsvraagstuk.

Nieteenstaande die feit dat die aanhef tot die sogenaamde *Taal in Onderwysbeleid* (TiOB) van 1997 (DvO 1997a) dit stel dat die nuwe onderwystaalbeleid gesien word “... as ’n integrale en noodsaaklike aspek van die nuwe regering se strategie om ’n nierassige nasie in Suid-Afrika te bou” en die ideaal ook lateraan gestel word dat ’n tipiese Suid-Afrikaner meertalig is (DvO 1997a), faal die beleid om konkreter riglyne hieromtrent

te verskaf. In plaas van 'n spesifieke taalverpligting wat met burgerskap verbind kan word en wat tot eenwording sou kon bydra, werk die beleid met die abstrakte konsep van toevoegende tweetaligheid, een wat eerder met 'n onderwysmetode verband hou om individuele tweetaligheid te bewerkstellig as om burgerlike tweetaligheid te vestig. Dit wil voorkom asof met die aanvaarding van 'n nuwe nasionale taalbeleid in 1996, asook met die inwerkingstelling van 'n nuwe onderwystaalbeleid in 1997 'n kans verbeur is om voort te bou op die momentum wat in beide die hoofstroom en die BDB in die laaste jare van apartheid oor taal as instrument van nasieskap of burgerskap ontwikkel het.

Die aandrang op drietaligheid binne die hoofstroom het duidelik nie in die onderhawige tydperk voldoende veld gewen om gekoppel te word aan die herdefiniëring van linguistiese burgerskap in Suid-Afrika nie. Kortom, amptelike tweetaligheid is ten spyte van die indringende debat oor die voortgesette haalbaarheid en uiteindelijke wenslikheid daarvan nie tydens die oorgangsjare gemodifiseer en met amptelike drietaligheid vervang nie.

Uiteindelik is dit die voorstelle uit die Charteriste se geleedere wat die deurslag gee en wat neerslag vind in die onderwystaalbeleid wat na 1994 ontwikkel en in 1997 as skoolbeleid aanvaar is. Ons sien dat die TiOB wat ingevolge die Skolewet, ingestel is, wel 'n tweetaligheidsmodel as ideaal vir die onderwys voorhou. Dit is egter opvallend dat die beleid die vestiging van die beginsel van 'toevoegende' meertaligheid beoog asook die bevordering en ontwikkeling van al die amptelike tale, beide standpunte wat ons sterker met die aanvanklike taalsentimente van die Swartbewussynsbeweging kan verbind. As kompromis met die hoofstroombeweging stel die TiOB 'n belangrike (nuwe) ideaal ten opsigte van linguistiese burgerskap: "... om veeltalig te wees, behoort 'n bepaalde kenmerk van Suid-Afrikanerskap te wees" (DvO 1997a), 'n opvallende verskuiwing weg van die gespesifiseerde amptelike (burgerlike) tweetaligheid van die vorige bedeling na 'n vorm van linguistiese patriotisme.

Nieteenstaande die feit dat die taalgesprek oor 'n post-Soweto 1976 taalbedeling inderdaad die grondslag gelê het vir die uiteindelige nuwe taalbedeling wat deur die 1993-Grondwet ingelui en deur die 1996-Grondwet vasgelê is, val die klem daarvan meestal op die herskikking van 'n onvanpaste taalbestel en op 'n nuwe rol vir die 11 tale wat sedert 1963 een of ander vorm van amptelike status in die RSA geniet het. Die aanvaarding van die 1993-Grondwet se unieke taalklousules kan as die kulminering van die hele taalgesprek tydens die oorgangsjare beskou word.

Tot en met die 1993-Grondwet is nog nie pertinente aandag aan nieamptelike tale soos SAGT geskenk nie. Ter wille van 'n vollediger blik op die konteks van taalbeplanning vir SAGT is dit nietemin noodsaaklik om verwickelinge met betrekking tot die taal tydens die stormagtige oorgangsjare van nader te bekyk en weer ietwat terug in tyd te beweeg.

4.4 Pre-verampteliking en verwickelinge met betrekking tot SAGT

Pre-1994 verwickelinge met betrekking tot SAGT hang ten nouste saam met inisiatiewe van die SANRD. Vanweë 'n gebrekkige dokumentering van die besondere aktiwiteite (Penn 1993a:18) is dit nie moontlik om 'n direkte verband met die Soweto-opstand te bepaal nie. Penn (1991:132) wys op die feit dat die moedertaalonderrig-regime wat tot die Soweto-opstand bygedra het ook op skole vir dowes betrekking gehad het, maar dat dit wel radikaal anders in sulke skole toegepas is deurdat SAGT nie as Dowes se moedertaal beskou is nie. Skole vir Afrikaanse en Engelse Dowes het 'n streng orale onderrigstelsel toegepas. Dit het ook vir Asiatiese en bruin skole gegeld, terwyl swart skole grootliks handmatige onderrigstelsels gevolg het. Die gebruik van gebaretaal is wel in laasgenoemde skole toegelaat (Penn & Reagan 1990:95).

Die belangrikste pre-1994 verwickelinge word in die vorm van 'n tydlyn aangebied, waarna 'n saaklike bespreking volg.

Tydlyn:

- 1977:
 - Nieder-Heitmann begin met die samestelling van die gebaretaalgid, *Praat met die dowses/Talking to the deaf*.
- 1979:
 - Die SANRD rig 'n Komitee vir Kommunikasievaardighede op om die gebaretaalgid by te werk en uit te brei.
- 1980:
 - Publikasie van Nieder-Heitmann se gebaretaalgid, *Praat met die dowses/Talking to the deaf*.
- 1983:
 - 26 September: Die eerste seminar oor gebaretaal in Suid-Afrika, "Research on Sign Language in South Africa", word deur die Universiteit van die Witwatersrand in samewerking met die RGN aangebied.
- 1987:
 - Die SANRD se Komitee vir Kommunikasievaardighede staak hul werksaamhede.
 - Die SANRD nader die RGN om 'n projek oor gebaretaalnavorsing te befonds.
- 1988:
 - Die SAGTNP word tot stand gebring.
 - Gebaretaalgebaseerde onderwys word in Kaapstad heringestel met die oprigting van die Noluthando School for the Deaf in Khayelitsha.
- 1989:
 - Die SAGT Standaardiseringskomitee word opgerig.
- 1991:
 - 'n Voorstel oor 'n nasionale beleid vir dowe onderwys word by die tweejaarlikse kongres van die SANRD aanvaar.
- 1992:
 - Bekendstelling van die *Gestremdeheidsregtehandves van Suid-Afrika* deur Prokureurs vir Menseregte (LHR 1992).

- 18 Desember: VN se Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities word aanvaar.
- Einde van die jaar: Volume 1 van die *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf* verskyn.
- 1993:
 - Op onbekende datum: Volume 2 van die *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf* verskyn

Van die vroegste taalbeplanningsinisiatiewe vir SAGT kan na die tydperk wat volg op Soweto 1976 teruggevoer word toe Norman Nieder-Heitmann met die saamstel van sy belangwekkende gebaretaalgids, *Praat met die dowes/Talking to the deaf* (Nieder-Heitmann 1980) in 1977 begin het. Die destydse voorsitter van die SANRD wys in sy inleiding tot dié gids interessant genoeg daarop dat die behoefte aan "... 'n handboek oor gebaretaal" trouens al geruime tyd bestaan het (Nieder-Heitmann 1980:4). Penn en Reagan (1990:96) tipeer die inisiatief as die vroegste poging om SAGT in ten minste onderwysverband te standaardiseer.

Om die werk van Nieder-Heitmann te ondersteun en voort te sit het die SANRD twee jaar later in 1979 die Komitee vir Kommunikasievaardighede opgerig met 'n mandaat om die betrokke gids (wat in daardie stadium skynbaar reeds in manuskrip vorm gereed was) by te werk en uit te brei. Volgens Penn en Reagan (1990:97) was die bedoeling daarmee om die woordeboek aan te vul met gebaretaaltekens gepas vir die preprimêre vlak en dit daarna verder uit te brei na tekens op die primêre vlak.

In reaksie op die inisiatief en deels ook vanweë kritiek op aspekte daarvan het kollegas van die Universiteit van die Witwatersrand op 26 September 1983 in samewerking met die RGN die eerste seminar oor gebaretaal in Suid-Afrika aangebied, onder die titel "Research on Sign Language in South Africa". Volgens Penn en Reagan (1990:98) was dit op aandrang

van Wits gereël om te besin oor wat ons omtrent gebaretaale en hulle gebruik in die onderwys weet.

Die SANRD se Komitee vir Kommunikasievaardighede het vanweë 'n verskeidenheid faktore, onder meer die gebrek aan 'n wetenskaplike onderbou, nie die gewenste uitkomst opgelewer nie en hulle werksaamhede is skynbaar in 1987 gestaak waarna die SANRD die RGN formeel genader het om 'n projek oor gebaretaalnavorsing op die been te bring wat deur eersgenoemde organisasie befonds sou word.

Só het die sogenaamde Suid-Afrikaanse Gebaretaal Navorsingsprogram (SAGTNP) in 1988 tot stand gekom. Een van die vier oogmerke van die SAGTNP was om 'n uitgebreide woordeboek vir SAGT saam te stel, volgens Penn en Reagan (1995:92) die hoofoogmerk "... die daarstel van 'n woordeboek van Suid-Afrikaanse Gebaretaal vir gebruik in die onderwys van dowe kinders uit verskeie kulturele en taalkundige groepe in die samelewing". Die oorblywende drie oogmerke was om die kenmerke van effektiewe gebaretaalkommunikasie tussen horendes en Doves in Suid-Afrika te bestudeer (die sogenaamde Simcom-projek), om handboeke en ander materiaal te ontwikkel en voor te berei met die doel om horende individue (veral ouers en onderwysers van Dowe kinders) te leer hoe om gebaretaal te gebruik en om verskeie soorte skakelaktiwiteite uit te voer wat ontwerp is om publieke bewustheid oor en sensitiwiteit vir Doves as 'n kulturele en linguistiese minderheid in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing te verhoog (Penn & Reagan 1990:98).

Die jaar 1988 staan ook om ander redes as 'n belangrike jaar vir SAGT uit. Volgens Heap (2003:68,85,235) verteenwoordig 1988 'n belangrike draaipunt wat betref die status van SAGT in DHH-skole. Dit is naamlik die jaar waarin gebaretaalgebaseerde onderwys in Kaapstad met die oprigting van die Noluthando School for the Deaf in Khayelitsha heringestel is. Soos vroeër uitgewys, was oralisme sedert 1880 wêreldwyd die dogma in sulke skole, ook in Suid-Afrika (Heap 2003:10). Volgens Heap het die herinstelling van SAGT as onderrigmedium dowe onderwys in die Kaap 'n volle sirkel laat voltooi. Druchen (2014:77) stel dit dat daar al gedurende die tagtigerjare van die

twintigste eeu 'n beweging teen oralisme in dowe onderwys op dreef gekom het. Uiteindelik het die teenstand gedurende 1997 op 'n grootskaalse optog deur 42 DHH-skole uitgeloop. Ongelukkig meld hy geen nadere besonderhede omtrent die besondere protesaksie nie.³

Een van die ander besondere uitkomstes van die SAGTNP is die oprigting in 1989 van die SAGT Standaardiseringskomitee om by die saamstel van die gebaretaalwoordeboek betrokke te wees, die eerste sodanige struktuur wat slegs uit Dowes bestaan het (Penn & Reagan 1990:98) en by implikasie 'n voorloper van DFSA wat in 1995 opgerig is (Druchen 2010:496), 'n organisasie **van** Dowes en nie soos sy voorloper, die SANRD, **vir** Dowes nie.

'n Meer direkte verband met die post-Soweto 1976 taalgesprek vind weerklank in die formulering van 'n voorstel oor 'n nasionale beleid vir dowe onderwys wat in 1991 by die twejaarlikse kongres van die SANRD aanvaar word. Die oogmerk daarmee was om die voorstel aan die ANC voor te lê (Reagan et al. 2006:194). Hierdie stap sou sekerlik kon meegehelp het aan die kultivering van 'n simpatieke houding omtrent SAGT en Dowes binne ANC-kringe wat sou uitkristaliseer in latere gunstige besluite omtrent SAGT wat in die volgende hoofstuk aan die bod sal kom.

Nog 'n manifestering van die tydsgees van die oorgangsjare is die bekendstelling van die *Gestremdeidsregtehandves van Suid-Afrika* in 1992 deur die nieregteringsorganisasie, Prokureurs vir Menseregte (LHR 1992), waarskynlik na aanleiding van die VN se *Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities* wat op 18 Desember 1992 aanvaar is (VN 1992). Artikel 14 van die Prokureurs vir Menseregte se handves handel oor maatreëls wat getref moet word om onder meer die Dowegemeenskap se reg tot vrye kommunikasie te verwesenlik. Dit kan bereik word deur onder

3 Na 'n soektog in Sabinet se nuusbronne wil dit voorkom asof die protes waarna Druchen verwys skynbaar nie mediadekking geniet het nie. Die enigste aangetekende protes deur Dowes hou verband met 'n rebellie by Bosele School for the Blind and Deaf in Nebo (Limpopo) wat gevolg het nadat onderwysers van die owerhede opdrag gekry het om weer terug te keer skool toe nadat die leerlinge weens hulle griewe 'n skoolhoof uitgegooi het (Motale 1997).

meer die erkenning en gebruik van "... gebaretaal". Die latere *Integrated National Disability Strategy White Paper* (KSGP 1997) meld in 'n voetnoot dat die Dowegemeenskap in reaksie op bogemelde handves 'n proses van stapel gestuur het om hulle spesifieke eise aan die orde te stel. Die eise vind waarskynlik neerslag in die betrokke Witskrif wat later behandel sal word.

Teen die einde van 1992 (Penn 1993a:19) verskyn die eerste van vyf volumes van die *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf* (Penn 1992). Volume 2 verskyn gedurende 1993 (Penn C 1993b) en die oorblywende drie volumes almal gedurende 1994 (Penn 1994a; 1994b; 1994c). Reagan wys in die Voorwoord van die vyfde volume daarop dat die verskyning van die woordeboek 'n uitsonderlike prestasie vir Suid-Afrika se Dowe gemeenskap is, omdat dit die heel eerste poging verteenwoordig om die volle verskeidenheid tekens wat binne die Dowe gemeenskap gebruik word te dokumenteer.

Die aangebode oorsig van hierdie hoofstuk skets die breër konteks van TBP vir hoofsaaklik die amptelike tale en hoe nou vraagstukke hieromtrent verbonde geraak het aan sosiopolitieke verwickelinge en aan die noodsaak aan 'n nuwe politieke bestel. Gesprekke rondom 'n nuwe taalbestel is 'n direkte uitvloeisel van 'n groter diskoers. Dit is opvallend dat SAGT nie sigbaar deel gevorm het van die ontplooiing van die gesprek nie en dat daar werklik eers teen die einde van die oorgangstydperk van die taal kennis geneem is. Die taalbeleid- en taalbeplanningsinisiatiewe van daardie periode met betrekking tot SAGT het grootliks parallel met en as't ware los van die groter taalgesprek plaasgevind: in die een baan 'n nasionale gesprek oor 'n veranderde amptelike taalbestel en in die naaslopende baan 'n byna esoteriese gesprek grootliks in eie kring. Die situasie sou vanaf 1994 aansienlik verander soos in die volgende hoofstuk behandel sal word.

Wat ons omtrent dié saaklike oorsig opval, is dat daar teen 1993 'n bewustheid omtrent die bestaan en rol van SAGT as unieke minderheidstaal van Suid-Afrika posgevat het, beide in progressiewe en hoofstroomkringe. Om die waarheid te sê, die taalgesprek wat hierna gevoer sou word, sou wel deeglik van SAGT kennis neem en die taal het by meer as een geleentheid as

agendapunt sy verskyning begin maak. Kortom, teen 1993 is die weg tot regserkenning vir SAGT voorberei.

Al het die pre-1994 verwickelinge uiteindelik nie daarin geslaag om erkenning vir SAGT as amptelike taal naas die 11 van die 1993-Grondwet te bewerkstellig nie, sou die voortgesette veldtogte hierna wel op heel konkrete regserkennings uitloop.

Hoofstuk 5

Eerste poging tot verampteliking – ’n onverwagse maar gemengde sukses (1993–1996)

5.1 Inleiding

Die oorsig van TBP vir SAGT wat volg, hou rekening met die besondere band met regserkenning, gedagtig aan Murray (2015a:381) se stelling dat ’n stryd om regserkenning vir gebaretaal in werklikheid ’n vorm van taalbeplanning is. Gevolglik val die klem in die oorsig op die verloop van die stryd om regserkenning vir SAGT, ’n stryd wat toenemend meer sigbaar word vanaf die vroeë negentigerjare van die 20ste eeu tot en met die erkenning van SAGT as ’n 12de amptelike taal in Julie 2023. Die oorsig word in navolging van Du Plessis (2023:598 e.v.) in die vorm van ’n tydlyn van verwante mylpale wat chronologies aangebied word.

Van belang is gedokumenteerde getuienis omtrent wetgewende prosesse met betrekking tot die wetlike erkenning van SAGT, relevante TBP-prosesse, die rol van verskillende TBAs en uiteindelik ook die rol van taalaktiwisme. Al het ander kwessies ook gedurende die onderhawige tydperk ter sprake gekom, soos onder meer die rol van gebaretaal in die uitsaaiwese, kan daar weens beperkte ruimte ongelukkig nie aan alle aspekte aandag gegee word nie. Nogtans bly dit ter sake, al word daar nie op meer spesifieke aspekte van die verskillende tipes taalbeplanning ter sprake ingegaan nie.

So ’n aanpak verseker dat die leser ’n voëlvluigoorsig oor die verloop van regserkenning vir SAGT verkry sonder om deur nadere besonderhede verlei te word. Die tydlyn wat op

elke afdeling betrekking het, word vooraf aangebied, waarna 'n saaklike oorsig volg.

5.2 Die 1993-Grondwet en die Grondwetlike Vergadering

Tydlyn:

- 1993:
 - 18 November: Die 1993-Grondwet, ook bekend as die 'tussentydse grondwet', word aanvaar.
 - 26 November: 'n Brief van Lucas Magongwa verskyn in *The Citizen*, waarin hy sy teleurstelling uitspreek oor die verswyging van gebaretaal in die 1993-Grondwet.

Die jaar 1993 word op **18 November 1993** op hoë noot afgesluit met die aanvaarding van die 1993-Grondwet as die sogenaamde 'tussentydse grondwet' van 'n verbeelde 'nuwe' Suid-Afrika (SAHO 2019). As sodanig is die 1993-Grondwet een van die vernaamste konkrete uitkomstes van die voorafgaande Kemptonparkse onderhandelingsproses. Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993* het op 27 April 1994 in werking getree (RSA 1993b). Dit word as 'n tussentydse Grondwet beskou vanweë die duidelike aanduiding in die aanhef dat die verkose verteenwoordigers van die nasie opdrag gegee word om 'n 'nuwe' Grondwet te aanvaar ooreenkomstig 'n aantal grondwetlike beginsels. Die 1993-grondwet is later op 18 Desember 1996 diensengevolge met die inwerkingtreding van so 'n nuwe grondwet herroep, die Grondwet van 1996 (RSA 1996c), soos later behandel sal word.

Artikel 3 van die 1993-Grondwet verklaar naas die twee tradisionele amptelike tale op nasionale vlak, Afrikaans en Engels, ook die nege amptelike Sintutale van die voormalige swart gebiede tot die 11 (nasionale) amptelike tale van die Republiek op nasionale vlak. Dit bepaal voorts dat alle regte met betrekking tot en die status van tale onder die vorige bestel nie verminder sal word nie en dat 'n taalwet ingestel sal word wat die status van die voormalige gebiedstale sal uitbrei. Afgesien van nog 'n aantal baie spesifieke bepalings met betrekking tot 'n taalbestel wat voorsiening maak vir streeksdifferensiasie,

kommunikasie met die staat en in die Parlement en vir die skep van toestande vir gelyke taalregte, maak die wet ook voorsiening vir die oprigting van 'n taalraad wat respek vir al die beginsels sal bevorder en voorstelle omtrent verdere wetgewing met betrekking tot die taalklousule kan maak. Oorhoofs beskou, veronderstel die 1993-Grondwet 'n taalbedeling wat in wese die beginsels van (gelyke) taalberegtiging van die vorige bestel na 11 amptelike tale uitbrei, maar wat nogtans spesiale status aan die twee voormalige nasionale amptelike tale, Afrikaans en Engels, verskans.

Volgens Heugh (1995) lui die 1993-Grondwet 'n totaal nuwe era in Suid-Afrika in, ook wat betref die land se taalbedeling. Ofskoon haar opmerking inderdaad korrek is betreffende die feit dat die Grondwet nou 11 amptelike tale op nasionale vlak erken en 'n nuwe stelsel omtrent hulle funksie en gebruik in die vooruitsig stel, word gebaretaal nietemin volledig verswyg; dit desondanks die groeiende bewuswording van gebaretaal waarvan ons hierbo kennis geneem het. Dit is waarskynlik juis hierdie verswyging wat voorstanders van regserkenning vir gebaretaal aangespoor het om hierna 'n beweging op dreef te kry om sodanige erkenning te bewerkstellig.

Op **26 November 1993** verskyn in *The Citizen* 'n brief van Lucas Magongwa (tans gebaretaaldosent aan Wits) waarin hy as lid van die Dowegeemeenskap sy teleurstelling lug oor die feit dat gebaretaal skynbaar deur die onderhandelaars by Kemptonpark geïgnoreer is. Hy wys daarop dat die VN reeds gebaretaal 'amptelik' [*sic*] erken as die taal van Doves en dat Suid-Afrika nie moet agterbly nie (Magongwa 1993). Dit is onduidelik waarna die brieffskrywer hier verwys. Die VN se *Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities* van 18 Desember 1992 bevat geen sodanige erkenning nie. Slegs indirek relevant is artikel 2(1) wat verklaar dat minderhede daarop geregtig is om hulle eie taal vrylik in beide die private en openbare domein te gebruik (VN 1992). Buitendien het Suid-Afrika in daardie stadium nog in geen wetsdokument sodanige erkenning verleen nie. Die kwessie kom later weer ter sprake.

Al kom daar geen vermelding van SAGT in die 1993-grondwet voor nie, wys die geselekteerde getuienis hieromtrent dat daar teen die einde van 1993 reeds 'n gesprek oor regserkenning vir die taal op gang was, 'n kwessie wat hierna meer prominent na vore sou tree.

5.3 Die post-1993 veldtog om regserkenning en die grondwetskrywende proses

Tydlyn:

- 1994:
 - 27 April: 1993-Grondwet tree in werking (geen amptelike erkenning van gebaretaal nie).
 - 24 Mei: Grondwetlike Vergadering word opgerig.
 - 27 Mei: Eerste indirekte verwysing na regserkenning vir die Dowes se 'tekentaal'.
 - Julie: SANRD-verklaring oor veramptelikingspogings.
 - Augustus: SANRD bespreek regserkenning met die Grondwetlike Vergadering (GV).
 - Die laaste drie volumes van die *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf* verskyn.
- 1995:
 - Mei: Wally Serote (NV) noem bespreking oor verampteliking van SAGT.
 - Junie: Permanente Subkomitee van die Grondwetlike Komitee fokus op taalkwessies.
 - 29 Junie: SANRD word DFSA.
 - Augustus: DFSA dring aan op verampteliking.
 - 28 Augustus: ANC stel amptelike erkenning van gebaretaal aan GV voor.
 - September: GV verwys taalkwessie na subkomitee.
 - 19 September: Konsep-Grondwet sluit 'gebaretaal' as 12de amptelike taal in (nie-finaal).
 - 4 Oktober: PanSAT-wet bevat eerste wetlike vermelding van 'gebaretaal'.
 - November: Werksteks van nuwe Grondwet sluit SAGT nie as 12de amptelike taal in nie.
 - Desember: Internasionale kongres dring weer aan op verampteliking.

Hoofstuk 5

- Desember: Taalplan Taakspan (TPTK) ondersoek ook SAGT.
- 1996:
 - Op 'n onbekende datum: DFSA versoek PanSAT (onsuksesvol) vir amptelike erkenning.
 - 8 Mei: Nuwe Grondwet aanvaar (erken nie SAGT as amptelike taal nie).
 - 6 November: Skolewet erken 'erkende Gebaretaal' as onderrigtaal vir dowe leerders in openbare skole (status van amptelike taal vir dié doel).
 - 4 Desember: Grondwethof sertifiseer 1996-Grondwet.
 - 10 Desember: President bekragtig 1996-Grondwet.
 - 18 Desember: 1996-Grondwet tree in werking (herroep 1993-Grondwet).

Ten uitvoer van artikels 68-74 van die 1993-Grondwet word die Grondwetlike Vergadering (GV) op **24 Mei 1994** opgerig met die doel om binne twee jaar 'n nuwe' Grondwet vir Suid-Afrika op te stel (GV 1995a:3). Saamgestel uit 400 lede van die NV en 90 van die destydse Senaat (in 1996 met die NRvP vervang) is die grondwerk vir 'n nuwe Grondwet in ses temakomitees verrig. Hulle is bygestaan deur tegniese komitees. Aanbiedings is by die Grondwetlike Komitee gedebatteer waar standpunte (ooreenkomste en verskille, ensovoorts) geformuleer en vir verdere debatvoering aan die GV voorgelê is (GV 1995a:27).

Die eerste gedokumenteerde verwysing na regserkenning vir SAGT kom bykans terloops en eintlik by implikasie gedurende Mei 1994 by die 'Onderweg na 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad'-kongres by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) in Pretoria voor - slegs 'n paar dae na die oprigting van die GV. Kas Landman, 'n deelnemer en ook een van die vroegste plaaslike outeurs oor gebaretaal (Landman 1990), het op **27 Mei 1994** na aanleiding van 'n aanbieding deur Albie Sachs oor die taalbepalings van die 1993-Grondwet (Sachs 1994) tydens vraetyd van die geleentheid daarop gewys dat die taalklousule van die Grondwet "... net voorsiening maak vir die taal van die horende gemeenskap" (Beukes & Barnard 1994:20). Sy geïmpliseerde intensie omtrent

regserkenning vir SAGT word ondersteun deur 'n volgende spreker wat van mening is "... dat iets omtrent die saak gedoen moet word".

Dit is opvallend dat die SANRD by monde van Henna Opperman, destydse direkteur van die Raad, hierna op **27 Julie 1994** 'n verklaring uitreik wat sê die Raad "... doen alles in sy vermoë om gebaretaal as die 12de amptelike landstaal van Suid-Afrika te laat erken" (Liebenberg 1994). Die verklaring verteenwoordig die vroegste direkte openbare onthulling oor 'n veldtog vir die erkenning van SAGT as amptelike taal. Opperman maak ook by die geleentheid bekend dat die Raad reeds by gesprekke met die destydse Regering van Nasionale Eenheid betrokke is om die taal as amptelike taal erken te kry. Opperman beroep haar op die reg wat die 1993-Grondwet aan burgers verleen "... om onderwys en ander vorms van kommunikasie in sy of haar eerste taal te ontvang" en vind dit derhalwe kommerwekkend dat "... sowat 3 miljoen Doves en Hardhorendes" as gevolg van die nie-erkenning van gebaretaal as amptelike taal by implikasie hiervan uitgesluit word. (Let op die tipiese insluiting van hardhorendes by 'n Dowe saak.) In 'n in diepte-artikel twee dae later op **29 Julie 1994** bevestig *Beeld* se Christi van der Westhuizen die SANRD se posisie dat die erkenning van SAGT as amptelike taal "... sal ... verseker dat onderwys en ander basiese dienste vir om en by 4 miljoen [*sic*] Doves en Hardhorendes toeganklik gemaak word" (Van der Westhuizen 1994). Interessant genoeg blyk uit haar artikel dat die SANRD hulle veldtog in die eerste plek strategies gerig het op die verampteliking van gebaretaal, maar dat die veldtog daarna op gelyke menseregte sou begin konsentreer het.

Die SANRD noem as een van die belangrikste oorwegings waarom sodanige erkenning noodsaaklik is, voorsiening vir die instelling van SAGT as voertaal in skole. Dit was natuurlik 'n ietwat opportunistiese argument om aan te voer, aangesien die onderwysartikel van hoofstuk 3: Fundamentele regte van die 1993-Grondwet, anders as artikel 29 van die uiteindelijke 1996-Grondwet se Handves van Menseregte (hoofstuk 2) geen verwysing na 'n keuse uit amptelike tale vir voertaaldoeleindes in openbare onderwys bevat het nie. Waarskynlik het die SANRD

dié punt beklemtoon na aanleiding van artikel 32(b) van die 1993-Grondwet wat aan almal die reg tot basiese onderrig in die taal van hul keuse verleen (RSA 1993b), 'n bepaling wat ietwat gewysig in die 1996-Grondwet oorgeneem is.

'n Maand later, op **30 Augustus 1994**, word berig dat die SANRD ondertussen ook met die GV oor die hele aangeleentheid van regserkenning in gesprek getree het. Weer eens het die onderwyskwessie voorop gestaan deurdat die SANRD aangevoer het dat die nie-erkenning van SAGT as amptelike taal in die 1993-Grondwet daartoe aanleiding gee dat dit nie as onderrigmedium op skool aangewend kan word nie (DNV 1994). Hier het ons nou vir die tweede keer getuienis van 'n bepaalde denkpatroon omtrent 'n kousale verband tussen die erkenning van SAGT as amptelike taal en die bereiking van ander oogmerke (in die onderhawige geval met betrekking tot die onderwys). Die eerste voorbeeld hiervan soos hierbo aangedui, het 'n maand vroeër opgeduik. Nog voorbeelde sal verder in die huidige studie voorkom.

Die temakomitees van die GV het gedurende **September 1994** op dreef gekom (GV 1995a:4). Taalkwessies het hoofsaaklik in Temakomitee 1 (verantwoordelik om die aard van die demokratiese staat te ondersoek) en Temakomitee 4 (verantwoordelik om fundamentele regte te ondersoek) ter sprake gekom (GHT 2013).

Met die oprigting van die GV word 'n gesprek omtrent 'n nuwe Suid-Afrika geopen wat uiteindelik sou uitloop op 'n drastiesgewysigde taalbestel wat in beginsel wegdoen met verpligte amptelike tweetaligheid in die twee voormalige amptelike tale, Afrikaans en Engels, en waarin vir die eerste keer vir 'Gebaretaal' [sic] voorsiening gemaak word.

Ook **gedurende 1994** verskyn die laaste drie van die vyf volumes van die *Dictionary of Southern African signs for communicating with the deaf* (Penn 1994a; 1994b; 1994c). In hulle taksering van die waarde van hierdie woordeboek skryf Reagan et al. (2006:193-194) dat ten spyte van kritiek vanuit verskeie oorde die woordeboek betekenisvol bygedra het tot die bekendmaking van die SANRD se RGN-projek maar uiteindelik ook dat SAGT as sodanig op nasionale vlak in die kollig gestel

kon word. Baie is bereik om aan die Dowe gemeenskap die betekenisvolheid van die ryke verskeidenheid binne SAGT te bevestig, maar terselfdertyd te help om die historiese hindernisse wat hierdie gemeenskap skei te oorbrug.

Aarons en Akach (1998:20) wys daarop dat die samestellers se werkswyse inherent foutief was aangesien dit gebaseer en georganiseer is op grond van gesproke tale, met ander woorde, dit gee gebaretaalekwivalente weer vir gesproke tale (tekens in Engels, Afrikaans, Xhosa ensovoorts). Omdat die taalafbakening ooreenstem met die ras-, etniese en geografiese foutlyne van die apartheidstelsel kan hierdie ontwerp volgens hulle die indruk skep dat daar 'n direkte korrelasie bestaan tussen 12 onderskeibare gemeenskappe en die voorkoms van variasieklusters, wat dan daarop neerkom dat daar 12 verskillende gebaretale in Suid-Afrika bestaan. Trouens, Woll et al. (2004:14) verwys inderdaad na sekere outeurs wat aantoon dat op grond van die woordeboek se ontwerp sodanige afleiding gemaak kan word. Aarons en Akach (1998:21) voer dan argumente aan waarom 'n mens op grond van die tekortkominge van die woordeboek nie tot so 'n afleiding kan kom nie. In hoofsaak kom dit daarop neer dat die woordeboek nie die kompleksiteit van gebaretaal, soos byvoorbeeld die stelsel van klassifiseerder-handvorme (beweging en lokalisering) weergee nie, essensiële kenmerke wat leksikale variasie oorbrug en onderlinge verstaanbaarheid bewerkstellig. Ofskoon die woordeboek wel leksikale variasie binne SAGT dokumenteer, bly dit grootliks gebaseer op gesproke tale. Die woordeboek gee volgens hulle dus nie 'n getroue refleksie van die groot mate van onderlinge verstaanbaarheid binne SAGT te midde van die leksikale variasie nie, 'n aspek wat in verdere besonderhede in Aarons en Morgan (1998) ondersoek word.

Penn (1993a:23) benadruk in haar beskouing van die eerste drie volumes van die woordeboek die feit dat 'n groot verskeidenheid en verteenwoordigende groep dowe persone aan die woordeboek meegewerk het en maak dan die interessante opmerking dat ten spyte hiervan hulle suksesvol met mekaar kon kommunikeer, "... binne 'n paar uur – selfs minute", 'n verskynsel wat sy beskou as "... 'n huldeblyk aan die krag van

hul taal en onbeperkte aanpasbaarheid in 'n moeilike wêreld". Hierdie waarneming laat die baanbreker van Suid-Afrikaanse gebaretaalstudies ten slotte besluit "... dat die opvallendheid van Dowe identiteit etniese, ouderdom, klasse en geslagsverskille wat so prominent is aan die horende samelewing heeltemal oorskadu". In haar voorwoord by die laaste volume van die woordeboek borduur sy voort op die indrukwekkende onderlinge verstaanbaarheidsvlakke wat haar tydens die maak van die woordeboek opgeval het. Ten spyte van die diversiteit binne die groep dowe respondente, skryf sy, het die aansienlike ooreenkoms tussen soveel van die gedokumenteerde tekens baie duidelik na vore gekom, veral wanneer die tekens in kombinasie gebruik word (Penn 1994c:xiii).

Dit is jammer dat Aarons en Akach (1998) met die 1992-weergawe, die derde volume van die woordeboek, gewerk het terwyl al vyf volumes toe reeds beskikbaar was en hulle sodoende nie van Penn se belangrike refleksie omtrent die onderlinge verstaanbaarheid van SAGT kennis geneem het nie. Insgelyks ook nie van haar belangrike slotbeskouing in die 1993-publikasie nie, 'n bron wat hulle opmerklik genoeg ook nie geraadpleeg het nie en wat Penn ironies genoeg na aanleiding van die derde volume van die woordeboek gemaak het! Die betrokke outeurs het wel kennis geneem van die belangrike studie deur Penn en Reagan (1994) waarin insiggewende gevolgtrekkings gemaak word omtrent leksikale diversiteit binne SAGT as die gedeeltelike resultaat van die gefragmenteerde Dowe gemeenskap tydens die apartheid-era, en waar klem gelê word op die sintaktiese eenheid binne die taal, ten spyte van hierdie gedwonge skeidinge. Aarons en Akach (1998:23) verwys sydelings na laasgenoemde studie, maar laat ongelukkig na om te vermeld dat Penn en Reagan, asook Penn as die samesteller van die woordeboek nie daarop aanspraak maak dat die opgetekende leksikale variasie na verskillende gebaretaal verwys soos wat Aarons en Akach beweer nie. Ook nie dat Penn en Reagan voorsien dat sodanige variasie in samehang met die dinamiek van 'n verenigde Suid-Afrika na 1994 beslis gaan afneem nie. Nietemin kan 'n mens akkoord gaan met Aarons en Akach (1998:26) se stelling dat die vraag oor hoeveel gebaretaal

daar in Suid-Afrika bestaan vanuit 'n taalvariasie-oogpunt in werklikheid 'n irrelevante vraag is.

In haar gevolgtrekking oor die gebaretaalwoordeboeke van Afrika wys Schmaling (2012:274) op die sosiale en politieke belang van sulke woordeboeke en die bydrae wat hulle lewer tot die erkenning van die nasionale gebaretaal van die vasteland. Dit val daarom vir haar vreemd op dat die woordeboeke oor die algemeen nie wyd versprei word nie en dat selfs dowe persone meestal nie van hulle bestaan weet nie. Dit is waarskynlik ook die geval met die Suid-Afrikaanse woordeboek. Die omslagtige formaat van Penn se woordeboek bring mee dat dit nie eintlik toeganklik is vir die algemene gebruiker nie en uiteindelik waarskynlik grootliks nut as 'n naslaanwerk het.¹ 'n Volgende woordeboekprojek wat in 2008 verskyn, sou poog om aan die behoefte van 'n gebruikersvriendelike gebaretaalwoordeboek te voldoen, soos later behandel sal word.

Op **15 Maart 1995** verskyn die lywige 79 bladsye lange *White Paper on Education and Training* van die nuut saamgestelde geïntegreerde Departement van Onderwys (DvO 1995). Opvallend omtrent die Witskrif is dat dit geen verwysings na gebaretaal – of wat dit betref na enige taal – bevat nie; selfs geen verwysings na DHHs nie. Nietemin beskou Reagan en Penn (1997:2) die betrokke Witskrif as 'n volgende belangrike stap wat SAGT betref, aangesien dit volgens hulle gebaretaal by die onderwys 'inkorporeer' – ten minste by implikasie. Waarskynlik verwys die twee outeurs na die insluiting by die Witskrif van verwysings na persone met fisiese gestremdhede: een met betrekking tot die noodsaak om enige struikelblokke tot gelyke onderwys vir sodanige persone uit die weg te ruim en die ander die reg van sulke persone om nie op grond van hulle gestremdheid teen gediskrimineer te word nie. Origens kom heelwat verwysings na taalbeleid en taalregte voor, maar generies van aard, ook met betrekking tot die amptelike tale. Nietemin berei die Witskrif die weg voor vir die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996* (RSA 1996a – hierna Onderwyswet) wat straks behandel sal word.

1 Anne Baker en Kate Huddleston van die Universiteit van Stellenbosch werk skynbaar tans aan die digitisering en opdatering van Penn se woordeboek ten einde die gebruikswaarde daarvan te verhoog.

Getuienis van die uitkoms van die SANRD se gerapporteerde interaksie met die regering kom gedurende **Mei 1995** na vore. Ons verneem naamlik by monde van Wally Serote, voorsitter van die NV se destydse portefeuljekomitee oor Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, dat die kwessie oor die verampteliking van SAGT reeds met die Speaker bespreek is en dat verskeie opsies oor hoe om dit te verwesenlik, oorweeg word. Dit is terloops die tweede keer dat ons van die ‘miljoene’ Suid-Afrikaners wat gebaretaal gebruik, verneem toe hy tydens die aankondiging die getal van vier miljoen gebruikers [*sic*] laat val het (PR 1995). Die (ongesubstansieerde) getal sou vir ’n geruime tyd hierna by verskillende geleenthede herhaal word, ’n deurlopende tendens wat die belang van getallepolitiek omtrent die Dowe-saak bevestig.

Ten einde die werksaamhede van die GV en sy komitees te laat vloei, word gedurende **Junie 1995** besluit om ’n permanente Subkomitee van die Grondwetlike Komitee op te rig ten einde onderhandelinge oor kwessies tussen politieke partye op te los (GV 1996:26).

Op **29 Junie 1995** word aangekondig dat die SANRD besluit het om ‘sy naam’ na die ‘Deaf Federation of South Africa’ (in Engels afgekort tot DeafSA) te verander (DV 1995). Druchen (2010:496) beskou die stap wel nie as ’n naamsverandering nie, maar as die transformering van die SANRD tot ’n ‘meer demokratiese’ liggaam en by implikasie sy ontbinding. Volgens Druchen (2014:76) is by ’n sogenaamde ‘Deaf *indaba*’ waar verteenwoordigers vanuit elk van die nege nuwe provinsies byeengekom het om op die sogenaamde ‘omvorming’ van die SANRD tot ’n nuwe ‘demokraties verkose’ liggaam te besluit. Dat sodanige stap reeds op die kaart was, blyk uit ’n berig van 2 November 1993 waarin Liisa Kauppinen, destydse hoofsekretaris van die WFD, verklaar het dat ’n raad ‘vir’ Doves nie ’n volwaardige lid van die federasie kan wees nie. Om by so ’n punt uit te kom, moet Doves daarin dien sodat dit ’n raad ‘van’ (in plaas van ‘vir’) Doves kan word. Die SANRD het by monde van ’n woordvoerder gedurende dieselfde jaar laat blyk dat dit inderwaarheid hulle strewende is om ’n volle lid te word

(Fourie 1993).² Die oprigting van DFSA het die weg gebaan vir die Federasie om nou by die wêreldliggaam vir Dowes te affilieer daar die organisasie nou deur Dowes gelei word. Volgens *The Star* (1997a) het die WFD inderdaad DFSA in 1995 ‘hertoegelat’.

Druchen wys daarop dat die oprigting van DFSA as van simboliese belang geag word aangesien die nuwe organisasie nou een is **van** en nie **vir** Dowes nie. Van funksionele belang is die implikasie dat die omvorming meebring dat Dowes voortaan in beheer van die nuwe organisasie is. Wat SAGT betref, lui die totstandkoming van die Federasie beslis ’n nuwe era van betrokkenheid by die stryd om regserkenning in soos verder uit die huidige studie sal blyk. Dit sou kon help om Dowes ten volle aan die taal blootgestel te kry en daartoe bydra dat die taal as die primêre taal van Dowes erken kan word. DV (1995) berig dat tydens die aankondiging die SANRD se sogenaamde ‘naamsverandering’ bevestig is en dat DFSA, soos sy voorganger, vas oortuig is van die noodsaak aan die verampteliking van “... gebaretaal”.

Die standpunt word amptelik deur die verkose voorsitter van die nuut opgerigte federasie, Nico Beaurain, in aanloop tot die jaarlikse Dowebeewustheidsweek van vroeg September op **7 Augustus 1995** bevestig. Ook die kwessie van herhaalde oproepe dat die regering ‘gebaretaal’ as 12de amptelike taal moet erken, kom ter sprake (Mthembu 1995).

Twee dae later, op **9 Augustus 1995**, verskyn daar ’n brief van die sekretaresse van “... die Federasie” (let wel, nie meer die SANRD nie) se Wes-Kaapse kantoor in *Die Burger*. Sy skryf dat sy die brief namens “... (o)ns as Dowes “ skryf om te pleit vir die erkenning van “... die taal van Dowes” [‘gebaretaal’] as amptelike taal (Heyns 1995).

Steeds in aanloop tot Dowebeewustheidsweek 1995, met die gepaste jaartema “Menseregte vir dowe mense” (*Witness-verslaggewer* 1995), maak die ANC op **28 Augustus 1995** bekend dat die beweging aan die GV se Temakomitee 1: Die Aard van die Nuwe Demokratiese Staat, voorgestel het om “... gebaretaal” in die finale Grondwet as amptelike taal te erken (SAPA 1995a;

2 Die betrokke koerantberig meld dat daar nog op ’n Afrikaanse naam besluit sou word.

1995c). Van die tegniese adviseurs van die betrokke temakomitee het die onderneming om vas te stel of gehoorgestremde persone inderdaad ook aanspraak kan maak op gelyke behandeling in terme van bepalinge van die beoogde Handves vir Menseregte. Die betrokke voorstel is toe aan die konstitusionele komitee van die GV vir oorweging deurgestuur (SAPA 1995b).

In 'n onderhoud met die *Natal Witness* (waarskynlik na aanleiding van die ANC-aankondiging) wat op **29 Augustus 1995** verskyn, noem 'n verslaggewer dat DFSA (die naam van die betrokke woordvoerder word nie vermeld nie) skynbaar beklemtoon dat Dowes hulleself nie as gestremd beskou nie, maar as lede van 'n afsonderlike kulturele groep wat aanspraak kan maak op dieselfde regte as horendes en derhalwe ook op die erkenning van SAGT as amptelike taal (*Witness*-verslaggewer 1995). Twee verdere berigte wat ook waarskynlik in reaksie op die betrokke aankondiging verskyn het, vermeld die voorbehoud van opposisiepartye omtrent die voorstel. Onder meer het Piet Marais van die NP gewonder oor die praktiese haalbaarheid van die verampteliking van SAGT aangesien dit vir hom nie duidelik was nie of ons hier met 'n taal of met "... 'n blote tegniek" te make het. Volgens Marais kon daar vir "... dowe en Hardhorendes [*sic*]" in die beoogde Handves van Menseregte voorsiening gemaak word (SAPA 1995b; 1995e). In reaksie op sy voorbehoud is vanuit ANC-oord beweer dat die taal 'internasionaal' is, terwyl uit African Christian Democratic Party (ACDP)-geledere gevra is of daar nie meer mense met ander vorms van gestremdheid is waarvoor ook voorsiening gemaak moet word nie. Ook die getallekwessie het in die vermelde twee berigte opgeduik toe die ANC na die "... ten minste 4 miljoen" [*sic*] gebruikers van 'gebaretaal' verwys het. 'n Regsadviseur van die betrokke temakomitee van die GV het ten besluite aangekondig dat die kwessies ondersoek sou word en dat die voorstel vir verdere debat en onderhandeling verwys word.

Met die aanvang van Dowebeewustheidsweek op **1 September 1995** het die GV besluit om die hele kwessie van amptelike tale na die spesiale Subkomitee van die Grondwetlike Komitee te verwys (GB 1995f; SAPA 1995d). Die berigte vermeld ook 'n skrywe deur Claire Penn van Wits omtrent die status

van “... gebaretaal” as volwaardige taal en dat besluit is dat die betrokke Subkomitee spesialisgetuienis oor die erkenning van die taal as amptelike taal moet aanhoor en insluit by die omvangryke terugvoer wat oor die grondliggende bepalings van die Grondwet (hoofstuk 1 van die 1996-Grondwet) ontvang is en wat die Grondwetlike Komitee uiteindelik moet oorweeg (GV 1995a).

Later gedurende dieselfde maand, volgens GHSA (2023) op **19 September 1995**, word ’n voorgestelde konsepteks vir die eerste Grondwet gefinaliseer. Die teks word in die GV se nuusbrief van 8–21 September 1995 bekendgestel (GV 1995b). Die in daardie stadium voorgestelde taalklousule verteenwoordig ’n nogal opvallende vereenvoudiging van die bewoording van die 1993-Grondwet se amptelike taalbepalings, maar maak nogtans voorsiening vir die behoud van die 11 amptelike tale. Twee groot veranderings kom tog voor, te wete die insluiting van ‘gebaretaal’ as 12de amptelike taal en die verwydering van PanSAT uit die taalklousule.

Ook verneem ons van ’n pamflet³ wat ’n ‘tweetalige benadering’ in dowe onderwys propageer wat DFSA **gedurende 1995** sirkuleer het (Heap 2003:10), waarskynlik in samehang met Dowebeewustheidsweek 1995.

Die weglating van bepalings oor PanSAT uit die September-konsep van die nuwe Grondwet is nogal verbasend, gesien die gelyklopende wetgewende proses wat ondertussen al ver gevorder was om ingevolge artikel 3 van die 1993-Grondwet so ’n raad deur middel van ’n afsonderlike wet tot stand te bring. Volgens Heugh (1995) is die PanSAT-wet gedurende **September 1995** deur die Parlement aanvaar. Die wet word op **4 Oktober 1995** dan ook bekragtig (RSA 1995), die eerste sodanige wet oor ’n taalraad vir Suid-Afrika. Veral uitsonderlik wat SAGT betref, is die feit dat die wet die vroegste wetlike vermelding van ‘gebaretaal’ in Suid-Afrikaanse wetgewing bevat, by implikasie die vroegste wetlike (amptelike) erkenning van die taal. Artikel 8(8)(b) van die PanSAT-wet sluit naamlik ‘gebaretaal’ (let wel nie by name SAGT nie) in by ’n bepaling wat handel oor die oprigting van taalliggame om die Raad oor taalaangeleenthede

3 Die juiste besonderhede word ongelukkig nie verskaf nie.

te adviseer. Dit is opvallend dat die taal nie ook in van die ander bepalinge soos artikel 3(a)(v) van die wet vermeld word nie. Laasgenoemde handel oor die bevordering van respek vir tale anders as die amptelike tale wat in die Republiek gepraat word asook oor die aanmoediging van die gebruik van die aangeduide tale onder gepaste omstandighede. Nietemin is die erkenning van 'gebaretaal' in terme van die Raad se taalliggame 'n belangrike verwikkeling gesien teen die agtergrond van die 1993-Grondwet se verswyging van die taal. 'n Mens moet kennis neem dat in daardie stadium in Suid-Afrika daar nog onsekerheid bestaan het oor die hele kwessie van 'gebaretaal', vandaar die generiese verwysing in die PanSAT-wet. Dit is nogtans vreemd dat die generiese verwysing na die taal nie met die deurvoering van die *Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1999* reggestel is nie (RSA 1999b).

Gedurende **November 1995** word 'n opsomming van die eerste weergawe van die Werksteks – daar was uiteindelik altesaam ses weergawes – van 'n konsep- nuwe Grondwet (GV 1995d) bekendgestel en op **22 November 1995** as deel van 'n toeliggende publikasies oor grondwette en die demokrasie in al 11 amptelike tale regdeur die land versprei (GV 1996:70). Die volledige teks, onder meer vergesel van grafiese toeliggings, word terselfdertyd in 'n spesiale uitgawe van die GV se nuusbrief, *Constitutional Talk*, bekendgestel, aanvanklik slegs in Engels en vanaf middel Desember in al 11 landstale (GV 1995e). Opvallend omtrent die eerste weergawe van die Werksteks is dat die taalklousule (nou artikel 6) nog nie gefinaliseer is nie. Drie opsies word vir oorweging voorgestel. Al drie kondoneer die 11 amptelike tale van die 1993-Grondwet, maar sluit – teenstrydig met die September-voorstel en ten spyte van al die stemmemakery daaromtrent – opvallend níé SAGT as 'n 12de amptelike taal in nie. SAGT word wel in die eerste van die drie opsies vermeld deurdat 'gebaretaal' by die groep tale wat deel van PanSAT se taalmandaat vorm, ingesluit word. PanSAT word darem nou weer vermeld.

Gedurende **Desember 1995** neem ons kennis van 'n suksesvolle internasionale kongres oor doofheid wat in Worcester plaasgevind het en waar nogeens op die verampteliking van

SAGT aangedring word. In sy terugvoer oor die betrokke geleentheid noem Johan Hamilton, destydse uitvoerende direkteur van Worcester se bekende Instituut vir Dowes (later die NID) pertinent dat die amptelike erkenning van 'gebaretaal' as een van die konkrete voorstelle en aanbevelings van hierdie internasionale geleentheid voortgespruit het (Wessels 1995). In antwoord op 'n vraag van *Rapport* se Phil Zaayman 'n dag later op **12 Desember 1995** oor hoe ver met planne gevorder is om 'Dowetaal' [sic] erken te kry, gee Hamilton wel toe dat dit "... nogal 'n stryd" is. Hy verwys pertinent na die skeptisisme wat onder sommige onderhandelars oor die status van 'gebaretaal' as taal bestaan het, maar benadruk nogtans die belang van die verampteliking van die taal vir die Dowegemeenskap. Vir hom kan verampteliking help om die toeganklikheidsbehoefte van Dowes in die samelewing te bevredig, hulle onderwys 'n hupstoot gee en hul beroepsgeleenthede vermeerder (Zaayman 1995). Hier nogeens getuie oor die veridealisering van taalverampteliking.

'n Paar dae later, op **15 Desember 1995**, publiseer *Democracy in Action*, 'n nuusblad van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa) 'n onderhoud wat Nigel Crawhall van die NTP in Kaapstad met twee sogenaamde 'Dowe taalaktiviste' gevoer het, te wete Kobus Kellerman, toe die direkteur van DFSA en Wilma Newhoudt (tans Newhoudt-Druchen), Suid-Afrika se eerste Dowe parlementariër. Die kernvraag wat aan die bod gekom het, was die veelbesproke een van of doof wees 'n gestremdheid- of 'n minderheidstaalkwessie is. Al twee woordvoerders het die status van die Dowegemeenskap as kulturele minderheid benadruk en daarmee saam die erkenning van hulle taal- en menseregte as basiese regte. Voortvloeiend hieruit het albei woordvoerders beide die belang van die amptelike erkenning van 'gebaretaal' as taal en as amptelike taal benadruk (Crawhall 1995). 'n Meegaande demografiese opgaaf oor Dowes wat *Democracy in Action* op grond van inligting verkry van DFSA in dieselfde uitgawe insluit, is insiggewend. Hiervolgens het DFSA in daardie stadium nie soos die ANC op vier miljoen gebruikers van gebaretaal aanspraak gemaak nie, maar eerder meer konserwatief met 'n beraming van 1,6 miljoen gebruikers

gewerk, na raming 400 000 Doves en 1,2 miljoen “... persone met ernstige gehoorverlies” (DiA 1995). In hoofstuk 2 is verwys na Druchen (2007) se aanvanklike aanspraak by die GHK op een miljoen Dowe gebruikers van SAGT, wat hy toe by navraag moes kwalifiseer as een miljoen DHH-gebruikers.

’n Week later, op **21 Desember 1995**, kry ons ’n verdere aanduiding van die toenemende bewustheid omtrent die noodsaak aan die erkenning van SAGT (en wel dié keer by name) wat nou ook in owerheidskringe aandag begin geniet het. Die taal word ingesluit by die ondersoek omtrent ’n toekomstige taalplan vir Suid-Afrika wat deur die TPTK van die destydse minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie aankondig word (Ngubane 1996). Onder leiding van die befaamde Neville Alexander word die taakspan getaak met ’n ondersoek na ’n geskikte taalplan vir Suid-Afrika. Die taakspan word saamgestel uit agt subkomitees wat die volgende terreine moes ondersoek:

1. Taalbillikheid
2. Taalontwikkeling
3. Taal in onderwys
4. Geletterdheid
5. Taal in die Staatsdiens
6. Sogenoemde erfenistale, Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Alternatiewe en Aanvullende Kommunikasie (AAK)
7. Billike en wydverspreide taaldienste
8. Taal as ’n ekonomiese hulpbron.

Dit is opvallend dat SAGT (weliswaar nou só benoem) prominent voorkom as studie-onderwerp van subkomitee 6. Uit die TPTK-verslag sal later blyk dat SAGT ook prominent ter sprake gekom het tydens die werksaamhede van subkomitee 8.

Ses weergawes van die Grondwetlike Werksteks later word die nuwe Grondwet op **8 Mei 1996** deur die Parlement aanvaar, waarna dit na die Grondwethof vir die sertifiseringsproses verwys word (GHSA 2023).

Wat die taalklousule betref, word volstaan met die 11 amptelike tale van die 1993-Grondwet, met die een groot verskil

dat Pedi⁴ nou Noord-Sotho (Sesotho sa Leboa) vervang, 'n kwessie waaroor eerder al 'n kontroversie ontstaan het (Brown 1991) en wat mettertyd ook op die agenda van die GHK sou beland (GHK 2009), waaroor later in die huidige studie berig word. Ook word weggedoen met die alfabetiese volgorde van die gelyste amptelike tale van die 1993-Grondwet sodat Afrikaans en Engels nou nie meer prominent in die lysie verskyn nie en na die middel verskuif het. Van groter betekenis is die verwickeling dat weggedoen is met die beginsel van taalgelykberegting wat nog in die 1993-Grondwet gehandhaaf is. In die plek daarvan kom twee nuwe en meer abstrakte taalhanteringsnorme, te wete "... billike behandeling" in terme van "... gelykheid van aansien". Voorts word PanSAT in die taalklousule behou, maar is die bewoording omtrent die rol van die Raad gewysig om klem te lê op taalbevordering en-ontwikkeling. Laastens is dit verrassend dat niks gekom het van die September-1995 voorstel omtrent 'gebaretaal' as 12de amptelike taal nie, maar word volstaan met die insluiting van die taal by PanSAT se taalmandaat (RSA 1996c). Die stap is nietemin betekenisvol aangesien, soos reeds uitgewys, Suid-Afrika hiermee die leiding geneem het omtrent die regserkenning van 'n nasionale gebaretaal deur middel van 'n land se grondwet.

Nieteenstaande die feit dat die 1996-Grondwet opvallend nie SAGT as amptelike taal erken nie, het die Dowes hierna wel veel meer in die beperkte bepaling omtrent SAGT ingelees as wat met artikel 6(5)(a)(iii) bedoel word. Druchen (2014:79) maak byvoorbeeld daarop aanspraak dat die Suid-Afrikaanse Grondwet "... erken dat SAGT die amptelike taal [*sic*] van Dowe Suid-Afrikaners is", sekerlik 'n sinspeling op die kwessie waarna Magongwa (1993) vroeër verwys het. Die opvatting bevestig die verwarring wat kan ontstaan omtrent die begrippe 'wetlike erkenning' of 'amptelike erkenning' van 'n taal teenoor 'erkenning as amptelike taal'.

Waar die 1993-Grondwet 'n nuwe orde van 11 amptelike tale op nasionale vlak ingelui het, vergesel van 'n taalbestuursmodel geskoei op die lees van pre-1994 grondwette, kom die 1996-Grondwet vorendag met 'n totaal nuwe en hoogs

4 Kyk Ziervogel, Lombard & Mokgokong (1969).

idealistiese taalbestuursraamwerk wat heel spoedig as haas onuitvoerbaar sou blyk te wees. Trouens, waar 'n mens nog die 1993-taalklousule as 'n soort kompromie tussen die pre-1994 hoofstroom- en progressiewe denke rondom taal sou kon beoordeel het, val dit op dat die taalbeleidnorme van die 1996-Grondwet eerder die sentimente van die Charteriste se taalsiening begin reflekteer. Die taalklousule open die weg na 'n egalitaristiese taalbestel waar van die 11 statutêre amptelike tale, ten minste nege grootliks simboliese ampteliketaalstatus geniet en hoofsaaklik een amptelike taal, naamlik Engels, as amptelike werkstaal aangewend word en daarnaas soms nog Afrikaans, soos die tweetalige NasVIS-vorms⁵ vir padveiligheid van getuig (NasVIS 2020).

Waarskynlik teleurgestel deur die weglating van SAGT as 12de amptelike taal en aangespoor deur die momentum rondom die relatief suksesvolle veldtog oor regserkenning vir die taal tot in daardie stadium, benader DFSA hierna “... **gedurende 1996**”⁶ vir PanSAT met 'n amptelike versoek om SAGT as amptelike taal erken te kry (GKNVNRvP 2009). Gegewe PanSAT se beperkte grondwetlike mandaat met betrekking tot slegs taalbevordering en-ontwikkeling is dit onduidelik waarom DFSA die stap geneem het, aangesien PanSAT hoogstens advies hieromtrent aan die korrekte parlementêre instansie sou kon gegee het. DFSA se versoek het (vanselfsprekend) op niks uitgeloop nie (GKNVNRvP 2009). Streek (1999) rapporteer dat PanSAT in daardie stadium nie bereid was om aan te dring op die verampteliking van die taal nie. Ons sal tydens die tweede poging tot die verampteliking van SAGT in 'n latere hoofstuk agterkom om welke redes PanSAT die standpunt gehuldig het. Nietemin was die Raad wel van mening dat SAGT beslis as “... die natuurlike taal” van die Dowegemeenskap binne Suid-Afrika se meertalige konteks ontwikkel behoort te word.

Op **24 April 1996** word die Onderwyswet (RSA 1996a) geproklameer. Ten spyte daarvan dat soos in die geval van sy 1995-Witskrif daar geen verwysing na SAGT – trouens, na enige spesifieke taal – in die wet voorkom nie, bevat artikel 4(d) 'n

5 NasVIS is 'n akroniem vir Nasionale Verkeersinligtingstelsel.

6 Die presiese datum is onbekend.

belangrike bepaling wat op die onderrig van Dowe persone en oor die algemeen PGV betrekking het. Die artikel bepaal naamlik dat die onderwysbeleid wat in die voorafgaande artikel 3 voorsien word, en wat onder meer oor taalbeleid in die onderwys handel, daarna moet streef om te verseker "... dat geen persoon die geleentheid ontsê word om onderwys tot die maksimum van sy of haar vermoë te ontvang weens 'n fisiese gestremdheid nie". Naas die belangrike beginsel van inklusiwiteit bevat die wet soortgelyke beginsels oor taal, dit is wat betref die reg op onderrig in die taal van die leerder se keuse (artikel 4[a][v]), die reg om 'n skool op grond van gemeenskaplike taal, kultuur en religie op te rig (artikel 4[a][vii]) en die reg om die taal van jou keuse binne 'n onderwysinstelling te gebruik en daar aan die kulturele lewe van jou keuse deel te kan neem (artikel 4[a][viii]). Hiermee lê die Onderwysbeleidwet die erkenning van LMRs binne die onderwys vas, 'n betekenisvolle stap vir alle skoolgaande liede in Suid-Afrika, insluitende DHH-persone. Die wet berei uiteraard die weg voor tot die aanvaarding van die Skolewet teen die einde van die jaar.

Op **29 Junie 1996** word die bevindinge en aanbevelings van al agt TPTK-subkomitees by 'n nasionale beraadslagende kongres behandel. Een van die verrassende elemente van die kongres is die skielike prominensie wat SAGT by die geleentheid geniet het. Reagan en Penn (1997:2) skryf dat DFSA die prominensie as "... 'n groot deurbraak" vir die erkenning van die taal beskou. Nie net het die taal as onderwerp by die besprekings van die verslae van die twee eerder gemelde subkomitees aandag geniet nie; dit het ook by nog drie verdere subkomitees ter sprake gekom. Ook was SAGT 'n pertinente tema in die openingstoespraak en is al die verrigtinge deurgaans na SAGT getolk. Weens die unieke plasing van gebaretaalolke by sulke geleenthede (heel sigbaar, naby aan of op die verhoog) en hulle visuele asook ouditiewe optrede (wanneer hulle byvoorbeeld vir 'n Dowe spreker na Engels tolk met behulp van 'n mikrofoon en klankversterking) het die taal visuele prominensie geniet. Volgens die betrokke outeurs staan die geleentheid uit as "... die begin van 'n nuwe era vir die erkenning van hierdie taal en van dowe [*sic*] kultuur in hierdie land. In 'n kort tydperk het Gebaretaal [*sic*] beweeg

van 'n posisie van relatiewe onbekendheid en onderdrukking na een met status en erkenning" (Reagan & Penn 1997:2).

Op **8 Augustus 1996** word die finale TPTK-verslag bekendgemaak (DKKWT 1996). Benewens die individuele verslae van die agt werksgroepe bevat die verslag 'n stel oorhoofse aanbevelings wat meer bepaald 'n aantal belangrike aanbevelings met betrekking tot SAGT insluit. Die aanbevelings verteenwoordig 'n samevatting van die meer gedetailleerde aanbevelings van elke subkomitee en het betrekking op kort- en langtermynmaatreëls wat getref moet word.

Wat korttermynmaatreëls omtrent SAGT betref, word aanbeveel dat druk op die staats- en private media geplaas moet word om gelykwaardige tyd af te staan aan alle amptelike tale en om waar toepaslik 'Gebaretaal' [sic] en ander tale te gebruik. Al het dit nie direk betrekking op SAGT nie, word ook aanbeveel dat 'n telefoontolkdiens wat herlei-tolkdienste vir Doves insluit so gou as moontlik gevestig word (DKKWT 1996:2,4). Wat langtermynmaatreëls met betrekking tot SAGT betref, word aanbeveel dat strategieë vir die verbetering van die status van Histories Gemarginaliseerde Inheemse Tale (HGITs) uitgewerk word, met inbegrip van en by name 'South African Sign Language'[!], die erfenistale en aanvullende en alternatiewe kommunikasiestelsels, onder meer Braille. Ook moet ongeletterdheid deur geletterdheidsveldtogte in en onderwysprojekte vir die sogenaamde 'Afrikatale' [sic] en SAGT uitgewis word (DKKWT 1996:5).

Die prominensie wat SAGT rondom die hele TPTK-onderzoek geniet het en die voorstelle omtrent die taal wat in die eindverslag vervat word, bevestig dat die taal teen daardie tyd beslis 'n item op die nasionale taalgenda geword het. Die kampvegters vir SAGT sou sekerlik die tendens vorentoe vir hulle doel kon benut.

Tydens **September 1996** se Dowebeewustheidsweek word die belang daarvan om 'gebaretaal' as 12de amptelike taal te erken nogeens in 'n persverklaring deur DFSA herhaal. Volgens die verklaring sal sodanige erkenning verseker dat gebaretaaltolke deur die staat gesubsidieer en ook meer televisieprogramme in die taal beskikbaar gemaak word. Die

ooreenkoms met sommige van die TPTK se aanbevelings is sekerlik nie toevallig nie! Die betrokke joernalis wat hieroor berig, kontekstualiseer die betrokke persverklaring aan die hand van *Democracy in Action* se syfers oor DHH van die vorige jaar (Motsisi 1996). Sy wys daarop dat die nuwe Grondwet wat gedurende 1996 deur die Grondwethof oorweeg is nie net 'n volledig nuwe taalklousule bevat nie, maar ook vir die eerste keer in die land se geskiedenis 'n Handves van Menseregte (hoofstuk 2 van die Grondwet).

Soos in 'n latere afdeling in meer besondere behandel word, bevat die Handves 'n hele aantal sogenaamde LMRs waaronder die reg op onderrig in die **amptelike taal of tale** van jou keuse soos bepaal in artikel 29(2) van die Grondwet; van al die taalregte vervat in die Handves die enigste reg wat aan 'n amptelike taal gekoppel kan word. Gegewe die klem wat verskeie kampvegters tydens die totale veramptelikingsveldtog op die belang van SAGT as amptelike taal vir die onderwys gelê het, spreek dit vanself dat die weglating van SAGT as 12de amptelike taal vir Dowes as kwelpunt geïdentifiseer is; ook al vanweë die vermelde denkpatroon omtrent 'n verbeelde kousale verband tussen amptelike taal en onderwys taal waarop eerder gewys is.

Die kwellung word wel onmiddellik ondervang met die aanvaarding op **6 November 1996** van die bepaling oor SAGT se amptelike status in die Skolewet (RSA 1996b), waarskynlik deels as 'n kompromie bedoel nadat die GV teen sommige se verwagting in tog nie amptelike erkenning aan die taal as 12de amptelike taal deurgevoer het nie.

Die 1996-verampteliking van SAGT in die onderwysdomein, hoewel beperkte amptelike status, verteenwoordig die eerste konkrete uitkoms van die volgehoue stryd vir die verampteliking van SAGT. Artikel 6(4) van die Skolewet bepaal dat 'n "... erkende Gebaretaal [*sic*]" vir die doeleindes van leer aan openbare skole die status van amptelike taal geniet. Volgens die hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Grade O tot 10 is PanSAT die instansie wat vir sodanige erkenning verantwoordelik is (DvO 2002:19-20).

Hoofstuk 5

Met die amptelikeverklaring ondervang die Skolewet enige vrae omtrent die bepaling van artikel 29(2) van die Grondwet oor vryheid van keuse van onderwys in die amptelike ta(a)l/e van jou keuse, asook die bepalings van artikel 4 van die Onderwyswet (RSA 1996a), wat selfs verder gaan en vryheid van keuse in die taal van jou keuse toelaat; dit natuurlik wat betref 'n leerder se keuse van SAGT as onderrigtaal.

Wat betref taalvak. Binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kan 'n taal wat as amptelike taal erken word as voertaal in openbare skole aangewend word, maar ook as taalvak, om hetsy as huistaal en addisionele taal (eerste en tweede addisionele taal) onderrig word (DBO 2011:8). Nieamptelike tale mag volgens die nasionale kurrikulum (wat eers later aanvaar is) slegs as tweede addisionele tale onderrig word (DBO 2021a). Die TiOB van 1997 wat straks ter sprake kom, werp meer lig op taal as vak. Van belang is die feit dat die verampteliking van SAGT in die onderwysdomein die weg geopen het vir die ontwikkeling van taalkurrikula op dieselfde vlak as die ander amptelike tale, iets wat soos ons later sal sien verrassend genoeg nie so deur die betrokke minister begryp is nie.

Die Skolewet se gedeeltelike verampteliking van SAGT as onderwystaal is kennelik een van die besonderse mylpale van die eerste poging tot die verampteliking van SAGT en is beslis 'n veertjie in die hoed van die betrokke veldtogvoerders. Hiermee gee die wetgewer kennelik uitdrukking aan die heersende sentimente omtrent regserkenning vir SAGT, veral binne onderwysverband. Uiteindelik het die volgehoue druk op die owerhede en besluitnemers nie op niks uitgeloop nie en is die dringende noodsaaklikheid aan voldoende erkenning in die onderwys in beginsel ondervang. Soos reeds op gesinspeel, is die kritieke vraag hieromtrent of alle rolspelers die werklike omvang van die implikasies van die gedeeltelike verampteliking ten volle begryp het, 'n kwessie wat weldra meer pertinent onder die loep geneem word.

Die geval van DFSA se gebaretaalkurrikulum wat **gedurende 1996** (waarskynlik na die aanvaarding van die Skolewet) ontwikkel en aan die destydse DvO voorgelê is, dien

as vroeë voorbeeld van die heersende mate van onbegrip oor die implikasies van die betrokke verampteliking. DFSA het op eie inisiatief die kurrikulum vir SAGT Vlakke 1–3 ontwikkel (DFSA 1996). Dit is verstommend dat geen erkenning aan hierdie (of die latere 1997-weergawe – kyk hieronder) kurrikulum in die uiteindelige *SAGT Huistaal kurrikulum* (DBO 2021b) voorkom nie. Hoewel Umalusi in sy 2018-verslag oor gehalteversekering by die onderrig en assessering van SAGT (as huistaal) ’n terloopse verwysing na ’n gebaretaalkurrikulum van DFSA in sy bronnelys opneem, het daar kennelik nie veel van DFSA se inisiatief gekom nie. Morgan, Glaser en Magongwa (2016:16) wys ons daarop dat DFSA die kurrikulum gedurende 1996 ontwikkel en aan die betrokke departement voorgelê het. Volgens die betrokke outeurs is die kurrikulum gewoon geïgnoreer.

’n Tweede geval is die 2009-litigasie rondom SAGT as voertaal en taalvak waarin die betrokke departement se totale gebrek aan aksie blootgelê is, ’n kwessie wat later behandel word (om nie die saak vooruit te loop nie).

Aan die ander kant en op ’n positiewe noot stel die destydse minister van Onderwys (by name Kader Asmal) gedurende **November 1996** die Nasionale Kommissie oor Spesiale Onderwysbehoefte en Opleiding en die Nasionale Komitee vir Onderwys-ondersteuningsdienste aan om ondersoek in te stel na die omvang van “... uitsonderlike behoeftes” en steundienste in onderwys en opleiding in Suid-Afrika. Hiermee wil die minister ’n basis vestig wat kan help om ’n onderwysstelsel te ontwikkel wat sal verseker dat beter gereageer word op die diverse behoeftes van alle leerders (DvO 1997b:2, 5). Werkzaamhede het gedurende Januarie 1997 begin en ’n verslag is in November 1997 bekendgestel.

Op **4 Desember 1996** sertifiseer die Grondwethof die 1996-Grondwet waarna die President dit op **10 Desember 1996** bekragtig. Dit word op **18 Desember 1996** gepromulgeer en het op 4 Februarie 1997 in werking getree (GHSA 2023).

Opvallend omtrent die eerste poging tot verampteliking is die feit dat die resultate wat bereik is op die oog af nie deur direkte voorleggings van die SANRD of DFSA aan die GV gegaard gegaan het nie. Wel is daar sporadiese getuienis wat daarop dui

dat heelwat agter die spreekwoordelike skerms plaasgevind het en dat Dowe organisasies 'n rol gespeel het by die veldtog om regserkenning. Een van hulle grootste suksesse is dat hulle die ANC kon oortuig het van die belang van verampteliking vir SAGT wat uitgeloop het op die eerste konkrete voorstel hieromtrent aan 'n wetgewende instansie van Suid-Afrika en uiteindelik op verampteliking in die onderwys as kompromie. Al is die voorstel oor volle verampteliking nie deur die GV aanvaar nie, is wel veel bereik met betrekking tot regserkenning vir SAGT.

Vanuit die oogpunt van wetlike erkenning staan die insluiting van 'gebaretaal' as een van die landstale waarvoor 'n PanSAT-taaladviesliggaam opgerig moet word, die insluiting van die taal by PanSAT se taalmandaat in die 1996-Grondwet asook die verampteliking van die taal in die onderwys uit as die drie grootste prestasies met betrekking tot regserkenning tussen 1993 en 1996. Die mylpale verteenwoordig derhalwe konkrete uitkomst van die eerste poging tot die verampteliking van SAGT. Die drie gevalle van regserkenning is soortgelyk aan die erkenning van hulle nasionale gebaretaal deur VN-lidstate wat die WFD-lys vermeld (WFD 2025) en verbeter selfs daarop.

Terugskouend beskou, is inderdaad binne die bestek van slegs drie jaar gevorder vanaf 'n 1993-Grondwet wat nog geen melding van Kas Landman se 'tekentaal' (DKKWT 1996:20) maak nie tot by drie betekenisvolle stappe om gebaretaal wetlik te erken in drie afsonderlike wette, die PanSAT-wet van 1995, die Grondwet van 1996 en die Skolewet van 1996.

Al het die kampvegters vir die verampteliking van SAGT nie alles gekry waarvoor hulle deurlopend 'n veldtog gevoer het nie, is nogtans veel bereik en kan die jaar 1996 sekerlik as 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die taal beskou word, veral wat betref die verampteliking van SAGT in die onderwys. Soos ons gesien het, is die rol van SAGT in die onderwys een van die kwessies wat die Dowe organisasies vanuit die staanspoor as prioriteit beskou het. Hulle is beslis beloon vir hulle veldtog hieromtrent.

Met die drie besondere wetlike mylpale in gedagte sou 'n mens kon verwag dat gedurende die volgende klompie jare klem op implementering gelê sou word. Die vraagstuk kom

aan die bod in 'n volgende hoofstuk. Alvorens ons daartoe oorgaan, is dit belangrik om vir 'n oomblik stil te staan by twee kontekstuele kwessies omtrent die 1996-mylpale, te wete die wetlike raamwerk waarbinne post-1996 TBP oor die algemeen sou plaasvind en die wetlike raamwerk vir taalregte. Die twee kwessies kom vervolgens aan die bod. Daarna word gekyk na 'n veronderstelde post-1996 taalbeplanningsagenda vir SAGT.

5.4 Die wetlike raamwerk vir post-1996 taalbeleid en -beplanning

5.4.1 Inleiding

Sentraal in ons begrip van die wetlike raamwerk waarbinne TBP in Suid-Afrika voorkom, is die taalbepalings van die Grondwet.

Die Grondwet bevat twee stelle taalbepalings. Artikel 6 van hoofstuk 1 of die sogenaamde taalklausule (Malan 2012) bevat bepalinge omtrent die amptelike tale en meer bepaald oor die bestuur van die tale, maar ook bepalinge omtrent die hantering van nieamptelike tale. Hierteenoor staan die taalbepalings van hoofstuk 2, die Handves van Menseregte se bepalinge wat betrekking het op LMRs soos Skutnabb-Kangas en Phillipson (1995) dit sal tipeer. Afgesien van artikel 29 wat oor LMRs in die onderwys handel, is taalregte universeel van aard en daarom nie direk verbind aan die land se amptelike tale nie. Aspekte van die twee stelle taalbepalings word vervolgens behandel.

5.4.2 Die taalbepalings van die taalklausule

Tot en met die Julie 2023-grondwetwysiging het die 1996-taalklausule soos volg gelui:

Tale

6. (1) Die amptelike tale van die Republiek is Sepedi, Suid-Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa en Zulu.
- (2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls

Hoofstuk 5

tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.

- (3) (a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.
 - (b) Munisipaliteite moet die taalgebruike en -voorkeure van hul inwoners in aanmerking neem.
- (4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalings van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.
- (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet
 - (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van –
 - (i) alle amptelike tale
 - (ii) die Khoi-, Nama- en Santale; en
 - (iii) gebaretaal;
 - (b) en respek bevorder en verseker vir –
 - (i) alle tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en
 - (ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika vir godsdienstdoeleindes gebruik word (RSA 1996c).

Wat uitstaan omtrent die 1996-taalklousule is die onderskeid wat gemaak word tussen verskillende kategorieë tale, te wete amptelike tale, inheemse tale en 'n breë groep amptelike sowel as nieamptelike tale wat deel vorm van PanSAT se taalmandaat. 'n Tweede aspek is die vermelding van verskillende taalbestuursinstansies, te wete die staat, nasionale en provinsiale regering, munisipaliteite en PanSAT en hulle spesifieke taalmandate met betrekking tot die toepassing van die taalbepalings. Die kwessies word vervolgens behandel.

5.4.3 Taalgroeperinge in die taalklousule

Die taalklousule identifiseer oorhoofs drie taalgroeperinge, te wete amptelike tale, inheemse tale en erfenistale (met inbegrip van gemeenskapstale). Binne die groepering inheemse tale word drie subgroeperings onderskei, te wete die Sintutale en Afrikaans, die Khoi- en Santale en "... gebaretaal":

- I Amptelike tale – artikel 6(1)
- II Inheemse tale – artikel 6(2)
 - II.1 Die Sintutale en Afrikaans
 - II.2 Khoi-, Nama- en Santale – artikel 6(5)(a)(ii)
 - II.3 gebaretaal [*sic*] – artikel 6(5)(a)(iii)
- III Erfenistale
 - III.1 Gemeenskapstale of tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word – artikel 6(5)(b)(i)
 - III.2 Erfenistale of tale wat vir godsdienstdoeleindes gebruik word – artikel 6(5)(b)(ii).

Al berus die groeperings nie op wetenskaplike gronde nie vorm hulle wel die onderskeidende basis van verskillende taalmandate en taalhanteringsopdragte.

5.4.3.1 Die amptelike tale

Die taalklousule is die laaste van die grondliggende bepalinge van hoofstuk 1 van die Grondwet en volg direk op die twee artikels wat handel oor die Republiek van Suid-Afrika (RSA)

se nasionale simbole, te wete die volkslied of nasionale lied (artikel 4) en nasionale vlag (artikel 5). By implikasie bestaan daar derhalwe 'n verband tussen die twee bepalings en die taalklousule, meer bepaald artikel 6(1), waarin die sogenaamde amptelike tale gelys word.

Konvensioneel gesproke verwys die term 'amptelike taal' na die aangewese taal (of tale) wat vir regeringsdoeleindes aangewend word, hetsy wetgewend (deur wetgewers), uitvoerend (deur staatsdepartemente) of geregtelik (deur howe) (Currie 2005:65-5). Volgens Currie (in Roederer 2005:13-8) is die ampteliketaalverklaring van artikel 6(1) grootliks simbolies van aard en dien die amptelike tale strenggesproke as simbool van die sogenaamde reënboognasie. In hierdie opsig behoort artikel 6(1) inderdaad saamgelees te word met die twee voorafgaande artikels oor nasionale simbole. Currie argumenteer dat enige taalregte opgesluit in artikel 6 nie regverdigbaar is nie en dat die betrokke taalbepalings daarom eerder as nieregverdigbare direkteie geles behoort te word. Roederer (2005:13-26) beklemtoon insgelyks die aspirerende aard van die taalbepalings wat in artikel 6 opgeneem is.

Ingevolge sodanige vertolkings sou dit meer van pas gewees het indien artikel 6(1) 'n verklaring omtrent Suid-Afrika se 'nasionale tale' bevat het eerder as 'n verklaring omtrent amptelike tale wat tegnies gesproke grootliks simbolies van aard is, aangesien daar geen vereiste bestaan dat al die gemelde tale op gelyke voet behandel behoort te word nie en daar nie opeisbare taalregte aan hulle toegeken is nie. So 'n siening van die ampteliketaalverklaring strook inderwaarheid met Cooper (1989:100-104) se onderskeiding van drie ampteliketaaltipes, te wete statutêre amptelike tale, amptelike werkstale en simboliese amptelike tale. Statutêre tale sluit alle wetlik amptelik verklaarde tale in, tale wat nie noodwendig almal as amptelike werkstale vir regeringsdoeleindes gebruik word nie. Aspekte van die taalbeleid van die EU bied 'n goeie voorbeeld van so 'n onderskeid: van die Unie se 20 amptelike tale gebruik die Europese Kommissie drie werkstale, te wete Frans, Duits en Engels en die Internasionale Geregshof hoofsaaklik een: Frans (Gazzola 2006:397). By implikasie is die oorblywende

amptelike tale binne die twee instellings wat die Europese Unie betref dan slegs simboliese amptelike tale. In die onderskeie lidstate van die Unie word hulle wel as funksionele amptelike tale aangewend.

In die lig van Cooper se tipologie verwys artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Grondwet dan na die land se statutêre amptelike tale, maar op grond van die koppeling met die voorafgaande twee bepalings omtrent nasionale simbole en van die beperkende voorwaardes vervat in artikel 6(3), by implikasie ook na die land se simboliese amptelike tale. Simboliese amptelike tale word nie almal as werkstale aangewend nie maar kan sekerlik vir simboliese funksies aangewend word en simboliese status geniet. Ons sien die simboliese status byvoorbeeld realiseer by die gebruik van die oorblywende 10 (sedert 2023 nou 11) tale vir die name van projekte, soos in die geval van die sogenaamde ‘Masakhane Veldtog’ (DGO 1996); vir titels van beleide, soos byvoorbeeld die *Batho Pele* [‘mense eerste’] *Witskrif oor die Transformasie van Openbare Dienslewering* (DODA 1997); vir name van nuusbriewe en tydskrifte, byvoorbeeld die Departement Basiese Onderwys se nuusbriewe, *Thuto* (DBO 2020), ensovoorts. Vir praktiese doeleindes word Engels meestal as amptelike werkstaal aangewend (en soos later aangedui soms nog ook Afrikaans).

Dit is opvallend dat artikel 3 van die 1993-Grondwet (RSA 1993b) die tale alfabeties lys (alfabeties volgens stam en nie klasvoorvoegsel nie). Verdere grondwette lys die tale op ’n oënskynlik lukrake wyse en verskuif Afrikaans en Engels na die middelste posisie. Daarmee verval die prominensie wat in 1993 aan die twee voormalige nasionale amptelike tale, Afrikaans en Engels, verleen is. Terselfdertyd word ‘Sepedi’ nou in die eerste plek geplaas, gegewe die kontroversie omtrent die taal (wat hieronder aan die orde kom) ietwat van ’n moedswillige plasing.

Soos die vergelyking van die betrokke twee grondwetlike artikels van Tabel 9 uitwys, verskil die lys van die amptelike tale ook in ander opsigte. Ter wille van die vergelyking word die tale in alfabetiese volgorde (en in die taal van die naam) gelys.

Tabel 9: Vergelyking van amptelike tale, 1993, 1996–2023

Amptelike tale van die 1993-grondwet	Amptelike tale van die 1996-Grondwet	Amptelike tale van die 2023-gewysigde grondwet⁷
Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
English	English	English
isiNdebele	isiNdebele	isiNdebele
isiXhosa	isiXhosa	isiXhosa
isiZulu	isiZulu	isiZulu
Sesotho	Sesotho	Sesotho
Sesotho sa Leboa	Sepedi [<i>sic</i>]	Sepedi [<i>sic</i>]
Setswana	Setswana	Setswana
siSwati	siSwati	siSwati
Tshivenda	Tshivenda	Tshivenda
Xitsonga	Xitsonga	Xitsonga
		South African Sign Language

So 'n alfabetiese lysing kom baie naby aan 'n interne ordening bestaande uit voormalige amptelike tale op nasionale vlak (Afrikaans en Engels), Nguni-tale (Ndebele, Xhosa, Zulu), Sotho-tale (Pedi, Suid-Sotho en Tswana) en noordelike minderheidstale (Tsonga en Venda). Swati en SAGT is die twee tale wat die ordening versteur. Swati behoort strenggesproke saam met die Nguni-tale gelys te word. In die gewysigde weergawe van die 1996-Grondwet word SAGT saam met Engels en Afrikaans gegroepeer.

Nog 'n opvallendheid is die verskillende benaminge vir Noord-Sotho: 'Sesotho sa Leboa' in die 1993-Grondwet, maar 'Sepedi' in die 1996-Grondwet, asook in die 2023-Grondwetwysigingswet. Volgens bepaalde taalkenners is die verandering uiters problematies aangesien 'se-Pedi' na die taal van 'n bepaalde noordelike Sotho-sprekende groep persone genaamd die Pedi verwys en is dit nie soos Sesotho sa

7 Die Grondwet Agtiende Wysigingswet 3 van 2023 is amptelik in Engels en Suid-Sotho vrygestel (RSA 2022).

Leboa (Noordelike Sotho) ’n versamelnaam van die taal wat alle noordelike Sotho-sprekendes in Limpopo en omstreke gebruik nie (GHK 2007d). Pedi is hiervolgens strenggesproke ’n dialek van Sesotho sa Leboa. (In Afrikaans word terloops nie na Pedi as ‘Noord-Sotho’ verwys nie.)

Volgens die GHK is ’n klagte omtrent die hele kwessie reeds in 2000 by PanSAT ingedien waarna die Raad dit ondersoek en aanbeveel het dat die 1993-benaming behou moet word (GHK 2017a). Nadat die aanbeveling nie deurgevoer is nie is verdere ontevredenheid gedurende 2005 aangemeld. ’n Jaar later het ook die KLRT-Kommissie tot die gesprek toegetree nadat die GHK versoek is om die saak te ondersoek. Die KLRT-Kommissie het PanSAT se aanbeveling gedurende 2007 by ’n gesamentlike vergadering van die GHK oor die aangeleentheid onderskryf (GHK 2011). Skynbaar is op aanbeveling van die kommissie gedurende 2009 en 2010 openbare verhore oor die kwessie gehou en met rolspelers soos die Huis van Tradisionele Leiers daarvoor beraadslaag. Die uitkomst van die intervensies word nie in die GHK se dokumentering van die hele aangeleentheid vermeld nie (GHK 2017a).

Al die betrokke verwickelinge is op 3 Februarie 2017 grondig by ’n verdere vergadering van die GHK VI bespreek (GHK 2017a). Ironies genoeg kon die komitee nie die kwessie opgelos kry nie. Wel is uiteindelik op ’n vreemde kompromie besluit. Daar is geredeneer dat aangesien die Noord-Sotho-weergawe van die Grondwet wel na ‘Sesotho sa Leboa’ as een van die 11 amptelike tale verwys, die saak na PanSAT verwys word met die opdrag om te sorg dat ingevolge sy taalmandaat ook aan die bevordering van “... hierdie taal” aandag gegee moet word. Verder behels die besluit dat aangesien die Engelstalige weergawe van die Grondwet na die taal as ‘Sepedi’ verwys, dit as die korrekte weergawe aanvaar sal word (PA 2022a).

Oglopens het die besluit nie die aanvanklike klagte ondervang dat die Engelse weergawe van die 1993-Grondwet wél na Sesotho sa Leboa verwys het en dat die benaming uit die Engelse weergawe van die 1996-Grondwet ‘verdwyn’ het nie. In werklikheid is die saak daarom steeds hangende. Ondertussen leef Suid-Afrikaners volgens die meerderheid taalkenners saam

met die feit dat Noord-Sotho in 1993 as een van die 11 amptelike tale van Suid-Afrika erken, maar in 1996 sodanige status ontnem is toe een van sy dialekte om een of ander rede tot amptelike taal verhef is.

Dit is insiggewend dat PanSAT ooreenkomstig die GHK se besluit die nasionale leksikografiese eenheid vir Noord-Sotho die Sesotho Sa Leboa Dictionary Unit noem en dat daar nie een vir Pedi bestaan nie; die een vir Suid-Sotho heet Sesiua sa Sesotho Lexicography Unit (PanSAT 2019:113). Ook blyk dit dat slegs die Engelse weergawe van die grondwet na Sepedi verwys, terwyl in die weergawes van die ander amptelike tale na Sesotho sa Leboa verwys word. Betrokkes het tydens die GHK se vergadering van 2 Junie 2011 na die anomalie as "... 'n vertaalfout" verwys wat reggestel behoort te word (GHK 2011). Die hele geval dui op 'n bepaalde taalpolitieke onderstroming wat die taalnaam Sesotho sa Leboa ten alle koste probeer vermy, interessante stof vir 'n verdere ondersoek.

'n Laaste opvallende kwessie omtrent die lys amptelike tale het betrekking op die skryfwyse van die name vir die nege Sintutale. Die Engelstalige tekste van beide weergawes van die Grondwet wyk af van die konvensie om eksonieme te gebruik ooreenkomstig die skryfwyse van die taal van die betrokke teks, bv. die eksoniem 'Engels' vir 'English' in 'n Afrikaanse teks en 'isiNgisi' in 'n Zulu-teks, 'Suid-Afrikaanse Gebaretaal' in 'n Afrikaanse teks, 'South African Sign Language' in 'n Engelse teks en 'Ulimi wezandla waseNingizimu Afrika' in 'n Zulu-teks, ensovoorts.⁸ Die Engelse tekste van die twee weergawes van die Grondwet neem teenstrydig met die aanvaarbare praktyk die endonieme uit die oorspronklike taal oor, met ander woorde 'isiZulu' in plaas van 'Zulu', 'Sesotho' in plaas van 'Southern Sotho', ensovoorts.

Tegnies gesproke kom die afwyking neer op die afdwing van die skryfkonvensies van een taal op die van 'n ander, by implikasie 'n vorm van taalimperialisme. Een van die nadele van die betrokke praktyk is dat die Engelse leser nie noodwendig sal weet dat byvoorbeeld 'isi-' in Zulu 'n

⁸ Vergelyk ook die Zulu-vertaling van die taalbeleid van die Regeringskommunikasie- en Inligtingstelsel (RKIS 2016).

taalgebonde klasvoorvoegsel is wat enkelvoud aandui by selfstandige naamwoorde van mense en objekte nie en dat die Zulu-endoniem daarom nie die Engelse vorm van die taalnaam verteenwoordig nie. (Dieselfde geld vir die ander Sintutataalname.) In tale soos Engels en Afrikaans bestaan daar nie soortgelyke klasvoorvoegsels by taalname nie. Vandaar dat in Afrikaans die endoniem nie oorgeneem word nie.

5.4.3.2 Die inheemse tale

'n Tweede taalgroepering van die 1996-Grondwet kom voor in artikel 6(2) van die Grondwet waar na "... inheemse tale" verwys word.

Die opvallende omtrent dié taalkategorie is die kwalifisering dat slegs inheemse tale waarvan die gebruik en status histories gesproke 'ingekort' was, betrekking het. 'n Minder lomp beskrywing van die kategorie tale sou wees om na hulle as die *histories gemarginaliseerde inheemse tale* te verwys, soos wat heel gepas in die NTBR gedoen word (DKK 2003a:5).

Dit is wel onduidelik watter 'niegemarginaliseerde inheemse tale' hier uitgesluit word. Currie (2005:65-15) voer aan dat Afrikaans tegnies gesproke vanweë sy oorsprong – en 'n mens kan toevoeg vanweë die feit dat dit 'n Suid-Afrikaanse taal is waarvan die meerderheid sprekers nie van uitheemse afkoms is nie (Le Cordeur 2015:715) – sekerlik as 'n inheemse taal kwalifiseer, maar een wat inderdaad baat gevind het by die vorige regime se volgehoue taalbevorderingsaksies. Afrikaans kan hiervolgens as 'n niegemarginaliseerde inheemse taal beskou word.

Ander regsgeleerdes skyn met Currie se vertolking saam te stem. Volgens Du Plessis (2012:76) moet 'n mens die betrokke frase omtrent inheemse tale teen die agtergrond van die ampteliketaalverklaring van artikel 6(1) lees, waar die Sintutale as bykomende amptelike tale naas Engels en Afrikaans vermeld word. Dit kom veral duidelik na vore in die amptelike taalverklaring van artikel 3 van die 1993-Grondwet waar Engels en Afrikaans eerste gemeld en deur die ander nege tale gevolg word. Volgens Lourens du Plessis verwys 'inheemse tale' beslis na die nege "... inheemse swart [*sic*] tale" wat verminderde

status onder die pre-1994 bestel geniet het, soos in Tabel 9 aangedui. Pretorius (2013:294) huldig blykbaar dieselfde mening. Hy lees naamlik die bepaling teen die agtergrond van twee taalpolitieke paradigmas uit die pre-1994 era, te wete die etnies gedetermineerde geografiese fragmentering van taalregte en die bevoorregte posisie van tale van sogenaamde Europese oorsprong, te wete Engels en Afrikaans as amptelike tale op nasionale vlak en selfs tot 'n mate in die voormalige TBVC-gebiede.⁹

Ter wille van konteks behoort ook artikel 6(2) van die Grondwet teen die agtergrond van die pre-1996 taalbestel gelees te word. Onder dié taalbestel het Engels en Afrikaans op nasionale vlak gelyke amptelike status geniet – binne die grondgebied van die in 1910 opgerigte voormalige vier provinsies (op ongeveer 75% van die grondoppervlak) van die RSA, maar nie noodwendig binne die destydse sogenaamde TBVC-state en tuislande nie. Die Sintutale daarenteen het nie amptelike status in die vier provinsies geniet nie. Tabel 10 bevat 'n opsomming van die ongelyke taalopset.

Tabel 10: Die pre-1996 amptelike taalsituasie van Suid-Afrika

Gebied	Amptelike tale
Republiek van Suid-Afrika	
Kaap die Goeie Hoop	Engels en Afrikaans
Natal	Engels en Afrikaans
Transvaal	Engels en Afrikaans
Oranje-Vrystaat	Engels en Afrikaans
TBVC-state	
Transkei	Xhosa, met Suid-Sotho, Engels en Afrikaans as toelaatbare tale ¹⁰
Bophuthatswana	Tswana, Engels en Afrikaans

9 TBVC is 'n afkorting vir die Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei, state wat ingevolge apartheidsbeleid in die gestelde volgorde deur die Republiek van Suid-Afrika of RSA opgerig is (kyk Halbach 1988:510).

10 Die term “toelaatbare tale” verwys na tale wat vir amptelike doeleindes gebruik mag word.

Gebied	Amptelike tale
Venda	Venda, met Engels en Afrikaans as toelaatbare tale
Ciskei	Xhosa en Engels
Tuislande	
Gazankulu	Afrikaans, Engels en Tsonga
KaNgwane	Afrikaans, Engels en Swati
KwaNdebele	Afrikaans, Engels en Suid-Ndebele
KwaZulu	Afrikaans, Engels en Zulu
Lebowa	Afrikaans, Engels en Noord-Sotho
Qwaqwa	Afrikaans, Engels en Suid-Sotho

Wanneer die Grondwet nou in die lig van die pre-1996 taalbedeling na “... die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale” verwys, het dit wat die amptelike tale betref kennelik betrekking op diesulkes wat buiten Engels of Afrikaans amptelike status binne die gebiede buite die toenmalige RSA geniet het. In vergelyking met Engels en Afrikaans het die tale ingevolge artikel 89 van die laaste Grondwet van die pre-1996-bestel (RSA 1983) slegs op streekvlak amptelike status geniet en Engels en Afrikaans op nasionale vlak (weliswaar net in die toenmalige RSA). Artikel 3(2) van die 1993-Grondwet het nie na die HGITs as inheemse tale verwys nie, maar wel voorsien dat die taalregte en -status van die geregionaliseerde amptelike tale tot nasionale vlak “... uitgebrei” moet word. Al word dit anders gestel, voorsien artikel 6(2) ook korrektiewe aksies met betrekking tot die nege gemarginaliseerde Sintutale. Saam met Malan (2011:396) kan ons die bepaling beskryf as die “... regstellende-aksie-klousule” van die ampteliketaalklousule.

5.4.3.3 Die Khoi-, Nama- en Santale

Subartikel 6(5)(a)(ii) van die 1996-Grondwet verwys na ’n derde taalgroepering, besonder lomp en linguisties gesproke verwarrend gekategoriseer as die sogenaamde Khoi-, Nama- en Santale.

Du Plessis (2019) wys in die eerste plek daarop dat die formulering die indruk skep dat daar drie taalgroepe bestaan, dit terwyl Nama in werklikheid 'n erkende taal is, maar wel deel vorm van die groter groep klicktale (wat populisties) as Khoisantale bestempel word en in die tweede plek dat die terme 'Khoi' en 'San' in ieder geval nie na taalfamilies verwys nie. 'n Beter, dog steeds nie heeltemal korrekte nie, bewoording sou hiervolgens die groepering meer logies herskik het tot 'Nama en Khoisantale'.

Die tweede groot probleem het met die begrip 'Khoisantale' te make. Du Plessis (2019) benadruk die feit dat die benoeming Khoisantale inherent negatief is. In sy inleiding oor Boesmans wys Raper (2025) op die negatiewe stigma wat kleef aan spesifiek die term 'San', 'n neerhalende benoeming deur die KhoiKhoi wat na die Boesmans, Suid-Afrika se eerste nasie, as 'mindere mense' verwys. Is dit linguisties gesproke nodig om die betrokke tale as klicktale saam te groepeer, sou dit daarom beter wees om die begrip 'Khoi- en Boesmantale' aan te wend sodat die betrokke grondwetlike frase dan soos volg kon lees: 'Nama en die Boesman- en Khoitale'.

Om die probleem met die begrip 'Khoisan' te oorkom en 'n meer gepaste oorkoepelende benoemer vir hierdie unieke groep tale te vind, stel Brenzinger (2014) die begrip 'Nie-Bantoe Inheemse Klicktale' (NBIKTs) van Suider-Afrika voor. Volgens hom onderskei die begrip die groep unieke klicktale pertinent van die Sintutale, inheemse tale wat ook klikelemente bevat. Du Plessis wys tereg daarop dat dit sekerlik nie die bedoeling van die grondwetskrywers was om PanSAT opdrag te gee met betrekking tot al die klicktale van Suider-Afrika nie, veral aangesien Nama "... vandag die enigste oorspronklike Khoisan [sic] taal van Suid-Afrika [is] wat nie net nog bestaan nie, maar redelik lewensvatbaar is". Sy betreur subartikel 6(5) (a)(ii) se taalkundig gesproke verwarrende formulering en die valse verwagting wat dit mag skep omtrent die bevordering van alle lokale inheemse klicktale en nie net van die (brose een, dit is Nama) wat in Suid-Afrika gebruik word nie.

In die lig van die voorafgaande behoort 'n hersiene weergawe van die frase in die eerste plek voorrang te verleen

aan Nama as krities bedreigde taal, in die tweede plek Nama se verband met die taalgroepering kliktale aandui, in die derde plek die korrekte benoeming vir die taalgroepering gebruik en in die laaste instansie die plaaslike konteks beklemtoon. Hiervolgens sou die betrokke subartikel dan kon lees "... die Suid-Afrikaanse Khoi- en Boesmantale, in die besonder Nama".

Origens verwys die betrokke subartikel by implikasie na nog 'n kategorie inheemse tale, te wete nieamptelike *inheemse* tale.

Dit is interessant om daarvan kennis te neem dat die hele kwessie van die erkenning van Nama (met inbegrip van die sogenaamde 'Khoitale' [*sic*] en 'Santale' [*sic*]) op dieselfde vergadering ter sprake gekom het waar besin is oor die Sesotho sa Leboa/Pedi-kwessie. Dit skyn dat PanSAT ondertussen besig is om die amptelike erkenning van eersgenoemde taalgroepering in die betrokke subartikel te ondersoek. Ondertussen bestaan daar volgens die Raad 'n noodsaak aan ondersoek na die kwessie van onderlinge verstaanbaarheid en taalvariasie wat die NBIKTs betref (GHK 2017a:2-3). Opvallend genoeg skenk die GHK nog nie aandag aan die korrigering van die tegnies onsinnige frase van subartikel 6(5)(a)(ii) nie. In ieder geval word niks daaromtrent in die betrokke verslag vermeld nie.

5.4.3.4 *Gebaretaal*

Die 1996-Grondwet se derde inheemse taalgroepering word in subartikel 6(5)(a)(ii) vermeld waar in terme van PanSAT se taalmandaat omtrent taalontwikkeling en -bevordering verwys word na 'gebaretaal' [*sic*], 'n subartikel wat natuurlik soos vroeër aangedui met die agtiende grondwetwysiging verwyder is. PanSAT se mandaat het betrekking op die 11 amptelike tale, die NBIKTs en natuurlik 'gebaretaal'.

Nes die problematiese formulering in die vorige subartikel val die generiese verwysing van subartikel 6(5)(a)(iii) na Suid-Afrika se nasionale gebaretaal ook vreemd op. Die generiese vorm 'gebaretaal' kan strenggesproke na enige gebaretaal verwys, soortgelyk aan die ongespesifiseerde verwysing na die sogenaamde Khoi- en Santale van die vorige subartikel. Nietemin word die generiese benoeming konvensioneel

vertolk as wel verwysende na ‘Suid-Afrikaanse Gebaretaal’. Besonder intrigerend hieromtrent is Druchen (2014:79) se tipering van die insluiting van ‘gebaretaal’ in artikel 6(5)(iii) van die 1996-Grondwet as die erkenning van SAGT. Hy maak naamlik daarop aanspraak dat die insluiting meebring dat SAGT nou erken word as “... die amptelike taal van Dowe Suid-Afrikaners”! Dit is onseker waarop hy sy aanspraak baseer, aangesien die konteks waarin ‘gebaretaal’ in die betrokke subartikel genoem word niks met ampteliketaalstatus te make het nie, slegs met PanSAT se taalmandaat.

Hoewel akademici die spesifieke taalnaam SAGT wel al voor 1996 gebruik het, is dit opvallend dat sommige amptelike regeringsdokumente tot met die eeuwending in 2000 met die generiese vorm volhard het. Dit is eers hierna dat die spesifieke taalnaam, dog steeds op verskillende maniere geskryf, posgevat en ‘gestandaardiseer’ is. Dit is hoofsaaklik te danke aan PanSAT en die onderwysowerheid dat die gespesifiseerde taalnaam posgevat het, ’n kwessie wat later verder behandel word.

Binne akademiese kringe tref ons die gebruik van die korrekte taalnaam reeds so vroeg as 1988 aan met die bekendstelling van die woordeboekprojek van die SASLRP. Teen 1992 was drie volumes van die woordeboek, die *Dictionary of Southern African Signs* reeds voltooi (Penn & Reagan 1995:92). Uiteindelik is die woordeboek oor die bestek van vyf volumes bygewerk (Penn 1994c). Penn en kollegas se werk dui daarop dat die Engelse vorm van die naam ‘South African Sign Language’ toe reeds in omloop moes gewees het, ook buite akademiese kringe. Vandaar dat dit vreemd is om die generiese vorm ‘gebaretaal’ in die 1996-Grondwet opgeneem te sien.

Die anomalie moet ons waarskynlik toeskryf aan die destydse debat oor die voorkoms van variasie in SAGT soos gemanifesteer in die verskeidenheid Dowegemeenskappe van Suid-Afrika. Penn et al. (1984:7) skryf die voorkoms van variasie toe aan die verskillende onderwysstelsels wat in terme van die apartheidsbeleid bestaan het. Na aanleiding van ene Woodward se begrip van ’n sogenaamde ‘gebaretaalkontinuum’ beskryf Penn et al. (1984:10) die variasie as die realisering van verskillende “... Suid-Afrikaanse gebaretaalsisteme”, oftewel

verskillende punte op die Suid-Afrikaanse gebaretaalkontinuum. Aarons en Akach (1998:12) reageer hierop en voer argumente aan waarom daar nietemin slegs een "... tekentaal" (teenoor gesproke taal) in Suid-Afrika bestaan. Interessant genoeg gee Penn (1994c:xiii) in die vyfde volume van haar woordeboek toe "... dat ofskoon daar diversiteit tussen die Dowe groepe bestaan, daar ook aansienlike ooreenkoms tussen baie van die gebare is, veral wanneer hulle in kombinasie gebruik word". Nico Beaurain, destydse voorsitter van die SANRD en onderskrywer van die woordeboekprojek, verwys in sy boodskap by die vyfde volume van die woordeboek na die verskeidenheid as "... die rykdom van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as my eerste taal" (Penn 1994c:vii). Ook voorsien hy dat die wetenskaplike basis van die woordeboek die Suid-Afrikaanse Dowegemeenskap een stappie nader bring aan die amptelike erkenning van SAGT as 'n taal in eie reg.

Met die grondwetwysiging van Julie 2023 val subartikel 6(5)(a)(ii) van die Grondwet natuurlik weg en word SAGT nou onder die kategorie 'amptelike tale' ingesluit waaromtrent PanSAT 'n spesiale taalopdrag ontvang het. 'n Mens is bevrees dat die 'verdwyning' van SAGT as een van twee 'spesiale tale' (dit is naas Nama) op die lang duur dalk negatiewe gevolge vir die taal kan inhou.

Met die insluiting van SAGT as amptelike taal gedurende 2023, kan 'n mens strenggesproke die taal nou ook by die HGITs groepeer, by die tale wat op regstellende optrede deur die staat aanspraak kan maak, maar wat nogtans stief behandel word, soos later in die studie ter sprake kom.

5.4.3.5 Gemeenskaps- en erfenistale

Artikel 6(5) van die Grondwet behandel PanSAT se taalmandaat met betrekking tot twee groepe tale waarna soms in amptelike kringe as sogenaamde erfenistale verwys word (DKK 2003a:8).

In teenstelling tot die grondwetskrywers se openlike vermyding van 'n alfabetiese en taalkundig begronde lys van amptelike tale in artikel 6(1) word die erfenistale van subartikel 6(5)(b) in albei gevalle openlik alfabeties georganiseer en in die geval van die eerste groep selfs geografies, te wete in

terme van Europese tale, Indiese tale en Antieke tale. Uiteraard is die opgaaf van tale nie uitsluitend nie. Die groepering kom opvallend nie in die 1993-Grondwet voor nie (RSA 1993b).

Dit is opmerklik dat PanSAT se mandaat met betrekking tot die twee groepe sogenaamde erfenistale redelik beperkend is in vergelyking met sy mandaat met betrekking tot die amptelike tale, Nama (en die ander plaaslike klike) en SAGT. Die onderskeid is ook in die 1993-Grondwet getref met die verskil dat die 1996-Grondwet (soos in 2023 gewysig) PanSAT se mandaat met betrekking tot die erfenistale afgeskaal het en slegs vereis dat die Raad hulle sal bevorder en respek jeens hulle sal verseker. In die 1993-Grondwet was PanSAT ook nog verantwoordelik om die tale van die betrokke taalgroepering te ontwikkel. Die 1983-grondwet, die laaste van die pre-demokratiese era, het glad nie die erfenistale vermeld nie (RSA 1983).

Die vermelding in die Grondwet (in beide die 1993- en 1996-weergawes, asook in die wysigingswet van 2023) van die erfenistale is nogal uitsonderlik. 'n Mens kan dit waarskynlik terugvoer na 'n tradisie omtrent die bekendstelling van taaldemografiese inligting wat sedert die tagtigerjare van die vorige eeu deur die RGN gevestig is. Taaldemograwe het destyds klem begin lê op die meertalige karakter van die Suid-Afrikaanse samelewing, gereeld syfers oor die land se sogenaamde 24 tale bekendgestel (Prinsloo 1984), en só waarskynlik die konsep gepopulariseer.

5.4.4 'n Taalbestuursperspektief op die taalkategorieë van die grondwet

Vanuit 'n taalbestuursoogpunt beskou, kan ons die taalgroeperinge van die Grondwet reduceer tot drie hoofgroepe, te wete amptelike/nieamptelike tale, inheemse/nie-inheemse tale en gemarginaliseerd/niegemarginaliseerde tale. Uiteraard geniet amptelike tale voorkeur bo nieamptelike tale maar daarnaas speel twee verdere oorwegings 'n rol: inheemse en gemarginaliseerde tale geniet voorkeur bo nie-inheemse en voorheen niegemarginaliseerde tale. Die groeperings

verteenwoordig wel nie 'n taalhiërargie nie, maar veronderstel wel 'n rangorde van voorkeurbehandeling.

Tabel 11 poog om 'n tipologie van die taalgroeperinge te maak en om die taalgroeperinge van die grondwet ietwat te verfyn maar ook die taalklousule se voorkeurbehandeling aan die voorheen agtergestelde amptelike tale te verreken. Die samevatting van Tabel 11 onderskei wat taalbehandeling betref tussen amptelike en nieamptelike tale maar jukstaponeer die onderskeid met die verdere onderskeid tussen inheemse en nie-inheemse – en gemarginaliseerde en niegemarginaliseerde tale. Volgens die tipologie word SAGT naas die Sintutale en Afrikaans as inheemse tale getakseer, maar tegelykertyd as 'n niegemarginaliseerde taal wat spesiale behandeling moet kry. As inheemse taal val Afrikaans nie binne hierdie kategorie nie. Die tipologie kategoriseer ook opvallend Engels en die erfenistale tegelykertyd as nie-inheemse en niegemarginaliseerde tale wat nie op dieselfde behandeling as die inheemse en gemarginaliseerde tale aanspraak kan maak nie.

Tabel 11: Tipologie van taalkategorieë in die taalklousule van die grondwet

	Inheemse tale			Nie-inheemse tale			
Amptelike tale	9 x Sintutale	SAGT	Afrikaans	Engels			
Nieamptelike tale	NBIKTe		Gemeenskapstale		Religieuse tale		'Erfenistale'
			Europees	Indies	Antiek		
			Duits, Grieks, Portugees, ens.	Gujarati, Hindi, Tamil, ens.	Arabies, Hebreeus, Sanskrit, ens.		
	Gemarginaliseerde tale	Nie-gemarginaliseerde tale					

Die tipologie van Tabel 11, oftewel nie perfek nie, is nuttig vir ons verdere bespreking. Die markering van Engels in die tabel word gedoen na aanleiding van Henrad (2001:80) se mening dat, uitgesluit die dominante breër Engelstalige groepering, alle gemeenskappe van Suid-Afrika as minderhede getipeer kan word vanweë die noue verbintenis tussen Engels as dominante taal van die dominerende staat. Gegewe die feit dat die Suid-Afrikaanse grondwet wegstroom van die begrip 'minderhede' verreken die tipologie nie minderheidstale as 'n verdere grondwetlike kategorie nie. Die tipering van SAGT as 'n minderheidstaal vroeër in die monografie word in ooreenstemming met die internasionale konvensie omtrent sodanige tipering gedoen.

Artikel 6(2) van die grondwet se kategorie 'nietegemarginaliseerde tale' is soos eerder behandel 'n historiese kategorisering en verwys uiteraard nie na die huidige taalsituasie waar geredeneer kan word dat Afrikaans se status vanweë die georkestreerde ontplanning daarvan (Du Plessis 2017) ondertussen verander het na die van 'n tegemarginaliseerde taal. In dieselfde asem kan in die lig van die regering se skynbare onvermoë om die taalbehalings van die Grondwet toe te pas (Ramuedzisi 2022) deesdae tong in die kies na die voorheen tegemarginaliseerde amptelike tale as *her-tegemarginaliseerde tale* verwys word.

Holness (2016:175) verwys interessantheidshalwe na die insluiting van SAGT by PanSAT se taalmandaat saam met ander 'minderheidstale' as 'n pertinente aanduiding dat die taal se gebruikers as 'n minderheidsgroep beskou kan word. Hiervolgens sou die groep tale in die linkerkantse hoofkolom van Tabel 11 as 'Suid-Afrikaanse minderheidstale' geïdentifiseer kon word en die groep tale aan die regterkantse kolom as 'buitelandse minderheidstale'. Beukman (2000:140-1) wys daarop dat nieteenstaande die feit dat so 'n siening wel die internasionale opvatting oor minderhede weerspieël dit in werklikheid by 'n protokol berus wat nie op die Suid-Afrikaanse geval betrekking het nie. Hy wys daarop dat die Suid-Afrikaanse Grondwet (om verskillende redes) met die

konsep 'gemeenskappe' werk en nie voorsiening maak vir minderhede nie.

Ongeag van watter protokol ter sprake kom, is dit die insluiting van SAGT by PanSAT se taalmandaat as *Suid-Afrikaanse gemeenskapstaal* ('minderheidstaal') wat van belang is. Dit bring mee dat SAGT in beginsel op dieselfde vlak as die ander *Suid-Afrikaanse gemeenskapstale* ('minderheidstale'), d.i. die amptelike tale en die NBIKT, gehanteer moet word.

Dit bring ons dan uit by die tweede hoofkwessie omtrent die taalbepalings van die taalklousule, naamlik die verskillende taalmandate waarvoor die amptelike taalklousule oorhoofs voorsiening maak.

5.4.5 Die verskillende taalmandate van die taalklousule

Die taalklousule onderskei tussen drie tipes taalmandate, te wete hoe die staat met die land se gemarginaliseerde inheemse tale moet omgaan soos vervat in artikel 6(2), hoe die regering (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) met die land se amptelike tale moet omgaan soos vervat in artikels 6(3)–6(4) en hoe PanSAT met al die land se tale (amptelike sowel as nieamptelike tale) moet omgaan soos vervat in artikel 6(5). Hier word ter wille van kontekstualisering met 'n saaklike oorsig volstaan.

5.4.5.1 Die staat se taalmandaat met betrekking tot die gemarginaliseerde inheemse amptelike tale

Soos reeds vasgestel, het die staat se taalmandaat betrekking op die gemarginaliseerde inheemse amptelike tale. Met Fowler en Bunck (1996:403) se opvatting van die staat, gedagtig aan mense en die regering as 'n soewereine gebied, val dit op dat die mandaat veel breër strek as die tweede mandaat wat spesifiek aan die regering as een van die elemente van die staat opgedra word. 'n Mens kan selfs praat van 'n allesomvattende soort mandaat waarmee die bedoelde korrektiewe aksie met betrekking tot die tale benadruk word. Vandaar dat Currie (2005:65–15) dit stel dat die bedoelde korrektiewe maatreëls nie beperk word tot die verantwoordelikheid van die regering nie. Met die uitvoering van die omvattende taalmandaat in

gedagte, het Currie dit oor ten minste twee stellinge maatreëls wat betrekking kan hê, te wete:

- 'n Reeks konvensionele maatreëls, waaronder regulasies met betrekking tot die gebruik van die betrokke tale
 - in die land se howe,
 - in amptelike kommunikasie met staatsorgane,
 - in openbare kennisgewings, verslae en ander amptelike dokumentasie en publikasies,
 - in wetgewing en wetgewende prosedures en rekords, asook
- Bykomende maatreëls, soos
 - taalbevordering deur middel van onder meer onderwysvoorsiening in die betrokke tale en op alle vlakke van onderwys,
 - die subsidiëring van woordeboeke, teksboeke en literatuur in die gemelde tale, en ook
 - 'n vereiste dat die tale in die openbare uitsaaiwese gebruik word.

(Met die verampteliking van SAGT in 2023 sou geredeneer kon word, dat die regstellende aksie wat in artikel 6 voorsien word nou ook op laasgenoemde taal betrekking het en dat dit soos die Sintutale getakseer behoort te word.)

Oorhoofs beskou, is die staat grootliks vir statusbeplanning verantwoordelik, te wete beleidsbeplanning met betrekking tot statusverheffing en kultiveringsbeplanning met betrekking tot taalverspreiding. Die verantwoordelikheid word gedryf deur 'n allesoorheersende beginsel van korrektiewe aksie vir die Sintutale (en SAGT).

5.4.5.2 Die regering se mandaat met betrekking tot die amptelike tale

Die nasionale regering en provinsiale regerings ontvang 'n kwantitatiewe taalaanwendingsmandaat, dit is die gebruik van "... minstens twee amptelike tale", onderhewig aan 'n stel taalinagnemingskriteria (waarvan die meeste wel kwantifiseerbaar is). Uiteraard is dit die wetgewer se bedoeling dat 'n funksionerende taalbestel op die been gebring sal word.

Die minimumvereiste streef by implikasie effektiwiteit na en hou verband met Pool (1991) se gedagte van 'n maksimum van drie amptelike tale. Duidelik verwag die wetgewer nie die gelyktydige en deurlopende gebruik van al 11 tale nie.

Die toevoeging van SAGT as een van 12 amptelike tale kompliseer natuurlik die hele kwessie verder. By implikasie word SAGT nou in terme van die Grondwet "... een van [die] minstens twee" tale wat aangewend kan word.

Een van die implikasies van artikel 6(3) se beperkende reëling is dat taalregte in Suid-Afrika nie aan amptelike tale gekoppel (kan) word nie. Die burger geniet hoogstens 'n indirekte taalreg: dat die regering meer as een amptelike taal sal gebruik; hopelik een waarin die burger bevoeg is. Kennelik bestaan hier nie gronde vir 'n eis oor die skending van 'n taalreg omtrent die gebruik van jou voorkeur ampstaal nie. Gebruikers van SAGT (as 12de amptelike taal) behoort hiervan kennis te neem.

Origens dra die Grondwet 'n taalregulerings- en -moniteringsopdrag met betrekking tot die amptelike tale aan die betrokke regerings op. Dit sluit in die aanwending van wetgewende maatreëls. Laasgenoemde opdrag word geïnterpreteer as sou dit 'n nasionale taalwet impliseer wat dan uiteindelik aanleiding gegee het tot die promulgering van die *Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012* (hierna WGAT – RSA 2012). Later in 'n afsonderlike afdeling meer hieroor.

Oorhoofs beskou, is die betrokke regerings ook vir statusbeplanning verantwoordelik. Aangesien die regering deel uitmaak van die staat, geld die regstellende beginsel uiteraard ook vir die nasionale regering en provinsiale regerings. Hulle is insgelyks verantwoordelik vir die verhoging van die status en uitbreiding van die gebruik van die HGITs. Hiernaas moet twee redelik subjektiewe bykomende beleidsbeginsels ook oorweeg word, te wete die van gelykheid van aansien en billike hantering. Die beginsels kan ook help om te bepaal hoedanig die korrektiewe aksie omtrent die HGITs behoort te verloop. 'n Mens kan jou indink dat die betrokke taalmandaat regeringsamptenare hoofbrekens sal besorg. Die toevoeging

van 'n visuele taal soos SAGT as een van die 12 amptelike tale vergemaklik beslis nie hulle taak nie!

Munisipaliteite ontvang opvallend genoeg geen duidelike mandaat met betrekking tot die amptelike tale nie maar wel 'n mandaat rakende taalinaanmerkingsneming met betrekking tot die oorweging van hulle inwoners se taalgebruike en taalvoorkeure. Ten spyte daarvan dat die oorweging nie pertinent met die amptelike tale verbind word nie, word dit nietemin geïmpliseer. Volgens Currie (2005:65-14) is munisipaliteite nie onderhewig aan die minimumvereiste van ander regeringsinstellings nie en beskik hulle oor 'n groter mate van vryheid met betrekking tot hulle taalbeleid. Munisipale taalbeleide kan by implikasie bepalings bevat omtrent die gebruik van SAGT – kyk in dié verband onder meer die Stad Kaapstad se taalbeleid (Stad Kaapstad 2018).

Oorhoofs beskou, het munisipaliteite 'n implisiete taalmandaat met betrekking tot statusbeplanning. Die oorweging van taalgebruike en taalvoorkeure kan inspeel op taalbeleidsformulering en -beplanning.

5.4.5.3 PanSAT se taalmandaat met betrekking tot al die land se tale

Twee kwessies omtrent PanSAT se taalmandaat trek aandag: enersyds hoe dit van dié van die staat en die regering s'n verskil en andersyds die onderskeid wat tussen verskillende taalgroeperinge gemaak word.

Wat die verskil in taalmandaat betref, is PanSAT nie soos die staat, nasionale en provinsiale regerings vir statusbeplanning verantwoordelik nie, maar opvallend genoeg vir taalbevordering en -ontwikkeling, laasgenoemde natuurlik 'n taalkorpusaangeleentheid.

Wat die onderskeid tussen verskillende taalgroepering betref, val dit ook op dat die betrokke opdrag op drie groepe tale betrekking het. PanSAT se mandaat met betrekking tot taalbevordering het op beide amptelike en nieamptelike tale betrekking, maar die opdrag omtrent taalontwikkeling, oftewel die skep van omstandighede daarvoor, het slegs op die amptelike tale en die NBIKTs (en voor 2023 ook SAGT), betrekking. Met die

verampteliking van SAGT is die taal natuurlik nou sy spesiale vermelding kwyt. Slegs die NBIKTs (wat Nama veronderstel) word nog spesiaal vermeld.

Dit is raadsaam om SAGT se grondwetlike status binne die konteks van die verskillende taalmandate te begryp.

Dit is egter ook van belang om in te sien dat die taalklousule naas drie tipes taalmandate ook verskillende taalgroeperinge onderskei en dat SAGT tot 2023 deel gevorm het van 'n taalgroepering bestaande uit nieamptelike tale. Ook moet in aanmerking geneem word dat daar duidelik sprake is van 'n rangorde en dat daar uiteindelik 'n noue samehang bestaan tussen die onderskeie taalmandate en die betrokke taalgroeperinge en -rangorde. SAGT se status moet binne die komplekse grondwetlike konteks begryp word, selfs noudat dit 'n amptelike taal is.

'n Mens sou kon redeneer dat gegewe al die uitdagings hieromtrent die vraag ontstaan of die verampteliking van SAGT in vergelyking met die posisie van die ander voorheen gemarginaliseerde tale werklik die taal se posisie verbeter het. So 'n vraag raak meer pertinent die hele kwessie van taalregte aan, 'n kwessie waarop reeds in die verbygaan gesinspeel is. Die volgende afdeling word nou spesifiek aan taalregte gewy.

5.4.6 Taalregte in die grondwet

Voor die 1996-Grondwet is taalregte in die taalklousule verskans. Binne die huidige bedeling is dit nie voor die hand liggend nie. Soos reeds gesuggereer, kom taalregte nie in die huidige taalklousule (artikel 6) ter sprake nie. Nogtans verskans die Grondwet taalregte deur hulle ooreenkomstig internasionale konvensie in die Handves van Menseregte as LMRs. Die twee kwessies word vervolgens behandel.

5.4.6.1 Taalregte vervat in die taalklousule

In die voorafgaande bespreking is sydelings na die vraag of die taalklousule taalregte bevat, verwys. Onder die pre-1994 taalbestel sou so 'n vraag irrelevant gewees het gegewe die statuut van slegs twee amptelike tale op nasionale vlak en die beginsel van hulle gelykberegtiging. Trouens, artikel 108 van die

1961-grondwet, wat die eerste Republiek van Suid-Afrika in die lewe geroep het, bepaal dat die twee tale gelyke vryhede, regte en voorregte geniet (UvSA 1961). (Vreemd om te lees dat tale regte geniet.) Artikel 89 van die 1983-Grondwet (RSA 1983), die laaste onder die vorige bestel, het die betrokke bepaling gewoon herhaal. Soos reeds gesien, het die taalklousule van die 1996-Grondwet heeltemal met die vorige bewoording weggedoen waarmee die aanspraak op regte natuurlik vervaag het.

Ten einde die openingsvraag te kan antwoord, moet 'n mens in die eerste plek klaarheid oor die begrip 'taalregte' kry.

Arzoz (2007:4) wys op die feit dat daar eintlik nie 'n bevredigende definisie vir taalregte bestaan nie. Hy vind dat 'n omskrywing van die begrip ten minste drie aspekte behoort te dek, naamlik dat taalregte gemoeid is met die **reëls** wat openbare instellings aanneem met betrekking tot **taalgebruik** in 'n verskeidenheid van **domeine** (my beklemtonings). Artikel 29(2) van die Handves van Menseregte is 'n tipiese voorbeeld van 'n taalreg wat al drie elemente bevat:

Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is.

Die taalklousule van artikel 6 daarenteen bevat nie op soortgelyke wyse 'n bepaling waarin al drie elemente voorkom nie, met ander woorde die tipe taalreg soos onder die pre-1996 bestel waarop die burger hom of haar kan beroep nie.

Arzoz (2007:5) onderskei verder (in werklikheid op grond van Schiffman 1996) tussen toleransie-georiënteerde en promosie-georiënteerde taalregte. Eersgenoemde hou byvoorbeeld verband met regte wat minderhede teen diskriminasie en assimilasië beskerm en laasgenoemde met regte tot openbare dienste soos onderwys en regte met betrekking tot jou verhouding met die staat. Die onderskeiding sinspeel ook op regte wat soms as negatiewe en positiewe taalregte getipeer word, 'n onderskeiding wat volgens Arzoz dikwels gekritiseer word. Hoe dit ook al sy, Arzoz (2007:7)

beklemtoon twee kardinale eienskappe van taalregte, enersyds die vryheid van taalkeuse en van nie-inmenging by jou taalaangeleenthede en identiteit en andersyds die reg om alle of sommige basiese openbare dienste in 'n gegewe taal te ontvang. By veral laasgenoemde het die staat die verantwoordelikheid om die regte deur middel van wetgewing effektief te maak. Die staat het vandaar 'n verantwoordelikheid om te verseker dat sy burgers voordeel trek uit toegekende regte, soos die reg op onderwys in die amptelike taal van jou keuse waarna hierbo verwys word.

Bekyk 'n mens nou die bepalings van die taalklousule teen die bogemelde, val dit op dat sekere van die elemente van taalregte wel teenwoordig is, met ander woorde dat reëls neergelê word ten opsigte van openbare taalinstellings se taalgebruik binne voorgeskrewe domeine, veral met betrekking tot die verantwoordelikhede van die staatsdiens en regering hieromtrent. Die vraag hieromtrent is of ons nogtans hier met 'n taalreg te make het wat die reg van taalkeusevryheid, op nie-inmenging en op dienslewering in 'n gegewe taal waarborg. Dit wil nie so voorkom nie, ten minste nie wat die eerste twee eienskappe betref nie. Die taalklousule maak buiten in die geval van munisipaliteite nie voorsiening vir enige reg tot taalkeuse nie en handel ook nie met enige reg tot nie-inmenging nie, kwessies wat wel in die Handves van Menseregte voorkom.

Interessantheidshalwe maak die taalklousule in die geval van munisipaliteite wel voorsiening vir die reg tot taalkeuse en nie-inmenging in jou taalsake deurdat hulle inwoners se taalgebruik en -voorkeure in aanmerking in ag moet neem. Nietemin bied die vae bepaling waarskynlik nie voldoende gronde vir 'n wetlike geding om 'n reg hieromtrent op te eis nie. Ook word nie gespesifiseer wat munisipaliteite se verpligting jeens dienslewering in die taal van jou keuse is nie.

Wat die reg op dienslewering in die staatsdiens en ander regeringskringe in 'n gegewe taal betref, kom die taalklousule bepaalde burgers gedeeltelik tegemoet met die vereiste dat die staat die agtergestelde tale se gebruik moet uitbrei en hulle status sal verhoog. Ook die vereiste dat ten minste twee amptelike tale vir regeringsdoeleindes aangewend sal word, sou

sekere burgers tegemoet kon kom, maar dit sou die gebruik van meer tale vereis het indien alle burgers bereik moet word. 'n Mens kan ook redeneer dat die beleidsnorme met betrekking tot die staat se hantering van amptelike tale (gelykheid van aansien en billike behandeling) ook meer burgers sou kon bevoordeel het indien al 11 tale gebruik sou word.

Uiteindelik word die reg op dienslewering in 'n gegewe taal egter grootliks verwater, deels as gevolg van die uitdagings in die praktyk, maar ook as gevolg van gebrekkige taalspesifisering. Buiten vir die vereiste omtrent die voorkeurbehandeling van die agtergestelde tale, wat die meerderheid maar natuurlik nie alle burgers sal bevoordeel nie, spesifiseer die taalklousule geen verdere tale nie. Dit is daarom moeilik om in te skat op watter gronde 'n burger op grond van die taalklousule op die reg tot dienslewering in 'n gegewe taal aanspraak sou kon maak. 'n Burger sou hoogstens kon aanspraak maak op die reg tot 'n taal wat hy of sy kan verstaan, nie noodwendig sy/haar eie taal nie.

Die taalreëlings wat die Parlementêre Reëlskomitee in 1998 met sy gesamentlike reëls omtrent die gebruik van amptelike tale in wetgewing getref het, illustreer die dilemma omtrent die opeising van taalregte op grond van die taalklousule. Die betrokke komitee bepaal naamlik dat vir die doeleindes van wetgewing 'een van die amptelike tale' vir die formulering daarvan gebruik sal word waarna dit in "... ten minste" een ander amptelike taal verklaar sal word (PSA 1998). As sodanig is die reël 'n poging om te voldoen aan die minimumvereiste omtrent die gebruik van amptelike tale van die taalklousule. Tegelykertyd bevestig dit die argument van vroeër omtrent die afwesigheid van 'n taalreg omtrent keusevryheid met betrekking tot voorkeurtaal. Wel is die veronderstelling dat die eerste bepaling die reg tot die gebruik van 'n verstaanbare amptelike sal beskerm. Een van die implikasies van die reël is dat nie alle wetgewing in al 11 (nou 12) amptelike tale beskikbaar moet wees, of soos in *Lourens v Speaker of the National Assembly & others* (GH 2015) vasgestel is, selfs hóéf te wees nie.

Op grond van die voorafgaande moet 'n mens onvermydelik tot die gevolgtrekking kom dat die taalklousule

van die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet nie voldoende regsgronde bevat vir die opeising van regte omtrent vryheid van taalkeuse, op nie-inmenging in jou taalsake asook op dienste in 'n gegewe taal nie. Om by opeisbare taalregte uit te kom, moet 'n mens jou tot die Handves van Menseregte wend.

5.4.6.2 Die taalbepalings van die Handves van Menseregte

Die groot verskil tussen die taalklausule van die 1996-Grondwet en pre-1994 Grondwet is die feit dat laasgenoemde taalregte direk aan amptelike tale verbind het terwyl soos hierbo aangevoer so 'n direkte verband by die huidige Grondwet ontbreek. Daarom is dit van kardinale belang om te begryp dat die klem van hoofstuk 2 van die huidige Grondwet op **menseregte** val en nie in die eerste plek op regte met betrekking tot die amptelike tale nie. Vandaar dat die taalregte wat wel in die Handves van Menseregte vervat word as LMRs getipeer word; om met ander woorde die onderskeid te beklemtoon met taalregte wat aan regte omtrent amptelike tale verbind word.

Volgens Kontra et al. (1999:1) het taalregte ontwikkel as "... een van die dimensies van die soeke na 'n nuwe samelewing gebaseer op menseregte" na die Wêreldoorloë, 'n soeke wat bygedra het tot die konseptualisering van LMRs. In die mees basiese sin van die woord verwys LMRs na die reg om te identifiseer met 'n mens se sogenaamde moedertaal, en na die onderwys en openbare dienste deur die medium van jou gekose taal – omskryf as die taal wat 'n mens eerste aangeleer het en waarmee 'n mens sterk identifiseer. LMRs kan ook verwys na die reg om 'n amptelike taal in 'n mens se land van verblyf aan te leer (Skutnabb-Kangas & Phillipson 1995:71). Laasgenoemde hou verband met die reg om nie op linguistiese gronde van die openbare lewe uitgesluit te word nie. Die behandelde regte word as basiese LMRs beskou.

Kontra et al. (1999:3) redeneer ook dat 'n LMR-benadering nodig is om te help met die voorkoming van taalprobleme en -ontmagtiging. Ironies genoeg merk die kollegas op dat Suid-Afrika een van die min lande blyk te wees waar so 'n LMR-benadering op beleidsvlak verstaan word. Waarskynlik verwys die outeurs na die Handves van Menseregte wat vir die eerste

keer in Suid-Afrika se regsgeskiedenis by die land se Grondwet ingesluit is.

Die Handves bevat die volgende LMRs:

- Artikel 9(3): Die reg om nie op grond van taal teen gediskrimineer te word nie.
- Artikel 29(2): Die reg op onderwys in 'n amptelike ta(a)l/e van jou keuse (ook op 'n enkelmediuminstelling).
- Artikel 30: Die reg om jou taal van keuse in nieamptelike taaldomeine te gebruik.
- Artikel 31(a): Die reg om nie die gebruik van jou taal binne die gemeenskap waaraan jy deelneem, geweier te word nie.
- Artikel 35(3)(k): Die reg om verhoor te word in die taal wat 'n mens verstaan of om die verrigtinge in sodanige taal te laat tolk.
- Artikel 35(4): Die reg om inligting te ontvang rakende arrestasie en aanhouding in 'n taal wat 'n beskuldigde verstaan.

Die bepalinge waarborg die reg op 'n mens se taal van keuse – wat jou moedertaal kan wees – asook die reg om 'n amptelike taal (van keuse) van die land aan te leer, twee tipiese eienskappe van 'n taalreg soos Arzoz (2007) uitwys. Behalwe in die geval van taalregte in die onderwys, is die LMRs oor die algemeen nie direk gekoppel aan ampstaalstatus nie. Jou taal hoef nie 'n amptelike taal te wees vir jou om op die betrokke taalregte aanspraak te kan maak nie. Trouens, die LMRs kan van toepassing wees op enige taal en verwys na individuele en (in die geval van gemeenskappe) kollektiewe taalregte.

Al die betrokke taalregte is ook van toepassing op persone wat SAGT as voorkeurtaal kies. Na die verampdeling van SAGT vir onderwysdoeleindes in openbare skole in die Skolewet van 1996 geld ook die reg op onderwys in die amptelike taal van jou keuse vir sulke persone.

Die reg tot vryheid van taalkeuse en op nie-inmenging by jou taalsake en identiteit kom as LMRs voor in die Handves van Menseregte. DHH-persone kan uiteraard op die betrokke taalregte aanspraak maak. Dit geld ook wat betref die reg tot openbare dienste in die taal van jou keuse en wat die onderwys

betref (die reg op onderrig in die amptelike taal van jou keuse) en die howe (die reg tot toegang tot 'n tolk in 'n verhoor). Wat die betrokke kwessies betref, geniet DHH-persone in beginsel **sedert 1996** presies dieselfde taalregte as horendes.

Waar DHH-persone wel slegter as horendes daaraan toe is, is met betrekking tot ander openbare dienste wat aan die amptelike tale gekoppel word. Die taalklousule maak wat die openbare dienste betref nie voorsiening vir 'n tolk soos in die geval van die howe nie. Wel word in die taalklousule vir 'n beperkte taalkeuse voorsiening gemaak deurdat van staatsinstellings vereis word om in ten minste twee amptelike tale te funksioneer. Behalwe as sulke instellings op 'n rotasiestelsel werk waar tussen verskillende tale geroteer word, beperk die betrokke vereiste uiteraard die burger se taalkeuse en sluit daarom beslis DHH-persone uit, gewoon op grond van die feit dat SAGT voorheen nog nie 'n amptelike taal in die ander amptelike taaldomeine (buiten die onderwys) was nie. Die wetgewer het nie soos in die geval van die reg op onderwys in die taal van jou keuse DHH-persone tegemoet gekom nie. 'n Mens kan in die lig hiervan begryp waarom die stryd om die erkenning van SAGT as amptelike taal post-1996 voortgesit is.¹¹

Al word SAGT nie by name genoem nie, verteenwoordig die Handves 'n reuse stap vooruit wat die regte van DHH-persone betref. Die persone geniet post-1996 presies dieselfde LMRs as horendes, ongeag die feit dat SAGT nie as 'n 12de amptelike taal erken is nie. Holness (2016:147) skryf dat die regte tot gelykheid, taal, kultuur en onderwys (die LMRs)

11 Die dilemma is reeds in 2012 deur middel van die WGAT opgelos. Artikel 4(2)(d)(ii) van die WGAT maak 'n toeweging dat persone wat "... gebaretaal" [sic] as hul taal van keuse verkies, die taal mag gebruik wanneer met staatsinstellings gekommunikeer word (kyk (RSA 2012). Effektief is die taalgebruikers sedertdien selfs beter daaraan toe as horendes wat nie sodanige taalkeusereg geniet nie. Al vergunning wat die WGAT omtrent laasgenoemde maak, is dat staatsinstellings verplig word om nou in ten minste drie amptelike tale met burgers moet kommunikeer, soos bepaal in artikel 4(2)(b). Dit het die kans van 'n burger verhoog om ten minste een van drie aangewese tale te kan verstaan. Met die gemelde gebaretaalartikel is die noodsaak aan die verampteliking van SAGT strenggesproke uit die weg geruim. Soos later uitgewys sal word, was dit hierna strenggesproke nie meer nodig om die stryd om verampteliking voort te sit nie.

inderwaarheid die ‘matriks’ vorm van gebaretaalbeskerming in die Suid-Afrikaanse grondwet. Verdere wetgewing sou hierop moes voortbou, veral wat betref die waarborg teen onbillike diskriminasie. Die toegewing van die WGAT later maak omtrent die gebruik van gebaretaal as taal van keuse om met staatsinstellings te kommunikeer (kyk vorige voetnoot), is ’n voorbeeld van sodanige wetgewing. Holness wys ook daarop dat die universele regte van die Handves versterk word deur internasionale wetgewing, onder meer in die vorm van internasionale konvensies oor menseregte en die regte van persone met gestremdhede waarmee die Suid-Afrikaanse regering akkoord gaan. Ons sal later sien hoe die VN se *Convention on the Rights of Persons with Disabilities* van 2006 ’n betekenisvolle rol gespeel het by die verampteliking van SAGT.

Omtrent die rol van internasionale wetgewing by taalregte in Suid-Afrika kom Holness (2016:156) tot die volgende belangrike gevolgtrekking:

Die erkenning van gebaretaal en die dowe kultuur, veral in opvoedkundige omgewings, is gevolglik ’n gebiedende noodsaaklikheid ingevolge internasionale reg.

Die 1996-wetgewing, wat wel sodanige erkenning aan Suid-Afrika se nasionale gebaretaal verleen, het inderdaad die basis gelê vir ’n nuwe bestel vir die land se gebaretaalgemeenskap en hou daarom implikasies in vir TBP vir SAGT, as een van die tale wat vanuit die staanspoor by die PanSAT-mandaat ingesluit is.

Alvorens ’n mens al die implikasies in oënskou neem, is dit nodig om saaklik vertrouwd te raak met die stand van die voorheen gemarginaliseerde amptelike tale, die groep tale wat ook by taalmandaat ingesluit word, maar wat ingevolge die Grondwet voorkeurbehandeling behoort te geniet. So ’n bestekopname kan ’n perspektief bied op taalbestuur in Suid-Afrika.

5.4.7 Taalbestuur in die post-1996 bedeling

Die voorafgaande afdelings het die wetlike raamwerk geskets waarbinne TBP binne die post-1996 taalbedeling aangepak

behoort te word. Bepaalde taalbeplanningsprioriteite is uitgewys en die sentrale rolspelers vir die geïntendeerde TBP-program geïdentifiseer. Oorkoepelend beskou, dui die betrokke grondwetlike bepalings daarop dat Suid-Afrika opmerklik gekies het vir 'n bedeling wat Faingold (2004:18 e.v.) as 'n sogenaamde 'hands-on' of praktiese benadering tot taalbestuur sal tipeer, een waarin 'n land se Grondwet allerlei taalbeplannings en -riglyne bevat wat op TBP betrekking het. Faingold (2004:21) wys ten besluite daarop dat kleinere of gemarginaliseerde tale nie altyd baat by so 'n praktiese benadering tot TBP nie, 'n opmerking wat sekerlik betrekking het op 'n klein taal soos SAGT. Tegelykertyd dui dié soort benadering tot TBP natuurlik ook op King (2010:33) se tipering van "... taalbeplanning van bowe", verwysende na "... amptelike, deur die regering goedgekeurde beleid en praktyk", 'n praktyk wat volgens Kaplan en Baldauf (1997:210-211) nie noodwendig die ideale situasie verteenwoordig nie.

Ten spyte van hulle voorbehoude was Suid-Afrikaanse geleerdes aanvanklik versigtig optimisties omtrent die nuwe taalbestel wat met die inwerkingtreeding van die 1996-Grondwet teweeggebring is (Ridge 1996; Alexander 2000; Webb 2002; Beukes 2004b) – laasgenoemde toe nog as hoof van taalbeplanning verbonde aan die destydse Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie. Die positiewe optimisme was egter van korte duur en geleerdes het spoedig op die gebrek aan die implementering van die nuwe TBP-plan begin wys. Publikasies met titels soos "Does the rainbow cost too much" (Strauss 1997), "Language policy and language practice in South Africa: an uneasy marriage" (Mutasa 1999), "A new language policy, old language practices: status planning for African languages in a multilingual South Africa" (Kamwangamalu 2000) en "South Africa's national language policy revisited: the challenge of implementation" (Kaschula 2004) het hulle verskyning gemaak.

Beukes (2009:43-4) vat die destydse groeiende pessimisme omtrent onvermoë van die Suid-Afrikaanse om 'n nuwe, meertalige beleid te implementeer soos volg saam:

Ondanks die prysenswaardige taalbeleid- en beplanningsaktiwiteite wat hierbo bespreek is, is dit duidelik dat Suid-Afrika sigself tans in 'n 'retrogressiewe' situasie van wydverspreide beleidsmislukking bevind. Die regering se halfhartige benadering tot beleidsimplementering, tesame met die hegemoniese posisie van Engels en negatiewe houdings ten opsigte van die funksionele gebruike van Afrikatale [sic], het daartoe gelei dat taalkwessies 'n agterste sitplek in die regering se transformasie-agenda inneem. Baie belanghebbendes in die taalveld in Suid-Afrika voer aan dat die hoog aangeskrewe grondwetlike ideale, d.w.s. die beskerming van Suid-Afrika se linguistiese diversiteit en die transformasie van sy histories gemarginaliseerde inheemse tale, sedertdien opsy geskuif is. Gevolglik is die lot van die land se inheemse tale 'n bron van kommer.

Waar die grondwetlike raamwerk die wetlik-teoretiese konteks vir post-1996 TBP vir SAGT bepaal, stel Beukes se suggestie dat die post-1996 TBP-program oor die algemeen en spesifiek met betrekking tot die HGITs grootliks misluk het, die taalpraktyk konteks aan die orde. Die vraag is of taalbeplanners vir SAGT, met inbegrip van die taalstryders wat die veramptelikingsveldtog gevoer het, voldoende rekening gehou het met beide kontekste? Uit wat in die volgende twee hoofstukke volg, sal blyk dat dit nie die geval was nie. Die stryd om verampteliking is desondanks die vroeë mislukking om 'n post-1996 taalbeleid te implementeer bykans onverbidderlik voortgesit. Wat sou in die lig van die voorafgaande kontekste teoretiese gesproke wel 'n (meer) relevante TBP vir SAGT gewees het?

5.4.8 Implikasies vir post-1996 taalbeleid en -beplanning vir SAGT

Simplisties beskou en teen die agtergrond van die voorafgaande sou 'n post-1996 taalplan vir SAGT twee oorhoofse oogmerke moes gehad het, enersyds om op 'n meer doelgerigte wyse munt te probeer slaan uit die besonderse wetgewing en beleide omtrent SAGT wat oor die verloop van meer as dertig jaar tot

stand gebring is en andersyds om tegelykertyd 'n alternatiewe TBP-program op die been bring wat die allesoorheersende rol van die staat by TBP vir SAGT doeltreffend teenwerk of ten minste neutraliseer. Hierdie oogmerke impliseer tot 'n groot mate die daadwerklike bedink van 'n gewysigde aktivistiese strategie wat nie weer soos in die verlede primêre op verampteliking sal fokus nie.

Oogmerke hieromtrent word vervolgens saaklik behandel na aanleiding van die drie wetlike vereistes uit die post-1993 bedeling, te wete dat PanSAT 'n adviesraad vir SAGT moet oprig, openbare skole SAGT as taal van onderrig en leer moet aanwend en PanSAT die taal moet ontwikkel en bevorder net soos in die geval van die 11 amptelike tale en die NBIKTs.

• **Oprigting van 'n SAGT-taaladviesliggaam vir PanSAT**

Die oprigting van 'n SAGT-taaladviesliggaam is 'n bevoegdheid van die PanSAT as statutêre liggaam soos deur die PanSAT-wet voorgeskryf. In terme van die vereiste van die wet sou DFSA aansoek kon gedoen het om as sodanige adviesliggaam erken te word. Artikel 8(8)(b) van die wet bepaal dat so 'n adviesliggaam slegs opgerig moet word sou daar nie reeds een bestaan het nie of so 'n liggaam wat wel bestaan het, maar nie die raad se doel dien nie.

Wat DFSA hieromtrent te doen gestaan het, was om werk daarvan te gemaak het om as sodanige taalliggaam erken te word. PanSAT het egter soos in die voorafgaande oorsig uitgewys sy eie adviesliggaam opgerig. Vir DFSA en verwante organisasies het dit hierna belangrik geraak dat gepaste persone op hierdie adviesliggaam saamgestel word, 'n uitdaging wat homself elke vyf jaar voordoens wanneer die liggaam hersaamgestel moet word. Verder is DFSA nou daarop aangewese om 'n vennootskap met hierdie adviesliggaam op te bou met die oog daarop om die liggaam by te staan in die uitvoering van sy mandaat met betrekking tot taalontwikkeling en -bevordering. Dit is egter van kardinale belang dat eie van-benede-na-bowe inisiatiewe omtrent taalontwikkeling en -bevordering buite die invloedssfeer van die adviesliggaam ook opgerig word. Vennootskappe met

universiteite waar SAGT onderrig word, kan in hierdie opsig produktiewe uitkomst oplewer.

- **Die verampdeling van SAGT in die onderwys**

Die verampdeling van SAGT in die onderwys is 'n bevoegdheid van die onderwysdepartement in samewerking met PanSAT. As sodanig is die departement verantwoordelik vir kurrikulumontwikkeling, materiaalontwikkeling, opleiding van onderwysers, ensovoorts, kwessies wat verband hou met taalverwerwing. Die kwessies het betrekking op SAGT as Huistaal maar ook as Addisionele Taal, hetsy Eerste of Tweede Addisionele Taal, die taalaanbod wat vir die ander amptelike tale beskikbaar is. Die onderwysdepartement is ook daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die skoolbeheerrade van skole vir dowes dit vir leerders moontlik maak om in SAGT as voertaal onderrig te word.

Organisasies soos DFSA sou ook in die uitvoering van hierdie mandaat 'n ondersteunde rol kon speel om so te verseker dat SAGT dieselfde taalaanbod as die ander amptelike tale het en ook as voertaal aangewend word. Afgesien van 'n ondersteunende rol kan daar ook van Dowe organisasies verwag word om die nodige druk te mobiliseer ten einde die realisering van die betrokke oogmerke te verseker. Dit is van kardinale belang dat kurrikulumontwikkeling vir SAGT nie net op Dowes en skole vir dowes konsentreer nie, maar ook op horende aanleerders van die taal. Aksies hieromtrent kan verseker dat die taal uit sy huidige isolasie in skole vir dowes breek en as ware Suid-Afrikaanse taal ook sy plek as addisionele taal in die horende wêreld inneem.

- **Die insluiting van gebaretaal by PanSAT se grondwetlike taalmandaat**

PanSAT voer se grondwetlike taalmandaat omtrent taalontwikkeling en -bevordering deur middel van sy SAGT-taaladviesliggaam uit maar kan ook met ander staatsdepartemente hieromtrent saamwerk, onder meer die onderwysdepartement en die DKKS.

Organisasies soos DFSA sou weer eens ondersteuning kon verleen, maar veral drukgroepvorming aanwend om te verseker dat sodanige samewerking realiseer. Waar in die geval van die SAGT-adviesraad se nie-uitvoering van sy mandaat by PanSAT aangeklop kan word, kan in die geval van PanSAT se nie-uitvoering van sy grondwetlike mandaat by die parlement aangeklop word.

Ons merk dat in al drie gevalle die wetgewing hetsy die staat (die onderwysdepartement as verteenwoordiger) of 'n statutêre instelling (PanSAT) as die primêre verantwoordelike agentskappe aangewys het wat die betrokke wetgewing moet implementeer. Die onus rus op die betrokke instansies om uitdrukking te gee aan die oogmerke van die betrokke wetgewing. Nieteenstaande die feit dat die implementering van die betrokke wetgewing uiteindelik voordele vir SAGT en die gebaretaalgemeenskap inhou, rangeer dit effektief organisasies soos DFSA tot die kantlyn. Trouens, daar word geen voorsiening gemaak vir die rol wat sulke instansies ter verwesenliking van die oogmerke van die wetgewing kan speel nie. Uiteindelik laat dit sulke instansies met min opsies: of hulle speel 'n ondersteunde rol in vennootskap met die DvO en PanSAT of hulle speel 'n aktivistiese rol deur die druk vol te hou ten einde te verseker dat die betrokke instansies wel hulle onderskeie mandate uitvoer.¹²

So 'n fokus op 'n veldtog wat verseker dat die besondere wetlike vergunnings in konkrete taalwinste omgesit word, verskil van een wat die verampteliking van SAGT nastreef. Trouens, 'n suksesvolle veldtog oor die implementering van die genoemde wetgewing sou al grootliks die noodsaak aan 'n

¹² Met die 2012-vergunning omtrent SAGT van die WGAT is die tweede oogmerk effektief bereik. Dit het by implikasie meegebring dat dieselfde aksies wat omtrent die ander drie wette gegeld het, so wie so in elk geval op die implementering van die WGAT betrekking gehad het. Kampvegters vir gebaretaal sou hulle hierna daarop moes toegespits het om die implementering van die besondere vergunning te verseker. Die proklamering van die WGAT het derhalwe 'n strategiese koerswysiging vereis om die beste te maak van die besondere prestasies omtrent die post-1996 regserkenning van SAGT wat bereik is en al die vergunnings uit te buit ten einde die status van die taal te verhoog en sy gebruik uit te brei.

Hoofstuk 5

veramptelikingsveldtog eintlik oorbodig gemaak het. Natuurlik sou dit van die betrokkenes vereis het om van hulle bykans obsessionele verbintenis tot verampteliking af te sien en om hulle energie voluit aan die implementering van die betrokke wetgewende bepalings te gewy het.

Ons sal in die volgende twee hoofstukke getuienis oorweeg met betrekking tot die implementering van die drie onderhawige stukke wetgewing maar ook van ander wetgewende ontwikkelings met betrekking tot SAGT enersyds en andersyds die rol van die Dowe organisasies met betrekking hiertoe in oënskou neem. Dit sal 'n perspektief bied op die vraag of meer taalwetgewing noodwendig tot beter TBP lei en meer konstruktief bydra tot die oplos van taalprobleme.

Hoofstuk 6

Die tussenperiode: verdere erkenning sonder wesenlike resultate (1997–2006)

6.1 Inleiding

Ons kan die volgende tien jaar of tussentydse tydperk wat die stryd om die verampteliking van SAGT betref vanuit die oogpunt van die behandelde wetlike prestasies as 'n soort watertrap-era beskou. Vanuit owerheidsoord word gedurende die onderhawige tydperk verskeie stappe geneem om onder meer die status van die taal as onderwystaal deur middel van verdere wetgewing en beleid te konsolideer. Dit blyk egter dat desondanks hierdie stappe in die onderwyspraktyk skynbaar nie veel van al die edele bedoelinge tereg gekom het nie.

Origens het die stryd om verampteliking gedurende dié tydperk voortgeduur, maar dit ontbreek aan konkrete getuienis wat daarop dui dat die vraagstuk op die agenda van enige gepaste regeringsinstansie of statutêre liggaam beland het. Dit skyn dat vanuit die betrokke oord besluit is dat gegewe die toegewing met betrekking tot die onderwys, verampteliking nie langer 'n prioriteit was nie.

Met die inwerkingstelling van 'n nuwe Grondwet in 1996 het Suid-Afrika 'n nuwe era betree waarin wesenlike realiteite na die voorgrond getree het wat die ingrypende herstrukturering van die totale samelewing vereis het. Hierin sou die nuut gevestigde post-1994 wetgewer met sy unieke nuwe strukture en werkswyse 'n belangrike rol speel. Vir Suid-Afrikaners oor die algemeen sou dit 'n tydjie neem om by 'n nuwe bedeling met sy nuwe en andersoortige spelreëls aan te pas.

Uit wat in die tussenperiode op die SAGT-front gebeur het, kan 'n mens agterkom dat dit inderdaad die Dowegemeenskap 'n tydjie geneem het om by die nuwe omstandighede aan te pas en nuwe strategieë te bedink ten einde 'n voetslepende regering sover te kry om geskrewe besluite tot uitvoering te bring; laasgenoemde veral met betrekking tot die posisie van SAGT in die onderwys. Nietemin het die betrokke gemeenskap nie die oorhoofse stryd om verampteliking gewonne gegee nie, maar eerder op soek gegaan na verdere wyses om hulle ideale omtrent SAGT gerealiseer te kry. Dit het daartoe bygedra dat hulle 'n meer prominente aktivistiese rol begin speel het, wat meegehelp het om SAGT in die openbare oog te hou. Vandaar dat ons destyds ook kennis neem van mylpale in ander domeine soos die uitsaaiwese.

Die jaar 2006 word as afsnydatum vir die tussentydse tydperk geneem, omdat die eerste amptelike versoek aan 'n gepaste staatsorgaan (die GHK) oor die verampteliking van SAGT eers gedurende 2007 voorgelê is.

6.2 Die konsolidering van SAGT se status as amptelike onderwystaal

Tydlyn:

- 1997:
 - 14 Julie: Taal-in-onderwysbeleid (TiOB) bekendgestel.
 - 1 November: Integrated National Disability Strategy White Paper vrygestel.
- 1999:
 - April: Kobus Kellerman (DFSA) doen beroep op amptelike erkenning van SAGT.
 - 3 September: SAKO publiseer kennisgewing oor SGL vir SAGT.
- 2000:
 - DFSA stel vyfjaarplan vir erkenning van SAGT as 12de amptelike taal op.
- 2002:
 - 15 Mei: SAGT ingesluit by leerareas van Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Gr R-9 (Skole).

Hoofstuk 6

- 12 November: Minister Kader Asmal kondig ondersoek na SAGT as onderrigmedium en skoolvak aan.
- 2003:
 - 12 Februarie: Departement van Kuns en Kultuur stel Nasionale Taalbeleidsraamwerk bekend.
 - 7 November: DvO reik verklaring uit oor assessering van Graad 9-leerders met spesifieke verwysing na SAGT.
- 2005:
 - 22 April: SAKO publiseer nuwe eenheidstandaarde vir GET/FET Taal en kommunikasie, wat SAGT insluit.
- 2006:
 - 14 Julie: Provinsiale DvO in KZN onderneem vestiging van SAGT by skole vir dowes.

Die eerste belangrike mylpaal van die tussentydse periode is die bekendstelling van die TiOB op **14 Julie 1997** (DvO 1997a), 'n beleidsdokument wat uitvoering gee aan twee aspekte van die Onderwysbeleidwet en Skolewet (beide van 1996), eerstens met betrekking tot voertaal en tweedens met betrekking tot taal as vak.

Met betrekking tot voertaal lê die TiOB norme neer wat betref die regte en verantwoordelikhede van verskillende rolspelers en tref reëlins omtrent klagteleggings en remedies. Die TiOB bepaal heel oorsigtelik beskou dat die voertaal 'n amptelike taal moet wees en wat taalvak betref dat leerders goedgekeurde tale moet aanbied, maar vir matriek ten minste twee daarvan sal slaag waarvan een 'n amptelike taal is. Die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Grade R-9* (DvO 2002) het laasgenoemde vereiste in 2002 na twee verpligte amptelike tale aangepas, maar aanstons meer daaroor. Wat taalvak betref, vereis die TiOB dat alle leerders tussen Graad 10 en Graad 12 ten minste twee tale moet slaag, waarvan ten minste een 'n amptelike taal moet wees. Een moet op eerstetaalvak en die ander op ten minste tweedetaalvlak geslaag word (DvO 1997a).

Aangesien SAGT met die bekendstelling van die TiOB reeds vir die doeleindes van openbare onderwys amptelik verklaar is, het die betrokke bepaling uiteraard ook op dié taal betrekking,

naamlik dat dit as voertaal gebruik en as taalvak aangebied kan word ('n implikasie wat soos ons later sal sien beslis nie deur die betrokke minister begryp is nie). Origens sluit die beleid SAGT in by die oorhoofse beleidsoogmerk om respek vir alle tale van die land te bevorder. SAGT word ook ingesluit by die vierde van ses van die TiOB se mikpunte, te wete om onderrig en leer in ander tale wat deur leerders verkies of deur gemeenskappe gebruik word – dit wil sê addisionele tale – te ondersteun.

Dit is insiggewend dat DFSA vir Dowebeewustheidsweek (in ooreenstemming met internasionale gebruik) gedurende die **laaste week van September 1997**, op die tema “Bilingualism in Deaf education” besluit het (*The Star* 1997a; 1997b). Die keuse suggereer dat die organisasie wou inspeel op die verdere onderwysmylpaal vir SAGT wat die TiOB teweegbring. Heap (2003:10) noem dat DFSA al 'n geruime tyd met die bevordering van tweetalige dowe onderwys besig was en staaf dit deur onder meer te verwys na 'n pamflet waarmee die organisasie 'n 'tweetalige benadering' in dowe onderwys reeds sedert 1995 gepropageer het. Met tweetaligheid bedoel DFSA natuurlik 'n SAGT plus 'n geskrewe gesproketaalkombinasie. Dit is 'n taalkombinasie wat in die vooruitsig stel dat 'n Dowe leerder deur medium van SAGT onderrig word (en die taal uiteraard ook as vak aanbied) en ten minste die geskrewe vorm van 'n gesproke taal, hetsy Engels, Afrikaans, Xhosa, ensovoorts, as addisionele taal aanleer.

Verwant hieraan neem ons terselfdertyd kennis van 'n protesaksie teen oralisme in DHH-skole. Druchen (2014:77-9) verwys na so 'n protes **gedurende 1997** in “... al nege provinsies”. Hy koppel die betrokke aksie aan 'n beweging teen oralisme wat al gedurende die tagtigerjare van die twintigste eeu op dreef gekom het. *The Star* (1997b) verwys in sy dekking van Dowebeewustheidsweek 1997 na 'n jarelange protes van Doves teen die onderdrukking van die gebruik van gebaretaal in die onderwys. Uiteindelik het die teenstand teen die heersende onderwysmodel vir Doves op die vermelde “... grootskaalse optog” deur 42 DHH-skole uitgeloop.¹ Hoewel

1 Ongeluklig meld Druchen geen nadere besonderhede omtrent die besondere protesaksie nie. Na 'n soektog in Sabinet se nuusbronne

daar geen nuusdekking oor die betrokke aksie in die gedrukte media voorkom nie, maak Druchen nietemin daarop aanspraak dat die betrokke protes tot "... velerlei veranderinge" aanleiding gegee het. Hy vermeld hieromtrent spesifiek die (hieronder gemelde) 2003-optog wat "... die talryke tekortkominge in dowe onderwys" blootgelê het, as een so 'n uitkoms.

'n Paar maande later op **1 November 1997** verskyn die lywige (114 bladsye) *Witskrif oor Geïntegreerde Nasionale Gestremdheidstrategie* (KAP 1997), 'n dokument wat uiteindelik altesaam 63 aanbevelings maak waarvan drie op 'Sign Language' [*sic*] betrekking het en enkeles selfs op die taalmediumkwessie. Die Witskrif bevat volgens die inhoudsopgawe ses hoofstukke. 'Gebaretaal' word in die eerste drie en laaste vermeld. Die taal kom origens in 'n agttal voetnote ter sprake, kennelik toevoegings wat in 'n laat stadium gedoen is en nie by die hoofteks geïntegreer kon word nie. Aangesien die dokument in 'n voetnoot na die Dowegemeenskap se reaksie op die *Gestremdheidsregtehandves* van 1992 verwys, kan ons aanneem dat heelwat van die betrokke handves in die Witskrif neerslag vind.

Van onmiddellike belang is die aanbevelings omtrent gebaretaal. Aanbeveling 7 het betrekking op verskillende aspekte van kommunikasie, een van die temas van die Witskrif. Aanbeveling 7a handel oor gebaretaalontwikkeling. Essensieel word aanbeveel dat die destydse Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT), PanSAT, DFSA en ander rolspelers 'n strategie en program ontwikkel vir die vestiging van 'n nasionale versamelpunt van gebaretaaltolke, loodsopleiding- en ontwikkelingseenhede vir gebaretaal en die insluiting van gebaretaaltolking by nasionale riglyne vir die norme en standaarde van taalfasiliteringsdienste en opleidingskursusse. Aanbeveling 9 het betrekking op die onderwys. Aanbeveling 9b handel oor gebaretaal en beveel aan dat die DvO in konsultasie

wil dit voorkom asof die protes waarna Druchen verwys skynbaar nie mediadekking geniet het nie. Die enigste aangetekende protes deur Doves hou verband met 'n rebellie by Bosele School for the Blind and Deaf in Nebo (Limpopo), wat tot gevolg het nadat onderwysers van die owerhede opdrag gekry het om weer terug te keer skool toe nadat die leerlinge weens hulle griewe 'n skoolhoof uitgegooi het (Motale 1997).

met die gemelde departement, DFSA en ander rolspelers 'n proses fasiliteer vir die ontwikkeling van 'n omvattende onderwysbeleid. So 'n beleid moet gelyke onderwysgeleenthede vir kinders met kommunikasiegestremdhede en hulle taalmedium beskerm en bevorder. Aanbeveling 11 het betrekking op menslike hulpbronontwikkeling. Aanbeveling 11b handel oor beroepsopleidingsentrums en wil onder meer dat die sentrums ook by die opleiding van gebaretaaltolke betrokke raak. Die Witskrif handel oor 'n verskeidenheid aangeleenthede met betrekking tot SAGT binne die konteks van gestremdheid, maar gee interessantheidshalwe ook aandag aan taalmediumkwessies.

Taalmedium kom meer prominent ter sprake in 'n baanbrekende verslag van 'n meer gepaste staatsdepartement, die DvO, wat teen die einde van die maand op **28 November 1997** uitgereik is. Die verslag, getitel *Gehalte-onderwys vir almal. Oorkoming van hindernisse tot leer en ontwikkeling* (DvO 1997b), spruit voort uit die vroeër gemelde ondersoek na die omvang van "... besondere behoeftes" en ondersteuningsdienste in onderwys en opleiding in Suid-Afrika wat die destydse minister van onderwys versoek het. Opvallend omtrent die verslag is dat die taalnaam, 'South African Sign Language' in Engels afgekort 'SASL', meestal korrek gebruik word, 'n verdere aanduiding dat ten minste die onderwysdepartement teen daardie tyd klaarheid omtrent die skryfwyse van die betrokke taalnaam verkry het. (Soms gebruik die verslag desnieteenstaande ook 'n hibriede afkorting, 'SA Sign Language'.)

Aanbeveling 5.9 van die verslag is relevant. Die aanbeveling wil dat SAGT beskikbaar moet wees as onderrigmedium, dat die keuse hieromtrent in terme van die nasionale onderwysbeleidsraamwerk gelokaliseer word, dat die opleiding en beskikbaarheid van gebaretaaltolke en die ontwikkeling van taalbevoegdheid in SAGT regdeur die onderwysstelsel aandag sal geniet, dat SAGT ingesluit sal word by die nasionale kurrikulum se Leerarea: Taal, Geletterdheid en Kommunikasie, dat alle opvoeders en diensverskaffers opleiding hieromtrent kry sodat hulle vaardig in SAGT is en dat ouers ook toegang tot sodanige opleiding moet kry. Van die voetnootkwessies in die hierbo vermelde Witskrif oor gestremdheid vind duidelik

neerslag in die hoofteks van die verslag. Aanbeveling 6.16 wat handel oor onderwysondersteuningspersoneel wil onder meer dat gebaretaalopleiding verskaf sal word en dat bestaande opleidingsprogramme binne Suid-Afrika se nasionale kurrikulumverklaring erken sal word.

Verbandhoudend met die gemelde wetlike verwickelinge omtrent die onderrig in en van SAGT is die bekendmaking (op 'n onbekende datum) **gedurende 1997** deur DFSA van konsepgebaretaalkurrikulum (Storbeck & Martin 2010; Magongwa 2010:496). Die weergawe is vir SAGT as 'hooftaal' in Grade 0-12 ontwikkel (DFSA 1997). Skynbaar was Aarons by die saamstel van die tweede weergawe betrokke aangesien sy so 'n konsepkurrikulum as navorsingsverslag (Aarons 1997a) onder haar naam in die Universiteit van Stellenbosch se 1997-navorsingsuitsette lys (US 1997:6). Om die een of ander rede lys Umalusi nie die betrokke weergawe van so 'n DFSA-kurrikulum in hulle 2018-verslag oor gehaltebeheer omtrent SAGT Huistaal nie (Umalusi 2018).

Geen noemenswaardige mylpale word gedurende 1998 aangeteken nie, behalwe vir 'n oproep tot die verampteliking van SAGT uit 'n nogal onverwagse oord toe pre-primêre skoolkinders tydens 'n besoek van die Staatspresident aan hulle skool, die Noluthando Institute for the Deaf van Khayelitsha, gedurende **Junie 1998** hierop aangedring het. In sy reaksie het die President (toe nog Nelson Mandela) daarop gewys dat die eerste stappe geneem is om Suid-Afrika "... geheel en al dowe-vriendelik" te maak. Ter stawing het hy na die regte van Dowes vervat in die Handves van Menseregte verwys asook na die grondwetlike opdrag in die taalklousule om gebaretaal te ontwikkel en te bevorder (SAPA 1998).

Gedurende **April 1999** doen Kobus Kellerman, destydse nasionale direkteur van DFSA, ook 'n oproep tot die verampteliking van SAGT. Hy doen dit na aanleiding van sy relaas oor pogings om SAGT as onderrigmedium te vestig en van sy verslagdoening oor vordering wat daaromtrent gemaak word. In sy onderhoud met die betrokke joernalis verwys hy onder meer na twee verbasingwekkende verwickelinge: dat PanSAT skynbaar die idee van verampteliking steun en dat die DvO besig

is om 'n Groenskrif te ontwikkel oor die implementering van en steun aan die gebruik van gebaretaal landwyd! Hy verwys ook na die belang van die (eerder gemelde) konsepkurrikulum wat DFSA ontwikkel het. Ter ondersteuning van Kellerman beklemtoon France Motsepe, Gautengse provinsiale administrateur van Disabled People South Africa (DPSA) die noodsaak aan die erkenning van SAGT as amptelike taal, maar ook van die amptelike erkenning van 'n SAGT-kurrikulum (vir gebaretaal) (Schneider 1999). Dié soort getuienis beaam die denkwysse onder lede van die Dowe beïnvloedingskringe dat taalverampteliking (met ander woorde meer wetgewing) stukrag kan verleen aan (probleme met) die implementering van bestaande (taal)wetgewing.

Die betrokke Groenskrif, getiteld *Consultative Paper No 1 on Special Education* (DvO 1999), word op **30 Augustus 1999** uitgereik. Dit vloei voort uit die *Quality education for all*-verslag van vroeër en handel oor die oprigting van 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel. Waar Kurrikulum 2005, wat op 24 Maart 1997 bekendgestel en in 1998 in werking getree het (Van Tonder 2000), glad nie van gebaretaal melding maak nie, desondanks die TiOB en die oogmerk om die uitdagings van die verlede onder die loep te neem en verder te beweeg as die nalatenskap van apartheid deur persoonlike en sosiale ontwikkeling vir die 21ste eeu te bevorder, kom die taal wel deeglik in die Groenskrif ter sprake. Die vertrekpunt (in par. 1.2.5) van die (uiters progressiewe) Groenskrif is dat skole waar SAGT (by name) as onderrigmedium gebruik word nie as gespesialiseerde leerkontekste getipeer moet word nie, maar gewoon as leersentrums erken word wat op grond van 'n inklusiewe onderrigmedium geïdentifiseer word. Par. 4 van die Groenskrif fokus op die stand van SAGT in die onderwys, die belang daarvan, uitdagings om dit as onderrigmedium aan te wend en die noodsaak daaraan dat leerkragte en diensverskaffers die taal onder die knie kry. Ook die rol van tolke word beklemtoon. In par. 3.10 onderneem die ministerie byvoorbeeld om gebaretaaltolk-inisiatiewe te ondersteun en gebaretaaltolke op gepaste wyse binne die kwalifikasieraamwerk te registreer.

Op **3 September 1999** neem ons kennis van nog owerheidsinstansie betrokke by die bevordering van SAGT in die onderwys toe 'n kennisgewing van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) oor 'n aansoek wat ontvang is omtrent die erkenning en registrasie van 'n Standaarddegenererende Liggaam (SGL) vir SAGT in die *Staatskoerant* verskyn (NSL04KST 1999). Die oogmerk van so 'n liggaam is om eenheidstandaarde vir SAGT vanaf Kwalifikasievlak 1 (Graad 7) tot Kwalifikasievlak 6 ('n vierjaargraad) van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (SAKO 2000) te ontwikkel, dit is beide vir SAGT as addisionele taal en vir SAGT-tolking. Die liggame word opgerig in terme van die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (DHOO 2015) en is verantwoordelik vir die daarstel van standaarde en kwalifikasies (SAKO 2000:18).

Teen die einde van **September 1999** verneem ons deur middel van 'n mediakennisgewing van die beplande oprigting van 'n verdere nasionale liggaam vir SAGT. Die joernalis meld dat naas SAKO se inisiatief met die oprigting van 'n SGL vir SAGT, PanSAT 'n oproep gedoen het vir nominasies om te dien in die beoogde taaladviesliggaam wat in terme van die PanSATwet opgerig moet word. Wat die joernalis betref, dui hierdie en ander verwickelinge rondom SAGT en spesifiek wat in die onderwys omtrent die taal gebeur interessant genoeg as tekens dat Suid-Afrika die eerste land kan word wat sy gebaretaal as amptelike taal erken (Streek 1999).

Tydens die voormalige DKKWT se Tweede Taalindaba gedurende **29-31 Maart 2000** word die eerste konsep van die *Language Policy for South Africa Bill, 2000* bekendgestel (NTD 2001:86 e.v.), deels ten uitvoer van die grondwetlike opdrag dat die staat onder meer deur middel van wetgewing sy gebruik van die amptelike tale sal reguleer en monitor. Dit is die eerste post-1996 primêre taalwetgewing waarin SAGT vermeld word en is as sodanig van groot belang. Nieteenstaande die feit dat die wetsontwerp grootliks op die bevordering van die gelykwaardige gebruik van die amptelike tale ingestel is, bevat dit twee verwysings na SAGT. Onder die hofie 'Guiding principles' bepaal artikel 3(1)(b) van die wetsontwerp dat die marginalisering

van Suid-Afrika se inheemse tale sowel as 'South African Sign Language/s' progressief geëlimineer moet word. Ten uitvoer van die beginsel bepaal artikel 8 dat die betrokke minister praktiese en positiewe maatreëls sal neem met betrekking tot die ontwikkeling van die inheemse tale sowel as 'South African Sign Language/s' (Bylaag C, NTD 2001). Na afloop van die betrokke indaba is die titel van die wetsontwerp op 17 Mei 2000 gewysig tot die *South African Languages Bill, 2000*.² Aangesien, soos mettertyd aangetoon sal word, gedurende 2011 'n totaal ander wetsontwerp onder dieselfde titel vir kommentaar gepubliseer word, kan in navolging van Du Plessis (2010) na die eerste poging gedurende 2000 as die SATW I verwys word en waaromheen verdere verwickelinge gedurende 2003 voorgekom het.

'n Verdere belangrike gebeurtenis **gedurende 2000** waarvoor 'n spesifieke datum (en besonderhede) ongelukkig nie beskikbaar is nie, is DFSA se beweerde nadering van regters van die Grondwethof omtrent die federasie se frustrasie met hulle veldtog vir die erkenning van SAGT as volwaardige 12de amptelike taal, 'n duidelike aanduiding dat die kampvegters vir verampteliking beslis nie die stryd opgesê het nie. Soos ons later sal sien, onthul Druchen die belangrike stap ter inleiding van sy eerste aanbieding oor verampteliking voor die GHK op 6 Februarie 2007 (Druchen 2007). Volgens hom het die genaderde regters DFSA skynbaar geadviseer oor die gepaste prosesse wat omtrent verampteliking gevolg behoort te word. 'n Mens kan aanneem dat dit die advies is wat DFSA uiteindelik (weliswaar eers nog sewe jaar later in 2007) by die GHK tereg laat kom het.

Nog 'n besondere mylpaal **gedurende 2000** is 'n proaktiewe inisiatief omtrent verampteliking waarmee DFSA vorendag gekom het. In vennootskap met die destydse Kantoor vir die Status van Gestremde Persone en die Sweedse Nasionale Vereniging vir Doves het die federasie 'n omvattende sakeplan saamgestel waarin 'n proses vir die ontwikkeling en bevordering van SAGT uiteengesit word. Die uiteindelijke doel van die sakeplan was om die taal as die 12de amptelike taal

2 Kyk Du Plessis (2010) vir 'n volledige dokumentering van die geskiedenis van die wetsontwerp.

erken te kry (Druchen 2007). Skynbaar is die Vyfjaarsakeplan (2000–2005) aan PanSAT³ vir endossering en implementering voorgelê. Druchen maak daarop aanspraak dat PanSAT inderdaad tot die sakeplan ingestem het. (Ons verneem meer van PanSAT se reaksie al dan nie gedurende 2007 tydens die tweede daadwerklike poging tot verampteliking.) Die sakeplan moes teen 2005 voltrek gewees het. Ten spyte daarvan dat in dié jaar niks hieromtrent verneem word nie, verwyt Druchen (2007) later by implikasie die Raad dat tussen 2000 en 2005 “... feitlik niks” gedoen is om die plan volgens skedule te implementeer nie. Die hierbo gemelde oprigting van PanSAT se SAGT-taaladviesliggaam, ’n kwessie wat nie noodwendig op die regserkenning van die taal betrekking het nie, is volgens hom die enigste noemenswaardige prestasie wat gedurende die betrokke tydperk behaal kon word.

Ons kan die jaar 2001 met besondere mylpale verbind, weer eens veral op onderwysterrein. Afgesien van verdere wetgewing en beleid met betrekking tot die onderwys verneem ons gedurende die jaar van die oprigting van die twee eerder bedoelde statutêre liggames vir SAGT. Die kwessie van verampteliking kom egter eers weer ter sprake.

Vroeg in **Januarie 2001** verneem ons van ene Fawzia Jamal, skynbaar ’n jarelange kampvegter vir die verampteliking van SAGT, se inisiatief om ’n indaba aan die VN Naik School for the Deaf in KZN te organiseer waar konsepwetgewing ontwikkel sal word om gelyke status aan SAGT te verleen (Khan 2001). Niks verder word in die openbare domein vermeld omtrent die betrokke inisiatief of oor die persoon se betrokkenheid nie. Jamal het nogtans in haar onderhoud met die betrokke joernalis die indruk geskep “... sy staan op die drumpel van sukses” [betreffende verampteliking] met haar veldtog.

Op **2 Maart 2001** word die amptelike kennisgewing omtrent die oprigting van ’n nasionale taalliggaam vir SAGT gepubliseer (Beukes 2004a). PanSAT het in sy 2001/2002-jaarverslag gerapporteer dat PanSAT se SAGT-taaladviesliggaam teen 31 Maart 2002 saam met die ander 13 taalliggames (een vir elke

3 Geen bevestigende PanSAT-rekords kon opgespoor word nie.

amptelike taal asook een vir die NBIKTs⁴ opgerig is (PanSAT 2002:2-3).⁵ Die sogenaamde Nasionale Taalliggame (NTLs) is opgerig ingevolge PanSAT se norme en reëls vir taalliggame van 22 Desember 2000 (PanSAT 2000) soos in 2005 gewysig (PanSAT 2005).⁶ Ingevolge PanSAT se reëls en norme adviseer die NTL die Raad oor taalstandaarde, woordeboeke, terminologie en letterkunde, waar van toepassing, asook oor kwessies met betrekking tot taalbevordering, -ontwikkeling en -handhawing (PanSAT 2005). Vanuit die Raad se oogpunt het sodanige advies primêr betrekking op twee taalbeplanningskwessies, te wete taalontwikkeling en taalstandaardisering. Die SAGT-taaladviesliggaam is onder meer verantwoordelik vir die saamstel van die *Suid-Afrikaanse Gebaretaalhandves* (SAR 2020a) waarvoor in 'n latere afdeling in meer besonderhede verslag gedoen word.

'n **Junie 2001-uitgawe** van SAKO se nuusbuletin, *SAKO Update*, berig dat die beoogde SGL vir SAGT inderdaad saamgestel is (aangehaal in Reagan, Penn & Ogilvy 2006:199).

Op **27 Julie 2001** stel die onderwysdepartement sy *Onderwys Witskrif 6: Spesiale behoefte-onderwys. Die bou van 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel* bekend (DvO 2001; GMKKJPG 2002), 'n stuk wetgewing wat voortvloei uit reaksies op die 1999-Groenskrif, maar wat 'n drasties gewysigde en verwaterde weergawe daarvan verteenwoordig. Opvallend omtrent Witskrif 6 is dat daar, anders as by sy voorganger, géén direkte verwysings na gebaretaal voorkom nie. Nietemin

4 Slegs uitstaande was een vir die Erfenistale.

5 In sy tydslyn oor belangrike mylpale vir SAGT vermeld Druchen (2014:73,82) aanvanklik 2003 maar later in sy toeliggende teks weer 2002 as oprigtingsdatum. PanSAT se 2000/01-jaarverslag rapporteer dat al die taalliggame, uitgesonder die een vir die Erfenistale gedurende 2001 opgerig is, dit is volgens prof. Marivate, die eerste uitvoerende hoof van PanSAT, se toeligtig aan die parlementêre Portefeuljekomitee oor Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie tydens sy vergadering van 25 Junie 2002 oor die verslag (PKKKWT 2002). Sy verwys hier waarskynlik na die oprigtingsproses wat tydens die verslagjare op dreef was en nie noodwendig na opgerigte liggame nie.

6 PanSAT het in 2019 'n verdere wysiging vir openbare kommentaar gepubliseer (DKK 2019) maar uit die Raad se prestasieplan vir die tydperk 2020-2021 moet ons aflei dat laasgenoemde wysiging teen 2020 nog nie deurgevoer is nie (PanSAT 2020).

word die kurrikulum as een van die sentrale hindernisse van leer uitgelig en daaruit voortvloeiend die onderrigmedium as 'n sentrale kurrikulumaangeleentheid. Dit is insiggewend dat 'n feiteblad van die EU-befondsde R2ECWD-projek in reaksie hierop dit stel dat die meeste Doves hulle vernaamste hindernis tot onderwys as linguisties van aard beskou eerder as om doofheid as "... ernstige gestremdheid" as 'n hindernis te beskou (R2ECWD s.j.). Laasgenoemde standpunt daag natuurlik die van Witskrif 6 uit wat die "... internasionaal aanvaarbare term" gestremdheid behou wanneer spesifiek na DHH-leerders verwys word as leerders wie se sogenaamde hindernisse tot leer en ontwikkeling in organiese/mediese oorsake gewortel is (DvO 2001:40). Vandaar dat die eerste fase van die onderwysdepartement se implementeringsplan van Witskrif 6 'n kategorie van gestremdheid bevat wat 'doof' en 'hardhorend' as deel van die geweegde kategorieë lys (DvO 2005:2). Ook opvallend is die feit dat doofheid of gehoorverlies per se nie in Witskrif 6 vermeld word nie maar nietemin die kwessie van die voorsiening van gehoorapparate in sogenaamde Voldiensskole wel (DvO 2001:55) asook van personeel wat kan omgaan met die hele spektrum diverse leerbehoefte van leerders in sulke skole. Voldiensskole (en -kolleges) is inrigtings wat toegerus en ondersteun word om te voorsien in leerders se volle reeks leerbehoefte (DvO 2001:22). Die meeste skole vir doves word as spesiale skole geklassifiseer (DvO 2008:78-9).

Witskrif 6 het 'n proses aan die gang gesit wat sou uitloop op 'n verskeidenheid verdere ingrepe. Die Suid-Afrikaanse onderwysportaal genaamd Thutong bevat 'n volledige oorsig van die verloop van die implementering van die beleidsdokument (Thutong s.j.). Die verdere ingrepe word in die verloop van die huidige oorsig behandel na gelang van die jaar waarin dit voorgekom het. Ons sal later verneem dat 'n instelling van die VN aanbeveel het dat Witskrif 6 vanweë talryke gebreke hersien moet word.

Op **15 Mei 2002** volg 'n volgende belangrike stap deur die onderwysowerheid met die insluiting van SAGT by die leerareas van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Grade R-9 (Skole)* (DvO 2002) wat op dié datum vrygestel word. Volgens die

hersiene nasionale kurrikulumverklaring sluit die leerareas vir tale die amptelike tale sowel as die deur PanSAT goedgekeurde tale soos SAGT in. Die onderskeiding van agt verskillende leerareas vorm 'n kernelement van die kurrikulum. Van onmiddellike belang is die onderskeiding van 'n taalleerarea as een van die agt amptelike leerareas en daarbinne die insluiting van SAGT naas die amptelike tale. Die insluiting is onderhewig aan die goedkeuring van PanSAT en die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsowerheid (later die Kwalifikasieowerheid genoem) (DvO 2002:19-20), wat skynbaar later wel die nodige hieromtrent gedoen het.

Op **17 September 2002** kom SAGT prominent ter sprake by een van die openbare verhore oor die *Wysigingswetsontwerp op die Uitsaaiwese, B34-2002* (RSA 2002a) toe drie instansies voorleggings gemaak het omtrent die belang vir die Dowegemeenskap van die insluiting van gebaretaal in televisieuitsendings. Die instansies betrokke is Dtv (Deaf Television), Challenge Productions en DFSA. Met die betrokke wetsontwerp word die *Uitsaaiwet, 1999* (RSA 1999a – hierna Uitsaaiwet) gewysig. Nogtans bevat geeneen van die wette bepalinge omtrent SAGT nie. Al drie instansies het daarom die belang van die gebruik van gebaretaal op televisie vir toegang tot inligting deur middel van onderskrifte by programme, maar veral deur middel van gebaretaaltolking (vanweë geletterdheidsbeperkings vir een uit drie Dowes) benadruk (PKKDT 2002).

Op **12 November 2002** kondig die destydse minister, Kader Asmal, aan dat die regering die moontlikheid van gebaretaal as onderrigmedium en skoolvak ondersoek. Die departement se konsepkurrikulum vir Grade 10 tot 12 het in daardie stadium – reeds ses jaar na verampteliking in 1996 – nog nie vir SAGT voorsiening gemaak nie (SAPA 2002).

Die jaar 2003 kan as 'n soort hoogtepuntjaar wat betref SAGT se posisie in die onderwys beskou word. Buiten die sogenaamde Deaf March Memorandum (hieronder) staan 'n belangrike wysiging aan die kurrikulum wat SAGT betref uit as besondere mylpale. Ook word TBP vir SAGT gedurende die jaar vir die eerste keer in twee belangrike nasionale

taalbeleidsdokumente by die nasionale agenda geïntegreer en word vir die eerste keer in uitsaaiwetgewing vir die behoeftes van Dowes voorsiening gemaak.

Laasgenoemde wet, die *Uitsaaiwysigingswet, 2002* word op **4 Februarie 2003** geproklameer (RSA 2002b). Al bevat die wet nie bepalinge omtrent die aanwending van SAGT by name nie, word artikel 8(e) wel gewysig om spesifiek voorsiening te maak vir die behoeftes van Dowes en blindes: "... (e) om bereid te wees om op die behoeftes van die gehoor te reageer, insluitend die behoeftes van dowes en blindes, en rekenskap te gee oor hoe om aan daardie behoeftes te voldoen". 'n Mens kan aanneem die wysiging is ingebring na aanleiding van die voorleggings wat verskeie rolspelers die vorige jaar hieromtrent gemaak het. Gebaretaal word desnieteenstaande nie spesifiek vermeld nie.

Op **10 Februarie 2003** verwittig *Diamond Fields Advertiser* ons van 'n optog na die Noord-Kaapse Provinsiale Wetgewer in Kimberley om 'n memorandum aan die provinsiale onderwysdepartement te oorhandig waarin aangedring word om vanaf primêre tot tersiêre vlak in gebaretaal onderrig te word. Dit het hierna bekend begin staan as die sogenaamde Deaf March Memorandum. 'n Groepie van nagenoeg 100 gestremde persone het aan die betrokke optog deelgeneem (Ngesi 2003). Druchen (2014:78) sonder die geleentheid uit as 'n belangrike element in die politieke geskiedenis van SAGT. Volgens Bot en Masehela (2003:24) het die optog deel gevorm van landwyse betogings deur dowe Suid-Afrikaners in samewerking met die DPSA om aan te dring op onderrig in SAGT. Volgens Holness (2016:165) is die memorandum by beide die provinsiale en nasionale onderwysdepartemente ingedien. In die geval van die Noord-Kaap is die memorandum van 22 bladsye deur die destydse voorsitter van DFSA, Desmond Kgarebe, oorhandig. Al word 'gebaretaal' in die land se Grondwet erken, word niks gedoen om die gebruik daarvan vir onderwysdoeleindes te implementeer nie, het hy by hierdie geleentheid verklaar. (Dit is opvallend dat hy nie na die Skolewet verwys het nie.) Die memorandum eis die volgende:

- Dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) erken en geïmplementeer word as 'n amptelike taalvak in die

- onderwys van Dowe leerders in algemene onderwys en opleiding en verdere onderwys en opleiding;
- Dat SAGT ten volle geïmplementeer word as die amptelike [onderrigtaal] vir Dowe leerders in alle spesiale skole vir dowe leerders;
 - Dat alle opvoeders van Dowe leerders verpligte indiensopleiding in SAGT ontvang;
 - Dat SAGT onderrig- en leermateriaal ontwikkel word (Holness 2016:165).

'n Mens moet die betrokke optog waarskynlik as 'n respons op die minister se uitlating van 12 November 2002 beskou, maar tegelykertyd ook as 'n opvolg van die 1997-protes wat eerder vermeld is, konkrete getuïenis van 'n deurlopende veldtog oor die implementering van SAGT as onderwystaal in ooreenstemming met die Skolewet van 1996.

In reaksie op die betrokke memorandum het die minister hierna 'n onderwystaakspan opgerig, volgens Druchen (2007) inderdaad 'n direkte uitvloeisel van die sogenaamde Deaf March Memorandum. Hy meld egter dat die betrokke taakspan as gevolg van burokratiese rompslomp nie met sy werksaamhede kon vorder nie.⁷

Op **12 Februarie 2003** het die destyds verkleinde en herbenoemde Departement van Kuns en Kultuur (DKK) sy NTBR as voorloper van 'n beoogde taalwet (wat uiteindelik nege jaar later in 2012 as die WGAT gerealiseer het) bekendgemaak. Met dié raamwerk beoog die departement om onder meer die gelykwaardigheid van die amptelike tale asook 'funksionele' meertaligheid te bevorder. Funksionele meertaligheid word omskryf as "... die keuse van 'n bepaalde taal/tale in 'n bepaalde situasie, bepaal deur die konteks waarin die taal gebruik word, dit wil sê die funksie, die gehoor en die boodskap waarvoor dit aangewend word" (DKK 2003a:19). Die hoofogmerke met die dokument soos vervat in afdeling 2 daarvan is om onder meer die billike gebruik van die 11 amptelike tale te bevorder, maar ook 'n regstelling vir die voorheen gemarginaliseerde amptelike

7 Geen nadere besonderhede oor sodanige departementele taakspan kon opgespoor word nie.

inheemse tale te verseker (DKK 2003a:10). In afdeling 4 van die dokument word laasgenoemde konsep uitgebrei waar daar geskryf word oor spesiale regstellende programme vir die “... *gemarginaliseerde* inheemse tale” [eie beklemtoning]. Die raamwerk verwys hier na die sg. Afrikatale [sic], die sg. Khoe-, San- en Nama- [sic] tale **asook** ‘SA Sign Language(s)’ [sic] (DKK 2003a:18). Ten einde sodanige meertaligheid te bevorder, identifiseer die NTBR drie amptelike taalfunksies, te wete amptelike werkstale of rekordtale, amptelike kommunikasietale (met die publiek) en amptelike publikasietale (van amptelike publikasies). Wat eersgenoemde betref, bepaal die NTBR dat regeringstrukture oor hulle werkstale of rekordtale moet besluit sonder dat dit inbreuk maak op persone se gebruik van hulle voorkeurtale en wel deur die daarstel van taalfasiliteringsdienste. In die tweede geval moet die burger se taalvoorkeur asook die teikentaal van gehore eerbiedig word, weer eens bemiddel deur taalfasiliteringsdienste. Met betrekking tot publikasietale word bepaal dat ’n program van funksionele meertaligheid gevolg word indien nie al 11 (12 sedert 2023) amptelike tale aangewend word nie. Die program word gebaseer op die beginsel van die deurlopende en gelyktydige gebruik van ten minste ses amptelike tale, met dien verstande dat daar op ’n rotasiebasis altyd een taal elk uit die Nguni- en Sotho-tale gebruik sal word, dit dan naas die deurlopende gebruik van Venda, Tsonga, Engels en Afrikaans. Die NTBR vloei voort uit die werk van die TPTK.

Op **10 April 2003** word die NTBR Implementeringsplan vrygestel met die hoofoogmerk om besonderhede te verskaf oor die strukture en meganismes wat benodig word om die NTBR te operasionaliseer (DKK 2003b:5). Afdeling 2 van die plan handel oor implementeringstrukture en die meganismes van implementering. Die ontwikkeling van ‘Sign Languages’ [sic] word as een van die take van die strukture genoem (DKK 2003b:15). Afdeling 6 van die dokument bevat ’n opsomming van die oorhoofse implementeringsplan. Die NTBR se oogmerk om die status van die sg. Afrikatale [sic] asook dié van ‘Sign Languages’ [sic] te verhoog, word hier vermeld (DKK 2003b:26). Onder ’n afdeling implementeringstrategieë word bepaal dat steun verleen sal word aan spesiale korrektiewe pogings met betrekking tot die HGITs, met inbegrip van SAGT, soos

reeds vroeër aangedui. Al dui beide dokumente se wisselende benoemings van gebaretaal op 'n bepaalde onsekerheid oor die bestaan van een of meer Suid-Afrikaanse gebaretale, skyn daar wel 'n bepaalde verbintenis met betrekking tot die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse gebaretaal te bestaan. Afdeling 3 maak dit wel duidelik dat PanSAT skynbaar reeds met sodanige aktiwiteite besig is en dat dit daarom nodig is om "... ander bestaande strukture" hierin te ondersteun.

Beide NTBR-dokumente integreer SAGT by die nasionale taalagenda. Die insiggewende omtrent die bepalings hieromtrent is dat die taal as 'n gemarginaliseerde inheemse taal beskou word. Die NTBR-intervensie verteenwoordig 'n tipiese voorbeeld van die geïntegreerdheid van 'n taalbeplanningsprogram deurdat aspekte van taalstatusbeplanning (statusverhoging), taalkorpusbeplanning (taalontwikkeling) en taalprestigebeplanning (taalbevordering) tegelykertyd aangepak word.

Nadat die SATW I sedert 2000 verdere hersienings ondergaan het, word die wetsontwerp uiteindelik op **30 Maart 2003** vir kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer (DKK 2003c). Die gepubliseerde wetsontwerp bevat steeds die twee vroeër behandelde bepalings omtrent SAGT (met die meervoudvorm van die naam egter steeds as alternatief).

Op **7 November 2003** reik die onderwysdepartement in terme van die Onderwysbeleidwet en die Skolewet 'n belangrike verklaring uit oor die raamwerk vir die assessering en promosie van leerders in Graad 9 as 'n tussentydse beleid wat op Doves en SAGT betrekking het. Volgens die verklaring sal 'n "... dove leerder" van die twee amptelike tale-vereiste (van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Grade R-9*) vrygestel word. Die betrokke uitsondering lui soos volg:

34. 'n Dove leerder sal vrygestel word van die vereiste van twee amptelike tale. Hierdie leerder moet steeds twee tale aanbied (Suid-Afrikaanse Gebaretaal en een ander amptelike taal OF twee amptelike tale in gevalle waar Gebaretaal nie aangebied word nie), maar word slegs vereis om 'n 'bereik'-gradering in een van hierdie tale te behaal (MvO 2003:11).

Hoofstuk 6

Sodanige leerder moet steeds twee tale aanbied (SAGT en een ander amptelike taal OF twee amptelike tale in gevalle waar SAGT nie aangebied word nie), maar word van vereis om 'n 'bereikte' gradering in slegs een van die tale te bekom (DvO 2003).

Die ironie omtrent die verklaring is dat daar in daardie stadium buiten DFSA se 1997-poging nog nie 'n goedgekeurde nasionale kurrikulum bestaan het wat die voordeel aan 'n Dowe leerder kon deurgee nie, soos ons gesien het trouens deur die betrokke minister self in 2002 toegegee is. Die minister se verklaring word daarom as 'n tussentydse beleid beskou, maar die gebrek aan vordering daaromtrent sou gedurende 2009 waarskynlik bygedra het tot litigasie omtrent die aanbied van SAGT as matriekvak waaroor in 'n volgende hoofstuk uitgewy word.

Die bepaling hierbo val nogal vreemd op gesien die bepaling van die Skolewet wat SAGT vir die doeleindes van onderrig in openbare skole as amptelike taal verklaar het. Nietemin, artikel 29 van die vermelde tussentydse beleid bepaal dat leerders slegs bevorder sal word indien die vereiste nagekom is om 'n minimum van twee amptelike tale aan te bied, waarvan die een die onderrigtaal sal wees. Die vrystelling wat in artikel 34 van die beleid gemaak word, het op die reël betrekking. Nogtans bly dit onverklaarbaar dat geen melding gemaak word van die bepaling omtrent SAGT in die Skolewet nie. Nog 'n vraag is hoe so 'n leerder SAGT as taalvak kan aanbied sonder dat daar 'n amptelike leerplan voor bestaan, 'n kwessie wat later met betrekking tot die *Springate*-saak van 2009 weer ter sprake kom.

Op onderskeidelik **7 Mei** en **9 Julie 2004** neem ons kennis van konkrete stappe wat wel met betrekking tot die ontwikkeling van 'n ontbrekende kurrikulum geneem is. Op daardie datums word naamlik SAKO se SGL-adviesliggaam se konsep- Eenheidstandaarde vir SAGT vir openbare kommentaar gepubliseer (SGLSAGT 2004a; 2004b). Laasgenoemde bevat altesaam agt eenheidstandaarde vir Vlak 5 en een vir Vlak 6. Die eenheidstandaarde lê die basis vir die ontwikkeling van 'n SAGT-kurrikulum.

Die vordering word verder gevoer met die publikasie op **22 April 2005** van SAKO se nuwe eenheidstandaarde vir GET/FET Taal en kommunikasie wat die voriges van 2001 vervang het. SAGT word ingevolge hiervan nou by die leerarea, 'Language and Communication', ingesluit (Druchen 2014:78). As sodanig verteenwoordig die erkenning 'n betekenisvolle stap by die institutionalisering van SAGT as onderwystaal, 'n belangrike nawerking van die taal se eerste verampteliking in 1996. Die betekenisvolle implikasie hiervan is dat teen daardie datum (weliswaar bykans tien jaar later!) alles in beginsel gereed was vir die ontwikkeling van 'n SAGT-kurrikulum. Nogtans het dit (steeds) nie gebeur nie.

Op **4 November 2005** verneem ons van die eerste internasionale kongres van die World Association of Sign Language Interpreters (Wasli) wat in 2005 in Worcester plaasgevind het. Wasli is in 2003 gedurende die 14de Wêreldkongres van die WFD in Montreal, Kanada opgerig (Wasli 2022). Die geleentheid in Worcester het beslis bygedra tot die verhoging van SAGT se status as taal wat internasionaal erkenning geniet.

Tydens 'n vergadering op **14 Julie 2006** met die Blinde- en Dowevereniging van KZN onderneem die provinsiale DvO om te verseker dat SAGT by skole vir dowe gevestig word. Die vergadering is deur PanSAT gefasiliteer (Holness 2016:166). Dit bly onseker hoe uitvoering aan die kwessie gegee is in die afwesigheid van 'n nasionaalgoedgekeurde kurrikulum. Nietemin gee die vergadering vir ons 'n aanduiding dat die Dowegemeenskap bly voortbeur het met hulle pogings om SAGT ingevolge die Skolewet as onderwystaal geïnstitusioneel te kry.

Verskeie bronne meld die bekendstelling van DFSA se 'Deaf education position paper' **gedurende 2006**, sonder om enige presiese datum te vermeld. 'n Mens neem aan die dokument bou voort op 2003 se Deaf March Memorandum en moes sekerlik ingespeel het op die feit dat tien jaar na die verampteliking van SAGT as onderwystaal daar steeds geen erkende kurrikulum vir die taal bestaan het nie. Een van die mees aangehaalde gedeeltes van die ongepubliseerde dokument

verwys na die feit dat (teen 2006) slegs 14% van onderwysers wat in skole vir dowes werk vaardig in SAGT was (Magongwa 2010; Storbeck & Martin 2010; Holness 2016:166).

6.3 Taalbeplanningshoogtepunte van die tussentydse periode

In beginsel versterk die TiOB – terloops die eerste amptelike dokument wat die korrekte taalnaam vir Suid-Afrika se nasionale gebaretaal gebruik – die status en posisie van SAGT in die onderwys, vandaar dat die hele latere *Springate*-verhaal in werklikheid bisar voorkom en beslis 'n vingerwysing is na gebrekkige taalbeplanning deur (en eintlik ook ontbrekende visie) by die destydse DvO. Op die keper beskou, bekragtig die TiOB die Handves van Menseregte se taalreg omtrent vryheid van keuse van onderrig in die amptelike taal (of tale) van jou keuse soos vervat in aanvullende taal- en onderwyswetgewing (die Skolewet, ensovoorts).

Hoewel gedurende die 'tussentydse' tydperk ook oproepe tot die verampteliking van SAGT opgegaan het, het die volgehoue veldtog egter min konkrete mylpale opgelewer buiten vir die vermelding van SAGT in die SATW I. Wel is twee aksies noemenswaardig, te wete DFSA se 2000-2005 PanSAT-sakeplan en die organisasie se beweerde konsultasie met regters van die Grondwethof omtrent die gepaste veramptelingsprosedure om te volg. Die opmerklieke oogmerk met DFSA-gegenereerde PanSAT-sakeplan was om relevante taalbeplanningsaksies op dreef te kry wat sou uitloop op die verampteliking van SAGT. Dit het ingesluit aksies met betrekking tot taalontwikkeling (waarskynlik onder meer standaardisering soos in die geval van NGT – kyk EKSG 2020) en uiteraard taalbevordering. Laasgenoemde sou 'n belangrike rol kon speel om 'n toepaslike denkklimaat oor verampteliking te kultiveer. Die inwerkingstelling van die sakeplan was heel opmerklik daarop gemik om die weg tot verampteliking voor te berei, iets wat nie gedurende daardie tydperk gebeur het nie, waarskynlik grootliks te wyte aan die feit dat taalverampteliking buite PanSAT se mandaat val.

Ook opvallend omtrent die tussentydse tydperk is eensyds die vordering wat ingevolge die Skolewet se eerste verampteliking van SAGT met betrekking tot die institutionalisering van die taal as onderwystaal gemaak is en andersyds die afwesigheid van konkrete getuienis met betrekking tot die ontwikkeling van 'n gepaste en erkende kurrikulum. Gegewe die diskrepansie kan 'n mens begryp waarom die veldtog omtrent die erkenning van SAGT gedurende daardie tydperk op die onderwys gekonsentreer het. Al het TBP vir SAGT van bowe na benede wetlik gesproke daarvoor gesorg het dat alles in werking gestel was om SAGT se status as amptelike taal in die openbare onderwys te realiseer en daarom deels suksesvol was, het amptenare wat vir leerplanbeplanning verantwoordelik was duidelik nie saamgespeel nie.

Hoogtepunte van taalverwerwingsbeplanning is beslis die insluiting van SAGT by die TiOB, die nasionale kurrikulum verklaring, regulasies omtrent assessering en promosie en die ontwikkeling van eenheidstandaarde vir die taal. Danksy dié prestasies kon SAGT tien jaar na sy eerste verampteliking as amptelike onderwystaal in beginsel gelykgestel word aan die 11 amptelike tale. Dit was egter nie die geval met betrekking tot die oorgaan na die volgende logiese stap, die ontwikkeling van 'n kurrikulum, nie.

Laastens is inisiatiewe met betrekking tot TBP van benede wat deur DFSA en ander Dowe instansies geneem is besonder betekenisvol, stappe wat interessantheidshalwe nogal daarop gemik was om juis 'n SAGT-kurrikulum daar te stel. Dit kan gesien word in die twee weergawes van 'n konsepkurrikulum wat die organisasie geproduseer het, die Deaf March Memorandum en die belangrike standpuntdokument omtrent die hele kwessie van dowe onderwys wat gedurende 2006 die lig gesien het, deels 'n uitbreiding op die inhoud van die gemelde memorandum, maar ook 'n reaksie op uitdagings in die betrokke domein. Ons sal in die volgende hoofstuk sien dat DFSA se inisiatief omtrent kurrikulumontwikkeling nie erkenning gekry het nie, maar dat wel van hulle standpuntdokument kennis geneem is.

Hoofstuk 6

Oorhoofs beskou, dui die oorsig van verwickelinge gedurende die onderhawige tydperk aan die een kant op die feit dat TBP soms 'n tydsame proses is wat nie noodwendig altyd oombliklike en gewenste resultate oplewer nie. Aan die ander kant ontstaan vrae omtrent die betrokke onderwysowerheid se verbintenis tot die realisering en bowenal begrip van wetlike bepalinge, in hierdie geval omtrent die status van SAGT in die onderwysdomein. Getuienis wat in die volgende hoofstuk behandel word, sal help om lig op sulke vrae te werp.

Wat die gebruik en onderrig van SAGT as onderwysstaal betref, was onderwyspraktisyns gedurende die tussentydse periode eintlik aan hulle eie lot oorgelaat. 'n Mens aanvaar dat DFSA se konsep-kurrikulum nietemin vir hulle van nut sou gewees het, al sou hulle nie enige erkenning hieromtrent gekry het nie. Dit verg geen diep insig nie om tot die gevolgtrekking te kom dat daar teen 2006 werklik in meer as een opsig 'n krisis in dowe onderwys bestaan het. DFSA se standpundokument bevestig dit. 'n Mens kan uiteindelik begryp waarom hulle hierna op 'n meer doelbewuste veldtog oor die verampteliking van SAGT besluit het as 'n byna desperate poging om stukrag te verleen aan 1996 se eerste veramptelikingspoging, die onderwerp van die volgende hoofstuk.

Hoofstuk 7

Tweede poging tot verampteliking – ’n moeisame dog relatief suksesvolle proses (2007–2023)

7.1 Inleiding

Die oorsig van die vorige hoofstuk oor SAGT se posisie en status sedert 1996 illustreer dat regserkenning as sodanig nie veel beteken wanneer wetlike mylpale nie omgesit word in konkrete uitkomst in die taalpraktyk nie. Desnieteenstaande die 1996-Grondwet se insluiting van ‘gebaretaal’ by PanSAT se taalmandaat omtrent taalbevordering en -ontwikkeling en die verampteliking van die taal in die onderwys dieselfde jaar word sedertdien nie noemenswaardige vordering hieromtrent gerapporteer nie. Wel het belangrike aanvullende beleide tot stand gekom wat SAGT se posisie in die onderwys verder verskans het. Sels hierdie maatreëls het eers werklik in die praktyk neerslag gevind danksy die litigasie van 2009 wat (uiteindelik) die ondertussen hernoemde DBO beweeg het om ’n gebaretaalkurrikulum te ontwikkel. Sedertdien het die taal se posisie in die onderwys wel ietwat verbeter, maar nie tot by die punt waar dit as ideaal beskou sou kon word nie.

Juis vanweë ’n gevoel van onvergenoegdheid wat veral in die lig van die staat se ignorering van die Deaf March Memorandum van 2003 ontwikkel het, het die stryd om die volwaardige erkenning van SAGT as strategie na 2006 nuwe momentum verkry. Soos uit die oorsig hieronder sal blyk, het instansies soos DFSA toenemend begin redeneer dat die toevoeging van SAGT as 12de amptelike taal die gebrek aan wesenlike vordering van die taal in die onderwys sal ondervang; dat dit SAGT in alle opsigte gelyk sou stel aan die 11 amptelike

tale. Interessant genoeg tref 'n mens 'n soortgelyke denkwysie ook onder politici aan. Na aanleiding van 'n eindverslag van die DBO teen die einde van die Vierde Administrasie aan die portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys word byvoorbeeld aanbeveel dat die betrokke departement voorleggings moet maak wat die verampteliking van SAGT kan verseker "... ten einde gehalte leer en onderrig te verbeter" (PBE 2014).

In hierdie hoofstuk val die soeklig dan in die eerste plek op die hernieude pogings deur Dowe beïnvloedingskringe sedert 2007 om SAGT as Suid-Afrika se 12de amptelike taal erken te kry, 'n veldtog wat 16 jaar later in 2023 op die konkrete wysiging van die Grondwet uitgeloop het wat SAGT inderdaad as sodanig erken het. Die by tye moeisame proses word in die volgende afdelings behandel. Ons moet egter ook kennis neem van 'n tweede belangrike verwickeling gedurende die onderhawige tydperk, naamlik 'n proses waarna ons as 'die amperse verampteliking van SAGT' kan verwys. Ter sprake is natuurlik die proklamering van die WGAT in 2013 (aanvaar in 2012), die taalwet wat die NTBR van 2003 vervang en waarin 'n besonder spesiale status aan SAGT toegeken word, trouens in vergelyking met die 11 amptelike tale, selfs 'n bevoorregte status. Ofskoon 'n proses wat deels gelyklopend is aan die van die betrokke grondwetwysigingswetsproses, word laasgenoemde wetgewende proses onder 'n afsonderlike afdeling behandel.

Dan is na 2007 steeds verder gewerk aan onderwys-wetgewing wat betrekking het op SAGT as onderwystaal. Daar is sprake van verstrengelde wetgewende prosesse, 'n kwessie wat besondere implikasies vir SAGT inhou en waarvan tot op hede nie na behore kennis van geneem is nie.

Die proses wat in 2007 afgeskop het, is dié van (vir die eerste keer) 'n gepaste wetgewende proses omtrent die verampteliking van SAGT onder die vaandel van die aangewese parlementêre instansie, die GHK. Dit is 'n proses wat gedurende die termyn van die Derde Parlement begin is, maar wat eers 16 jaar later gedurende die termyn van die Sesde Parlement gerealiseer het. Wat volg, is 'n oorsig van hoe die proses onder vier GHKs ontvou het. Die oorsig word per termyn van elk van die GHKs aangebied, maar die fokus van die bespreking word

nie streng tot die werksaamhede van hierdie komitee beperk nie. Dit sal mettertyd blyk dat die konteks waarbinne die betrokke wetgewende prosesse voltrek is, van wesenlike belang vir SAGT was.

7.2 Die wetgewende proses onder die GHK van die Derde Parlement (2004–2009)

Tydlyn:

- 2007:
 - 16 Februarie: DFSA dien formele voorstel vir SAGT-erkenning by GHK III in.
 - 25 Mei: GHK III aanvaar resoluëie wat SAGT-erkenning ondersteun en taakspan aanbeveel.
 - Week van 12 Junie: GHK aanvaar die resoluëie oor verampteliking.
 - 1 Augustus: NRvP portefeuljekomitee bespreek GHK-resoluëie.
 - 13 September: Verdere besluite van GHK-vergadering bevestig dié van 25 Mei: Druchen skryf aan die Speaker oor die uitkomste van vergadering.
 - 6 November: PanSAT lig die NV se portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur in dat die raad 'n aanbeveling omtrent DFSA se versoek om verampteliking aan die minister van Kuns en Kultuur gemaak het.
- 2008:
 - Op 'n onbekende datum: Dowe organisasies hou beleidsimplementeringskongres oor SAGT; beveel voortsetting van erkenningspogings aan.
 - Op 'n onbekende datum: Finger Talk South African Sign Language (SASL) Dictionary verskyn.

Volgens Druchen was 'die eerste stap' in SAGT se erkenningsproses as amptelike taal op nasionale vlak (GHK 2007a:1) op **16 Februarie 2007** geneem toe hy namens DFSA en aan die hand van 'n ondersteunende memorandum die eerste amptelike voorstel oor die erkenning van SAGT as 12de amptelike taal by die komitee verantwoordelik vir die aanhoor van voorstelle omtrent grondwetwysigings, in hierdie geval

GHK III (die komitee van die Derde Parlement), ingedien het (Druchen 2007). Vandaar dat die datum as die een wat in werklikheid die derde fase in die veramptelikingspoging inlui, beskou kan word omdat dit eerste konkrete stap in die post-1996 veramptelikingsveldtog was wat die vooruitsig op 'n wetgewende uitkoms gebied het.

Die GHK is 'n gesamentlike komitee bestaande uit lede van die Parlement (d.w.s. van sowel die NV as die NRvP). Dit is 'n komitee wat wetlik verplig word om jaarliks voor die eerste dag van Mei die publiek, parlementêre komitees asook parlamentslede en staatsorgane deur middel van kennisgewings in die openbare media uit te nooi om geskrewe voorleggings te maak omtrent enige grondwetlike kwessie (GHK 2019:1).

DFSA se gemelde memorandum gee agtergrond oor die organisasie, vordering wat met die erkenning van SAGT gemaak is, wat SAGT is, wat die status van gebaretaal in ander lande is, voer redes aan waarom SAGT as 12de amptelike taal erken behoort te word, maak dan 'n voorstel oor hoe om die proses verder te voer en sluit af met 'n emosionele appèl oor wat sodanige erkenning vir die Dowegemeenskap sal beteken (Druchen 2007). DFSA bekla in die memorandum die feit dat ander lande sedert 1996 met die regserkenning van hulle gebaretaal gevorder het maar dat die Dowegemeenskap van Suid-Afrika tien jaar later¹ "... niks meer [het] om vir die wêreld te wys nie" (wat sodanige erkenning betref). As regstelling hiervan stel DFSA voor dat 'n taakspan bestaande uit DFSA-verteenwoordigers en lede van die DKK "... met onmiddellike effek" saamgestel word om die proses van die bevordering van SAGT te monitor. Tegelykertyd stel DFSA voor dat die Parlement ook "... met onmiddellike effek" die nodige grondwetwysiging

1 Ofskoon die President die 1996-Grondwet eers op 10 Desember 1996 as wet onderteken het nadat die Grondwethof dit op 4 Desember 1996 gesertifiseer het (kyk GHSA 2023), het die DFSA foutiewelik geredeneer dat Oktober 2006 die herdenkingsdatum vir 10 jaar wetlike erkenning van SAGT was, omdat die GV die wet gedurende daardie maand van 1996 ná regstellings op aandrang van die Grondwethof aanvaar het. Ook het die DFSA uit die oog verloor dat die Skolewet van 6 November 1996 die eerste geproklameerde wet was wat SAGT wetlik erken het as amptelike taal vir die doeleindes van onderrig en leer in openbare skole. Eintlik sou dié datum meer gepas gewees het.

deurvoer sodat SAGT binne ses maande (bereken vanaf Oktober 2006) as 12de amptelike taal erken sal word!

Die memorandum se lys van 'n aantal lande wat regserkenning aan hulle onderskeie nasionale gebaretaale verleen, verg wel aandag. Volgens die lys erken die grondwet van vyf van die lande, te wete Uganda, Finland, Portugal, Pole en Nieu-Seeland, in daardie stadium (2007) hulle nasionale gebaretaal as amptelike taal. Nadat die outeur gepoog het om die aanname op grond van amptelike dokumentasie van hierdie lande te verifieer, blyk die werklike situasie heel anders daar uit te sien:

- Uganda se grondwet erken in artikel 6 twee amptelike tale, te wete Engels en Swahili, en bepaal in artikel 14(d) omtrent hulle nasionale gebaretaal slegs dat die staat verantwoordelik is om die ontwikkeling daarvan te bevorder (Constitute 2017a).
- Finland se grondwet erken in artikel 17 Fins en Sweeds as die land se nasionale tale, ken dan amptelike taalregte in die twee tale toe en bepaal omtrent hulle nasionale gebaretaal dat die regte van persone wat die taal gebruik, gewaarborg word, en so ook die regte van persone wat as gevolg van gestremdheid tolking en vertaling benodig (Constitute 2011).
- Portugal se grondwet erken in artikel 11(3) Portugees as amptelike taal en bepaal omtrent Portugese Gebaretaal in artikel 74(2)(h) die staat se verantwoordelikheid wat betref onderwys om hulle gebaretaal te beskerm en te ontwikkel as "... uitdrukking van kultuur en 'n instrument vir toegang tot onderwys en gelyke geleenthede" (Constitute 2005).
- Pole se grondwet erken in artikel 27 Pools as amptelike taal, maar maak geen melding van enige erkenning omtrent die nasionale gebaretaal nie. Wel erken dit in artikel 35 die regte van nasionale of etniese minderhede om hulle gebruike en tradisies te handhaaf en hulle eie kultuur te ontwikkel (Constitute 2009). (Soos vroeër uitgewys, het Pole eers in 2012 sy nasionale gebaretaal veramptelik.)
- Nieu-Seeland se grondwet erken geen amptelike tale nie, maar erken implisiet wel Engels as die *de facto* amptelike taal en origens in 'n aantal artikels linguistiese menseregte,

onder meer in artikel 20 die regte van etniese, religieuse en linguistiese minderhede, in artikel 24 die regte van 'n aangeklaagde tot 'n tolk en in artikel 170 die reg tot bystand in die stemlokaal indien Engels nie verstaan word nie, ook vanweë gestremdheid (Constitute 2014). Soos ook eerder aangedui, het Nieu-Seeland in 2006 egter 'n afsonderlike taalwet aangeneem waarin Nieu-Seelandse Gebaretaal wel as amptelike taal erken word (NZG 2006), soortgelyk aan die taalwet vir Maori wat in 2016 aangeneem is en wat die *Māori Language Act* van 1987 vervang het (NZG 2016). Streng wetlik gesproke erken Nieu Seeland *de jure* die twee tale as enigste amptelike tale, nieëenstaande die feit dat die land se grondwet geen amptelike tale erken nie.

DFSA se aanspraak omtrent Uganda, Finland, Portugal, Pole en Nieu-Seeland se grondwetlike erkenning van hulle nasionale gebaretaal as amptelike taal is ooglopend foutief en misleidend. Wat sommige van die betrokke lande wel doen, is om een of ander vorm van wetlike (d.w.s. 'amptelike') erkenning in hul grondwet aan hulle nasionale gebaretaal te verleen, of om hulle gebaretaal deur aanvullende wetgewing te erken. DFSA tref kennelik nie die betekenisvolle onderskeid tussen wetlike (of amptelike) erkenning en ampteliketaal-erkenning nie. Die blote vermelding van gebaretaal in 'n land se grondwet (ongegag die inhoud en konteks) skyn vir hulle gelyk te staan aan verampteliking.

DFSA is wel nie die enigste instansie wat die twee begrippe met mekaar verwar nie. Tydens die aanbieding van die KRLT-Kommissie se 2019/20-jaarverslag beweer een van die kommissarisse dat die kommissie bly was dat die regering beide Nama en "... gebaretaal" [*sic*] as "... amptelike tale [*sic*]" in die land erken het (PKSRTS 2020). Ook vir die betrokkenes beteken die blote vermelding van die gemelde twee tale in die Grondwet dat hulle amptelike tale is.

In sy verslag oor vordering wat met die verhoging van die status van die Dowegemeenskap van Suid-Afrika gemaak is, maak Druchen daarop aanspraak die Suid-Afrikaanse Grondwet "... erken dat SAGT die amptelike taal van Dowe Suid-

Afrikaners is” (Druchen 2014:79). Die betrokke artikel het tot en met die onlangse (Julie 2023) grondwetwysiging gebaretaal binne die konteks van PanSAT se taalmandaat met betrekking tot taalontwikkeling en -bevordering vermeld. Druchen lees met sy stelling iets in die teks wat hoegenaamd nie daarin voorkom nie. Trouens, indien sy lees van die bedoeling van die Grondwet korrek is, sou die sprekers van die sogenaamde erfenistale (Hindoe, Hebreeus, Portugees, ensovoorts) vanweë hulle vermelding op dieselfde soort ‘amptelike’ status vir die erfenistale aanspraak kon maak. Druchen se opvatting bevestig DFSA se opvatting omtrent wat die wetlike of ‘amptelike’ erkenning van gebaretaal behels.

Na ’n uitvoerige beraadslaging oor DFSA se aanbieding, dui die voorsitter van GHK III ten besluite aan dat alvorens die komitee in diepte oor die kwessie kan besin, meer inligting benodig word. Hy verwys hieromtrent onder meer na vergaderings met die DBO en die DKK waarin hy vermoed meer inligting of statistiek ter sprake sou gekom het.² In ieder geval gee die voorsitter die versekering dat die komitee empatie met DFSA se posisie het en gretig is om ’n balans te probeer vind tussen die federasie se versoek en die praktiese implikasies daarvan. Hy onderneem ten besluite dat die komitee binne twee weke weer oor die kwessie sal beraadslaag (GHK 2007a).

Sodanige vergadering vind op **16 Maart 2007** plaas. Uit ’n kort bespreking blyk dit dat die GHK ondertussen wel met ander regeringsinstansies (onder meer ook met die minister in die Kantoor van die Staatspresident en die minister van Kuns en Kultuur) oorleg gepleeg het maar dat steeds op meer inligting gewag word. Die kwessie van praktiese implikasies het weer ter sprake gekom en vrae het ontstaan oor of PanSAT sy mandaat omtrent SAGT na wense uitvoer. Die tweede vergadering verdaag ook sonder dat op ’n aanbeveling besluit word. Daar word ooreengekom dat ’n formele resoluëie oor die aangeleentheid vir bespreking by die komitee se volgende vergadering geformuleer sal word (GHK 2007b).

2 Rekords van sodanige vergaderings kon nie gevind word nie.

Sodanige konsep-resolusie het inderdaad by die daaropvolgende vergadering van **25 Mei 2007** gedien waar dit ook eenparig aanvaar is. Die betrokke besluit lui soos volg:

- Die Komitee waardeer die omvattende motivering wat deur DFSA aangebied is in sy pogings om gebaretaal [sic] as 'n twaalfde amptelike taal te laat erken en stem saam dat die *status quo* onaanvaarbaar is.
- Die Komitee gee toe dat die akkommodering van gebaretaal [sic] as 'n twaalfde taal logistieke en begrotingsimplikasies sou hê wat ondersoek moes word.
- Die Komitee het die minister in die Presidensie in samewerking met die minister van Kuns en Kultuur en die minister van Onderwys versoek om so spoedig moontlik 'n taakspan saam te roep wat hierna sou kyk.
- Die Komitee het die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) aangemoedig om gevolg te gee aan die opdrag vervat in artikel 6(5)(a)(iii) van die Grondwet, om Suid-Afrikaanse gebaretaal [sic] te bevorder, en om aan die Gesamentlike Grondwetlike Hersieningskomitee verslag te doen oor die vordering wat gemaak is (GHK 2007c).

Volgens Druchen (2010:498) is die betrokke aanbevelings opgeneem in 'n verslag van GHK III wat voor die parlement gedien het.³ 'n Berig deur Du Toit (2007) na aanleiding van 'n onderhoud met Manie Schoeman, 'n ANC-LP, meld dat die komitee sodanige resolusie skynbaar gedurende die week van **12 Junie 2007** aanvaar het. Volgens Du Toit sou die NV voor die Parlement se gebruiklike winter reses oor die saak besluit het en sou die versoek ook aan die NRvP voorgelê word (Stephen 2007).

25 Mei 2007 se besluit kom op **1 Augustus 2007** by 'n vergadering van die NRvP se portefeuljekomitee oor Onderwys en Tegnologie, Sport, Kuns en Kultuur ter sprake. PanSAT reageer by monde van sy Uitvoerende Hoofbeampte dat die Raad inderdaad van DFSA 'n versoek om die erkenning van SAGT as addisionele amptelike taal ontvang het en dat "... hierdie saak ... onder die soeklig [was]" (NRvPKOTSKK 2007:3). Die

3 Sodanige verslag kon nie opgespoor word nie.

beampte noem dat daar 'n paar probleme bestaan wat oorkom moes word voordat 'n taal as amptelik beskou kon word. Om die taal kragtiger te maak, moet daar geskrewe konsepte wees, en die vermoë om byvoorbeeld woordelyste en woordeboeke te produseer, 'n standpunt wat ooreenkom met die voorwaarde omtrent die wetlike erkenning van NGT (EKSG 2020). Sy gaan akkoord met menings dat die kwessies ondersoek behoort te word. Hiermee bevestig die betrokke beampte PanSAT se terughoudende posisie omtrent die verampteliking van SAGT.

Daar is sprake van nog 'n GHK-vergadering op **13 September 2007** waar skynbaar 'n verdere besluit geneem is. Ons kom van so 'n geleentheid te hore tydens 'n vergadering van die NRvP se portefeuljekomitee oor Vroue, Kinders en Persone met Gestremdhede⁴ op 7 April 2014 na aanleiding van 'n brief van DFSA aan die Speaker wat die Kantoor van die Speaker aan laasgenoemde komitee deurgestuur het. Volgens Druchen het hy na afloop van die GHK se sogenaamde 'laaste' 2007-vergadering (waarskynlik die van 13 September 2007) inderdaad aan die Speaker geskryf (NRVP Vroue, Kinders en Persone met Gestremdhede 2014). In die ingediende brief maak Druchen daarop aanspraak dat by die vergadering van 13 September 2007 skynbaar op die volgende ooreengekom is:

- Die *status quo* was onaanvaarbaar en diskriminerend soos ervaar deur 'n aanvaarbare deel van ons gemeenskap.
- Die akkommodasie van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as die 12de Amptelike Taal sou beduidende logistieke en begrotingsimplikasies hê wat ondersoek moet word.
- Geagte minister in die Presidensie, dr. Essop Goolam Pahad, is versoek om 'n taakspan saam te stel om die saak te ondersoek, in samewerking met die Geagte minister van Kuns en Kultuur, dr. Zwelidinga Pallo Jordan, en die Geagte minister van Onderwys, me. Grace Naledi Pandor.
- Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) is aangemoedig om geloofwaardigheid te gee aan die opdrag in artikel 6(5)(a)(iii) van die Grondwet om SAGT

4 Let op dat die naam van die komitee verskil van sy teenhanger in die NV.

te bevorder en aan die Parlement verslag te doen oor die vordering wat in hierdie verband gemaak is (NRVP Vroue, Kinders en Persone met Gestremdhede 2014).

Die laaste drie besluite kom ooreen met die GHK se besluit van 25 Mei 2007 maar die eerste is nuut en eggo waarskynlik DFSA se sentiment. Trouens, dit is die soort frase wat hierna herhaaldelik in verdere parlementêre gesprekke opklink. Druchen beweer vervolgens dat die Speaker skynbaar in reaksie op die skrywe onderneem het om "... die hele kwessie" op te volg.

25 Mei 2007 se besluit kom ook op **6 November 2007** by 'n vergadering van die NV se portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur ter sprake. PanSAT se uitvoerende hoofbeampte rapporteer by die geleentheid dat die Raad 'n aanbeveling omtrent DFSA se versoek om die erkenning van SAGT aan die minister van Kuns en Kultuur gemaak het en dat die saak verder met laasgenoemde bespreek is. Die beampte noem dat die raad ondertussen ook met DFSA oor die aangeleentheid vergader het ten einde oor 'n "... kollektiewe standpunt" te onderhandel maar dat die partye nog nie daarin kon slaag om met 'n verenigde voorstel na vore te kom nie (PKKK 2007).

Ten spyte van skynbare vordering het die kwessie van die verampteliking van SAGT teen die einde van 2007 onverrigtersake oorgestaan. Vir die volgende twee jaar sou die GHK homself besig hou met die sogenaamde Sepedi/Sesotho sa Leboa-kwessie wat reeds gedurende Augustus 2007 by die komitee aanhangig gemaak is soos vroeër in die monografie bespreek (GHK 2007d). Soos toe aangetoon, kon die GHK egter nie tot 'n besluit kom nie en het spreekwoordelik, soos ook blyk in die geval van die SAGT-kwessie, die bal bly aangee tot by die GHK van die volgende, die Sesede, Parlement (2019-024). Die komitee het soos vroeër aangetoon met die niksseggende aanbeveling omtrent die behoud van die 1993-benaming in die Noord-Sotho-weergawe van die Grondwet en gelykertyd die behoud van Sepedi in die Engelstalige grondwet vorendag gekom het, laasgenoemde linguisties gesproke foutief en misleidend.

Op 'n onbekende datum **gedurende 2008** organiseer Dowe organisasies volgens Druchen (2014:78) 'n

beleidsimplementeringskongres omtrent SAGT. Skynbaar was die veramptelikingskwessie onder die temas wat ter sprake gekom het. Nieteenstaande die feit dat min openbare getuienis omtrent die geleentheid gevind kon word, verwys die De la Bat Skool vir Dowes wel na so 'n konferensie onder 'n afdeling wat handel oor gebaretaal en die erkenning daarvan as addisionele amptelike taal. Skynbaar het die konferensie heelwat sleutel rolspelers betrek, insluitende geleerdes, navorsers, onderwysers, beleidmakers, aktiviste en regeringsinstansies. Een van die oogmerke was om SAGT te bevorder met die oog om dit as 12de amptelike taal erken te kry (De la Bat 2022; Disa 2022). Die kongres het uiteindelik 'n konkrete aanbeveling hieromtrent gemaak, naamlik dat voortgegaan moet word met pogings om SAGT as amptelike taal verklaar te kry, soos deur prof. Veronica McKay van Unisa bevestig by 'n heelwat latere webinaar oor SAGT wat hulle gedurende 2020 aangebied het (Ravhudzulo 2020). Die 2008-kongres dien as belangrike getuienis van die werksaamhede van die breër Dowe veldtogvoering en as bewys van die verskillende mobilisasieaksies deur die beïnvloedingskringe, hoewel dit moeilik is om die direkte uitwerking daarvan op die wetgewende proses vas te stel.

Ook **gedurende 2008** word Fulton School for the Deaf van Durban se eerste uitgawe van hulle woordeboek, *Finger Talk South African Sign Language (SASL) Dictionary* (Howard, 2008) bekendgestel. Volgens Fourie Blair (2014:127) is hierdie betrokke woordeboek afgestem op die ouers en vriende van die Dowe leerders van die Fulton skool, aangesien die publikasie onder die naam en embleem van die skool uitgegee is. Hierna het verdere gedrukte SAGT-woordeboeke nie meer die lig gesien nie en is oorgegaan tot die samestel van digitale woordeboeke, soos later behandel sal word.

Uit die oorsig tot hiertoe blyk dat die GHK van die Derde Parlement (2004–2009) voor die verkiesing van Mei 2009 sy termyn onverrigtersake afgesluit het, met ander woorde sonder dat betekenisvol met die veramptelikingsproses gevorder is. Dit ten spyte van die volgende skynbare mylpale:

- 'n aanbeveling ten gunste van verampteliking waarop reeds by die GHK se vergadering van 25 Mei 2007 ooreengekom is

- voorstelle omtrent die oprigting van 'n interdepartementele taakspan om die saak verder te voer wat ook by hierdie geleentheid gemaak is
- die Speaker se latere onderneming aan DFSA om vordering met laasgenoemde op te volg
- die Derde Parlement se (skynbaar op 12 Junie 2009) beweerde 'goedkeuring' van die GHK se 2007-aanbeveling, soos later by 'n vergadering van 12 November 2009 deur Druchen beweer is (GHK 2009).

Wat omtrent die behandelde gebeurde opval, is dat DFSA se Februarie 2007 versoek eintlik relatief vinnig aanvaar is en dat daar vanuit die staanspoor geen werklike besware teen was nie. Daar het wel onsekerheid bestaan oor die haalbaarheid van verampteliking asook oor PanSAT se rol by die hele proses. Die voorgestelde oprigting van 'n interdepartementele taakspan, waarvan die Raad deel sou vorm, was daarop gerig om kwessies uit te stryk. Ons hoor egter eers veel later (in 'n volgende afdeling) van so 'n taakspan maar 'n konkrete verslag het nooit die lig gesien nie, in ieder geval nie in die openbare ruimte nie. Onsekerheid en eintlik onkunde oor PanSAT se rol in die hele proses het tot teen die einde van die betrokke GHK se termyn voorgekom. Soos later sal blyk, het dit selfs daarna voortgeduur. Dit wil voorkom asof hierdie kwessie uiteindelik waarskynlik bygedra het tot die grootlikse gesloer met die afhandeling van die veramptelikingsproses.

Wat ook opval, is die besonder ondernemende rol wat DFSA gedurende die onderhawige tydperk in die wetgewende proses gespeel het. Dit blyk onder meer uit die federasie se konstruktiewe deelname aan komiteevergaderings (dink maar aan die vroeë voorstel oor die oprigting van 'n taakspan) maar ook aan sy interaksie met die Speaker rondom die einste taakspan. Nietemin vermoed 'n mens dat teen die einde van die Derde Parlement dit vir DFSA en ander rolspelers waarskynlik duidelik begin word, het dat die wetgewende proses as sodanig in verskeie opsigte (hoofsaaklik weens die administratiewe en tegniese aard van die proses) gebrekkig was en dat ander aksies nodig sou wees om die proses as't ware aan te help. Sulke aksies sou wel gedurende die termyn van die volgende GHK onderneem

word maar sonder om 'n noemenswaardige bydrae tot die versnelling van die wetgewende proses te maak.

7.3 Die wetgewende proses onder die GHK van die Vierde Parlement (2009–2014)

Tydlyn:

- 2009
 - 8 Junie: Kyle Springate dien mosie by Pietermaritzburgse Hoërhof in.
 - Augustus: Skikking in *Springate*-saak bereik; Deel B van mosie uitgestel.
 - 31 Augustus: Denise Robinson kondig mosie aan vir erkenning van gebaretaal.
 - 12 November: Druchen spreek GHK toe; geen besluite weens gebrek aan kworum.
- 2010
 - 17 Maart: GHK verneem van DFSA-verslag aan Presidensie; geen terugvoer nie.
- 2012
 - 1 Oktober: Staatspresident onderteken die WGAT.
 - 31 Oktober: DKK rapporteer oor VN-konvensie; verwysing na befondsing vir 'gebaretaal'.
 - 26 November: Kabinet publiseer konsepverslag aan VN se Komitee vir die Regte van Persone met Gestremdhede.
 - Desember: President Zuma se 'proklamerings' van SAGT as amptelike taal.
 - 15–20 Desember: ANC-kongres ingerig vir gebaretaalgebruikers; geen veramptelikingsbesluit nie.
- 2013
 - Onbekende datum: DFSA maak derde voorlegging by GHK.
 - 13 Maart: Portefeuljekomitee oor Staatsdiens bespreek 'gebaretaal'-erkenning.
 - 17 April: Kabinet keur finale landsverslag oor VN-konvensie vir die regte van persone met gestremdhede goed.

- 2 Mei: Die WGAT geproklameer.
- 22 Mei: Minister van Vroue, Jeug bespreek verampteliking; geen WGAT-verwysing nie.
- 24 Julie: PanSAT gekritiseer vir nie-optrede omtrent verampteliking.
- 14 Augustus: PanSAT weer verbind met verampteliking.
- 2014
 - 14 Februarie: Bekendstelling van eerste digitale SAGT-woordeboek, *Real SASL*.
 - 11 Maart: Portefeuljekomitee Basiese Onderwys dring aan op 'gebaretaal'-erkenning.
 - 3 Julie: Raad van Onderwysministers keur SAGT Huistaal KABV goed.
 - 7 April: Portefeuljekomitee oor Vroue, Jeug rapporteer oor werksaamhede.

Reeds vroeg in die termyn van die Vierde Parlement (2009–2014) duik 'n belangrike (en te verwagte) nuwetgewende intervensie met betrekking tot SAGT se verampteliking op en wel in die vorm van litigasie rondom SAGT as skoolvak. Dit gebeur naamlik op **8 Junie 2009** toe Kyle Springate, 'n matriekleerling aan die gesogte Westville Boys High School van KZN, 'n mosie by die Pietermaritzburgse Hoërhof indien waarin hy die DBO uitdaag omdat dié geweier het dat hy vir die vak gebaretaal, 'n vak wat hy regdeur hoërskool geneem het, geëksamineer kan word (Holness 2016:143 e.v.).⁵ Nieteenstaande die feit dat dit hier gaan oor 'n onderwyskwessie kom die hele kwessie van die verampteliking van SAGT egter heel prominent tydens die litigasie ter sprake. Dit sou aanleiding gee tot betekenisvolle druk op die wetgewende proses, soos aangetoon sal word.

In Deel A van sy aansoek dring Springate daarop aan dat die nasionale en provinsiale departemente se versuim om hom toe te laat om in die Seniorsertifikaateksamen vir die vak Gebaretaal geëksamineer te word as ongrondwetlik en

5 Die betrokke hofstukke is nie op die databasis van die Pietermaritzburgse Hoërhof beskikbaar nie. 'n Mens moet daarom staatmaak op die (wel deeglike) gedokumenteerde weergawe van Holness (2016) wat wel toegang tot die relevante rekords gehad het.

onwettig verklaar word. Hieruit voortvloeiend het hy op 'n bevel aangedring ingevolge waarvan die departement hom moes toegelaat het om die eksamen vir die vak af te lê. In Deel B van sy aansoek het Springate 'n bevel aangevra ingevolge waarvan SAGT of 'n ander vorm van gebaretaal as 'n amptelike taal vir doeleindes van leer by openbare skole erken sal word en dat stappe geneem moet word om gebaretaal as taalvak (soortgelyk aan Afrikaans, Zulu, ensovoorts) in hoërskole te implementeer, hetsy as huistaal of eerste of tweede addisionele taal. Deel B se versoek is nogal ironies, maar dui onteenseglik op die DBO se onvermoë of onbevoegdheid om die verampteliking van SAGT in terme van die Skolewet te implementeer.

Gedurende **Augustus 2009** is 'n skikking tussen die partye bereik waarna die litigant die saak onttrek het. Die skikking het behels dat Springate wat betref Deel A van die mosie tegemoet gekom is deurdat die vereiste van 'n sewende vak in die matriekeksamen (in sy geval die vak gebaretaal) geskrap is. Deel B van sy mosie is onbepaald uitgestel.

Al het die DBO die litigant nie heeltemal gelyk gegee nie kan *K Springate v Minister of Education & Others* (*K Springate v Minister of Education & Others* 2009) nietemin as 'n suksesvolle geval van litigasie en instrument van taalaktiwisme beskou word. Soos Holness (2016:143-4) dit stel, die litigasie "... het uitgeloop op 'n oorwinning vir dowe leerders om gebaretaal as 'n taalvak vir matriek in skole aan te bied", verwysend na die feit dat die DBO hierna wel 'n huistaalkurrikulum vir SAGT ontwikkel het.

Tydens 'n sitting van die NV op **31 Augustus 2009** en kort op die hakke van twee uiters belangrike litigasies, te wete die *Springate*-saak van 9 Junie 2009 en die *Lourens*-saak van 14 Augustus 2009 (wat weldra aan die bod kom), gee Denise Robinson van die DA kennis dat sy by die daaropvolgende sitting van die Huis die volgende mosie namens haar party sal instel:

Dat die betrokke Huis die aanvaarding van gebaretaal [*sic*] as die twaalfde amptelike taal van Suid-Afrika en as 'n amptelike matriekvak debatteer (Hansards 2009a).

Die tweede deel van die voorgestelde mosie het direk betrekking op die *Springate*-saak. (Gedurende 2018 het dieselfde lid weer die *Springate*-saak in 'n vraag aan die DBO-minister oor die kurrikulum te berde gebring. Soos later in die oorsig sal blyk, het die betrokke saak uiteindelik wel 'n rol by verampteliking gespeel.)

Op **12 November 2009** motiveer Druchen tydens sy tweede voorlegging aan die GHK (nou van die Vierde Parlement, 2009–2014) die noodsaak om SAGT as amptelike taal erken te kry. Die KRLT-Kommissie en PanSAT was ook by hierdie geleentheid teenwoordig. Bydraes gelewer ten opsigte van die Sepedi vs. Sesotho sa Leboa-vraagstuk wat gedurende Augustus 2007 op die GHK se tafel beland het, het tydens die bespreking voorrang geniet (GHK 2007e).

DFSA het nogtans by die geleentheid sekere praktiese implikasies van verampteliking, onder meer met betrekking tot die SAUK en die beskikbaarstelling van tolke en die onderwys uitgelig, maar ook die komitee daarop gewys dat gedurende 2007 op 'n taakspan besluit is om die saak verder te ondersoek (soos eerder behandel) maar dat skynbaar niks daarvan gekom het nie. Dit is natuurlik DFSA se weergawe van wat by die betrokke vergadering besluit is. In werklikheid was die taakspan-gedagte 'n voorstel wat DFSA reeds by die GHK se Februarie 2007 vergadering gemaak het. Soos vroeër uitgewys, is by die vergadering besluit om DFSA se voorstel verder te bespreek en wel by die opvolgvergadering van 16 Maart 2007. Soos ons gesien het, is 'n daadwerklike besluit eers by die daaropvolgende vergadering van 25 Mei 2007 geneem. Wel bevat laasgenoemde besluit 'n voorstel oor die saamstel van 'n taakspan, maar een wat heeltemal anders gestruktureer is as wat DFSA voorsien het – die federasie vorm byvoorbeeld nie deel van die GHK se voorgestelde taakspan nie.

Aangesien Druchen in sy betoog daarop aanspraak gemaak het dat die Parlement die GHK se 2007-verslag aanvaar het (soos vroeër vermeld), wys hy op die implikasie dat SAGT derhalwe as 'n amptelike taal erken moet word en dat nou van die Vierde Parlement (2009–2014) verwag word om die saak verder te voer. Aangesien daar by die 12 November 2009-vergadering

nie 'n kworum teenwoordig was nie, kon geen besluite geneem word nie (GHK 2009). Trouens, die GHK se jaarverslag oor 2009-voorleggings lys glad nie eens DFSA se November-aanbieding nie, waarskynlik omdat dit vanweë 'n gebrek aan 'n kworum nie as 'n gekonstitueerde vergadering beskou was nie (GHK 2010).

By die GHK se vergadering van **17 Maart 2010** verneem ons van 'n verslag wat DFSA (vermoedelik gedurende 2009) by die Presidensie ingedien het (GHK 2010). Die voorsitter deel die vergadering mee dat daar nou op terugvoer hieromtrent gewag word. Geen verdere verwysings na sodanige verslag of terugvoer kom voor nie. Wel verneem ons heelwat later tydens die bespreking van GHK IV se werksaamhede gedateer 27 Februarie 2014 van 'n uitstaande verslag deur 'n taakspan bestaande uit die Presidensie, die DKK en DBO in reaksie op een of ander voorlegging deur DFSA (GHK 2014). Die teks van so 'n verslag is ongelukkig ook nie beskikbaar nie. Moontlik hou die twee kwessies verband met mekaar maar in beide gevalle kom konkrete terugvoer nie in verdere bronne ter sprake nie. Dit is opvallend dat ook die WGAT-proses nie ter sprake kom nie.

Op **1 Oktober 2012** onderteken die staatspresident die WGAT, 'n wet wat soos eerder uitgewys uitsonderlike status aan SAGT verleen maar wat nie in die veramptelikingsproses ter sprake gekom het nie, 'n kwessie wat in 'n volgende afdeling ondersoek word.

Op **31 Oktober 2012** was dit die beurt van die Departement van Openbare Werke (DOW) en die DKK om verslag te doen oor die regering se implementering van die *VN-konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede*. As een van die twee departemente moes die DKK spesifiek verslag doen oor hoe gevorder is met die skep van toegang vir persone met gestremdhede tot teaters, museums en administrasiegeboue onder sy beheer. Interessant genoeg, blyk uit die verslag dat die aansienlike bedrag van R69 miljoen aan PanSAT toegeken is vir die bevordering van onder meer 'Gebaretaal' [sic]. Na ietwat onbevredigende verslagdoening oor wat met die geld gedoen is, het die voorsitter van die vergadering gevra hoe ver die proses was om 'gebaretaal' [sic] tot 12de amptelike taal te

laat verklaar. Hy wou ook weet hoeveel van die genoemde bedrag geormerk is vir kwessies wat met dié taal verband hou. Die departementele verteenwoordiger kon die vraag nie eintlik antwoord nie en begin in reaksie daarop vreemd genoeg deur te verwys na die DKK se verbeterde verhouding met PanSAT, maar suggereer toe vaagweg dat PanSAT versoek moet word om 'n omvattende verslag vir die komitee saam te stel oor wat die raad rondom die bevordering van "... gebaretaal" [sic] gedoen het, asook hoe die gemelde fondse hieraan bestee is (PKVJPG 2012b). Die ondertekening van die WGAT en die betekenisvolheid van die wet vir SAGT, kom glad nie ter sprake nie. Die geval bevestig nogeens die (hardnekkige) wanopvatting omtrent PanSAT se taalmandaat.

Die Kabinet finaliseer en publiseer sy konsepverslag aan die VN oor Suid-Afrika se implementering van die instansie se konvensie oor die regte van persone met gestremdhede op **26 November 2012** vir openbare kommentaar (DVJPG 2012). Die kwessie van die veramptelikingsproses kom in die verslag ter sprake.

Tydens sy besoek aan Bergvlam Primêre Skool in Nelspruit, Mpumalanga as deel van die Siyahloa ('ons kontroleer') Presidensiële Moniteringsprogram **vroeg Desember-2012** word verskeie oproepe tot president Zuma gemaak omtrent die erkenning van SAGT as amptelike taal. Hy reageer positief daarop deur te suggereer dat die leerders se voorstelle aan die wetmakers deurgegee behoort te word (Khumalo 2012). Die minister van Basiese Onderwys verwys 'n jaar later hierna as "... President Jacob Zuma se Desember 2012-oproep om Suid-Afrikaanse Gebaretaal as 'n amptelike taal verklaar te kry" (Louw 2013). Die SANDA gaan een stap verder en verwys hierna as 'n "... presidensiële proklamasie" en "... dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal ontwikkel en gestandaardiseer moet word om een van die amptelike tale te word" (Bangani 2020).

Die ANC se 53ste vyfjaarlikse kongres van **15-20 Desember 2012** word in die gees van opwelling pertinent vir gebruikers van gebaretaal ingerig (ANC 2012a; 2012b). Nietemin word daar by die geleentheid geen besluit oor die verampteliking van die taal geneem nie, maar slegs ooreengekom dat

onderwyserontwikkeling met betrekking tot die gebruik van gebaretaal verbeter moet word.

Belangstelling in die verampteliking van SAGT staan oor tot 2013 en kom eers op **13 Maart 2013** by 'n vergadering van 'n heeltetal ander portefeuljekomitee, naamlik die portefeuljekomitee oor Staatsdiens en Administrasie ter sprake. By die geleentheid het die DBO, die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) en die Adjunkminister van die Departement van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhed (DVJPG) die betrokke komitee ingelig oor die besondere probleme wat blinde en dowe mense van Suid-Afrika in die onderwys in die gesig staar en wat betref indiensneming. Die voorsitter van die vergadering het saamgestem oor die noodsaak om 'gebaretaal' [sic] as amptelike taal te erken. Verskeie lede het dit benadruk. Trouens, in die opsomming van die verrigtinge van die vergadering word verwys na lede wat daarop aangedring het dat meer aandag aan die kwessie om 'gebaretaal' [sic] as 'n amptelike taal erken te kry, gegee moet word (PKSA 2013).

Op **17 April 2013** keur die Kabinet sy finale responsverslag oor die VN se konvensie oor die regte van persone met gestremdhede goed waarin die kwessie van die veramptelikingsproses nou prominent voorkom. Die verslag ter sprake is Suid-Afrika se landsverslag oor nakoming van die VN se konvensie oor die regte van persone met gestremdhede. Die verslag rapporteer onder meer oor uitdagings met betrekking tot SAGT, onder meer wat betref gebaretaaltolking, die onderwys en met betrekking tot die realisering van DHH-persone se menseregte. Regstellende regeringsintervensies word ook behandel, onder meer die ontwikkeling van 'n gepaste kurrikulum vir SAGT en dat dit vanaf 2014 geïmplementeer sou word asook oor die proses omtrent verampteliking wat onderweg was. Hieromtrent is dit interessant om in paragraaf 365 van die verslag te lees dat die kwessie van verampteliking "... dringende aandag geniet" [sic] (DVKPG 2013:72), 'n standpunt wat ooglopend teenstrydig is met die werklike stand van sake soos in die oorsig tot hiertoe (en selfs hierna) uitgebeeld word.

Op **2 Mei 2013** word die WGAT geproklameer, 'n wet wat soos uitgewys is, SAGT se status binne amptelike taalgebruiksdomeine vestig en wat in 'n volgende afdeling aan die bod kom.

Verampteliking kom desnieteenstaande weer op **22 Mei 2013** tydens die debat oor die destydse minister van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede se begrotingsrede ter sprake, weer eens sonder om na die genoemde WGAT-mylpaal te verwys. Dit na aanleiding van 'n nogal ambisieuse stelling deur die betrokke minister wat groot applous ontlok het. Die relevante deel uit haar toespraak lui soos volg:

Ondanks hoofstuk 1, artikel 6 van die Suid-Afrikaanse Grondwet wat uitvoering gee aan die erkenning van gebaretaal as die eerste taal van dowe mense [*sic*]⁶ en wat die staat bemaagtig om relevante maatreëls daar te stel, het ons tot dusver nie veel gedoen nie. Dit is egter besig om te verander. Hierdie jaar, in noue samewerking met die Departement van Kuns en Kultuur en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, PanSAT, sal ons die proses begin om gebaretaal as die moedertaal vir dowe mense en as die 12de amptelike taal van Suid-Afrika te erken. Ons sal hierdie proses baie binnekort afhandel. [Applous.] (NV 2013a).

Dit is opvallend dat die betrokke minister hier gewoon die hele GHK-proses verswyg en selfs voorgee dat die mandaat omtrent verampteliking eintlik by PanSAT berus en dat haar departement 'n sleutelrol omtrent verampteliking kan speel. Was sy gewoon nie ingelig nie, of dalk foutiewelik ingelig oor die betrokke proses of dui haar standpunt op 'n kwessie van die een hand weet nie wat die ander doen nie? In laasgenoemde geval sou 'n mense ten minste kon verwag het dat iemand uit die komitee haar reghelp, wat ook nie die geval was nie.

By 'n volgende vergadering van dieselfde portefeuljekomitee op **24 Julie 2013** waar die betrokke departement

6 Die 1996-Grondwet het nie so 'n verwysing na gebaretaal as 'die eerste taal van Doves' bevat nie.

se tweede, derde en vierde (!) kwartaalverslae vir 2012/13 behandel is, word PanSAT nogeens vir nie-optrede rondom die verampteliking van SAGT gekritiseer. 'n Lid van 'n opposisieparty het naamlik daarop gewys dat PanSAT "... agter was met sy werk om gebaretaal [sic] 'n amptelike taal te maak". Net soos staatsdepartemente wat na bewering dit nie regkry om geboue toeganklik vir gestremdes in te rig nie – ten spyte van 'n toekenning wat hulle elke jaar hiervoor ontvang – en wat meebring dat die geld oorgedra moet word, het PanSAT volgens die betrokke lid persone met gestremdhede in die steek gelaat. Die lid stel dan die vraag of daar druk op hulle [PanSAT] geplaas kan word om te doen wat hulle moes doen (PKVJPG 2013).

Die standpunt van selfs 'n lid van die opposisie suggereer dat onkundigheid oor die GHK-proses nie tot die betrokke staatsdepartement beperk was nie. Die standpunt suggereer dat nie ag geslaan is op PanSAT se (herhaalde) pogings om lede van die Parlement te laat verstaan dat die raad se beperkte taalmandaat nie die verampteliking van SAGT insluit nie.

By 'n verdere vergadering op **14 Augustus 2013** waar nogeens oor die implementering van die *VN-Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede* verslag gedoen is, word PanSAT jou werklikwaar nogeens met die verampteliking van SAGT verbind. By die gesamentlike vergadering van die portefeulje- en Gekose Komitees oor Vroue, Jeug, Kinders en Persone met Gestremdhede (dus van albei huise) is spesifiek verslag gedoen oor die saamgestelde komitee se openbare verhore van 25 en 26 Julie 2012 oor die implementering van die betrokke VN-konvensie. Die komitee verklaar in een van die aanbevelings van sy verslag dat die minister van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede moet verseker dat 'Suid-Afrikaanse Gebaretaal' as 'n amptelike taal beskou word wat in die Grondwet erken moet word en dat PanSAT (!) verslag moet doen oor vordering in hierdie verband (NRvPKVKPG 2013).

'n Mens kan aanneem dat DFSA munt sou slaan uit die toenemende steun vir die veramptelikingsaak, desondanks die gedemonstreerde onkunde omtrent die veramptelikingsproses self en by wie die mandaat hieromtrent berus het. 'n Mens moet daarom nie verbaas wees om kennis te neem van verdere

voorleggings wat die federasie hierna herhaaldelik by die GHK moes maak nie, grootliks herhalings van hulle aanvanklike 2007-voorlegging. Hierin is hulle wel mettertyd ondersteun deur nog persone en instansies met soortgelyke voorleggings.

Op 'n onbekende datum **gedurende 2013** maak DFSA byvoorbeeld 'n derde (!) voorlegging by die GHK, die tweede (!) by GHK IV. Die GHK se vergadering van 4 September 2015 vermeld die geleentheid as oorhoofs die **sesde voorlegging** van 2013 (GHK 2015).

Een van die vroegste inisiatiewe om 'n digitale SAGT-woordeboek aanlyn beskikbaar te stel, is deur Real South African Sign Language (Real SASL) Community College van stapel gestuur. Hierdie Pretoria gebaseerde kollege het op **14 Februarie 2014** 'n Facebook-blad ingerig met die doel om 'n forum daar te stel waar Dowes, kinders van Dowe volwassenes en professionele persone wat in gebaretaal funksioneer, kommentaar omtrent SAGT kan oplaai of inbed en, waar nodig, stemme oor die taal kan uitbring (Real SASL 2014). Hierdie oogmerk is konkreet verwesenlik deur die oprigting van 'n webwerf, realSASL.com, waar "... 'n lewende gemeenskapswoordeboek" gratis aanlyn beskikbaar gestel word (realSASL.com 2018). Die instansie maak daarop aanspraak dat dit die enigste gratis en 'lewende' SAGT-woordeboek is waar gebare op grond van handvorm, lokasie en kategorie of teks (byvoorbeeld 'n geskrewe woord) gesoek kan word. Die organisasie se dokumenteringsproses word voltrek deur middel van 'n registrasieproses en stemming. Gebruikers van die webwerf kan registreer om lede van Real SASL te word. Slegs Dowe lede word egter toegelaat om vir woordeboekinskrywings (in video-formaat) te stem.

Teen 22 September 2022 het die instansie daarop aanspraak gemaak dat die woordeboek reeds 1 000 leksikale items bevat het (Real SASL 2022a). Buiten die bou van 'n SAGT-databasis is een van die pertinente oogmerke met die woordeboek die "... unifikasie" van SAGT. Met unifikasie word egter nie noodwendig standaardisering bedoel nie. Die gedagte is eerder die bou van 'n volledige databasis van SAGT-gebare met inagnome van taalverskeidenheid. 'n Voorbeeld hiervan is die inskrywing "... Kaapstad" waar twee variante in gebaretaal

aangedui word. By die eerste variant word beide hande gebruik in 'n parallele afwaartse beweging beginnende by die middellyf met 'n C-handvorm (inisialisering van 'Cape') en 'n herhaling met 'n T-handvorm (inisialisering van 'Town') wat onder langs beide sye eindig. Teen 22 September 2022 is altesaam 3 190 kyke vir hierdie variant geregistreer (Real SASL 2022b). By die tweede variant word ook beide hande gebruik, maar beginnende by 'n gebaar teen die middellyf met beide hande langs mekaar in 'n plat b-handvorm wat na onder wys waarna die hande met die behoud van hierdie handvorm parallel met die grond tot by die twee sye uitswaai, gevolg deur 'n afswaai van beide hande, nou in 'n T-vorm, langs die sye tot onder. Teen 22 September 2022 is altesaam 2 990 kyke vir hierdie variant geregistreer (Real SASL 2022b).

By die finale vergadering van die portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys (van die Vierde Parlement) op **11 Maart 2014** word daarop aangedring dat die nasionale departement verhoë moet word om te verseker dat 'gebaretaal' [sic] 'n amptelike taal word ten einde gehalteleer en -onderrig te bevorder (PKBO 2014); 'n verdere bewys dat met die siening volhard word dat die verampteliking van SAGT die gebrek aan die implementering van die eerste verampteliking van die taal in die Skolewet van 1996 sal regruk.

Op **3 Julie 2014** keur die Raad van Onderwysministers die SAGT Huistaal Kurrikulum Assessering Beleidsverklaring (KABV) goed (DBO 2021b).⁷ Die SAGT Huistaal KABV maak voorsiening vir die onderrig van SAGT as Huistaal in die Grondslagfase, die Intermediêre Fase, en die Senior Fase, asook die Verdere Onderrig- en Opleidingsfase, met ander woorde vanaf Graad 0 tot Graad 12. Hiermee stel die betrokke onderwysdepartement SAGT wat Huistaal betref gelyk aan die ander amptelike tale, een van die implikasies van die 1996-bepaling van bykans 20 jaar vroeër omtrent SAGT se amptelike status in onderwysverband. Ons sal in 'n verdere afdeling kennis neem van die betrokke minister se lomp en eintlik lagwekkende verduideliking 'n paar jaar later oor waarom dit so lank geneem het om tot dié stap te

7 Die datum is bekom uit die rekord van 'n vergadering van 30 Augustus 2022 (kyk PKSCK 2022a).

vorder. Al verteenwoordig die bekendstelling van die kurrikulum 'n besondere mylpaal vir SAGT moet daarop gelet word dat daar nie tegelykertyd 'n kurrikulum vir SAGT as Eerste en Tweede Addisionele Taal bekendgestel is nie, terwyl volgens Aarons (1997b) 'n konsep-leerplan reeds in 1997 ontwikkel is. Tegnies gesproke is teen 2014 steeds nie volledig uitvoering gegee aan die 1996-bepaling omtrent SAGT se amptelike status binne onderwysverband nie. Skole wat graag SAGT as addisionele taal wou aanbied, sou eers nog 'n paar jaar moes wag aler die DBO sover gekom het om te begin praat oor sodanige kurrikulum. (By die afhandeling van die monografie het daar steeds nie so 'n kurrikulum bestaan nie.)

Die konsensus wat vyf jaar vantevore by die GHK se beweerde 13 September 2007-vergadering oor die verampteliking van SAGT bereik is, kom soos reeds eerder vermeld by die portefeuljekomitee oor Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede se vergadering van **7 April 2014** ter sprake, kort voor die beëindiging van die termyn van die Vierde Parlement. By dié geleentheid doen die betrokke komitee verslag oor sy werksaamhede tydens die Vierde Parlement (Mei 2009–Maart 2014). Die komitee noem dat die kwessie van die verampteliking van "... gebaretaal" [sic] deurgaans tydens openbare verhore en inligtingsessies deur departemente en DFSA en ander belanghebbendes by die betrokke NRvP-komitee geopper is. Ten slotte word genoem dat die komitee ondertussen (natuurlik sedert 2011) die betrokke minister om terugvoering oor vordering met die aangeleentheid versoek het, gesien die verwagting dat die voormalige Kantoor vir die Status van Gestremde Persone, wat in daardie stadium reeds in die betrokke departement gesetel was, opvolgwerk oor onder meer die kwessie sou moes doen (NRvPKVKPG 2014).

Uit die oorsig tot hiertoe blyk dat gedurende die termyn van die GHK van die Vierde Parlement (2009–2014) opvallend geen vordering met die veramptelikingsproses gemaak is nie. Nog meer verbasingwekkend is die feit dat gedurende dieselfde parlementêre termyn twee uiters betekenisvolle taalwette aanvaar is, maar dat niks omtrent die inisiatiewe uit die oorsig van die betrokke GHK se werksaamhede vermeld is nie.

Naas die wetgewende proses met betrekking tot die verampteliking van SAGT gedurende die onderhawige tydperk (2009–2014) het in werklikheid gelyklopende wetgewende prosesse met betrekking tot taalwetgewing op dreef gekom wat nou as tussenpose ons aandag verdien. Die beskrywing van die veramptelikingsproses word hier onderbreek om aandag te skenk aan twee sodanige verwickelinge, die eerste met betrekking tot die WGAT (RSA 2012) en die tweede met betrekking tot die *Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014* (hierna SATPR-wet – RSA 2014). 'n Mens kan kwalik die verloop van die veramptelikingsproses in oënskou neem sonder om van die belangwekkende inisiatiewe kennis te neem. Die volgende twee afdelings word aan 'n saaklike beskrywing van die betrokke wetgewende prosesse afgestaan.

7.3.1 Die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale en die ampse verampteliking van SAGT (2009–2013)

Die titel van hierdie afdeling verwys na die feit dat die WGAT 'n nuwe status aan SAGT toegeken het wat in werklikheid neerkom op 'n vorm van verampteliking, daar die wet staatsentiteite verplig om in hulle taalbeleide voorsiening te maak dat in SAGT gekommunikeer word met persone wat die taal as voorkeurtaal verkies. 'n Mens kan na die betekenisvolle reëling as 'n vorm van 'ampse verampteliking' verwys, 'n begrip wat later duidelik sal word.

Al word die direkte aanleiding tot die formulering van die WGAT verbind aan die litigasie wat Cerneels Lourens, 'n prokureur van Brits, op 14 Augustus 2009 op dreef gesit het, is dit ter wille van konteks belangrik om daarvan kennis te neem dat die eerste relevante wetsontwerp reeds nege jaar vantevore in 2000 bekendgestel is. Volledigheidshalwe begin die oorsig by daardie datum.

Tydlyn:

- 2000
 - 29–31 Maart: Nasionale Taaldiens stel die *Language Policy for South Africa Bill, 2000* bekend.
 - 10 Mei: Hersiene weergawe bekendgestel as *Official Languages and Promotion of Multilingualism Bill, 2000*.

Van tegniek tot amptelike taal

- 19 Julie: Latere weergawe bekendgestel as *South African Languages Bill*.
- 2001
 - 17 Oktober: Vorderingsverslag deur NTD aan NRvP se Komitee vir Onderwys.
- 2002
 - 12 Maart: vergadering van die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur: wag op Kabinetsterugvoer.
- 2003
 - 30 Mei: Verdere weergawe van *South African Languages Bill* (SATW I) vir openbare kommentaar gepubliseer.
- 2009
 - 18 Junie: Anneli Lotriet doen beroep op minister om SATW I te heroorweeg.
 - 4 Augustus: Minister antwoord op vraag oor kosteberekening van SATW I.
 - 14 Augustus: Cerneels Lourens beteken dagvaarding oor versuim om SATW I te promulgeer.
 - 2010
 - 14 Maart: Hofuitspraak in *Lourens*-saak.
 - 4 Mei: Bespreking van die DKK se wetgewende program; SATW I nie goedgekeur nie.
 - 10 November: Die DKK beplan om wetsontwerp in 2011 in te dien.
- 2011
 - 22 Junie: Kabinet keur wetsontwerp goed.
 - 16 September: Minister gee inligting oor vordering met wetsontwerp.
 - 12 Oktober: *South African Languages Bill* (SATW II) vir kommentaar gepubliseer.
 - 15 November: Die betrokke portefeuljekomitee kry toeligting oor SATW II.
 - 15 November: *South African Languages Bill* [B23-2011] aan die NV voorgelê.
- 2012
 - 16-18 Januarie: Openbare verhore oor wetsontwerp.

Hoofstuk 7

- 31 Januarie: Finalisering van wetsontwerp; artikel 4(2) (d) ingevoer.
- 21 Februarie: Verslag van portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys.
- 16 Mei: Vraag oor verampdeling van SAGT by hierdie komitee.
- 7 Augustus: NV aanvaar (gewysigde) *Use of Official Languages Bill*.
- 8 Augustus: PanSAT se aanbieding by portefeuljekomitee oor Vroue, Jeug.
- 1 Oktober: President bekragtig *Wet op die Gebruik van Amptelike Tale*, 2012.
- 2013
 - 2 Mei: WGAT tree in werking.

Die eerste poging tot 'n nasionale taalwet kom op **29-31 Maart 2000** by die Nasionale Taaldiens (NTD) se Tweede Taalindaba ter sprake toe hulle *Language Policy for South Africa Bill*, 2000 bekendgestel word (NTD 2001). Twee van die kernelemente van die wetsontwerp is dat voorsiening gemaak word vir die oprigting van taaleenhede binne staatsdepartemente wat verantwoordelik sal wees vir die implementering van 'n taalbeleid in ooreenstemming met die taalbepalings van die Grondwet asook vir 'n rotasiestelsel vir die afwisselende gebruik van al die amptelike tale. Die wet laat die kollig op die gebruik van die amptelike tale val. SAGT word nie vermeld nie.

Nadat verder aan die wetsontwerp getimmer is, word 'n hersiene weergawe op **10 Mei 2000** onder die gewysigde titel, *Official Languages and Promotion of Multilingualism Bill*, 2000, bekendgestel (NTD 2000a). Al fokus die wetsontwerp steeds op die gebruik van die amptelike tale, word wel in ooreenstemming met die Grondwet nou voorsiening gemaak dat die taaleenhede programme sal ontwikkel wat bestem word om die status van die nasionale kliktale asook die van SAGT te verhoog.

Teen **19 Julie 2000** verskyn 'n latere weergawe, hierdie keer onder die verdere gewysigde titel, *South African Languages Bill* (NTD 2000b). Terwyl die kernelemente van die wetsontwerp behou word, verskyn nou as een van die leidende beginsels

die strewe om die “... progressiewe eliminerings” van die marginalisering van sowel die inheemse tale as SAGT teen te werk. Verder bevat die betrokke weergawe van die wetsontwerp nou ’n opskrif, ‘Development of indigenous languages and South African Sign Language/s’ [sic]. Die meervoudsalternatief van die taalnaam dui op die mate van onsekerheid wat steeds in daardie stadium omtrent die taal bestaan het. Onder dié hofie word voorsien dat die betrokke minister positiewe maatreëls sal tref omtrent die ontwikkeling van sowel die inheemse tale as SAGT.

In die toenmalige direkteur van die NTD, Nonhlanhla Mkhulisi, se vorderingsverslag van **17 Oktober 2001** aan die NRvP se portefeuljekomitee oor Onderwys, Wetenskappe en Kreatiewe Industrieë word te kenne gegee dat die wetsontwerp reeds by die Kabinet ingedien is en dat die instansie ’n kosteplan versoek het. Die komitee word ingelig dat ’n kosteplan in samewerking met Tesourie ontwikkel is en dat die departement gereed was om die wetsontwerp opnuut in te dien (DKKWT 2001). Dit is skynbaar gedoen aangesien ons op **12 Maart 2002** by ’n vergadering van die kunste portefeuljekomitee verneem dat op die Kabinet se terugvoer hieromtrent gewag word (PKKK 2002).

Na nog verdere wysigings word die *South African Languages Bill* [B23-2011] op **30 Mei 2003** vir openbare kommentaar in die *Staatskoerant* gepubliseer (DKK 2003c). Die gegazetteerde weergawe kan tegnies as die eerste voorloper wetsontwerp van die WGAT beskou word. ’n Mens kan daarna as SATW I verwys (Du Plessis 2012). Die leidende beginsel waarin die verwysing na SAGT voorkom, is in die betrokke weergawe gewysig na ’n verbintenis tot die bevordering van die gebruik van die inheemse tale en SAGT. Die opskrif, ‘Ontwikkeling van inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal/tale’ is behou sowel as die bepaling omtrent maatreëls met betrekking tot die ontwikkeling van sowel die inheemse tale as SAGT.

Om redes wat eers in 2010 duidelik sou word, is die wetgewende proses omtrent SATW I destyds nie verder gevoer nie, ’n situasie wat onvergenoegdheid meebring en uiteindelik litigant Cornelis Lourens in 2009 tot aksie laat oorgaan het.

Van die onvergenoegdheid is egter eers sprake toe Annelie Lotriet van die opposisie op **18 Junie 2009** tydens die

begrotingsposdebat van die DKK op die betrokke minister 'n beroep gedoen het om die wetsontwerp in heroorweging te bring, ten spyte van die feit dat dit in die betrokke portefeuljekomitee duidelik geword het dat dit eintlik 'n komplekse aangeleentheid is (NV 2009). In antwoord op 'n geskrewe interne vraag deur dieselfde opposisielid oor of daar 'n kosteberekening vir die implementering van SATW I gedoen is, antwoord die betrokke minister op **4 Augustus 2009** dat daar nie "... *per se*" so 'n oefening onderneem is nie, maar dat daar wel 'n analise gedoen is oor die "... kritieke voorvereiste" vir die implementering van SATW I, naamlik die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Raad vir Taalpraktisyns (wat in die volgende afdeling ter sprake kom) en die vestiging van taaleenhede in staatsdepartemente (PMG 2009). Die noue samehang tussen laasgenoemde wet en wat uiteindelik die WGAT sou word, kom weer in die volgende afdeling ter sprake.

Op **14 Augustus⁸ 2009** beteken prokureur Lourens dan 'n dagvaarding aan die President, die Parlement, die lynfunksieminister, die destydse minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling en PanSAT oor hulle versuim om SATW I as taalwet te promulgeer. Die betekenisvolle litigasie loop uiteindelik uit op die aanvaarding van die WGAT, 'n proses wat 'n mens sou verwag het raakpunte met die parallelle wetgewende proses omtrent die verampteliking van SAGT sou gehad het, maar wat buiten enkele verwysings uiteindelik verstommend genoeg as 'n outonome parallelle wetgewende proses voltrek is.

Die litigasie wat in Lourens se 14 Augustus 2009 geding op loop gesit is (Du Plessis 2012), het uiteindelik op **14 Maart 2010** vanuit die oogpunt van die litigant op 'n gunstige hofuitspraak uitgeloop (*C.J.A. Lourens vs. Die President van die Republiek van*

8 14 Augustus word in sommige Afrikaanse kringe as taaldag herdenk ter gedagtenis aan die beweerde stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) op dié dag, 'n organisasie wat hom aanvanklik vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans beywer het (kyk Carstens & Raidt 2019:201 e.v.). Tradisioneel word die oprigting van die GRA aan die sogenaamde Eerste Taalbeweging gekoppel, 'n siening wat Du Plessis (1986) betwis. Carstens en Raidt (2019:353-361) behandel laasgenoemde en ander alternatiewe sienings en nuanseringe.

Suid-Afrika e.a. Uitspraak 2010). Die regter se volledige (in Afrikaans uitgereikte) bevel lui soos volg:

1. Dit word verklaar dat die nasionale regering in versuim is om ingevolge artikel 6(4) van die *Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996* deur wetgewende en ander maatreëls die nasionale regering se gebruik van amptelike tale te reël en te monitor.
2. Die nasionale minister van Kuns en Kultuur, Wetenskap en Tegnologie in haar hoedanigheid as die verantwoordelike lid van die uitvoerende gesag word gelas om die gemelde verpligting binne twee jaar vanaf datum van die bevel na te kom of toe te sien dat dit nagekom word.
3. Die derde respondent word gelas om die applikant se koste, insluitende die koste van twee advokate, te betaal.

Paragraaf 2 het die regeerder nou gedwing om 'n wetgewende proses op dreef te kry ten einde uitvoering te gee aan artikel 6(4) van die grondwet, 'n proses wat uiteindelik uitgeloop het op die proklamering van die WGAT drie jaar later in 2013 soos hieronder behandel sal word. Soos gemerk sal word, hou laasgenoemde proklamasie besondere implikasies in vir die status van SAGT as nieamptelike taal, asook vir sy gebruikers.

Die vroegste getuienis dat die wetgewende proses wat op die *Lourens*-uitspraak moes volg, besig was om te realiseer, het op **4 Mei 2010** in 'n bespreking van die destydse DKK se wetgewende program vir 2010 opgeduik. By hierdie geleentheid word onthul dat die SATW I nooit goedgekeur is nie omdat die destydse Kabinet opdrag gegee het dat meertaligheid eerder deur middel van "... nie-wetgewende maatreëls" bevorder moes word (PKKK 2010a), kennelik 'n besluit wat strydig is met die opdrag van artikel 6(4) van die Grondwet aan die staat om sy gebruik van die amptelike tale deur middel van wetgewende en ander maatreëls te reël en te monitor.

Van die betrokke onderneming om die betrokke wetgewende proses gedurende 2010 op dreef te kry, het niks tereg gekom nie, maar ons verneem wel by 'n latere vergadering van **2 November 2010** dat die DKK beplan het om die wetsontwerp teen April 2011 by die Kabinet in te dien en

teen Augustus 2011 aan die Parlement vir oorweging voor te lê (PKKK 2010b).

Tydens 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur meer as 'n halfjaar later deel die direkteur-generaal van die DKK komiteedele mee dat die Kabinet die wetsontwerp "... **gedurende Junie**" goedgekeur het (PKKK 2011a). Volgens 'n regeringsbron het sodanige goedkeuring op **22 Junie 2011** plaasgevind (Du Plessis 2012:313). Annelie Lotriet van die DA het in reaksie op die aankondiging by die gemelde portefeuljevergadering versoek dat lede 'n kopie van die goedgekeurde wetsontwerp voor 2011 se winterreses vir bestudering ontvang. Uit die verdere verloop van die proses (weldra behandel) word dit duidelik dat komiteedele eers ses maande later gedurende November 2011 die teks van wat toe blyk 'n volledig gewysigde wetsontwerp te wees, vir die eerste keer onder oë gekry het.

'n Paar maande later op **16 September 2011** kry ons in 'n antwoord deur die minister van Kuns en Kultuur op 'n vroeëre vraag van die opposisie oor wat die departement doen om die inheemse tale in "... alle regeringsfere" te bevorder, inligting oor vordering met die wetgewende proses betreffende die wetsontwerp asook insae omtrent die oogmerk met die wetsontwerp. Die minister bevestig naamlik die Kabinetsgoedkeuring, maar voeg daaraan toe dat die wetsontwerp ondertussen ook al vir oorweging aan die Parlement voorgelê is (MKK 2011). 'n Rekord van 'n vergadering van die NV van 15 November 2011 bevestig dat die wetsontwerp, getiteld *South African Languages Bill* [B23-2011], inderdaad by dié liggaam vir oorweging voorgelê is (NV 2011). Omtrent die bedoeling van die wetsontwerp (hierna SATW II) lig die minister die sluier oor waarom die nuwe weergawe van die SATW I verskil, deur eersgenoemde aan die NTBR te koppel. Die minister beweer naamlik dat die jongste wetsontwerp regeringstrukture sal verplig om die implementering van die beleidsraamwerk af te dwing. Só sal respek vir taalregte bevorder en stukrag aan die vestiging van taalstrukture binne die regering verleen word; natuurlik 'n verwysing na die voorsiene taaleenhede wat aan taalkwessies aandag moet gee. Interessant genoeg, eindig die

minister se betoeg met die stelling dat die implementering van die NTBR in hierdie formaat deur die kultivering van respek vir die gebruik van inheemse tale naas Engels en Afrikaans meertaligheid sal bevorder. Laasgenoemde stelling werp lig op hoe die latere bepaling van die WGAT dat regeringsinstansies ten minste drie amptelike tale sal gebruik, verstaan behoort te word.

Die langverwagte bekendstelling van SATW II gebeur op **12 Oktober 2011** toe die minister van Kuns en Kultuur die wetsontwerp uiteindelik vir kommentaar in die *Staatskoerant* publiseer (RSA 2011). Van al die elemente van SATW I is slegs die oprigting van taaleenhede behou. Die kontensieuse rotasiestelsel is verwyder en opvallend genoeg ook alle verwysings na SAGT. Ten spyte daarvan dat die fokus van die wet volledig op die gebruik van die amptelike tale val, word wel in artikel 4(2)(d) van die wetsontwerp bepaal dat staatsentiteite voorsiening moet maak dat waar dit hulle keuse is daar met die publiek in 'n nieamptelike taal gekommunikeer sal word. Dit is opvallend dat die reg tot taalkeuse nie in die voorafgaande bepalings met betrekking tot die gebruik van die amptelike tale geld nie. Burgers kan hoogstens hoop dat hulle een van die drie minimumvereiste tale kan besig. Dit is hierdie subartikel wat in die finale wet gewysig is om ook vir die gebruik van SAGT voorsiening te maak, soos hieronder sal blyk.

Die eerste geleentheid waarop die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur die betrokke wetsontwerp onder oë gekry het, was op die oggend van **15 November 2011** toe die destydse DKK toeligtig oor die wetsontwerp by die komitee gedoen het (PKKK 2011b). Hierna het die wetgewende proses wel momentum gekry.

Openbare verhore omtrent die wetsontwerp het vanaf **16 tot 18 Januarie 2012** plaasgevind waarop beraadslagings en wysiginge gevolg het. Die verloop is goed gedokumenteer (PMG 2012; Du Plessis 2012). Interessant genoeg is gedurende een van die openbare verhore (die van 18 Januarie 2012) tydens die aanloop tot die wetsontwerp spesifiek versoek dat SAGT as amptelike taal ingesluit moet word (PKKK 2012a). Hoewel dit nie gebeur het nie, is wel sodanig kennis geneem van die hele gebaretaalkwessie dat uiteindelik op uitsonderlike wyse

vir SAGT in die WGAT voorsiening gemaak is soos hieronder bespreek sal word.

Tydens die finalisering van die wetsontwerp op **31 Januarie 2012** het die kwessie van gebaretaal pertinent ter sprake gekom. Die verslag oor die betrokke beraadslagings noem dat die gebruik en beskerming van "... gebaretaal" [sic] een van die belangrike kwessies was waarvoor uitsluitel verkry moes word, "... ten spyte daarvan dat dit nie een van die 'amptelike tale' is nie" (PKKK 2012b). Om die kwessie te ondervang, is artikel 4(2)(d) toe ingevoer; met 'n bewoording wat van besondere betekenis vir die gebaretaalgemeenskap is, soos straks aangetoon sal word.

Na aanleiding van 'n verslag van die portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys op **21 Februarie 2012** oor 'n besoek aan Noordwes en Mpumalanga (25 tot 29 Julie 2011), rig een van die komiteede die versoek dat die nasionale departement verhoë moet rig om te verseker dat "... gebaretaal" [sic] 'n amptelike taal word ten einde kwaliteit leer en onderrig te verbeter (Hansards 2012b). Die argument uit die vorige periodes sou telkens hierna weer ter sprake kom en bly selfs sedert die verampteliking van die taal gedurende 2023 steeds opduik.

Die veramptelikingskwessie kom weer 'n paar maande later op **16 Mei 2012** in die parlement ter sprake toe 'n vraag by 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys omtrent vordering wat gemaak is met die verampteliking van SAGT opgeduik het. Ongelukkig word tydens die betrokke verrigtinge geen antwoord hierop gegee nie (PKBO 2012).

Terug na die veramptelikingskwessie, aanvaar die NV op **7 Augustus 2012** die SATW II, waarvan die titel ondertussen na afloop van die openbare verhore na *Wetsontwerp oor die Gebruik van Amptelike Tale* [B23-2011] gewysig is.

'n Dag later, op **8 Augustus 2012**, kom die verampteliking van SAGT ook weer ter sprake tydens 'n aanbieding van PanSAT oor SAGT by die portefeuljekomitee oor Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede, weer sonder enige heenwysing na die WGAT. Op 'n vraag deur een van die komiteede oor wat PanSAT tot dusver gedoen het om 'gebaretaal' [sic] as 'n grondwetlik-verklaarde 12de amptelike taal te bevorder, het die

raad se waarnemende uitvoerende hoof die betrokke komitee na PanSAT se taalmandaat om SAGT te ontwikkel en te bevorder, verwys. Hy het uitgewys dat PanSAT nie 'n mandaat rondom die verampteliking van die taal ontvang het nie en dat die verpligting by die parlement berus (PKVJPG 2012a).

Op **1 Oktober 2012** bekragtig en onderteken die President die WGAT (RSA 2012), sonder om dit as sodanig te proklameer. Dit het eers gedurende 2013 gebeur.

Soos eerder aangedui, is by die finalisering van die wet opmerklik voorsiening gemaak vir die gebruik van SAGT binne amptelike domeine en wel deur artikel 4(2)(d) van SATW II sodanig te wysig dat die taalbeleid wat staatsentiteite ingevolge artikel 4(1) moet aanvaar

4(2)(d) beskryf hoe die nasionale departement, nasionale openbare entiteit of nasionale openbare onderneming doeltreffend sal kommunikeer met lede van die publiek wie se voorkeurtaal-

(i) nie 'n amptelike taal is wat in paragraaf (b) beoog word nie; of

(ii) Suid-Afrikaanse gebaretaal [sic] is (RSA 2012).

Die aanvanklike bepaling van SATW II met betrekking tot vryheid van taalkeuse by die gebruik van nieamptelike tale is behou en uitgebrei na soortgelyke vryheid van taalkeuse by die gebruik van SAGT as voorkeurtaal. Volgens een van die lede van die regspan wat by die finalisering van die wet betrokke was, los die bewoording nie net die kwessie van SAGT se nieamptelike status op nie, maar dat dit ook "... die gebruik daarvan binne die staatsfeer toegelaat het" (Portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur 2012b)!

Hiervolgens sou 'n mens kon redeneer dat die betrokke bepaling **ampers amptelike** status aan die taal toegeken het deur die toegewing dat dit in amptelike domeine as taal – selfs as vóókeurtaal – gebruik kan word. Die ander uiters betekenisvolle implikasie van artikel 4(2)(d) van die WGAT wat nie naastenby genoeg aandag kry nie is dat dit aan gebruikers van SAGT 'n taalreg – die reg op die gebruik van SAGT as voorkeurtaal

tydens kommunikasie met die staat – toeken wat gebruikers van gesproke tale nie het nie. Al wat artikel 4(2)(b) omtrent die gebruik van die amptelike tale van staatsinstansies vereis, is dat hulle ten minste drie tale vir kommunikasie met die burgers sal aanwend. Die bepaling ken nie die reg tot taalkeuse by interaksie met die staat aan die individuele horende taalgebruikers toe nie. In die lig van die verampteliking van SAGT in 2023 sal die vergunning deur WGAT aan die gebaretaalgemeenskap hersien behoort te word aangesien dit op onregverdige diskriminasie teenoor horende taalgebruikers neerkom. Ook kom dit neer op amptelike taalbevoorregting, 'n kwessie wat strydig is met die beginsel van die gelykwaardige behandeling van die amptelike tale in artikel 6(4) van die grondwet.

Oplaas het die WGAT op **2 Mei 2013** in werking getree nadat die President dit as wet geproklameer het (PrRSA 2013).

Die oorsig tot hiertoe bied insae oor ten minste twee kwessies, enersyds oor die aard van die wetgewende proses met betrekking tot taalwetgewing binne die Suid-Afrikaanse wetgewer en andersyds oor die wetgewer se taksering van SAGT as minderheidstaal.

Wat die wetgewende proses betref, is dit onvermydelik om tot die gevolgtrekking te kom dat sonder 'n eksterne intervensie in die vorm van Cerneels Lourens se 2009-litigasie daar na alle waarskynlikheid nie 'n WGAT sou gewees het nie. Dit is sy litigasie wat direk aanleiding gegee het tot die hooggeregshofbevel van 2010 wat die regering gedwing het om die bal wat hulle in 2003 danksy 'n ondeurdagte kabinetsbesluit om die wetgewende proses te staak, laat val het, weer op te tel. Tot en met die gattering van SATW I in 2003 het die wetgewende proses relatief goed gevorder. Dit is egter ook verstommend dat die opposisie eers ses jaar later gedurende 2009 weer oor die wetsontwerp begin navraag doen het, 'n kwessie wat dalk in 'n afsonderlike studie verdere ondersoek behoort te word.

Die WGAT-geval bevestig ook dat wetgewende prosesse van nature langdradig word. Uiteindelik het dit 13 jaar geneem om 'n nasionale taalwet gepromulgeer te kry. Teoreties gesproke kon die aanvanklik proses binne drie jaar afgehandel gewees

het, soos uiteindelik die geval was met die WGAT, 'n proses wat in 2010 afgeskop het en in 2013 afgehandel is.

In die tweede plek laat die wetgewer se taksering van SAGT as 'n onderwerp van taalwetgewing vrae ontstaan. Die wisselvallige wyses waarop SAGT by die verskillende weergawes van SATW I en uiteindelik van SATW II betrek is, skep die indruk van onsekerheid oor presies wat om met die taal te doen. Vandaar dat die insluiting van SAGT by die belangrike artikel 4(2)(d) van die WGAT eers in die finale fases van die wetsproses nogal as 'n verrassing gekom het. Ook dié kwessie kan gerus verder ondersoek word. Nietemin kan die artikel as een van die belangrikste post-1996 wetgewende verwickelinge rondom SAGT beskou word vanweë die besondere taalreg wat dit aan gebruikers van SAGT bewerkstellig het.

Laastens bly dit vreemd dat die WGAT-proses parallel tot die SAGT-veramptelikingsproses verloop het, maar dat sodanige koppeling nie voorgekom het nie. Dit mag verband hou met die feit dat twee verskillende komitees by die wetgewende prosesse betrokke was, in eersgenoemde geval die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur en in laasgenoemde geval die GHK. 'n Mens bly werklik verbaas oor die grootlikse afwesigheid van wisselwerking tussen die twee prosesse. Waarom die gebruik van SAGT binne die amptelike domein in artikel 4(2)(d) van die WGAT verskans terwyl daar reeds teen die einde van 2007 in beginsel besluit is om SAGT te veramptelik en die proses in ieder geval tussen 2010 en 2012 onderweg was? Ons sal in die hervatting van die verloop van die veramptelikingsproses na die kwessie terugkeer.

Met die promulgering van die WGAT in 2013, 'n wet wat teruggevoer kan word na 'n wetsontwerp van die jaar 2000 wat by die Tweede Taalindaba van die NTD bekendgestel is (NTD 2001), ontstaan die vraag wat geword het van sy samehangerwet, die Taalpraktysynsraad-wet, wat by dieselfde geleentheid bekendgestel is. Ons sal vervolgens hierop ingaan.

7.3.2 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad en gelykstelling in die taalpraktyk (2013–2015)

Sibusiso Xaba, 'n voormalige direkteur-generaal van die destydse DKK, beantwoord die slotvraag van die vorige afdeling toe hy tydens sy toeligtig van die wetsontwerp vir die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad (SATPR) by 'n vergadering van die NV se portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur daarop gewys het dat die promulgering van die WGAT op 2 Mei 2013 (RSA 2013) die noodsaak aan die SATPR as sy samehangerwet – in daardie stadium nog 'n wetsontwerp – onder die soeklig gebring het. By implikasie verwys hy hier terug na 'n siening omtrent die samehang tussen die twee wetstukke wat eintlik reeds by die taalindaba van 2000 deurgeskemer het, soos hierbo vermeld. Dit is besonder interessant dat Xaba in sy aanbieding aanvoer dat die oogmerk met die WGAT werkskepping (vir taalpraktisyns) was. Volgens hom sou staatsdepartemente en ander –entiteite na die inwerkingtrede van die wet professionele taalpraktisynsdiens benodig om uitvoering aan die wet se oogmerke te gee – taaldienste wat aan basiese minimumstandaarde en –tariewe moet voldoen. Xaba konstateer dat 'n taalpraktisynswet die regulatiewe raamwerk vir so 'n taalprofessie daar moet stel ten einde beide die taalpraktisyn en sy/haar kliënt teen uitbuiting te beskerm (PKKK 2013).

Vanuit die oogpunt van die huidige studie is ons geïnteresseerd in die implikasies wat die noue verband tussen die WGAT en die SATPR-wet vir SAGT inhou. Die vraag is relevant in die lig van die vasstelling in die vorige afdeling omtrent die wisselvallige aard van die taksering van SAGT gedurende die WGAT-proses, gegewe die feit dat dieselfde parlementêre komitee by die SATPR-wet betrokke was. Ook was die SATPR-proses een wat kort op die hakke van die vorige se wetgewende proses gevolg het maar wat ook soos die WGAT-proses tegelykertyd parallel aan die GHK se veramptelikings-proses geloop het.

Tydlyn:

- 1999
 - Op 'n onbekende datum: Die eerste wetsontwerp vir die SATPR skynbaar reeds gereed.
- 2000
 - 29–31 Maart: Die heel eerste wetsontwerp vir die SATPR by die NTD se Tweede Taalindaba bekendgestel; bevat geen vermelding van gebaretaal nie.
 - 19 Julie: 'n Volgende weergawe van die wetsontwerp sluit wel verwysings na gebaretaal in en wel in die vorm van definisies vir gebaretaaltolking en gebaretaaltolk.
- 2009
 - 19 Junie: Die opposisie spreek tydens 'n vergadering van die Uitgebreide Openbare Komitee van die NV kommer uit oor die feit dat 'n finale wetsontwerp steeds nie by die aangewese komitee vir oorweging ingedien is nie.
- 2010/2011
 - Die direkteur-generaal van die DKK meld by 'n vergadering van die NRvP se Komitee oor Onderwys, Wetenskappe en Kreatiewe Inisiatiewe dat die wetsontwerp vir die SATPR gedurende daardie periode by die Parlement ingedien is.
- 2012
 - 17 Julie: Die Kabinet keur die wetsontwerp goed.
 - 12 September: Aankondiging tydens 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur dat die wetsontwerp by die Kabinet ingedien is.
- 2013
 - 8 April: Die goedgekeurde wetsontwerp word vir indiening by die Parlement gesertifiseer.
 - 14 Junie: Die gesertifiseerde weergawe van die wetsontwerp word vir openbare kommentaar in die *Staatskoerant* gegazetteer; die definisies vir gebaretaaltolking en -tolk is verwyder.

Hoofstuk 7

- 18 Junie: Die wetsontwerp word by die NV vir oorweging ingedien.
- 23 Julie: Die direkteur-generaal van die DKK doen toeligting oor hierdie weergawe.
- 20-21 Augustus: Openbare verhore oor die wetsontwerp.
- 18 September: Die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur beraadslaag oor terugvoer van openbare verhore.
- 18 Oktober: Die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur aanvaar die wetsontwerp.
- 24 Oktober: Die NV keur die wetsontwerp goed.
- 2014
 - 19 Mei: Die *Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktyksraad, 2014* gepromulgeer. Bevat uitbreiding van definisies om naas die gesproke taalvorm ook die gebaretaalvorm te erken en naas geskrewe teksvorm ook die visuele gebaretaaltekstvorm.
- 2015
 - 16 Mei: Die President onderteken die wetsontwerp.

Soos reeds gemeld, is die heel eerste wetsontwerp vir die SATPR reeds by die NTD se Tweede Taalindaba van **29-31 Maart 2000** gelyktydig met die van die WGAT se voorloperwetsontwerp bekendgestel (NTD 2001). Annelie Lotriet, 'n lid van die opposisie, het 'n paar jaar later tydens 'n vergadering van die NV se Uitgebreide Openbare Komitee laat deurskemer dat die eerste wetsontwerp skynbaar reeds gedurende 1999 gereed was (NV 2009). Nietemin, die vroeë weergawe bevat geen vermeldings na gebaretaal nie (NTD 2001:115 e.v.).

'n Volgende weergawe van die wetsontwerp gedateer **19 Julie 2000** bevat wel verwysings na gebaretaal, naamlik in die vorm van twee definisies: een vir gebaretaaltolking en een vir gebaretaaltolke (NTD 2000c).

Ons verneem eers weer van die wetsontwerp by 'n vergadering van die Uitgebreide Openbare Komitee van die NV nege jaar later op **19 Junie 2009** (hierbo na verwys) toe Annelie Lotriet van die opposisie haar kommer uitgespreek het oor

die feit dat die (mees resente weergawe van die) wetsontwerp steeds nie by die aangewese komitee vir oorweging ingedien is nie (NV 2009). Sprake daarvan dat wel beplan word om die wetsontwerp in te dien, het hierna by verskeie vergaderings van die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur opgeduik, egter sonder enige noemenswaardige uitkomst (PKKK 2010; 2010; 2011; MKK 2011).

By 'n vergadering van die NRvP se Komitee oor Onderwys, Wetenskappe en Kreatiewe Inisiatiewe van **22 November 2011** verneem ons van die direkteur-generaal van die DKK dat die wetsontwerp vir die SATPR "... gedurende 2010/2011" by die Parlement ingedien is (PKOWKI 2011) en by 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur op **12 September 2012** dat dit by die Kabinet ingedien is (PKKK 2012c). Op **17 Julie 2012** keur die Kabinet die wetsontwerp goed waarna dit op **8 April 2013** vir indiening by die Parlement gesertifiseer word (MKK 2013). Die goedgekeurde en gesertifiseerde weergawe van die wetsontwerp is op **14 Junie 2013** vir openbare kommentaar in die *Staatskoerant* gezetteer (RSA 2013) en op **18 Junie 2013** by die NV vir oorweging ingedien (NV 2013b). Dit is aan die hand van laasgenoemde weergawe dat die DKK se direkteur-generaal sy toeligtig van **23 Julie 2013** onderneem het (PKKK 2013), waarna in die openingsparagraaf van die huidige afdeling verwys is.

Opvallend omtrent die Junie 2013-weergawe van die wetsontwerp is die verwydering van die twee definisies van gebaretaaltolking en gebaretaaltolke en dat tolking direk aan gesproke tale gekoppel word. Origens lê die definisies vir die verskillende vertakkinge van die taalpraktyk opvallend klem op aksies met betrekking tot die geskrewe taal. Daar het 'n duidelike klemverskuiwing plaasgevind wat tale betref.

Origens tref dit 'n mens dat die meegaande memorandum van die Junie 2013-konsep die rol van die wetsontwerp met betrekking tot die gebruik van slegs die amptelike tale in die ampteliketaaldomeine deur die WGAT uitgestippel, benadruk. Dit val vreemd op dat die spesiale status wat die WGAT aan SAGT (sowel as die nieamptelike tale) verleen glad nie in die betrokke weergawe ter sprake kom nie. Ook word klem gelê

op die rol van die wetsontwerp om veral agtergestelde (“... disadvantaged”) gemeenskappe by te staan ten einde toegang tot Suid-Afrika se taalbedryf te verkry. Laasgenoemde sou wel indirek op die gebaretaalgemeenskap betrekking kon hê.

Nadat openbare verhore op **20 en 21 Augustus 2013** gehou is en die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur oor die verkreë terugvoer op **18 September 2013** beraadslag het, het die komitee die wetsontwerp op **18 Oktober 2013** aanvaar. Die NV het die wetsontwerp op **24 Oktober 2013** goedgekeur (NV 2013b) terwyl die President dit op **16 Mei 2015** onderteken het. Die SATPR-wet is op **19 Mei 2014** as Wet no. 8 van 2014 gepromulgeer is (RSA 2014).

Nieteenstaande die feit dat die teks van die finale wet steeds nie SAGT vermeld nie – trouens, geen taal word by name vermeld nie – val twee (eintlik gegewe die aanloop, onverwagse) belangrike wysigings op, te wete die uitbreiding van die wet se definisies om naas die gesproke taalvorm ook die gebaretaalvorm (“... signed form”) te erken en naas geskrewe teksvorm ook die visuele gebaretaaltekstvorm (“... signed text form”). Die wysiging verteenwoordig uiteindelik ook een van die belangrikste pre-2023 stappe omtrent die verhoging van SAGT se status. Dit is daarom onverklaarbaar dat niks hieromtrent by die GHK-proses neerslag gevind het nie en dat die Dowe beïnvloedingsgroepering eenvoudig met hulle veramptelikingsveldtog volhard het sonder om erkenning te gee aan die besondere ontwikkeling.

Dit is belangrik om ter wille van perspektief wel daarop te let dat tale nie die primêre onderwerp van die SATPR-wet is nie, maar uiteraard die regulering van Suid-Afrika se taalbedryf. Die voorafgaande oorsig van die betrokke wetgewende proses het die aksent duidelik na vore gebring. In hierdie sin is die pogings wat tydens die proses aangewend is om SAGT wel op een of ander manier by die wet betrek te kry (sonder dat enige ander tale genoem word), nogal uitsonderlik.

Al word SAGT in die finale weergawe van die wet nie by name genoem nie het (die grootliks ongedokumenteerde) pogings tot die insluiting van die taal wel nie op niks uitgeloop nie. Van besondere belang is die feit dat die finale wet beide

die gesproke en gebaretaalweergawes van tekste erken. 'n Mens kan die reëling beslis as 'n uitsonderlike deurbraak omtrent die erkenning van SAGT se status naas dié van die gesproke amptelike tale beskou. Die implikasie hiervan is dat alle bepalinge van die SATPR-wet nou volledig betrekking het op die aanwending van SAGT in Suid-Afrika se taalbedryf en dat die gebruikers van die taal ook nou baat behoort te vind by die onderliggende oogmerk van die wet om veral agtergestelde gemeenskappe by te staan ten einde toegang tot Suid-Afrika se taalbedryf te verkry. Natuurlik kan die voordeel eers gerealiseer word sodra die wet geïmplementeer word, die achilleshiel van Suid-Afrika se staatsdiens: implementering. Dit sal uiteindelik grootliks van die gebaretaalgemeenskap afhang om implementering op te eis, veral in die lig van die ANC-regime se tradisie van sloering met wetsimplementering. Ons verneem byvoorbeeld eers weer sewe jaar later gedurende 2022 van die wet! Dit kom in die laaste afdeling van hierdie hoofstuk ter sprake.

7.3.3 Afsluiting van die werksaamhede van die Vierde Parlement (2009–2014)

Met die afsluiting van die werksaamhede van die Vierde Parlement (2009–2014) teen Mei 2014 (die proklameringsmaand van die SATPR-wet) het DFSA reeds altesaam drie voorleggings aan die GHK gemaak, een voor GHK III en twee voor GHK IV, sonder dat die komitee tot enige betekenisvolle verdere aksie oorgegaan het. Die tweede en derde voorleggings was gewoon herhalings van die eerste een van Februarie 2007. Waar GHK III deur die Sepedi/Sesotho sa Leboa-kwessie besig gehou is, is die GHK IV waarskynlik verlam deur die onsekerheid onder parlementariërs oor wie uiteindelik die gepaste wetgewende instansie is wat vir die vereiste wetgewende proses verantwoordelik was. Dit is onvermydelik 'n refleksie op die parlement se regsadviseurs dat die onsekerheid nie vanuit die staanspoor uit die weg geruim is nie, veral gegewe die feit dat daar nie werklik teenkantig uit opposisiegeledere oor die verampteliking van SAGT was nie.

Dit val ook op hoe DFSA se lees van die onderhawige wetgewende proses van die werklikheid verskil het. Ons merk die verskil op in hoe DFSA die besluite van die GHK met betrekking tot die samestelling van 'n interdepartementele taakspan om die hele kwessie van verampteliking te ondersoek asook oor die aard van die GHK se resoluëie oor SAGT se 2007-versoek, takseer. Die foutiewe lees van wetgewende besluite het nie noodwendig bygedra tot die vertraging van die wetgewende proses nie, maar bied eerder vir ons 'n perspektief op waarom DFSA die belangwekkende implikasies van die WGAT- en SATPR-wet vir die status van SAGT waarskynlik ook misgelees en ten minste onderskat het.

Ongetwyfeld kan die *Springate*-litigasie as een van die enkele hoogtepunte van die onderhawige tydperk beskou word, nie net oor die deurslaggewende uitwerking wat dit omtrent die amptelike ontwikkeling van 'n huistaalkurrikulum vir SAGT gehad het nie, maar ook vanweë die prominente koppeling van die verampteliking van SAGT as oplossing vir gebrekkige taalbeplanning op die onderwysfront. Ons sal in verdere afdelings sien dat sodanige denkwyses wat reeds vanaf 1977 met die eerste oproep tot die verampteliking van SAGT voorkom, uiteindelik gevestigde wysheid binne Dowe kringe geword het, maar selfs later ook deur politici geëggo is, dit terwyl SAGT reeds sedert 1996 wel as amptelike onderwystaal gevestig is. Deurdat op die denkwyses gefokus is, het rolspelers nagelaat om voldoende oplossings te bedink oor waarom SAGT as amptelike onderwystaal nie tot sy reg gekom het nie, soos die *Springate*-saak blootgelê het. Soms is oplossings meer voor die hand liggend as wat idealiste en dromers besef.

'n Tweede en verbandhoudende hoogtepunt van die periode is die (uiteindelike) bekendstelling van die SAGT Huistaal KABV (ook) in 2014, die soveelste intervensie wat tot SAGT se statusverhoging bygedra het. Die ander twee uit daardie periode is die vergunning deur die WGAT oor die erkenning van die gebruik van SAGT binne amptelike taaldomeine en die SATPR-wet se (onverwagse) gelykstelling van SAGT aan die amptelike tale binne die taalbedryf.

Ofskoon sommiges in die lig van die gebrek aan vordering met die veramptelikingsproses miskien na die vierde termyn van die GHK as teleurstellend sal verwys, wil dit nie sê dat die periode niks noemenswaardig opgelewer het nie. Intendeel, dit sou meer korrek wees om na die termyn te verwys as een waartydens die vier genoemde wetgewende intervensies (die *Springate* litigasie, die WGAT, die SATPR-wet en die SAGT Huistaal KABV) tot die betekenisvolle verhoging van SAGT se status bygedra het. Veral die twee wetlike intervensies is van so 'n groot belang dat dit strenggesproke vir Dowes onnodig was om die stryd om verampteliking na 2014 nog voort te sit. Dat hulle desnietaanstaande met die stryd volhard en skynbaar die besondere mylpale geïgnoreer of onderskat het, het meegebring dat hulle aandag van implementering afgelei is. Ironies genoeg, het die beïnvloedingsgroepeerings se skynbaar onversetlike oortuiging dat implementering van bestaande wetgewing (by name die Skolewet se bepaling omtrent SAGT se amptelike status) slegs deur grondwetlike verampteliking verseker kan word, teweeggebring dat hulle nie munt geslaan het uit die besondere mylpale omtrent SAGT wat die Vierde Parlement opgelewer het nie. Dit is 'n kansverspeling wat waarskynlik ook toegeskryf kan word aan gebrekkige insig omtrent die uitkomst van die betrokke wetgewende prosesse onder die betrokkenes; nogeens 'n foutiewe 'lees'/interpretasie van die wetgewende proses.

Die veramptelikingsveldtog het met die oorgang van die Vierde Parlement na die Vyfde Parlement nietemin voortgeduur. As akademiese oefening bly dit interessant om die verloop van die verdere veramptelikingsproses onder die termyn van die vyfde én sesde GHK ook op die voet te volg. Dit bied die geleentheid om vas te stel watter tendense omtrent die wetgewende proses kenmerkend was van die termyn.

7.4 Die wetgewende prosesse onder die GHK van die Vyfde Parlement (2014-2019)

Die twee wetgewende prosesse van die vorige afdelings het op twee wette uitgeloop wat 'n betekenisvolle bydra tot die verhoging van SAGT se status oplewer. Soos uitgewys, word

in die geval van die WGAT nou voorsiening gemaak vir die aanwending van die taal binne alle staatsentiteite, dit is binne amptelike taalgebruiksdomeine. In die geval van die SATPR-wet geniet die taal by implikasie nou ook wat die taalpraktyk betref volledig gelyke status naas die amptelike tale op grond daarvan dat die tekste van beide taalvorms as volwaardige tekste erken word. 'n Mens kan verwag dat die merkwaardige uitkomst 'n bemoedigende uitwerking op die gebaretaal veldtogvoering sou gehad het, iets wat ons vreemd genoeg nie in die verdere verloop van die veramptelikingsproses opmerk nie.

Dit is opvallend uit die voorafgaande twee afdelings dat die rekords oor die twee wetgewende prosesse bykans nie melding maak van die gelyklopende veramptelikingsproses onder die GHK nie. Al val die verswyging vreemd op, ontstaan die vraag of die omgekeerde ook waar is, met ander woorde word die gemelde twee relevante wetgewende prosesse insgelyks in die veramptelikingsproses verswyg. 'n Soortgelyke verswyging sal die vasstelling omtrent twee parallelle wetgewende prosesse gedryf deur twee verskillende parlementêre komitees wat reeds eerder gemaak is, verder bevestig. Dit laat 'n mens uiteraard wonder oor die effektiwiteit van parlementêre prosesse, maar veral oor die aard van regeringsgedrewe taalbeplanning. Nietemin verg die verdere verloop van die veramptelikingsproses nou ons onmiddellike aandag.

Een van die kenmerke omtrent die hele wetgewende proses met betrekking tot SAGT se voorgestelde verampteliking tydens die termyn van die Vierde Parlement is DFSA se volgehoue toewyding aan die saak, dit ten spyte van die gebrek aan konkrete resultate wat die werksaamhede van die GHK gedurende die vorige termyne opgelewer het. Nog 'n kenmerk is soos reeds vermeld die voortgesette verwarring oor die rol van PanSAT in die veramptelikingsproses. Ook kenmerkend is die feit dat ander parlementêre komitees tot die veramptelikingsproses toegetree en die kwessie by hul vergaderings 'n besprekingspunt geraak het.

Tydlyn:

- 2014

- Okt 28: Eerste parlementêre bespreking oor SAGT se verampteliking.
- 2015
 - Sept 4: GHK verwys SAGT-kwessie na PanSAT.
 - Nov 13: DSKK publiseer regulasies wat SAGT insluit.
 - Op 'n onbekende datum: Bekendstelling van *Finger Talk – SASL Dictionary*.
- 2016
 - Apr 15: GHK hou openbare verhore oor grondwetwysigings.
 - Okt 10: DFSA dien petisie vir SAGT se amptelike status in.
 - Nov 25: GHK behandel voorleggings en regsadviseur meld 2015-aanbeveling.
- 2017
 - Feb 17: GHK besluit om NV aan te beveel om SAGT amptelik te maak.
 - Jun 21: GHK beveel formeel grondwetwysiging aan vir SAGT.
 - Nov 23: NV aanvaar GHK se verslae wat SAGT se amptelike status ondersteun.
- 2018
 - Okt 23: VN-komitee spreek kommer uit oor stadige vordering.
 - Nov: Eerste matriekeksamen met Huistaal SAGT.
- 2019
 - Maart 7 & 20: GHK doen verslag oor 2016-voorleggings en rapporteer parlementêre goedkeuring (datum onbekend).

Al het die Vyfde Parlement reeds na afloop van die Mei 2014-verkiesing op dreef gekom, kom die veramptelikingkwessie eers vyf maande later op **28 Oktober 2014** en opvallend genoeg nie by die GHK nie, maar tydens 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Kuns en Kultuur, ter sprake. By hierdie geleentheid het die destydse DKK die betrokke komitee ingelig oor vordering met die implementering van die WGAT en oor die plan vir die implementering van die SATPR-

wet (RSA 2014). Een van die komiteelede het die geleentheid gebruik om sy kommer te lug oor die feit "... dat gebaretaal [sic] steeds nie onder die Grondwet as 'n amptelike taal erken word nie", verwysende na die gesloer met die veramptelikingsproses. Dit is opvallend dat tydens die sitting geen koppeling tussen die betrokke twee wetstukke en die GHK se veramptelikingsproses gemaak word nie.

Interessant genoeg het die kwessie van taalstandaardisering ook ter sprake gekom toe 'n ander lid die mening uitgespreek het "... dat Suid-Afrika sy eie uniforme gebaretaal moet aanneem". Volgens die lid bestaan daar "... verskillende weergawes van gebaretaal in Suid-Afrika". Sy is hierin deur ander lede gesteun. Die departementshoof het daarop gewys dat die kwessie van standaardisering 'n komplekse aangeleentheid is, maar dat die naam "... 'South African Sign Language' reeds van die erkenning van 'n standaard getuig en dat die Nasionale Raad op Hoër Onderwys⁹ reeds met die ontwikkeling van 'n kurrikulum die standaard nasionaal probeer toepas". Sy het saamgestem dat dit 'n uitdaging sou wees om in daardie stadium 'n eenvormige taal daar te probeer stel, aangesien SAGT nog nie 'n amptelike taal was nie en aangesien daar inderdaad verskillende dialektiese verskille bestaan (PKK 2014).

Volgens 'n (agterstallige) verslag van die GHK het DFSA **gedurende 2015** die soveelste voorlegging oor die verampteliking van SAGT gemaak (GHK 2016a). Dit het die parlementêre regsadviseur droogweg laat opmerk dat DFSA voorheen al by "... verskeie geleenthede" so 'n voorlegging gemaak het. Buiten DFSA het Wits ook by die geleentheid 'n voorlegging met dieselfde strekking gemaak (GHK 2016a). Volgens die betrokke regsadviseur het hulle voorleggings die noodsaak aan verampteliking benadruk aangesien volgens haar "... gehoorgestremdes" eers nadat SAGT as amptelike taal erken is, erkenning van hulle taalregte sal kan geniet (GHK 2016a), strenggesproke 'n argument wat opvallend nie met die LMRs van hoofstuk 2 van die Grondwet rekening hou nie,

9 Dit is onseker waarna die betrokke lid hier verwys en of sy na die korrekte instansie verwys. Getuienis van die genoemde inisiatief kon nie opgespoor word nie.

maar wat later in 2023 weer as motivering vir die agtiende grondwetwysiging gebruik is soos weldra sal blyk. Die argument reflekteer dieselfde mantra wat verampteliking aan die implementering van die Skolewet koppel.

By die komitee se vergadering van **4 September 2015** word genoem dat heelwat van die 2013- en 2015-voorleggings op taal betrekking het. Die komitee het wel besluit om slegs die 2013-voorleggings te hanteer en uitgewys dat taalkwessies baie sensitiwiteit laat ontstaan het. In daardie stadium is buiten SAGT ook onder meer voorleggings oor die Sepedi/Sesotho sa Leboa- en Khilovedu-kwessies¹⁰ gemaak. Die GHK was ten gunste daarvan dat PanSAT versoek moes word om die aangestipte kwessies te ondersoek sodat die versoeke dan by die vergadering van 9 September 2016 verder oorweeg kan word (GHK 2015). In sy (ook agterstallige) opvolgverslag oor die 2015-voorleggings (gedateer 21 Junie 2017) blyk dat die GHK na aanleiding van al die voorleggings tot in daardie stadium gaan kers opsteek het by die DKK, PanSAT asook die KRLT-Komitee ten einde 'n breë perspektief oor die status van SAGT en die ander tale te verkry (GHK 2017c). Op die GHK se 4 September 2015-vergadering word oor DFSA se 2013-versoek oor die wysiging van artikel 6(1) van die Grondwet en die toevoeging van SAGT as addisionele amptelike taal besluit "... dat enige nuwe nasionale taal 'n beleidsbesluit was en die besluit by die Parlement berus het" (GHK 2015).

Op **13 November 2015** publiseer die (nou geherstrukturerde) DSKK ingevolge die SATPR-wet regulasies met betrekking tot taalpraktisyns se registrasievereistes, -kriteria en -prosedures (DKK 2015). Dit is opvallend dat onder die afdeling "... Algemene Bepalings" van artikel 26(3) van die wet voorsiening gemaak word vir taalpraktisyns se akkreditasie in die amptelike tale sowel as SAGT en selfs vir die latere moontlikheid dat ander tale betrek kan word.

Ook belangrik **gedurende 2015** is die bekendstelling van die tweede digitale SAGT-woordeboek genaamd *Finger Talk – SASL*

10 Nog 'n Sotho-taal van die Noorde wat sprekers as amptelike taal erken wil hê. Verskillende dokumente lewer verskillende skryfwyses vir die naam van die taal op.

Dictionary deur 'n beginnermaatskappy, FingerTalk, as deel van 'n gratis aanleerderplatform van Wigital, volgens Zero Project (2019) foutiewelik aangedui as "... die eerste gedigitaliseerde" SAGT-woordeboek. Soos realSASL.com se woordeboek kan *FingerTalk* ook as 'n toepassing op 'n selfoon geïnstalleer word. Volgens De la Hunt (2019) bevat die woordeboek 1 070 gebaretaaltekens en word die betrokke platform daaglik deur vyf tot twaalf gebruikers besoek. In sy verslag oor *FingerTalk* beweer Zero Project (2019) dat teen die middel van 2018 meer as 4 000 gebruikers reeds die toepassing afgelaai het. Die jongste weergawe (3.0) is op 28 Augustus 2017 vrygestel (Soft112 2017). Vanweë die titel van die betrokke woordeboek vermoed 'n mens een of ander verband met die vroeër gemelde gedrukte Fulton-woordeboek. Dit is waarskynlik die gedigitaliseerde weergawe daarvan.

Ten spyte van die indruk van totale ongeorganiseerdheid wat 'n mens op grond van die voorafgaande van die werksaamhede van die GHK kry, kom die komitee wel die volgende jaar met 'n verrassing vorendag deur openbare verhore te organiseer. Die eerste rondte van sodanige verhore het op **15 April 2016** plaasgevind en het gehandel oor uitstaande voorstelle omtrent grondwetwysigings wat vanaf die Vierde Parlement oorgedra en in dié se sogenaamde *2013 Legacy Submissions*-verslag vervat is (GHK 2015); altans, so word lede van die GHK op 'n vergadering van **19 Augustus 2016** meegedeel (GHK 2016a). Uit 'n antwoord van die minister van Sport, Kuns en Kultuur (vyf jaar later op 18 April 2023) op 'n vraag van die opposisie verneem ons dat die GHK by die gemelde 2016-verhore altesaam 67 aanbiedings gekry het waarvan **slegs twee** verampdeling aanbeveel het (MSKK 2023).

'n Paar maande later **gedurende 2016** maak ene Elizabeth Malebo van die Universiteit van die Vrystaat se gebaretaaldepartement (Sipamla 2018:47) en SANDA ook voorleggings met die uitdruklike versoek dat artikel 6(1) van die Grondwet gewysig word ten einde SAGT ook as 'n amptelike taal te erken.

Verwarrend genoeg en as gevolg van sy agterstallige verslae het die GHK teen 2016 soos hierbo aangetoon reeds

besluit om verampteliking aan te beveel. Dit het trouens reeds na afloop van die 2015 voorleggings gebeur, maar as gevolg van 'n agterstand wat met die komitee se verslae opgebou is, is die amptelike besluit omtrent die 2015-voorleggings eers twee jaar later in 2017 geneem! Gevolglik moes die komitee noodgedwonge die betrokke 2016-voorleggings as mosterd na die maal hanteer. Daarom noem die komitee in sy verslag oor die 2016-voorleggings dat die saak reeds hanteer is en dat die (Vyfde) Parlement die aanbeveling dat aan SAGT amptelike status toegeken word, goedgekeur het (GHK 2019:23), egter sonder 'n datumverwysing. Ter wille van die goeie orde, maar veral vir perspektief is dit tog noodsaaklik om die deurmekaarspul met die GHK se verslagdoening aan te kaart:

- Oor die 2013-voorleggings word eers op 4 September 2015 en daarna op 14 Maart 2017 verslag gedoen (GHK 2015; GHK 2017c).
- Oor die 2015-voorleggings word drie keer verslag gedoen, te wete op 25 November 2016 (GHK 2016b) – opvallend vóór die verslag oor die 2013-voorleggings, 17 Februarie 2017 (GHK 2017b) en 21 Junie 2017 (GHK 2017d).
- Oor die 2016-voorleggings word drie keer verslag gedoen, te wete op 1 September 2017 (GHK 2017e), 7 Maart 2019 (GHK 2017e) en 20 Maart 2019 (GHK 2019).

Een van die parlementêre regsadviseurs het op die GHK se **19 Augustus 2016** vergadering, waar oor die sogenaamde “... nalatenskapvoorleggings” (oordragverslae aan die komitees van die volgende parlement) besin is, die konsolidering van verbandhoudende en gelykluidende voorleggings as oplossing aan die hand gedoen. Sy het uitgewys dat DFSA die aanvanklike voorsteller was wat by monde van Bruno Druchen (en by herhaling) voorleggings gemaak het en dat bykomende voorleggings almal dieselfde strekking het (GHK 2016b).

'n Mens kan jou indink dat Druchen en DFSA teen daardie tyd redelik gefrustreerd moes gewees het. Vandaar dat dit nie as 'n verrassing kom dat hulle bykomende aktivistiese aksies begin oorweeg het nie.

Na afloop van landwye optogte gedurende September se Dowebewustheidsmaand dien DFSA (volgens die minister van Sport, Kuns en Kultuur – kyk MSKK 2023)¹¹ op **10 Oktober 2016** 'n petisie by die Parlement in. Hierin word 'n beroep op die NV gedoen om die Grondwet onverwyld te wysig sodat SAGT as die 12de amptelike taal erken kan word. Volgens Druchen is die petisie deur meer as 20 000 mense onderteken. Die interessante hieromtrent is dat hy meld dat DFSA ses jaar later teen 27 Mei 2022 steeds 'n respons van die regering afgewag het (Jansen 2022)! Dit is daarom verbasend dat die betrokke minister die petisie as een van die mylpale van die veramptelikingsproses uitsonder.

By die GHK se vergadering van **25 November 2016** behandel die regsadviseur verdere voorleggings deur Magongwa en Wits. Volgens die regsadviseur het die komitee in daardie stadium reeds (in 2015) 'n verslag aanvaar waarin aanbeveel word dat SAGT ampteliketaalstatus moet kry en het die parlement ook reeds so 'n resoluëie aanvaar (GHK 2016b)¹². Dit is moontlik dat hier na die beweerde 2007-resoluëie verwys word. Desondanks bly die gesprek oor verampteliking voortduur.

Waar die eerste twee gedigitaliseerde SAGT-woordeboeke afgestem is op aanleerders, loods die NID **gedurende 2016** 'n andersoortige digitale projek gerig op die ontwikkeling van 'n SAGT-tesourus. Soos realSAGT.com beoog NID met hierdie projek om die ryke taalverskeidenheid wat kenmerkend is aan SAGT volledig te dokumenteer. Anders as by die tipiese tesourus, wat gewoonlik geen vertalings na ander tale bevat nie, sluit NID in hulle tesourus die Engelse weergawe van leksikale inskrywings in SAGT in (Nel 2016). Gebruikers kon registreer en dan aanlyn toegang tot die tesourus kry.

11 Volgens Druchen is die optogte op 1 September 2016 gehou en het Wilma Newhoudt-Druchen as lid van die Parlement die petisie op 21 September in ontvangs geneem. Waarskynlik het die petisie soos vele ander dokumentasie op verskeie lessenaars beland en het dit die minister van Sport, Kuns en Kultuur eers op die genoemde datum van 10 Oktober 2016 bereik. Ten minste het hy die mylpaal vermeld.

12 Geen stawende getuëienis van nóg so 'n verslag nóg so 'n resoluëie kon opgespoor word nie. Indien dit so is dat so 'n besluit reeds in 2015 goedgekeur is, plaas dit die GHK verder in 'n slegte lig, aangesien dit die tydperk van versuim om op te tree, verleng.

By die GHK se vergadering van **3 Februarie 2017** oor die versoeke met betrekking tot die status van SAGT maar ook van Sepedi/Sesotho sa Leboa, Khelovedu asook die NBIKTs word op die Sepedi/Sesotho sa Leboa-kwessie gekonsentreer soos vroeër aangedui. Ook teenwoordig was PanSAT, die DKK en die KRLT-Kommissie. Elkeen van die instansies het 'n aanbieding met betrekking tot die betrokke taalversoeke gemaak.

PanSAT se aanbieding het op die Sepedi/Sesotho sa Leboa en Khelovedu-kwessies gekonsentreer, maar ter afsluiting op die belang van die standaardisering van SAGT en die ontwikkeling van 'n ortografie gewys. In reaksie hierop het een van die lede sy spyt uitgespreek dat PanSAT nie meehelp om die proses van die verampteliking van SAGT te bespoedig nie! In sy repliek het PanSAT se uitvoerende hoofbeampte wel kennis geneem van die dringendheid en spoed om die erkenning van al die betrokke tale te hanteer, insluitend gebaretaal en "... die Namataal" [sic]. Hy het ook benadruk dat die Raad 'n taaladviesliggaam vir SAGT opgerig het om met die ontwikkeling van die taal te help. Die betrokke komiteelid het 'n meer spesifieke aanduiding versoek van wanneer die Raad 'n formele verslag aan die NV sal verskaf waarin vir die erkenning van die gemelde tale en die wysiging van die Grondwet gevra word. PanSAT het in reaksie gewys op die feit dat taalontwikkeling 'n langsame proses is wat in oorleg met geraakte gemeenskappe aangepak behoort te word. Die betrokke vraag beklemtoon nogeens die wanopvatting wat oor die aard van PanSAT se taalmandaat bestaan het.

In sy ietwat niksseggende aanbieding het die KRLT-kommissie aanbeveel dat die betrokke HGITs as amptelike tale erken sal word en het diensengevolge vir 'n wysiging van die Grondwet hieromtrent gevra. In reaksie hierop het een van die lede sy teleurstelling uitgespreek dat die kommissie se werk vanweë bepaalde beperkinge aan bande gelê is wat tot gevolg het dat die kwessie van taalerkenning nie opgevolg word nie. SAGT het nie ter sprake gekom nie en die voorsitter het benadruk dat die kommissie wel opvolgwerk onder die geraakte gemeenskappe omtrent die openbare verhore oor taalkwessies moet onderneem.

Die DKK het wat SAGT betref ietwat van 'n demper op die gesprek geplaas toe hulle direkteur daarop gewys het dat alvorens oor die opheffing van SAGT besluit kan word eers aan die volgende faktore oorweging geskenk behoort te word:

- Ondanks die huidige stand van PanSAT, behoort 'n hoë vlak van toewyding deur PanSAT om sy grondwetlike mandaat om gebaretaal te bevorder uit te voer, as 'n opsie oorweeg te word.
- Die Dowe gemeenskap, onder andere, onder leiding van DFSA, stel voor dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal tot 'n amptelike taal verklaar word.
- PanSAT moet die versekering aan DFSA en die hele dowe gemeenskap gee dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal voortaan aandag sal ontvang wat gelykwaardig is aan dié van alle amptelike tale in die land.
- Die verbintenis kan natuurlik slegs realiseer mits PanSAT, as 'n instelling wat deur die grondwet gemandateer is om SAGT te ontwikkel, en in samewerking met DFSA, vasbeslote is om konkrete programme en implementeringsplanne daar te stel wat ontwerp is om gebaretaal te ontwikkel.

Die direkteur noem ten besluite dat haar departement "... bewus is daarvan dat verskeie pogings deur DFSA aangewend is om die regering te versoek om Gebaretaal [sic] 'n amptelike status te gee, maar tevergeefs" (GHK 2017a). Opvallend omtrent haar aanbieding is die klem wat weereens op PanSAT se rol by die verampteliking van SAGT geplaas word, nieteenstaande die beperkte mandaat van dié instansie.

By die GHK se opvolgvergadering van **17 Februarie 2017**, waartydens die 2015-voorleggings weer eens ter sprake gekom het, is die gereedheid van die drie instansies hierbo om betrokke te raak by die vraagstuk oor SAGT se verampteliking bespreek. Op grond van hulle aanbiedings van 3 Februarie 2017 is besluit om voort te gaan en aan die NV die wenslikheid om "... gebaretaal" [sic] amptelik te maak aan te beveel deur die relevante veranderinge aan artikels 6(1) en 6(5) van die Suid-Afrikaanse Grondwet voor te stel. Lid Newhoudt-Druchen het versoek dat DFSA hieroor ingelig moet word (GHK 2017a). Die

voorsitter noem by die geleentheid dat “... gebaretaal” [sic] die enigste taal is waaroor sedert 2015 heraanbiedings gemaak is, waarskynlik verwysende na die soveelste herhaling van DFSA se aanbieding maar ook van die van die ander aanbieders waarna hierbo verwys is.

Soos vermeld, doen die regsadviseur van die GHK op **14 Maart 2017** verslag oor die 2013-voorleggings omtrent SAGT (GHK 2017e). Die vergaderingsverslag meld geen verdere besluit oor die veramptelikingskwessie nie.

Op **31 Mei 2017** dien die GHK se verslag oor die 2013- en 2015-voorleggings en daaropvolgende openbare verhore van April 2016 voor die NRvP vir goedkeuring. Die verbatim-Hansard-weergawe van die sitting bevat die volgende redelik onsamehangende formulering deur die voorsitter van die komitee:

Voorsitter, al hierdie sake is tans voor die komitee, en daarom is die aanbeveling van die komitee dat daardie taalvoorleggings wat versoeke om veranderinge of wysigings van klousule 6 in hoofstuk 1 van die Grondwet bevat, tans voor die komitee dien, en die komitee het gevolglik nog nie ’n uitspraak gelewer oor die wenslikheid van wysigings aan die Grondwet nie (NRvP 2017a).

Die Huis word versoek om die verslag goed te keur, wat inderdaad onder groot applous gebeur het. Wat in werklikheid goedgekeur word, is dat die GHK teen 31 Mei 2017 nog nie ’n besluit kon neem nie oor versoeke vir die wysiging van artikel 6 van die Grondwet ten einde voorsiening te maak vir die erkenning van drie addisionele tale, te wete Khelovedu (in die betrokke Hansard as Kilobedu geskryf), SAGT en “... die Khoisan-taal” [sic] (NRvP 2017a). Dit laat vrae ontstaan oor die vroeë aanspraak van die komitee se regsadviseur op 25 November 2016 dat die parlement die verampteliking van SAGT reeds gedurende 2016 goedgekeur het.

Met die (uiteindelike) finalisering van sy verslag oor die 2015-voorleggings teen **21 Junie 2017** kon die GHK wel (ten einde laas) tot ’n besluit oor DFSA se 2007-versoek van tien

Hoofstuk 7

jaar eerder kom. Die verslag vermeld dat die GHK met die DKK, PanSAT en die KRLT-kommissie oorleg gepleeg het ten einde 'n breë perspektief oor die status van SAGT en ander tale te ontwikkel en dat die komitee nou aanvaar het dat die kwessie oor die voorstel vir die verampteliking van SAGT lank genoeg gesloer het. Daarom het die komitee besluit dat die nodige formaliteite deur die Parlement onderneem moet word om te verseker dat die Grondwet gewysig word om sodanige voorstel te akkommodeer (wat volgens die regsadviseur natuurlik reeds in 2016 gebeur het). Hieruit volg dan die konkrete aanbeveling van 21 Junie 2017:

Die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies behoort 'n wysiging van die Grondwet te fasiliteer om SAGT as een van Suid-Afrika se amptelike tale in te sluit (GHK 2017b).¹³

Die konkrete aanbeveling omtrent verampteliking verteenwoordig 'n uiters belangrike mylpaal in die sloerende veramptelikingsproses. Gegewe die komitee se rekord van ongeorganiseerdheid en grootlikse onbeholpenheid is dit allermins verbasend dat die hieropvolgende prosesse nie meteen bespoedig sou word nie. Dit sou 'n eksterne ingryping 'n jaar later verg om vuur te maak onder die betrokkenes, soos ons later sal sien.

Twee maande later op **25 Augustus 2017** tydens 'n sitting van die NRvP in die Vrystaat ingevolge die parlement se uitreikingsprogram, Parlement na die Mense, rig die voorsitter van die NRvP hom/haar tot die land se aanwesige Adjunkpresident en laat val dat die parlement skynbaar 'gereed is' om om 'gebaretaal' [*sic*] as die 12de amptelike taal van Suid-Afrika te aanvaar (NRvP 2017b).

Soos eerder vermeld, kom die 2016-aanbiedings omtrent SAGT weer eens mosterd na die maal ter sprake by die GHK se vergadering van **1 September 2017** waarop aangedui word dat die

13 Die oorbodige insluiting van die NRvP by die resolusie dui ook op die oningeligtheid van die GHK en sy regsman omtrent watter huis die mandaat omtrent grondwetwysiging hou.

komitee reeds sy besluit omtrent erkenning geneem het (GHK 2017e). In hierdie geval word korrek gerapporteer dat so 'n besluit reeds geneem is.

Parlementêre aanvaarding van die resoluëie kom drie maande later op **23 November 2017** toe die NV die GHK se (twee afsonderlike) verslae oor die 2013- en 2015-voorleggings eenparig aanvaar. In haar aanbieding van die verslag voor die betrokke Huis noem die voorsitter dat DFSA se herindiening van hulle aanvanklike 2007-voorlegging die komitee genoop het om die insluiting van SAGT as bykomende amptelike taal as wenslik te beskou en dat die komitee aanbeveel dat hulle verslag aanvaar word (Hansards 2017). Dit is die eerste beskikbare rekord omtrent so 'n goedkeuring wat bestaan.

Een van die tekens van broeiende ongedurigheid oor die gebrek aan uitvoering van die GHK se 2017-aanbeveling duik op **8 Junie 2018** tydens 'n begrotingsdebat van die minister van Kuns en Kultuur in die NRvP op toe die voorsitter van die Huis ter afsluiting van die debat die agbare minister daarop gewys het "... dat hierdie Huis baie angstig wag op die amptelike verklaring van Gebaretaal [sic] as ons 12de amptelike taal. Ons kan nie wag nie". Tydens die betrokke debat was daar verskeie verwysings na die hangende amptelike taalwording (Hansards 2018).

Teen middel Oktober word ons in afwagting op die eerste matrieks wat gedurende November 'n SAGT Huistaaleksamen sou aflê, verstom deur 'n antwoord van die minister van Basiese Onderwys op 'n vraag van die opposisie oor waarom so lank met 'n SAGT-kurrikulum gedraai is. Die minister se vertaalde antwoord op **18 Oktober 2018** lui soos volg:

Die ontwikkeling van die Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring (KABV) vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) voor die 2009-hofsaak van *Springate* en andere teen die minister van Basiese Onderwys en andere is belemmer en beperk deur uitdagings wat die regering ondervind het en wat nog nie gefinaliseer is nie. Dit verwys na die feit dat SAGT nog nie die Amptelike Taal van die regering [sic] is nie, wat in wese beteken dat dit

nie op Huistaalvlak in Basiese Onderwys aangebied mag word nie, wat dit wel vir Dowe leerders is [sic]. Daar moet op gelet word dat die Skolewet van 1996 reeds Gebaretaal [sic] erken het vir gebruik as onderrig- en leertaal (OLT) vir Dowe leerders. Na die hofspraak het die minister 'n proses begin om die SAGT KABV te ontwikkel wat reeds geïmplementeer word, hoewel die Departement van Kuns en Kultuur en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad nog nie die proses afgehandel het om SAGT een van die amptelike tale van die regering te maak nie (MBO 2018).

Sy laat blyk dat sy wel bewus is van die feit dat SAGT in terme van die Skolewet binne onderwysverband as amptelike taal geag word maar kom dan met die werklik vreemde argument dat omdat die taal nog nie "... 'n amptelike taal van die regering" is nie dit nie as huistaal aangebied mag word nie. Buiten dat daar in geen openbare wetsdokument so 'n konsep ('n amptelike taal van die regering) voorkom nie, is dit volledig in stryd met die terminologie van haar eie departement wat in die KABV-dokumente deurlopend 'n onderskeid tref tussen amptelike tale (as huistale en addisionele tale) en nieamptelike tale (as tweede addisionele tale), soos byvoorbeeld in haar latere verklaring oor die uitbreiding van die lys van erkende addisionele tale (MBO 2021). Haar eierdanks verteenwoordig 'n (nogal deursigtige) poging om haar departement se mislukking om uitvoering te gee aan die Skolewet se bepaling omtrent SAGT te probeer verbloem. Holness (2016:186) het na aanleiding van die *Springate*-saak heel tereg na die tipe taktiek as "... blaamverskuiwing" verwys.

Op **23 Oktober 2018** stel die VN se Komitee vir die Regte van Persone met Gestremdheid sy responsverslag in reaksie op Suid-Afrika se vroeëre landsverslag bekend. Van besondere belang is die komitee se besorgdheid oor die stadige pas waarteen die Grondwet gewysig word om SAGT as amptelike taal te erken. Die komitee beveel dientengevolge die bespoediging van die wysiging aan (VNKRPG 2018:10). Druchen (2023) takseer die aanbeveling as een van die deurslaggewende momente in SAGT se veramptelikingsproses.

Gedurende **November 2018** bevat die matriekeksamen vir die eerste keer die vak Huistaal SAGT en beantwoord Dowe matrieks vir die eerste keer hierdie vraestel, 'n besonder historiese geleentheid vir die taal (Nowicki 2019). Dit is 'n gebeurtenis wat die staatspresident in 2020 in sy staatsrede verkeerdelik uitsonder as die jaar (2018) waarin SAGT deur die DBO "... as huistaal erken" is. Die minister van Sport, Kuns en Kultuur ego hom drie jaar later hierin (MSKK 2023). Soos vroeër gesien, het die erkenning feitelik reeds met die invoer van die SAGT-kurrikulum in 2014 gebeur. Die president het waarskynlik na 2018 verwys as die jaar waarin Dowe matrikulante vir die eerste keer SAGT as huistaal in hulle finale eksamen kon aflê (MBO 2018).

Nietemin het die minister van Sport, Kuns en Kultuur die uitspraak deur die president uitgelig as nog 'n belangrike mylpaal in SAGT se veramptelikingsproses maar opvallend genoeg nie die rol van die vroeër vermelde VN-komitee vermeld nie.

Soos eerder vermeld, doen die GHK se regsadviseur op **7 Maart 2019** (GHK 2017e) en daarna ook op **20 Maart 2019** (GHK 2019) verslag oor die mosterd na die maal-voorleggings omtrent SAGT gedurende 2016 en rapporteer terselfdertyd dat die Parlement die komitee se aanbeveling oor verampteliking goedgekeur het. ('n Mens neem aan die persoon verwys na die aanbeveling van 21 Junie 2017 maar spytig genoeg, word die datum van goedkeuring nie vermeld nie.)

Teen die einde van die termyn van die Vyfde Parlement is in vergelyking met die Vierde Parlement nogal gevorder met DFSA se 2007-versoek om SAGT as 12de amptelike taal erken te kry. Nie net het die komitee uiteindelik sover gekom om openbare verhore oor die kwessie te organiseer nie, hulle het selfs teen Junie 2017 ten einde laas daarin geslaag om 'n aanbeveling hieromtrent te finaliseer wat toe deur die Parlement aanvaar is. In geen stadium moet ons die rol van die Dowe beïnvloedingsgroepering hierin onderskat nie. Toe die uitkoms van die 2015 openbare verhore nie gunstig was nie het hulle kennelik nog persone en instansies gemobiliseer om aanvullende aanbiedings te maak wat DFSA se herhaalde

aanbiedings voor die komitee gekomplementeer het. Trouens, die komiteevoorsitter het selfs daarop gewys dat SAGT die enigste taal is waarvoor sedert 2015 heraanbiedings gemaak is. Ook het die Dowe veldtogvoering landwyd optogte ter ondersteuning van die saak georganiseer wat tot die petisie van 2016 aanleiding gegee het, 'n mylpaal wat selfs die minister van Sport, Kuns en Kultuur 'n paar jaar later uitgesonder het.

Dit sou egter nog 'n paar jaar duur voordat die Parlement sover kon kom om die GHK se Junie 2017 aanbeveling deur te voer, in teenstelling tot die versoek van 'n lid van die amptelike opposisie tydens debatvoering oor die twee verslae dat die parlementêre proses om die bedoelde wysiging te bewerkstellig onverwyld en sonder enige verdere vertraging gedoen sal word (Hansards 2017).

Waar die vertraging om 'n besluit oor DFSA se 2007-voorstel geneem te kry grootliks aan probleme rondom die relatiewe wanfunksionering van die verskillende GHKs te wyte is, soos onder meer ook deur die opposisie uitgewys, kan die verdere vertraging om die aanbeveling deurgevoer te kry grootliks aan onbeholpenheid toegeskryf word, soos uit die gedokumenteerde verloop hierna sal blyk. Dit is nie verbasend nie dat verdere debatvoering oor die kwessie gekenmerk word deur 'n groot mate van ongedurigheid oor die gesloer om die 2017-aanbeveling deurgevoer te kry, 'n kwessie wat selfs in die VN se responsverslag van 2018 deurskemer. Dit sou nogtans 'n verdere vyf jaar duur alvorens die GHK se 21 Junie 2017-aanbeveling uiteindelik skarrelend tot uitvoer gebring kon word.

7.5 Die wetgewende prosesse onder die GHK van die Sesde Parlement (2019–2024)

Die Vyfde Parlement het die weg tot grondwetlike verampteliking vir die Sesde Parlement voorberei. Dit sou nou van die Sesde Parlement afgehang het om die knoop rondom verampteliking deur te haak. Trouens dit is die implikasie van die betrokke GHK se sogenaamde 'nalatenskapsverslag' wat aanbeveel dat die NV die komitee se aanbeveling om artikel 6(1) van die Grondwet te wysig ten einde SAGT as een van die amptelike tale te erken,

aanvaar (PRSA 2019). (Hierdie aanbeveling laat wel die vraag ontstaan oor 'n vroeëre opmerking van die voorsitter van GHK V dat die Parlement die komitee se aanbeveling al veel eerder in 2016 aanvaar het, 'n besluit wat soos genoem nie opgespoor kon word nie.)

Tydlyn:

- 2020
 - Feb 13: President se staatsrede oor SAGT se toekomstige amptelike status.
 - Sept 4: Bekendstelling van die *SAGT Handves*.
- 2022
 - Januarie 26: Bekendstelling van *SASL DEAFinition*-woordeboek.
 - Mei 26: Kabinet keur agtiende Grondwetwysigingswetsontwerp goed vir openbare kommentaar.
 - Jul 19: Grondwetwysigingswetsontwerp vir openbare kommentaar gepubliseer.
 - September 1: Bekendstelling van *South African Sign Language (SASL) Dictionary*, eerste tweetalige digitale SAGT-woordeboek.
- 2023
 - Maart 7–8: Openbare verhore oor die Grondwetwysigingswetsontwerp.
 - Mei 2: NV aanvaar die wetsontwerp.
 - Jul 19: President onderteken die *Grondwet Agtiende Wysigingswet, 2023*, wat SAGT as die 12de amptelike taal erken.

Afgesien van die verloop van bykans drie jaar van relatiewe stilte oor die verampteliking van SAGT sedert die GHK se 2017-aanbeveling daaromtrent, dui die ietwat vreemde aankondiging omtrent die status van SAGT deur die President tydens sy staatsrede op **13 Februarie 2020** nogeens op die soort onbeholpenheid wat rondom die kwessie aan die orde van die dag was:

Na die erkenning in 2018 deur die Departement van Basiese Onderwys van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as 'n huistaal en die aanbeveling deur die Parlementêre

Hoofstuk 7

Konstitusionele Hersieningskomitee dat dit die 12de amptelike taal moet wees, is ons nou gereed om die saak af te handel. [Applous.] (GKNVNRvP 2020).

Hierbo is reeds daarop gewys dat die DBO se sogenaamde ‘erkenning’ van SAGT in 2018 betrekking het op die eerste matrikulante wat die eksamen vir SAGT Huistaal in daardie jaar afgelê het.

Van die lede van die regerende party het die 2020-aankondiging minder skepties vertolk, soos ons kan merk tydens ’n latere debat van **19 Februarie 2020** oor die DJGO se 2019/20 prestasieverslag vir die tweede en derde kwartaal (PKJGO 2020a). Die Adjunkminister was teenwoordig. Lid Wilma Newhoudt-Druchen van die ANC beroep haar op die president se “... aankondiging dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal ’n amptelike taal sou wees” toe sy haar kommer opper oor die feit dat die derde kwartaalverslag van die betrokke departement voorsiening maak vir tolke vir vreemde tale, maar nie vir tolke wat Doves moet bystaan nie en die implikasie daarvan vir toegang tot geregtigheid (GHK 2020a).

’n Lid van die opposisie sien die aankondiging wel ietwat anders toe sy tydens ’n vergadering van die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling van **1 September 2020**, na aanleiding van ’n bepaling omtrent die gebruik van gebaretaal in Suid-Afrika se Strafproseswet genoem het, “... dit mag voorbarig wees om dit te sê, maar die President het gesê dat SA gebaretaal [*sic*] as ’n amptelike taal erken moet word” (PKJGO 2020c). Nietemin, wat op die president se ‘aankondiging’ volg, grens om die minste te sê aan ’n komedie van onbeholpenheid soos wat die rolspelers nie kon besluit wie eintlik verantwoordelik is “... om die saak te finaliseer” soos wat die president dit tydens sy 2020-staatsrede in die vooruitsig gestel het nie.

Ook opvallend is die klakkelose herhaling van die president se Februarie 2020-aankondiging onder meer deur die onderwysdepartement by ’n portefeuljekomiteevergadering van **5 Mei 2020** oor sy begroting en jaarlikse prestasieplan (PKBO 2020a), die minister se begrotingspos op **28 Mei 2020** (PKBO

2020b) en by die **3 Junie 2020** vergadering van die NRvP se Gekose Komitee oor Onderwys en Tegnologie, Sport, Kuns en Kultuur oor die minister van Basiese Onderwys se begrotingspos (GKOTSKK 2020). Geen van die herhalings brei uit op wie besig is “... om die saak te finaliseer” nie.

Een van die opvallendste tekens dat niemand eintlik geweet het wat om vervolgens te doen nie, merk ons op **22 Mei 2020** tydens die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling se vergadering met die DJGO, die Nasionale Vervolgingsgesag en die betrokke Adjunkminister oor ’n hersiening van hul Strategiese Plan, Jaarlikse Prestasieplan en Begroting vir 2020/21. Lid Wilma Newhoudt-Druchen van die ANC het by die geleentheid weer na aanleiding van gebaretaaltolking gevra of daar ’n proses aan die gang was om “... die gebaretaal” [sic] as ’n amptelike taal te versnel. In antwoord op haar vraag het die adjunkminister daarop gewys dat die president aangedui het dat dit ’n verandering aan die Grondwet sou vereis, en hoewel die DJGO verantwoordelik was vir wysigings aan die Grondwet, het die kwessie van tale binne die domein van die DSKK geval. Die DJGO moet (nog) volgens die adjunkminister met die DSKK ‘in gesprek tree’. Op ’n sydelingse noot het hy saamgestem dat dit betreurenswaardig is dat mense tydens die president se toespraak met die gebaretaaltolke gespot het (GHK 2020a).

By die volgende vergadering van die betrokke portefeuljekomitee op **3 Junie 2020** het die DJGO wel ietwat van wysie verander. Die departement se verslag oor werksaamhede sluit ’n afdeling in oor ‘Gebaretaal [sic] as ’n amptelike taal’ en spring weg met ’n verwysing na die veelbesproke staatsrede waarin die president skynbaar aangekondig het dat stappe gedoen sal word om SAGT ’n amptelike taal te maak! (Wat natuurlik in daardie stadium beslis nie die geval was nie.) Die DJGO wys uit dat nieteenstaande die feit dat die DSKK verantwoordelik is vir die ondersteuning en ontwikkeling van SAGT, die DJGO “... tipies die nodige grondwetlike wysiging sal bevorder” wat amptelike status aan die taal sal toeken. Die portefeuljekomitee versoek daarom die departement pertinent om met sy eweknie by DSKK in gesprek te tree sodat

die wysigings die Parlement onverwyld kan bereik (PKJGO 2020b). Dit wil derhalwe voorkom asof die portefeuljekomitee teen daardie tyd ietwat meer duidelikheid begin kry het oor wie vir die wetsontwerp oor die vereiste grondwetwysiging verantwoordelik is.

Tydens 'n mini-debat van die NV op **22 Julie 2020** oor die begrotingspos van die minister van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede kom die kwessie van die gesloer met die verampteliking van SAGT weer eens ter sprake toe 'n lid van die opposisie uitgewys het dat van DFSA se 2016-versoek (die aanvanklike 2007-versoek, herhaal in GHK V se 2016-verslag – kyk hieronder) oor die verampteliking van SAGT niks gekom het nie behalwe gepaste deugseine omtrent Dowes en hulle vraagstukke. Die lid pleit dan by die lede van die Sesde Parlement om te verseker dat dit die parlement sal wees wat 'n 12de amptelike taal sal toevoeg (NV 2020).

Op **2 September 2020** behandel GHK VI onder leiding van die betrokke regsadviseur die reeds gemelde nalatenskapverslag van GHK V. Laasgenoemde se 2016-verslag aan die Parlement oor die verampteliking van SAGT kom weer ter sprake (GHK 2020b).

Twee dae later verneem ons van 'n uitsonderlike geleentheid wat die status van SAGT betref toe die *SAGT Handves* op **4 September 2020** bekendgestel word, interessant genoeg deur die adjunkminister van die DVJPG in die Presidensie (SAR 2020b), skynbaar namens die minister van die lynfunksie departement vir taal wat afwesig was. Die *SAGT Handves* is die eerste handves vir enige Suid-Afrikaanse taal en ook die eerste noemenswaardige publikasie van PanSAT se taaladviesliggaam vir SAGT.

Die *SAGT Handves* bevat nege plegtige ondernemings wat onder meer die volgende nastreef:

- 'n beter begrip van SAGT as 'n taal in eie reg;
- selfbeskikking deur Dowes;
- die bevordering van die aanleer en hoëgehalte-onderrig van SAGT;

- die aanmoediging en bevordering van meertalige dowe onderwys; gewaarborgde toeganklikheid tot dienste en inligting deur SAGT;
- minimumstandaarde van bevoegdheid in SAGT;
- om gehelp te word deur persone wat direk met Doves werk; en die gereelde raadpleging van Dowe-gemeenskappe oor alle sake wat hul lewens raak;
- professionele en geredelik beskikbare SAGT-tolk- en vertaaldienste;
- respek vir Doves binne regeringsdepartemente.

Oorhoofs beskou, komplementeer die handves al die wetlike reëlings omtrent SAGT wat sedert 1995 getref is, maar trek dit tegelykertyd verskillende TBP-aksies binne een artefak saam. As sodanig dra die handves betekenisvol by tot die verdere verhoging van SAGT se status as unieke minderheidstaal van Suid-Afrika en ondervang dit in werklikheid die behoefte aan 'n oorhoofse wetsdokument om die implementering van bestaande wetgewing met betrekking tot die taal te verseker. Desondanks, hoor 'n mens hierna net sporadies van die handves en, vreemd genoeg, binne kontekste waar artikel 4(2)(d)(ii) van die WGAT in werklikheid betrekking het.

Tydens 'n bespreking van die Parlement se Veelparty-vrouekoukus op **29 Oktober 2020** waar drie wetsontwerpe met betrekking tot Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord behandel is, kom een van die handves se plegtige ondernemings, naamlik die vraagstuk oor onopgeleide gebaretaaltolke, (weer) ter sprake. 'n Lid van die opposisie wys lede daarop dat sodra 'gebaretaal' [sic] as 'n amptelike taal beskou word sulke kwessies rondom die taal uitgesorteer sal word, dit is sodra die Grondwet dienooreenkomstig gewysig word (GVVK 2020). Vreemd genoeg, word die handves nie in die betrokke bespreking vermeld nie, maar word weer aangehaak by die tipiese veridealisering van verampteliking, weliswaar hierdie keer in 'n ander konteks as die onderwys.

Op die GHK VI se vergadering van **11 November 2020** duik nog 'n goeie voorbeeld van parlementêre onbeholpenheid oor die kwessie van verampteliking op. 'n Komiteelid het navraag

gedoen oor die afwesigheid van 'n besprekingspunt oor die gebaretaalbesluit wat nie as agendapunt vir die vergadering ingesluit is nie. Die komiteesekretaris het geantwoord dat die gebaretaalvoorstel waarop GHK V ooreengekom het, opgevolg is. Volgens hom het die NV die saak na die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling verwys. Die inligting wat hy van die sekretaris van die betrokke portefeuljekomitee ontvang het, was dat die saak inderdaad daar gediën het, wat meegebring het dat die wetsontwerp wat uitvoering aan die resoluëie moes gee, geïnisieer is. Hierop het die betrokke lid gereageer dat sy ook 'n lid van die besproke portefeuljekomitee is en nie van enige sodanige besprekingspunt wat daar diën, bewus is nie! Sy noem verder dat dit voorheen gebeur het dat sake na die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling verwys is en dan nie daar gediën het nie, tensy in die onderhawige geval die betrokke besluit nog nie deurgestuur is nie. Die GHK VI voorsitter het toe gevra of dit moontlik is om iets oor die saak op skrif te kry sodat hulle die kwessie amptelik kan opvolg, waartoe die komiteesekretaris ingestem het. Hy het toe 'n knuppel in die hoenderhok gegooi deur te noem dat die betrokke verwysing reeds (tydens die vorige Parlement) deurgestuur is toe een van die huidige teenwoordige dienende lede van GHK VI die voorsitter van die betrokke portefeuljekomitee was! Laasgenoemde het toe bloot gereageer deur te sê dat hy nie kan onthou dat hy die verwysing in die betrokke portefeuljekomitee gesien het nie, maar dat GHK V se komiteesekretaris gevra moet word om die skriftelike verwysing en enige relevante dokumente daarby te vind sodat die komitee die nodige dokumentasie voor hulle sal hê en daar nie verder oor die kwessie gespekuleer hoef te word nie. Die vergadering het ingestem om die nodige dokumente te bekom sodat hulle met die saak kan voortgaan en die ondersteuningspersoneel is versoek om al hul notas na te gaan en seker te maak dat al die sake wat voorheen geopper is, gedek word (GHK 2020c).

Frustrasie oor die gesloerdery met die finalisering van die 2017-besluit omtrent die verampteliking van SAGT het ook op **3 Desember 2020** by 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede begin deurslaan toe 'n lid van die VF Plus tydens 'n debat oor die betrokke

minister se begrotingsoorsig opgemerk het die parlement het “... steeds nie gebaretaal [*sic*] goedgekeur as amptelike taal van Suid-Afrika nie, vyf jaar ná die jongste [2016] versoek.” Sy word hierin gesteun deur ’n volgende opposisielid, Dereck Swart wat vra “... waarom word gebaretaal [*sic*] steeds nie tot amptelike taal in die land verklaar nie?” (Hansards 2020).

Met die aanbreek van die somerreses van 2020 keer parlementariërs wat hierdie kwessie betref, onverrigtersake na huis.

By ’n volgende vergadering van dieselfde portefeuljekomitee die volgende jaar op **3 Februarie 2021** oor die regte- raamwerk vir gestremdhede en die Gestremdheidswetsontwerp kom inligting na vore wat die omvang van die onbeholpenheid omtrent die hele kwessie verder benadruk. Na aanleiding van ’n aanbieding deur ’n verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie (SARHK) het ’n lid van die DA gevra of die SARHK en DVJPG enige werk van die insluiting van ‘gebaretaal’ [*sic*] as een van die amptelike tale van Suid-Afrika gemaak het. Uit die antwoord daarop neem ons kennis van totaal nuwe verwickelinge rondom die verampteliking van SAGT toe Tania Prinsloo van die SARHK noem dat “... kwessies van gebaretale” oorweeg sal word **uit die publiek se terugvoer** na aanleiding van ‘konsultasies’ en ’n ‘proses’. Die resultate hiervan sal volgens haar in Engels gepubliseer word. Die lid se vraag word verder deur Benny Palime, direkteur: Regte van Persone met Gestremdhede van die DVJPG, beantwoord. Hy noem dat GHK VI die vorige jaar [2020] in die parlement deur sy departement oor ’n ondersoek na die voorgestelde grondwetwysiging en die insluiting van ‘gebaretaal’ [*sic*] geadviseer is, asook oor inligting wat tot hiertoe nie bekend was nie. Volgens Palime (se besonder onsamehangende antwoord) behels die voorgestelde wysiging uiteraard ’n tegniese wysiging van die grondwet. Hy het dit oor die proses wat gevolg moet word. Enersyds meen hy dat die voorgestelde wysiging deur “... die proses van die WGAT moet gaan [?]”, ’n proses wat volgens hom reeds begin het. (Die spreker verwys waarskynlik na die wetgewende proses met betrekking tot WGAT wat deur die destydse DKK gedryf is.) Andersyds voorsien hy dat die

voorgestelde wysiging nie deur die "... normale proses" [?] gaan as dit kom by die insluiting van nog 'n amptelike taal nie. In plaas daarvan sal dit "... direk na die Wet [?] gaan, want dit het reeds 'n basis rondom die Grondwet". Hier bedoel hy waarskynlik dat 'n geringe wysiging aan die Grondwet vereis word, aangesien SAGT reeds 'n mate van erkenning in artikel 6 geniet. Palime sluit sy antwoord af deur sy kommer oor die praktiese implikasies van sodanige verampteliking uit te spreek, veral vir skole (waar SAGT na verampteliking volgens hom op aanvraag beskikbaar moet wees) en ander organisasies soos klinieke waar mense sou kon aandrang op die reg [sic] "... om te eis dat hy in gebaretaal [sic] aangespreek word" (PKVJPG 2021a). Dit is onduidelik waarop hy laasgenoemde regsopleiding baseer, aangesien die Grondwet nie daarvoor voorsiening maak nie. Wel het ons gesien dat die WGAT wat gebaretaal betref reeds hiervoor voorsiening maak, dit is sonder dat SAGT tot amptelike taal verklaar is.

Na alle waarskynlikheid weerspieël die omsamehangende respons die spreker se eie siening en nie noodwendig die ware stand van sake met betrekking tot die proses van die verampteliking van SAGT nie. Nietemin moes die hele relaas die teenwoordige lede met meer vrae as antwoorde gelaat het. Nogtans het ons hier met een van die min kruisverwysings na die gelyklopende wetgewende proses rondom die WGAT te make.

By 'n verdere vergadering van dieselfde portefeuljekomitee op **5 Mei 2021** oor die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap se 2021/22 Jaarlikse Prestasieplan kom die betrokkenheid van DFSA by verskeie wetsontwerpe van die DVJPG ter sprake. Die direkteur-generaal van die departement moes toegee dat ten spyte daarvan dat hulle saamwerk, daar bepaalde geleenthede rondom van die lopende wetsontwerpe gemis kon gewees het, maar dat met betrekking tot die gebaretaalwetsontwerp daar wel samewerking is. Daar word nie hierop uitgebrei nie (PKVJPG 2021b).

Tydens 'n sitting van die NV oor die minister van Sport, Kuns en Kultuur se begrotingspos op **13 Mei 2021** kom nadere inligting omtrent die konsultasieproses rondom die

2017-voorstel waarvan ons vroeër verneem het, na vore. Die minister noem dat sy departement met die ‘Departement van Justisie’ [sic] saamwerk wat die verampteliking van SAGT betref. Volgens hom het die proses om die Grondwet te wysig ten einde SAGT as “... ’n ander amptelike taal in ons land” in te sluit reeds begin (NV 2021).

Gedurende sy daaropvolgende toeligtingsessie aan die media na afloop van die sitting voeg die minister hieraan toe dat die eerste werksessie om rolspelers die geleentheid te bied om bydraes te lewer tot die formulering van die negentiende Grondwetwysigingswetsontwerp¹⁴ gedurende Maart 2021 gehou is. Skynbaar het sy departement gedurende April 2021 ’n opvolgssessie georganiseer. Die minister konstateer ten besluite dat sy departement ’n sleuteldepartement is wat vir die implementering van die grondwetwysiging verantwoordelik sal wees en juis daarom ’n kritieke rol speel om te verseker dat die wetsontwerp gefinaliseer sal word (Media-inligtingsessies 2021).

Dit is die eerste keer in die hele verloop van die verampteliking van SAGT dat so ’n konstatering gemaak en meer klaarheid oor die mandate van betrokke regeringsdepartemente verkry word. Ons kan hieruit aflei dat daar uiteindelik uitsluitsel bereik is oor welke departement watter rol met betrekking tot die veramptelikingproses speel. Die prentjie omtrent werkverdeling wat na vore kom, sien soos volg daar uit:

- die DSKK is verantwoordelik vir die formulering van die grondwetwysiging;
- die DJGO is verantwoordelik vir die indiening van die wysiging; en
- die DVJPG is verantwoordelik vir samewerking met die ander departemente (en betrokke organisasies) rondom die implikasies van die verampteliking vir Dowes en waarskynlik vir morele ondersteuning veral aan instansies soos DFSA.

14 Dit het later met die 2023-Grondwetwysigingswet verander, soos uitgewys sal word. Aanvanklik sou die agtiende wysiging oor grondonteiening gehandel het, maar toe nie instemming oor die aangeleentheid verkry kon word nie, het die 19de wysiging wat vir SAGT bestem was, verval en is dit as agtiende wysiging opgeneem.

Ons sien iets van die mandaatverdeling realiseer tydens 'n sitting van die NV op **19 Mei 2021** oor die minister in die Presidensie verantwoordelik vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede se begrotingspos. Die betrokke adjunkminister noem dat sy geëerd was om die *SAGT Handves* in September 2020 namens die uitvoerende gesag te kon onderteken as gebaar om die regering se verbintenis tot die implementering van die onderskeie ondernemings vervat in die handves te demonstreer. Volgens die adjunkminister roep die handves die parlement op tot die verhasing van die verampdeling van SAGT as 12de amptelike taal terwyl sy daarop wys dat die betrokke departement met PanSAT, die DSKK en organisasies vir persone met gestremdhede saamwerk om beide die implementering van die Handves en die relevante wysiging van die Grondwet te verseker (Hansards 2021).

Op **20 Mei 2021** kondig die minister van Basiese Onderwys tydens haar begrotingstoespraak aan dat "... ons ... strategies besluit [het] om die lys van Suid-Afrikaanse tale wat as Tweede Addisionele Tale in die Nasionale Kurrikulumverklaring aangebied word, uit te brei. Die addisionele tale is die Khoi-, Nama-, en San-tale, asook die [sic] Suid-Afrikaanse Gebaretaal." Anders as by 'n vorige geleentheid (op 18 Oktober 2018) toe sy 'n eierdans uitgevoer het nadat sy gevra is waarom so met 'n SAGT-kurrikulum gedraai het, het sy hierdie keer wel 'n aanduiding gegee dat sy tog (uiteindelik) die implikasies van die Skolewet omtrent SAGT se status in die onderwys gesnap het. Sy wys naamlik daarop dat die stap die grondwetlike mandaat om voorwaardes vir die ontwikkeling en die gebruik van alle amptelike tale te bevorder en te skep, verkonkretiseer. Ook vermeld sy dat haar departement hiermee opgang gemaak het in al die amptelike tale asook Suid-Afrikaanse Gebaretaal, 'n taal "... wat die status van 'n amptelike taal in die Basiese Onderwyssektor geniet" (MBO 2021), 'n feit wat sy skynbaar in 2018 nie gesnap het nie.

Danksy 'n vraag deur 'n lid van die DA aan die minister van Sport, Kuns en Kultuur wat op **21 Mei 2021** beantwoord word, begin ons die prosesse waarna al by vorige geleenthede

verwys is, hierna nog beter begryp. Die lid het die volgende vraag gestel:

Of daar enige planne gereed is om gebaretaal [*sic*] as een van die amptelike Suid-Afrikaanse tale in te sluit; indien nie, hoekom nie; indien wel, wat (a) is die besonderhede van die planne en (b) [watter] totale begroting is in hierdie verband toegewys? (MSKK 2021).

In sy antwoord bevestig die betrokke minister dat die GHK VI die wysiging van artikel 6(1) en (5)(a) van die Grondwet aanbeveel het om SAGT as die 12de amptelike taal in te sluit en dat die DJGO die nodige stappe geneem het om die wysigingsproses te begin.

Origens kry ons insae in die beraadslagende proses waarna ook al vroeër verwys is: 'n eerste werksessie van Maart 2021 was vir alle nasionale departemente om bydraes tot die konsep-negentiende Grondwetwysigingswetsontwerp te maak en die tweede opvolgssessie van April 2021 (deur DSKK gefasiliteer) vir alle belanghebbendes, hoofsaaklik die Dowegemeenskap, om insette te lewer. Die minister meld voorts dat sy departement beplan om nog verdere raadplegende vergaderings met alle relevante strukture van die Dowegemeenskap as gebruikers van SAGT te hou ten einde hul spesifieke behoeftes te verstaan sodat 'n konsep-implementeringsplan om uitvoering aan 'n gewysigde artikel 6 te gee, ontwikkel kan word.

Op die tweede deel van die vraag antwoord die minister dat daar nog geen begroting vir SAGT toegewys is nie, aangesien die grondwetlike wysigingsproses nog onderweg is. Wanneer die taal uiteindelik as die 12de amptelike taal van die RSA aanvaar word, sal die departement die nodige koste-implikasies verreken en by sy planne insluit. Wel noem hy dat PanSAT werkwinkels oor die *SAGT Handves* vir rolspelers aanbied met die doel om hulle bewus te maak van hulle verpligting om toegang tot dienste (vir Dowes) en effektiewe beskerming vir die 'linguistiese regte' van Dowes te verbeter (MSKK 2021), kwessies wat natuurlik onder meer deur die WGAT ondervang word. Die antwoord lig die sluier oor die kommerwekkende aard

van die betrokke departement se beplanning. Ook bevestig die antwoord nogeens die feit dat die implikasies van die WGAT se bepaling met betrekking tot SAGT glad nie ingesink of deurgesyfer het nie.

GHK VI bevestig in sy jaarverslag oor werksaamhede gedateer **23 Mei 2021** sy aanbeveling aan die Sesde Parlement waarna die betrokke minister hierbo verwys het (GHK 2021).

Tydens 'n sitting van die portefeuljekomitee oor Sport, Kuns en Kultuur van **1 Junie 2021** waar die DSKK se prestasieverslag vir die derde kwartaal vir die 2020/21-verslagjaar bespreek word, deel die departement se adjunktdirekteur-generaal vir Kuns en Kultuurbevordering en -ontwikkeling, Cynthia Khumalo, die vergadering mee dat haar departement nou saamwerk met die DJGO "... om te verseker dat die insluiting van gebaretaal [sic] as 'n amptelike taal binne hierdie finansiële jaar verwesenlik word" (PKSKK 2021a).

Tydens die Nelson Mandela Kinderparlement se 10de sitting op **8 Oktober 2021** (SANDF 2021) het die lede vir Hamza Muhammad, 'n dowe seun van die Dominican School in die Wes-Kaap, as hulle President aangewys (SAR 2023).

By die portefeuljekomitee oor Sport, Kuns en Kultuur se vergadering van **3 Desember 2021** brei Khumalo uit op haar opmerking by die vergadering van 1 Junie 2021 deur te noem dat daar inderdaad gesamentlike pogings was om die parlement sover te kry om wetgewing te aanvaar vir 'gebaretaal' [sic] om die 12de amptelike taal van die land te word (PKSKK 2021b).

Op **26 Januarie 2022** maak *Disability Insider* bekend dat die organisasie DEAFinition 'n aanleerderswoordeboek, *SASL DEAFinition* in toepassingsformaat beskikbaar gestel het (Disability Insider 2022). Hierdie toepassing word by uitstek gerig op gebruikers wat basiese vaardighede in SAGT wil aanleer ten einde met familie en vriende met gehoorgestremdheid te kan kommunikeer. DEAFinition is 'n nuwingsgewende onderneming wat 'n reeks dienste en befondsingsmoontlikhede verskaf om gelyke toegang vir die Dowe gemeenskap te bevorder. Dit sluit in 'n werwings- en plasingsdiens, tolkdienste, werkgereedheidsopleiding en sagte vaardigheidsopleiding, asook die aanbied van 'n verskeidenheid SAGT-aanleerderskursusse

(Cognizance 2021). DEAFinition werk nou saam met eDEAF, 'n B-BBEE Vlak 2-maatskappy wat in 2007 opgerig is om Dowe vaardighedsontwikkelingsopleiding in Suid-Afrika te verskaf (Cognizance 2022). Die toepassing *SAGT DEAFinition* bevat 'n elementêre digitale woordeboek met sewe kategorieë, te wete alfabet, kalender, nooddienste, groete, medies, getalle, gebare vir die werkplek en 'n soekfunksie om tot relevante gebare toegang te verkry. Die gesoekte gebaar word in videoformaat beskikbaar gestel (eDEAF 2022). Gebruikers kan ook versoeke instuur om woorde tot die woordeboek toe te voeg. Volgens Google Play is eDEAF die ontwikkelaar van die betrokke toepie, wat 'n aanduiding gee van die noue samewerking tussen die betrokke twee onderneminge (eDEAF 2022).

Die kwessie van die hangende verampteliking van SAGT as 12de amptelike taal kom ter sprake in 'n vraag van die DA oor (a) die besonderhede van die regering se standpunt rakende die waarde van moedertaalonderrig in die Republiek en (b) die persentasie skole wat in staat is om moedertaalonderrig te kan realiseer, wat op **5 April 2022** beantwoord word (MBO 2022). Afgesien van insiggewende inligting wat oor die stand van moedertaalonderrig in Suid-Afrika verskaf word, beklemtoon die betrokke minister die reeds verworwe ampteliketaalstatus van SAGT binne die onderwys maar noem dat daar nou op die inwerkingtreding van die verampteliking gewag word, 'n nogal interessante kontradiksie.

In die GHK V se nalatenskapverslag oor sy werksaamhede as komitee van die Vyfde Parlement (2014–2019) wat by 'n vergadering van die GHK VI gedateer **3 Mei 2022** weer ter sprake kom, lys die komitee 'n aantal kwessies waaraan die GHK VI onder die Sesde Parlement (2019–2024) aandag moet gee en wat die komitee oorgeneem het. GHK VI se verslag wys daarop dat GHK V vier belangrike aanbevelings gemaak het, te wete:

1. Dat die Huis 'n resoluksie sal aanneem oor die aanbeveling vir die wysiging van artikel 6(1) van die Grondwet om SAGT as een van die gelyste amptelike tale in hierdie artikel in te sluit.
2. Dat die sogenaamde erfenisvoorleggings wat ook 'n hersiening van artikel 6 van die Grondwet voorstel om

- Sesotho sa Leboa as amptelike taal in teenstelling met Sepedi te weerspieël, oorweeg en gefinaliseer moet word
3. Dat Voorlegging 16 van 2016 deur Equal Education, waarin 'n hersiening van artikel 100 voorgestel word, oorweeg sal word, ondersteun deur regsadvies om duidelikheid te bewerkstellig vir beklemtoning wat voorsiening maak vir die effektiewe uitvoering van die doelstellings van die artikel
 4. Dat die Huis sal besluit oor die wysiging van artikel 25 van die Grondwet, om uitdruklik voorsiening te maak vir staatsonteiening van grond sonder vergoeding (GHK 2022).

Die GHK VI noem dan in sy verslag dat van die vier aanbevelings slegs die Huisresolusie oor die wysiging van artikel 25 (oor grondonteiening) in die agtiende Grondwet-wysigingswetsontwerp opgeneem is wat in **Desember 2021** deur die NV verwerp is en waarna die gebaretaalkwessie as die 18de wysiging opgeneem is. Dan noem GHK VI dat wat die gebaretaalaangeleentheid betref, die Parlement **nog die aanbeveling aan die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling moet toewys (!)** vir die verwerking van die nodige Grondwetwysiging om uitvoering te gee aan die identifisering van SAGT as die 12de amptelike taal kragtens artikel 6(1) van die Grondwet (GHK 2022; PA 2022a). Volgens GHK VI behoort beide die aanbevelings oor SAGT en Sesotho sa Leboa strenggesproke uit te loop op wysigings wat deel moet vorm van die 2023-Grondwetwysigingswetsontwerp.

Nieteenstaande die feit dat GHK IV se verslag konkrete getuienis verskaf oor die gesloer met 'n aanbeveling omtrent SAGT wat reeds (ongedokumenteerd skynbaar in 2015/2016) tydens die termyn van die Vyfde Parlement geneem is, dui dit ook daarop dat die onsekerheid oor die verantwoordelike instansie nou ten einde laas (!) uit die weg geruim was. Die weg was nou oop om uitvoering te gee aan 'n besluit oor verampteliking wat al in 2017 geneem is, soos sal blyk uit die konkrete stappe wat kort op GHK VI se verslag volg.

Na aanleiding van 'n kabinetsvergadering van **25 Mei 2022** maak die kabinet op **26 Mei 2022** naamlik bekend dat die (vervangde) agtiende Grondwetwysigingswetsontwerp

goedgekeur en vir openbare kommentaar vrygestel word (RSA 2022). Die minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling word ingevolge die kabinetsbesluit getaak om kennis te gee van die voorgestelde wysiging van die Grondwet (Kabinetsverklarings 2022).

Volgens die kabinetsverklaring sal die wysiging erkenning gee aan ‘die [sic] Suid-Afrikaanse Gebaretaal’ as die 12de amptelike taal van die land. Ook sal dit kulturele aanvaarding bevorder en ongeag hul gestremdhede gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners bekragtig. Ten slotte word nogeens bevestig dat die DBO reeds SAGT as huistaal (dus as amptelike taal vir onderwysdoeleindes) erken, hoewel 2018 in plaas van 2014 weer eens as erkenningsdatum opgegee word (Kabinetsverklarings 2022; PA 2022b). Soos eerder aangedui, word die jaar 2018 waarskynlik uitgesonder vanweë die eerste matriekeksamen in die vak SAGT wat in daardie jaar se eindeksamen geassesseer is.

Getrou aan die tempo waarteen dinge tot hiertoe verloop het, word die betrokke Grondwetwysigingswetsontwerp nie onmiddellik gazetteer nie. Tydens ’n media inligtingsessie van **9 Junie 2022** na aanleiding van sy Begrotingsposrede, verklaar die president dat die Kabinet die agtiende Grondwetwysigingswetsontwerp vir openbare kommentaar goedgekeur het, ’n aksie wat volgens hom “... ons een stap nader daaraan [neem] om gebaretaal [sic] Suid-Afrika se 12de amptelike taal te maak” (Media-inligtingsessies 2022).

Die lang verwagte Grondwetwysigingswetsontwerp verskyn uiteindelik op **19 Julie 2022** as Deel B van ’n algemene kennisgewing deur die DJGO (DJGO 2022b). Dit dui daarop dat die Kabinet by sy Mei-vergadering onder druk was om ’n voortydige aankondiging hieromtrent te maak, vandaar die ietwat onsekere aard daarvan. Deel A van die kennisgewing bevat ’n bondige, maar insiggewende agtergrondnota en ’n uitnodiging aan die publiek om binne 30 dae na publikasie kommentaar te lewer (DJGO 2022a).

Die insiggewende omtrent die toeligtig deur die betrokke minister is die (eintlik holruggerde) argument dat die erkenning van SAGT as amptelike taal onder meer hardhorende persone in staat sal stel om gelyke regte te kan geniet:

Hoofstuk 7

Daar sal ook uitvoering gegee word aan die reg op gelykheid ingevolge artikel 9 van die Grondwet, wat die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede insluit (DJGO 2022a).

Verder, so voer die minister aan, sal sodanige erkenning lei tot die kulturele aanvaarding van SAGT en van die Dowekultuur [sic], aansprake wat vanselfsprekend op sentimentele en politieke gronde berus en nie noodwendig 'n aanduiding gee van 'n begrip van taalregte en taalverampdeling nie. Ook hou sulke aansprake nie rekening met die implikasies van die belangrike bepaling van die WGAT omtrent die verpligting om binne staatsverband voorsiening te maak vir persone wat SAGT as voorkeurtaal verkies nie.

Op **30 Augustus 2022** (na sewe jaar van stilte) verneem ons heel onverwags van die SATPR-wet toe by 'n vergadering van die portefeuljekomitee oor Sport, Kuns en Kultuur die DSKK te kenne gegee het dat vir die oprigting van die beoogde SATPR tot en met die 2025/26 finansiële jaar begroot is, maar dat die Tesourie nog nie in daardie stadium goedkeuring hieromtrent verleen het nie.¹⁵ Die kwessie kom interessant genoeg ter sprake by dieselfde vergadering¹⁶ waar besin word oor voorbereidings vir die insluiting van SAGT as amptelike taal. Ook besonder interessant is die vermelding van die *SAGT Handves*, een van die min kere dat dit gebeur het. Die uitvoerende hoofbeampte van PanSAT het lede naamlik aan die bestaan van die handves herinner en beklemtoon dat dit ontwikkel is om aan die regering 'n verwysingsraamwerk te gee omtrent sy verantwoordelikheid met betrekking tot die Dowegemeenskap. Hy het ook gesuggereer dat die Handves gedurende 2025 hersien behoort te word (PKSKK 2022a).

Op **1 September 2022** word die eerste tweetalige *South African Sign Language (SASL) Dictionary* bekendgestel (NASR 2022), afgekort as *SASL Dictionary* (Colyn 2022). Die

15 Uit 'n oorsigverslag van die DSKK (vir die tydperk 2020/21!) wat op **25 Oktober 2022** bespreek is, blyk dat Tesourie reeds gedurende 2016 sonder enige sukses om toestemming vir die oprigting van die SATPR genader is (PKSKK 2022b).

16 Geen notule van die vergadering is beskikbaar nie (PKSKK 2022b).

woordeboek bou voort op die tesourus wat NID in 2015 begin ontwikkel en in 2016 bekendgestel het en is die resultaat van 'n gesamentlike projek tussen die NID, PanSAT en die Wes-Kaapse Departement van Kulturele Sake en Sport. 'n Opvallende kenmerk van die woordeboek is dat die gebare in volgorde van gewildheid en ooreenkomstig die gemeenskap waar die betrokke gebaretaalteken gebruik word, gelys word (NID 2022). Anders as die NID se aanvanklike tesourus kry gebruikers nou via 'n toepassing toegang tot die woordeboek teen 'n intekenfooi van R400 per jaar of R40 per maand (PanSAT 2022). Dit is opvallend dat die woordeboek nou ook vir aanleerdersdoeleindes bemark word. Volgens Huluhulu (2022) bevat die woordeboek 3 000 gebaretaaltekens en 2 500 Engelse lemmas.

Vroeg die volgende jaar, op **12 Januarie 2023**, verneem ons dat die Grondwet-wysigingswetsontwerp vir ooreweging na die betrokke portefeuljekomitee verwys is en op **27 Januarie 2023** dat die DJGO aan die betrokke portefeuljekomitee toeligtig omtrent die Grondwetwysigingswetsontwerp gegee het (PKJGO 2023c).

Op dieselfde dag verskyn 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* van **27 Januarie 2023** dat toestemming verleen is dat die SATPR as openbare entiteit met ingang 16 Januarie 2023 gevestig mag word (DSKK 2023a). Hierna volg op **28 Februarie 2023** 'n oproep tot nominasies van raadslede vir die nuut opgerigte raad (DSKK 2023b).

Ondertussen gaan die PKJGO voort met die finalisering van die Grondwetwysigingswetsontwerp deur op **7 en 8 Maart 2023** openbare verhore daarvoor te organiseer, waarna die DJGO se regsplan op **14 Maart 2023** tydens sy verslagdoening aan die komitee sy taksering van die verhore aangebied het (PKJGO 2023b).

Volgens die regsplan se verslag is 58 skriftelike voorleggings ontvang waarvan 'die meeste' die wetsontwerp ondersteun het. Al het die komitee van opponerende menings kennis geneem, herhaal hulle een van die argumente wat die minister met die bekendstelling van die wetsontwerp gevoer het, naamlik dat die erkenning van SAGT as 'n 12de amptelike taal 'n belangrike stap is in die rigting van die verwesenliking van die regte van DHH-persone. Opvallend genoeg, verswyg

die verslag (gerieflikheidshalwe) die feit dat die minister se argumente reeds almal deur die Handves van Mensregte ondervang word, 'n kwessie wat trouens gedurende die verhore uitgewys is. Wel wys die komitee daarop dat departemente wat verwante wetgewing soos byvoorbeeld die WGAT, die Skolewet, ensovoorts, administreer, kennis moet neem van die betrokke Grondwetwysiging en oorweeg of die aanvaarding van die Wetsontwerp gevolglike wysigings aan gepaardgaande wetgewing mag vereis. 'n Mens sal moet sien of die aangewese departemente ooit op die aanbeveling gaan reageer.

Op **18 April 2023** antwoord die minister van Sport, Kuns en Kultuur 'n vraag deur die opposisie waarom in 'n land met meer as 7 miljoen [*sic*] Doves dit so lank geneem het om SAGT as amptelike taal te erken. Die minister beweer in sy antwoord dat "... behoorlike prosesse" gevolg is en lig dan enkele mylpale hieromtrent uit:

1. Die 67 voorleggings wat die GHK tydens die 2016 openbare verhore ontvang het, waarvan slegs twee verampteliking voorgestaan het.
2. DFSA se petisie van 10 Oktober 2016 wat ten spyte van die gebrek aan ondersteuning vir verampteliking nogtans 'n beroep op die NV gedoen het om 'n grondwetlike wysiging aan te bring ten einde SASL as die 12de amptelike taal van die Republiek te erken.
3. Die GHK se aanbeveling om voorsiening gemaak het vir 'n wysiging van artikel 6(1) van die Grondwet (waarskynlik die van 21 Junie 2017).
4. Die President se aankondiging tydens sy Februarie 2020 staatsrede omtrent die sogenaamde erkenning van SAGT as 'n huistaal deur die DBO in 2018 [*sic*] en dat die regering "... nou gereed is" om uitvoering aan die GHK se aanbeveling te gee en die saak te finaliseer.
5. Die DJGO se wegspring met die grondwetwysigingsproses 'kort na hierdie staatsrede' [*sic*].
6. Die voorlegging van die Wetsontwerp in Januarie 2023 aan die Parlement "... wat tans voor die Nasionale Vergadering dien" (MSKK 2023).

Afgesien van waardevolle inligting omtrent die post-2016 proses (wat reeds elders in die monografie nuttig aangewend is) blyk verbasend genoeg uit die minister se antwoord dat die grondwetwysigingsproses as sodanig in werklikheid eers kort na die staatsrede afgeskop het! In ooreenstemming met wat vroeër betoog is, bevestig die minister se antwoord dat die NV eers teen 2020 (na afloop van die staatsrede) finaal sekerheid verkry het oor wie nou eintlik vir die opstel van 'n gepaste wysigingswetsontwerp verantwoordelik was.

Op **2 Mei 2023** aanvaar die NV die portefeuljekomitee oor Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling se verslag en aanbevelings, keur die Wetsontwerp goed en verwys dit na die NRvP (NV 2023a). Die NRvP se portefeuljekomitee oor Sekuriteit en Geregtigheid neem op **10 Mei 2023** kennis van die NV se goedkeuring. Uit die verslag oor die komiteevergadering (NRvPKVJ 2023a) blyk dat hoewel die NRvP nie jurisdiksie het oor amptelike tale nie, die raad se mening nogtans versoek is maar dat 'n stemming oor die Grondwet-wysigingswetsontwerp oorbodig was. Die komitee het oor 'n gepaste verklaring besin wat die bydrae van die Grondwetwysigingwetsontwerp tot die erkenning van die regte van Dowes benadruk, waarna sy resoluusie oor die aangeleentheid goedgekeur is (NRvPKVJ 2023b).

Tydens die begrotingsrede van die adjunkminister in die Presidensie van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede op **23 Mei 2023** benadruk sy die werk wat deur haar departement, PanSAT en die Dowegemeenskap gedoen word om die *SAGT Handves* geïmplementeer te kry en wat veral daarop gemik is om maatreëls te tref om te verseker dat SAGT "... beskikbaar gemaak word" [sic] om effektiewe kommunikasie met die DHH-publiek te verseker (MVJPG 2023). Die maatreëls waarna die adjunkminister hier verwys, het natuurlik betrekking op die WGAT se bepaling dat persone wat SAGT as voorkeurtaal verkies, geakkommodeer moet word. Dit is verstommend dat nie na die betrokke wet verwys word nie maar eerder na die Handves as 'n minder kragtige wetsinstrument.

Lede van die Nelson Mandela Children's Parliament het op hulle 11de sitting van **14 Julie 2023** hulle stem oor die wetlike erkenning van SAGT laat hoor deur te benadruk dat die verwagte

bekragtiging daarvan as wet daarop dui "... dat iemand begin luister na die stemme van die kinders" (SAR 2023).

Op **19 Julie 2023**, presies 'n jaar na die verskyning van die *Grondwet Agtiende Wysigingswetsontwerp, [B1-2023]* (RSA 2022) op 19 Julie 2022, onderteken die President uiteindelik die *Grondwet Agtiende Wysigingswet, 2023* (DP 2023). Die wet wysig artikel 6(1) van die Grondwet om nou soos volg te lees:

Die amptelike tale van die Republiek is Sepedi, Sesotho, Setswana, Swati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu (RSA 2023).

Wat die leser waarskynlik onmiddellik sal opval, is dat die bepaling nou die korrekte taalbenaming bevat en dat uiteindelik wegbeweeg is van die aanvanklike 1996- generiese benaming. Omtrent die wet self val twee verdere dinge op: enersyds die feit dat naas die Engelse teks ook 'n teks in Sotho ingesluit is en andersyds dat die wet eers op 'n latere datum deur die President geproklameer in werking sal tree (ook PA 2023b). Eersgenoemde is natuurlik ooreenkomstig die Parlement se taalreëls (PRSA 1998) gedoen. Al sou dit as meer gepas beskou kon word indien daar naas die Engelse teks 'n visuele gebaretaalteks ingesluit was, kon dit ingevolge die reëls nie gedoen gewees het nie, aangesien SAGT nog nie tot amptelike taal geproklameer is nie. Daarom sal dit nie onvanpas wees nie om na die bewoording hierbo as die *teoretiese verampteliking* van SAGT te verwys.

Dit is interessant dat die President by dié geleentheid opgemerk het dat nog "... harde werk voorlê" ten einde SAGT te ondersteun (PA 2023a). "... Amptelike erkenning is slegs die begin," verklaar hy. Om sy standpunt toe te lig, stip hy drie prioriteite aan:

- die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad moet steeds SAGT se "... verskeie geografiese dialekte" in een standaardweergawe saamvoeg (hy het die Engelse woord 'collapse' gebruik);
- "... beleide met ten volle toegeruste implementeringsplanne" moet nog ontwikkel word vir die "... grondwetlike ideaal van veeltaligheid" om 'n werklikheid te word, en

- die tekort aan toepaslik gekwalifiseerde onderwysers en opgeleide tolke moet onder die loep geneem word (PA 2023b).

Die dienende president van die 11de Nelson Mandela Children's Parlement het die ondertekening van die wet verwelkom terwyl die voormalige president van die 10de Parlement dit as "... goeie nuus vir dowe mense" bestempel het (DSO 2023). In 'n regeringsmeningstuk skryf Ephraim Malema op dieselfde trant dat die verampteliking "... 'n stem gee aan die stemlose dowe mense" van Suid-Afrika (Malema 2023); uiteraard metafories bedoel aangesien Dowes natuurlik nie werklik stemloos nie. Nietemin span die teoretiese verampteliking van SAGT op 19 Julie 2023 die kroon op die stryd wat gebaretaalveldtogvoerders gevoer het, oortuig van die leerstelling dat die toevoeging van SAGT as 'n amptelike taal tot die bestaande lys van amptelike tale sal meehelp tot die implementering van ander relevante wetgewing.

Dat so 'n denkwysie in verskeie opsigte gebrekkig is, word gestaaf deur onder meer die promulgering van onder meer die voordelige WGAT en SARTP-wet, ongeag die feit dat SAGT toe nog nie op nasionale vlak tot 'n amptelike taal – in die teoretiese sin – geproklameer was nie. Ofskoon die huidige monografie buiten vir enkele illustrerende verwysings nie die tydperk na 19 Julie 2023 dek nie, kan wel ten besluite kortliks bykomend na etlike onmiddellike verwickelinge in die nadraai van die teoretiese verampteliking op laasgenoemde datum verwys word wat die gebrekkigheid van sodanige argumentasie bevestig.

Minder as 'n jaar later op 1 en 2 Februarie 2024 moet teenwoordiges by PanSAT se SAGT Indaba in Boksburg (in geskokte stilte) van Advokaat Leonard Sebelemetja, hoofdirekteur van die DJGO, verneem dat die staat nie gereed is om SAGT as 12de amptelike taal te implementeer nie en dat nog nie met die proklamering van die 18de Grondwetwysigingswet voortgegaan kan word (PanSAT 2024). PanSAT se verslag oor die advokaat se terugvoer omtrent die implementering van die gewysigde artikel 6(1) van die Grondwet noem dat hy die hoop uitgespreek het dat implementering nog gedurende 2024

sal volg, maar dat kennis geneem moet word dat sommiges bekommerd is dis te gou “... gegewe dat staatsdepartemente nog nie gereed was om die taal te implementeer nie, wat dit op sy beurt heeltemal ongebruik kon laat bly, net soos ander gemarginaliseerde amptelike tale” (PanSAT 2024:11). Sy vergelyking met die stand van die gemarginaliseerde amptelike tale is veelseggend en eintlik ’n verrassende aanduiding dat staatsinstansies in werklikheid bewus is van die hermarginalisering van hierdie tale, ’n kwessie wat vroeër in die monografie te berde gebring is.

Die betrokke bekendmaking is betekenisvol in die lig van die minister in die Presidensie vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede se bekendmaking op 13 September 2023 na aanleiding van ’n vraag deur ’n LP dat ’n taakspan opgerig is om te sien na die implementering van die 18de Grondwetwysiging met betrekking tot SAGT. Die taakspan bestaan volgens haar uit verteenwoordigers van haar departement, PanSAT, die DSKK, die DHOO en verenigings wat die Dowegemeenskap verteenwoordig. Dis opvallend dat die DJGO nie genoem word nie. Volgens haar is die taakspan besig met ’n aksieplan “... die normalisering van SA Gebaretaal [*sic*] regoor alle regerings en die samelewing in die algemeen” (NV 2023b), weer eens ’n kwessie wat direk aan artikel 4(2)(d)(ii) van die WGAT gekoppel kan word. Die feit dat die betrokke minister sodanige koppeling verswyg, bevestig net nogeens die oningeligtheid van Suid-Afrikaanse wetmakers oor die implikasies van die WGAT vir veral gebruikers van SAGT. Uit advokaat Sebelemetja se opmerking moet ons aflei dat die taakspan nie veel kon uitrig nie.¹⁷

’n Paar weke later word ook taalpraktisyns teleurgestel toe dit uit ’n toespraak van die waarnemende direkteur-generaal van die DSKK op Internasionale Moedertaaldag 22 Februarie 2024 deurskemer dat die SATPR, naas die WGAT nog ’n hoeksteen wat die gebruik van SAGT in amptelike taaldomeine betref, eintlik nog nie heeltemal funksioneer nie. Hy gee naamlik

17 PanSAT se 2025-verslag oor die gereedheid van staatsinstellings om die (teen 2025 nog hangende) verampteliking van SAGT te implementeer kan ook in die verbygaan genoem word. Dit word ’n belangrike bron vir enige post-2023 opvolgstudie omtrent vordering met die verdere verampteliking van SAGT.

by dié geleentheid te kenne die Raad “... het met sy voorlopige werk en strategiese posisionering begin en sal later in die jaar met konsultasies begin” en dat die Raad in die uitvoering van sy mandaat deur PanSAT bygestaan word (DSKK 2024). Thelma Kotze, gebaretaal-verteenwoordiger van die SATPR, het in haar verslag by die SAGT Indaba vroeër die maand nie so ’n skeptiese indruk geskep nie, maar op die voordele van die Raad vir die gebaretaalgemeenskap gekonsentreer (PanSAT 2024:20–21). Die minister van Sport, Kuns en Kultuur het op 18 Augustus 2023 van die name van genomineerdes wat as raadslede van die SATPR aangestel is (DSKK 2023c), bekendgemaak. Een van die raadslede, Thelma Kotze, ’n HKvDV, verteenwoordig gebaretaaltolking op die Raad (PanSAT 2024:20).

Aan die ander kant het instansies wat taalpraktisyns werf, wel deeglik van die SATPR kennis geneem. So byvoorbeeld vereis die Stad Tshwane op 27 Junie 2024 in ’n advertensie vir ’n taalpraktisyn ‘lidmaatskap’ van professionele taalliggame soos die SATPR (Stad Tshwane 2024). Dit wil voorkom asof in vergelyking met die nie-implementering van die gewysigde artikel 6(1) van die Grondwet desondanks die direkteur-generaal van DSKK se skeptisisme ietwat beter met die implementering van die SATPR-wet gevorder word.

Verdere positiewe getuienis van ontwikkelings wat wel aan SAGT se teen 2023 (teoretiese) verampteliking toegeskryf kan word, het betrekking op terminologie-ontwikkeling. Buiten PanSAT se Indaba-inisiatief wat hierbo vermeld is, het die Raad teen 2024 ook die oprigting van die SAGT Nasionale Leksikografiese Eenheid (NLE) by een van Suid-Afrika se tersiêre instansies oorweeg, ’n eenheid soortgelyk aan die woordeboekeenhede vir die (teen 2023 bestaande) 11 amptelike tale. Die eenheid sal verantwoordelik wees om die SAGT-dialekte en -variëteite leksikografies op te teken en as sodanig te etiketteer. Skynbaar was daar teen 2024 ook sprake van ’n goedgekeurde SAGT-terminologiepos by die Afdeling Terminologiekoördinerings van die NTD. Dit sal bykomend tot PanSAT se inisiatief verseker dat gestandaardiseerde gebare

vir bepaalde begrippe in verskeie vakgebiede en domeine gedokumenteer sal word.¹⁸

'n Opvolgstudie oor die verdere verampteliking van SAGT post-2023 behoort meer lig te werp op die stand van sake met betrekking tot SAGT se status as amptelike taal en of hierdie outeur se skeptisisme oor die waarde van verampteliking stand hou.

Die Sesde Parlement kon desondanks stampe en stote daarin slaag om SAGT tot by 'n teoretiese verampteliking te bring, 16 jaar na DFSA se 2007-versoek hieromtrent; presies solank dit geneem het om Afrikaans volledig veramptelik te kry, soos vroeër aangedui. Soos ook reeds aangevoer, het Suid-Afrika hiermee die eerste land ter wêreld geword wat sy nasionale gebaretaal in terme van die land se Grondwet amptelik verklaar het, dit wil sê op dieselfde vlak as die bestaande 11 amptelike tale. Kenia se grondwet verklaar dié land se nasionale gebaretaal nie amptelik op dieselfde vlak as die land se twee amptelike tale, Engels en Swahili, nie maar slegs soos wat in 1918 met Afrikaans gedoen is, naamlik amptelik vir doeleindes van die parlement.

Op grond van die besonderse mylpaal vir SAGT kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die veramptelikingsbeweging ongetwyfeld suksesvol was. Die belangrike vraag hieromtrent is waaraan om die teoretiese sukses toe te skryf.

Die oorsig van die wetgewende proses onder die GHK (vanaf die Vierde tot die Sesde Parlement) het twee ontstellende tendense blootgelê, te wete die mate van onbeholpenheid onder parlementariërs en parlementêre personeel omtrent grondwetwysigings en 'n bedenklike werkwyse onder die uitvoerende gesag. Ofskoon die kwessies al vroeg in die proses begin deurskemer het, het dit by uitstek onder die Sesde Parlement 'n mens se aandag getrek. Trouens, dit is soms moeilik om nie na die openlike geskarrel onder die GHK en ander betrokkenes van die parlement as komiese teater te verwys nie.

Dit is bykans onnodig om verder stil te staan by eersgenoemde kwessie aangesien daar herhaaldelik

18 Met dank aan opmerkings deur een van die keurders hieromtrent.

gedurende die verskillende oorsigte na verbandhoudende getuienis verwys is. Genoeg kommerwekkende voorbeelde en insidente hieromtrent bevestig die onrusbarende vasstelling omtrent die onbeholpenheid van parlementariërs en selfs ondersteuningspersoneel wat tydens die onderhawige grondwetwysigingsproses gedokumenteer is.

Dit is ook onrusbarend dat getuienis omtrent 'n bedenkbare werkwyse deur die uitvoerende gesag ook na vore gekom het. 'n Aankondiging word byvoorbeeld tydens die 2020 staatsrede gemaak wat suggereer dat die wetgewende proses finalisering nader, en dit toe by nadere ondersoek blyk dat die proses eintlik eers hierna op dreef gekom het en in werklikheid selfs eers 'n jaar later! By implikasie het die betrokkenes tydens die betrokke staatsrede-aankondiging nog nie eens geweet hoe om die veramptelikingsproses verder te voer nie en het die Parlement allermens geweet watter komitee die proses verder sou voer. 'n Mens merk dieselfde tendens by die onvoorbereidheid van die staatsdepartement wat uiteindelik vir die uitvoering van die wysigingswet verantwoordelik is en in 'n antwoord van die minister van Sport, Kuns en Kultuur dat daar nie vir die implementering van die wet begroot is nie terwyl die ondertekening van die wet in Julie 2023 met groot fanfare plaasgevind en die (valse) indruk geskep is dat alles gereed is. Die bekendmaking gedurende Februarie 2024 by PanSAT se Gebaretaalindaba deur 'n senior amptenaar van die DJGO dat die wysigingswet toe nog nie gepromulgeer kon word nie, omdat staatsdepartemente nie daarvoor gereed is nie, het die gevolge van die bedenkbare werkwyse onteenseglik aan die kaak gestel (PanSAT 2024).

Desnieteenstaande verskeie tekortkominge het die Sesde Parlement wel (een jaar voor sy termyn geëindig het) daarin geslaag om ten minste die grondwetwysigingswet deur te voer ingevolge waarvan SAGT by die (hangende) promulgering daarvan die 12de amptelike taal van Suid-Afrika geword het.

Hoofstuk 8

Taalbeplanning vir SAGT in oënskou

8.1 Inleiding

Die opkoms van SAGT as amptelike taal van Suid-Afrika is oor die bestek van die laaste vier hoofstukke in terme van onderskeibare periodes (voor-verampteliking, eerste verampteliking, tussenperiode en tweede verampteliking) behandel. In elke hoofstuk is 'n chronologiese oorsig verskaf van die ontplooiing van TBP met betrekking tot SAGT binne die betrokke periode, wat daarna afgesluit is met 'n saaklike besinning oor die belangrikste mylpale wat met betrekking tot TBP behaal is. In hierdie laaste hoofstuk is dit ten besluite wenslik om 'n oorsigtelike perspektief op die hele tydperk te bied, maar ook om 'n vergelyking te maak van TBP in die verskillende periodes.

Du Plessis (2023:605 e.v.) se vergelyking kan as vertrekpunt vir 'n aanvullende vergelyking gebruik word. Hy het nie 'n tussenperiode in aanmerking geneem waarin min omtrent verampteliking ter sprake gekom het nie maar het sy vergelyking in terme van twee 'eras' gemaak, 'n era waartydens eerste verampteliking voorgekom het (1994–1996) en 'n era waartydens tweede verampteliking voorgekom het (1997–2023). Sy vergelyking is aan die hand van drie veranderlikes gemaak, te wete tydsduur (van verampteliking), wetlike uitkomst (of wetlike artefakte) en rolspelers. Wat laasgenoemde betref, is gekonsentreer op die rol van die gebaretaalkampvegters, die owerheid (wetgewer en regering) en die internasionale wêreld.

Wat tydsduur betref, bevind die betrokke studie 'n groot verskil met die eerste verampteliking wat slegs drie jaar sedert

die aanvaarding van die tussentydse Grondwet van 1993 geduur het en die tweede wat (ingevolge Du Plessis se insluiting van die tussentydse tydperk) 29 jaar geduur het. 'n Verfyning van die betrokke era lewer 'n ander perspektief op, soos hierna aangetoon sal word. Gekoppel hieraan is onder meer die verskil in politieke konteks tussen die eerste en die tweede era wat 'n betekenisvolle uitwerking op die tydsduur gehad het.

Wat artefakte betref, vind Du Plessis dat beide eras betekenisvolle wetlike artefakte met betrekking tot SAGT se verampteliking opgelewer het. Uit die meer gedetailleerde oorsigte van die voorafgaande hoofstukke het dit duidelik geword dat in werklikheid 'n verskeidenheid artefakte opgelewer is waarvan kennis geneem behoort te word, 'n kwessie waaroor hierna uitgewy word.

Wat rolspelers betref, bevind Du Plessis dat DFSA as gebaretaalkampvegter in beide eras 'n belangrike rol gespeel en in die proses 'n verskeidenheid aktivistiese instrumente met 'n wisselende mate van sukses aangewend het. Dit is veral die dinamiese wisselwerking tussen kampvegter en wetgewer wat 'n besondere rol by die veramptelikingsproses gespeel het. Hy bevind ook dat die internasionale wêreld insgelyks in beide eras 'n rol gespeel het, al was hulle rol in die tweede era ietwat meer direk as gedurende die eerste era.

Die bespreking hierna volg grootliks die benadering hierbo, maar bied 'n breër perspektief op die groter TBP-program vir SAGT. Hoewel verampteliking die hooftema bly, sal ook in die verbygaan na ander TBP-aspekte gekyk word. Dit bring mee dat die vergelyking tussen die vier periodes van die huidige studie meer op die ontplooiing van TBP vir SAGT en die opgelewerde TBP-artefakte konsentreer. Die bespreking spring weg met 'n oorsigtelike perspektief op die ontplooiing van TBP vir SAGT sedert 1977 in die vorm van 'n tydlyn, waarna aandag gegee word aan die TBP-fokusse van die onderskeie periodes, asook aan die artefakte. Hierna volg 'n ietwat meer in diepte-ontleding van die twee kern TBP-fokusse, te wete taal-in-onderwys- en statusbeplanning. Die hoofstuk word afgesluit met 'n saaklike vooruitskouing van TBP-uitdagings vir SAGT as een van Suid-Afrika se amptelike tale.

8.2 Oorsigtelike perspektief op TBP vir SAGT

Hoewel SAGT se veramptelikingsproses (hoofsaaklik 'n statusbeplanningsaangeleentheid) eers na die inwerkingtreding van die 1993-Grondwet afgeskop het, kan soos in hoofstuk 5 aangevoer word, die wortels van TBP vir die taal strenggesproke na die pre-1994 periode teruggevoer kan word. 'n Oorsigtelike perspektief op TBP vir SAGT begin daarom reeds in 1977 met die SANRD se woordeboekinisiatief en nie eers na die tussentydse Grondwet van 1993 wanneer verampteliking op dreef kom nie. Vir die doeleindes van die huidige hoofstuk stel ons belang in 'n ontleding van die hele TBP-program soos beskryf in die voorafgaande vier hoofstukke. Vir die gerief van die leser word die (bondige) tydlyn van TBP-mylpale vanaf 1977 tot 2023 saaklik in Tabel 12 opgesom. Die opsomming is selektief en konsentreer op die heel belangrikste mylpale van elke periode en word georganiseer in terme van jaar en datum (indien wel beskikbaar). Die parlementêre periode word ook aangedui.

Wat tydsduur betref, is dit opvallend dat dit die GHK van drie opeenvolgende parlemente tien jaar geneem het om na aanleiding van DFSA se 2007-versoek oor verampteliking gedurende 2017 'n aanbeveling aan die Parlement voor te lê. Hierna het dit nog twee parlemente ses jaar geneem om laasgenoemde aanbeveling deur middel van die aanvaarding van die 18de Grondwetwysigingswet in 2023 te realiseer. Waar SAGT se eerste (gedeeltelike) verampteliking in die onderwysdomein in 1996 slegs drie jaar (na die aanvaarding van die tussentydse Grondwet van 1993) geduur het, het sy tweede verampteliking as 12de amptelike taal in 2023 nege keer langer geduur en 27 jaar na die aanvaarding van die 1996-Grondwet gerealiseer. Soos vroeër uitgewys, steek die periode van 27 jaar af teenoor Afrikaans se eerste (gedeeltelike) verampteliking as parlementêre taal in 1918, nege jaar na die aanvaarding van die Suid-Afrika-wet in 1909 en sy volle verampteliking in 1925 as derde amptelike taal, sewe jaar hierna. Oorhoofs beskou, het Afrikaans se totale veramptelikingsduur 16 jaar beloop. In vergelyking met die (gedeeltelike) verampteliking van die Sintutale as streekstale in 1963 – 54 jaar na die Suid-Afrika-wet – en hulle volle verampteliking 30 jaar later in

1993 (Du Plessis 2020a). Daarteenoor het die Sintutale se totale veramptelikingsduur 84 jaar geduur, 'n vergelyking wat suggereer dat dit ietwat misleidend is om die indruk te skep dat SAGT se veramptelikingsproses binne die bestek van 27 jaar 'lank' geduur het.

Tabel 12: Tydlyn van die verampteliking van SAGT

Periode	Jaar	Datum	Mylpaal	Parlement
Pre-verampteliking (1977 – 1993)	1977	Onbekend	Aanvang van werk aan <i>Praat met die dowes/Talking to the deaf</i>	Pre-1994 parlamente
	1979	Onbekend	SANRD Komitee vir Kommunikasie-vaardighede	
	1983	26 September	Wits-seminaar: 'Research on Sign Language in South Africa'	
	1987	Onbekend	Komitee vir Kommunikasie-vaardighede baan weg vir SASLRP	
	1988	Onbekend	SASLRP opgerig	
		Onbekend	Gebaretaalgebaseerde onderwys in Kaapstad heringestel	
	1989	Onbekend	Verskyning van <i>Praat met die dowes/Talking to the deaf</i>	
	1992	Onbekend	<i>Gestremdheids-regtehandves van Suid-Afrika</i>	
	1993	18 November	Aanvaarding van tussentydse grondwet	

Hoofstuk 8

Periode	Jaar	Datum	Mylpaal	Parlement
Eerste verampteliking (1993–1996)	1994	25 Januarie	Goedkeuring van tussentydse grondwet	1ste POST–1994 PARLEMENT (1994–1999)
		27 April	Tussentydse grondwet tree in werking	
		9 Mei	Grondwetlike Vergadering (GV) opgerig	
		27 Mei	‘Onderweg na ’n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad’-kongres	
		Julie	SANRD-verklaring oor verampteliking	
		Augustus	SANRD-interaksie met GV omtrent verampteliking	
	1995	Augustus	Oprigting van DFSA	
		28 Augustus	ANC-voorstel oor verampteliking aan GV	
		19 September	Eerste gekonsolideerde konsepwet bekendgestel	
		4 Oktober	PanSAT-wet bekragtig	
		21 Desember	SAGT ingesluit by Langtag-ondersoek	
	1996	8 Mei	Finale teks van die eerste grondwet aanvaar	
		Mei?	DFSA-versoek oor verampteliking aan PanSAT	
		29 Junie	Langtag-kongres	
		8 Augustus	Langtag-verslag	
		6 November	Skolewet bekragtig	
		Onbekend	DFSA SAGT-kurrikulum Vlakke 1–3	
		4 Desember	Grondwetlike Hof sertifiseer eerste grondwet	
		10 Desember	President bekragtig eerste grondwet	

Van tegniek tot amptelike taal

Periode	Jaar	Datum	Mylpaal	Parlement
Tussentydse periode (1997 – 2006)	1997	14 Julie	TiOB	
		Onbekend	SAGT 'hoofitaal' kurrikulum Grade 0–12	
		Onbekend	Dowe protes teen oralisme	
	1998	Junie	Khayelitsha- skool se oproep tot verampteliking	
		1999	April	
	2000	Onbekend	DFSA Vyfjaarsakeplan (2000–2005)	
		29–31 Maart	Tweede Taalindaba	
		Onbekend	DFSA-interaksie met regters van die Grondwetlike Hof	
	2001	Januarie	VN Naik School indaba	
		2 Maart	Oprigting NTL SAGT	
		Onbekend	SGL vir SAGT opgerig	
		27 Julie	Witskrif 6	
	2002	15 Mei	Hersiene nasionale kurrikulumverklaring Grade 0–12	
	2003	Februarie	Deaf March Memorandum	
		12 Februarie	NTBR	
		10 April	NTBR Implementerings- plan	
		7 November	Raamwerk vir die assessering en promosie vir SAGT-leerders.	
	2006	Onbekend	DFSA se 'Deaf education position paper'	

Hoofstuk 8

Periode	Jaar	Datum	Mylpaal	Parlement
Tweede verampteliking (2007 – 2023)	2007	16 Februarie	Eerste DFSA-voorlegging oor verampteliking aan GHK III	3 de post-1994 Parlement (2004–2009)
		12 Junie	GHK III-konsep-resolusie oor verampteliking	
		Junie	Konsep-resolusie skynbaar by Parlement ingedien	
		13 September	GHK III-resolusie oor verampteliking en taakspan	
		Onbekend	DFSA-brief aan die Portefeuljekomitee: VKPG	
		6 November	PanSAT-aanbeveling aan minister van Kuns en Kultuur oor DFSA-voorstel	
	2008	Onbekend	DFSA-beleids-implementeringskongres	4 de post-1994 Parlement (2009–2014)
	2009	8 Junie	<i>Springate</i> -saak	
		Augustus	Skikking in <i>Springate</i> -saak	
		12 November	Tweede DFSA-voorlegging aan GHK	
	2010	Onbekend	DFSA-verslag aan die Presidensie	
	2012	1 Oktober	President onderteken WGAT	
		3 Desember	Sogenaamde Presidensiële ‘Proklamasie’ oor verampteliking	
	2013	2 Mei	WGAT geproklameer	
		Onbekend	Derde DFSA-aanbieding aan GHK	
	2014	19 Mei	SATPR-wet geproklameer	
		3 Julie	SAGT Huistaal KABV goedgekeur	
	2015	Onbekend	Openbare verhore oor DFSA-voorstel	

Van tegniek tot amptelike taal

Periode	Jaar	Datum	Mylpaal	Parlement
		Onbekend	Vierde DFSA-aanbieding aan GHK	5de POST-1994 PARLEMENT (2014-2019)
	2016	10 Oktober	DFSA-petisie oor verampteliking aan Parlement	
		25 November	GHK V se eerste (beweerde) aanbeveling oor verampteliking	
	2017	21 Junie	GHK V se tweede aanbeveling oor verampteliking	
		8 November	NRVP beveel GHK-voorstel aan	
		23 November	NV aanvaar GHK-voorstel en beveel aan	
	2018	23 Oktober	VN-komitee vir die Regte van Persone met Gestremdheid se verslag	
		November	Eerste matrieks skryf Huistaal SAGT	
		2020	13 Februarie	
4 September			SAGT <i>Handves</i> bekendgestel	
2021		20 Mei 2021	Ministeriële aankondiging oor die toevoeging van SAGT as Tweede Addisionele Taal	
2022		25 Mei	Kabinetbesluit oor verampteliking	
		9 Junie	18 ^{de} Grondwetwysigings-wetsontwerp vir kommentaar gepubliseer	

Hoofstuk 8

Periode	Jaar	Datum	Mylpaal	Parlement
	2023	23 Januarie	Wysigingwetsontwerp na Parlement	
		25 Februarie	Parlement versoek publieke kommentaar	
		7 Maart	Openbare verhore oor Grondwetwysigingswetsontwerp	
		17 Maart	PKJKD-verslag oor openbare verhore	
		2 Mei	NV keur wysigingswetsontwerp goed	
		19 Julie	President onderteken wysiging, maar stel proklamerings uit	

SAGT het selfs in vergelyking met die regserkenning en verampdeling van ander nasionale gebaretaal nie te sleg gevaar nie. Volgens Du Plessis (2023) was Panama die eerste land wat reeds in 1992 regserkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen het. Nie net het Suid-Afrika Panama se voorbeeld slegs vier jaar later met erkenning in die Skolewet van 1996 asook die 1996-Grondwet gevolg nie, dit was ook die eerste land ter wêreld wat gedurende dieselfde jaar met die aanvaarding van die Skolewet sy nasionale gebaretaal binne 'n spesifieke taalgebruiksdomein veramptelik het! Uiteindelik is Suid-Afrika slegs die tweede Afrikaland wat grondwetlike erkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen het: Uganda het die stap een jaar eerder in 1995 geneem. Let wel, dit gaan hier oor regserkenning en nie erkenning as amptelike taal nie. (Gebaretaal word nie as 'n amptelike taal van Uganda erken nie.) Vergelykenderwys het Kenia byvoorbeeld sy nasionale gebaretaal eers in 2010 gedeeltelik (slegs as parlementêre taal) veramptelik. Du Plessis (2023) wys ook daarop dat die eerste verampdeling van 'n nasionale gebaretaal eers in 2001 in Uruguay voorgekom het. Hierna volg Nieu-Seeland (2006), Pole (2012), Papoea-Nieu-Guinee (2015), Suid-Korea (2015) en Malta (2016). Suid-Afrika se volle verampdeling 22 jaar na Uruguay posisioneer ons as die sewende land ter wêreld wat so 'n stap geneem het.

Die vergelyking van SAGT se wetlike erkenning met die wetlike erkenning van ander nasionale gebarete benadruk die feit dat Suid-Afrika selfs in internasionale geselskap 'n besondere mylpaal behaal het deur binne die bestek van slegs 30 jaar SAGT vanaf 'n onbekende taal – selfs as 'n tegniek' beskou – tot amptelike taal te verhef. Hierin het die plaaslike Dowe beïnvloedingsgroepering geen geringe aandeel gehad nie.

Nietemin bring so 'n oormatige beklemtoning van SAGT se verampteliking mee dat die uitsonderlike (en hoogs onderskatte) TBP-prestasies wat in die voorafgaande hoofstukke geïdentifiseer is, onderbelig word. Dit is daarom nodig om vervolgens spesifiek na twee aspekte van die genoemde prestasies te kyk, enersyds die TBP-fokusse van die onderskeie periodes en andersyds die belanghebbende artefakte wat hieruit voortgevloei het.


8.3 Fokusse van TBP vir SAGT

Met die titel van die vorige hoofstuk is reeds gesuggereer dat die verampteliking van SAGT as 'n geval van suksesvolle taalbeplanning beskou kan word, ten spyte van die feit dat die 18de Grondwysigingswet nie by die ondertekening daarvan op 19 Julie 2023 ook terselfdertyd geproklameer is nie en daar reeds vroeë tekens van non-implementering is. Die betrokke veldtogvoerders sou eers nog 'n tydjie (op promulgering en implementering) moes wag. Desnieteenstaande kan die aanvaarding van die wet wel as 'n deurslaggewende mylpaal in die veramptelikingstryd beskou word, bloot aangesien daarin geslaag is om 'n versoek wat reeds in 1995 via die ANC tot die wetgewer gerig is, op die hoogste vlak deurgevoer te kry. Vandaar dat ons nou by wyse van 'n terugblik geïnteresseerd is in die faktore wat tot dié sukses bygedra het gegewe die feit dat regserkenning vir SAGT eers na die aanvaarding van die tussentydse 1993-Grondwet as vraagstuk op die wetgewer se lessenaar beland het.

Soos aanvanklik aangedui, val die primêre klem in die monografie op die verampteliking van SAGT as kardinale element van taalstatusbeplanning, met inbegrip van die rol van aksies met betrekking tot taalkorpus- en taalverwerwingsbeplanning

(veral met betrekking tot die onderwys). Trouens, die vroegste gedokumenteerde openbare oproep tot die erkenning van SAGT as amptelike taal deur 'n verteenwoordiger van die destydse SANRD gedurende Julie 1994 (Liebenberg 1994) volg juis in die spoor van die vroegste inisiatiewe met betrekking tot taalkorpus- en taal-in-die-onderwysbeplanning.

Die oorsigte van hoofstukke 5–7 (rakende die periode voor verampteliking, die eerste verampteliking, die tussenperiode en die tweede verampteliking) dui op 'n deurlopende voortsetting van die waargenome tendens. Wat hieruit blyk, is dat die SAGT-taalbeplanningsprogram wat oor die onderhawige tydperke ontplooi het, gekenmerk word deur 'n samehang tussen die deurlopende (maar wisselende) klem op taalstatusbeplanning en ander taalbeplanningstipes asook op 'n progressie wat taalbeplanningsfokus betref. Figuur 4 som die samehang en progressie hieromtrent op. Die opsomming illustreer tegelykertyd die wisselende en progressiewe aard van die taalbeplanningsfokus deur per periode die fokus per taalbeplanningstipe te aksentueer: in vetdruk om die primêre fokus aan te dui; in skuinsdruk om die sekondêre fokus aan te dui; en in gewone lettertipe om 'n bykomende fokus aan te dui. Die opsomming hou rekening met die pre-1994 periode.



Figuur 4: Samehang en progressie in die SAGT taalbeplanningsprogram (1977–1999)

Die gedokumenteerde geskiedenis van die SAGT taalbeplanningsprogram dui daarop dat dit die aanvanklike inisiatiewe met betrekking tot taalkorpusbeplanning vir SAGT is wat geleerdes se aandag begin trek het.

Inisiatiewe van die pre-veramptelikingsperiode is onder die vaandel van die SANRD onderneem en was vanuit die staanspoor in samehang met taal-in-die-onderwysbeplanning as sekondêre fokus aangepak. Taalstatusbeplanning het buiten sydelingse oproepe daaromtrent aanvanklik nie eintlik ter sprake gekom nie.

Opvallend omtrent die eerste periode (van verampteliking) is dat die primêre fokus aanvanklik steeds op taalkorpusbeplanning geval het (ook weer in samehang met taal-in-die-onderwysbeplanning) maar spoedig na taalstatusbeplanning verskuif het, grootliks danksy die prominente rol van die ANC.

Tydens die tweede periode en grootliks te wyte aan die besondere uitkomst van die TBP-inisiatiewe van die eerste periode het die fokus grootliks na taal-in-die-onderwysbeplanning verskuif met taalstatusbeplanning as sekondêre, maar wel opvallend minder prominente fokus, aangedui deur hoogstens sporadiese oproepe tot verampteliking. Van taalkorpusbeplanning is na die ontbinding van die SANRD opvallend nie meer verneem nie.

Tydens die derde periode het taalstatusbeplanning volledig tot die voorgrond verskuif en grootliks die toneel as primêre fokus oorheers. Danksy die *Springate*-litigasie het taal-in-die-onderwysbeplanning as sekondêre fokus ook heelwat aandag geniet. Dit is opvallend dat taalkorpusbeplanning ook weer aandag begin trek het, soos aangedui deur private woordeboek inisiatiewe en die PanSAT-geassosieerde woordeboekinisiatief. Dit is opvallend dat DFSA – die sogenaamde ‘getransformeerde’ SANRD – nie die taalkorpusinisiatiewe van die eerste periode voortgesit het nie en dat die NID as belangrike rolspeler hieromtrent na vore getree het.

Een van die gevolge van DFSA se onbetrokkenheid by ten minste taalstandaardisering blyk uit die feit dat die instansie nagelaat het om regstellings omtrent die skryfwyse van die taalnaam te maak. Uiteindelik is dit weer eens regeringsowerhede (waarskynlik tog deur Dowe organisasies aangemoedig) wat die nodige regstelling gemaak het. Die kwessie word later as gevallestudie van taalkorpusbeplanning behandel.

Al het die samehang tussen taalbeplanningfokusse en progressie binne die SAGT taalbeplanningsprogram dalk nie in almal se oë die verwagte dividende opgelewer nie, was dit origens nogtans besonder produktief, aangesien dit 'n hele aantal artefakte opgelewer het, 'n kwessie wat vervolgens behandel word.

8.4 Opgelewerde artefakte van TBP vir SAGT

Die opgaaf van besondere artefakte in Tabel 13 getuig van die relatiewe produktiwiteit van SAGT se TBP-program.

Tabel 13: TBP-artefakte opgelewer deur die SAGT taalbeplanningsprogram (1977–2023)

Periode	Jaar	TBP-mylpaal	Artefak
Pre-verampteliking	1980	Eerste aanleerders-woordeboek	<i>Talking to the deaf/Praat met die dowses</i>
	1992	Eerste volledige woordeboek	<i>Dictionary of Southern African Signs for Communicating with the Deaf Volume 1–V</i>
	1993		
Eerste verampteliking	1994		
	1995	Insluiting van SAGT as taal waarvoor 'n PanSAT-adviesliggaam opgerig moet word	Artikel 8(8)(b), PanSAT-wet
	1996	Verampteliking van SAGT vir die doeleindes van onderrig en leer in openbare skole	Artikel 6(4), <i>Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996</i>
		Insluiting van 'gebaretaal' as deel van PanSAT se taalmandaat	Artikel 6(5), <i>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</i>

Van tegniek tot amptelike taal

Periode	Jaar	TBP-mylpaal	Artefak
Tussenperiode	1997	Insluiting van SAGT by die Taal in Onderwys Beleid	Artikels 4(1), 5(4), 7(3)(4), <i>Taal in Onderwysbeleid</i>
		Eerste (deur Deafsa saamgestelde) SAGT-kurrikulum binne die KABV-raamwerk	<i>South African Sign Language: Main language, draft curriculum for grades 0-12</i>
	2000	Eerste volledige (nieamptelike) sakeplan vir die ontwikkeling en bevordering van SAGT met die oog op verampteliking	<i>Deafsa SASL Business Plan (2000-2005)</i>
	2002	SAGT ingesluit by Leerareas: Tale	<i>Revised National Curriculum Statement Grades R-9 (Schools)</i>
		Vestiging van PanSAT se Nasionale Taalliggaam vir SAGT	<i>Norms and Rules for National Language Bodies</i>
	2003	Eerste nieamptelike agenda vir taal-in-onderwys-beplanning vir SAGT	<i>Deaf March Memorandum (Deafsa)</i>
		Uitsondering vir leerders wat SAGT as amptelike taal aanbied in nasionale beleidsaamwerk vir assessering en promosie	<i>An interim policy framework for the assessment and promotion of learners in Grade 9</i>
	2005	SAGT ingesluit by Sako se eenheidstandaarde vir alle tale	<i>Unit standards South African Sign Language</i>
	2006	Tweede nieamptelike agenda vir taal-in-onderwysbeplanning vir SAGT	<i>DeafSA Education Position Paper (Draft No. 17).</i>

Hoofstuk 8

Periode	Jaar	TBP-mylpaal	Artefak
Tweede verampteliking	2008	Tweede aanleerders- woordeboek	<i>Finger Talk South African Sign Language (SAGT) Dictionary</i>
	2012	Staatsentiteite moet vir kommunikasie met die publiek voorsiening maak vir SAGT as voorkeurtaal	Artikel 4(2)(d(ii), <i>Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012</i>
	2014	Leerplan vir SAGT as Huistaal geïmplementeer	<i>National Curriculum Statement (NCS) and Curriculum Assessment Policy Statement (CAPS) South African Sign Language Home Language Foundation phase Grades R-3</i>
		Gelykstelling van SAGT-tekste aan ampstaaltekste	<i>Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014</i>
		Eerste elektroniese woordeboek (-inisiatief)	<i>SA Sign Language Dictionary</i>
	2015	Eerste gedigitaliseerde gedrukte woordeboek	<i>Finger Talk – SAGT Dictionary</i>
	2020	Eerste taalhandves van Suid-Afrika	<i>South African Sign Language Charter</i>
	2022	Eerste woordeboek-toep (SAGT DEAFinition-inisiatief)	<i>DEAFinition</i>
		Eerste aanlyn woordeboek (NID-inisiatief)	<i>SAGT Dictionary</i>
	2023	Insluiting by die grondwet se taalklausule as Suid-Afrika se 12 ^{de} ampstaal	<i>Grondwet Agtiende Wysigingswet, 2023</i>

Die korrelering van die gelyste artefakte met die vier periodes van verampteliking onderskryf die opsomming van die taalbeplanningsfokusse van die SAGT taalbeplanningsprogram van Figuur 4. Bloot op grond van die opgelewerde artefakte word bevestig dat die fokus tydens die voor-verampteliking en die eerste periode op taalkorpusbeplanning geval het, dat

die fokus van die tweede periode opvallend na taal-in-die-onderwysbeplanning verskuif het, dat taalkorpusbeplanning grootliks verdwyn en taalstatusbeplanning op dreef gekom het en dat die fokus van die derde periode op taalstatusbeplanning val met taal-in-die-onderwysbeplanning 'n sekondêre fokus en dat taalkorpusbeplanning dalk weer 'n bykomende fokusarea kan word.

Natuurlik besonder opvallend is die oorsprong van die artefakte. Verreweg die meeste is amptelik van aard en deur regeringsowerhede voortgebring. Dit geld veral met betrekking tot taal-in-die-onderwysbeplanning en taalstatusbeplanning. Die swaar hand van die owerheid by SAGT-beplanning laat die vraag ontstaan of daar 'n direkte korrelasie tussen artefakte en die relatiewe sukses van taalbeplanning bestaan, 'n kwessie wat hieronder in verdere afdelings in meer besonderhede bekyk word.

'n Verdere kwessie is die aard van die artefakte. Artefakte van taalkorpusbeplanning behels hoofsaaklik privaat ontwikkelde woordeboeke, buiten vir die 2020 NID-woordeboek wat in samewerking met PanSAT uitgegee word. Artefakte van taal-in-onderwys-beplanning behels wat van-bowe-na-benede beplanning betref primêre en sekondêre wetgewing met betrekking tot beleid, regulasies, kurrikula (Du Plessis 2009) en van-onder-na-bowe litigasie aktivistiese aksies deur onder meer 'n memorandum, beleid- en kurrikulumvoorstelle, ensovoorts. Opvallend omtrent laasgenoemde is dat die betrokke aksies skynbaar nie direk tot taalbeleidsvorming en kurrikulering bygedra het nie. Artefakte van taalstatusbeplanning behels primêre wetgewing en meer spesifiek taalwetgewing. Dit is daarom opvallend dat oor die tydperk altesaam drie taalwette gepubliseer is, die PanSAT-wet, die WGAT en die SATPR-wet. Dit gee 'n aanduiding van die mate waartoe die staat taalbeplanning in Suid-Afrika wil beheer.

In afdelings wat hierna volg, word 'n diepere ontleding van taal-in-onderwys- en taalstatusbeplanning gedoen. Hier word volstaan met 'n saaklike opmerking oor taalkorpusbeplanning.

Die owerheid se betrokkenheid by taalkorpusbeplanning kom eers heel laat ter sprake by die NID se 2020-verskene

digitale SAGT-woordeboek waarvan PanSAT 'n vennoot is. Terwyl taal-in-die-onderwys-beplanning en taalstatusbeplanning vir SAGT primêr van-bowe-na-benede inisiatiewe behels het, blyk die geval anders te wees wat taalkorpusbeplanning betref. Dit is opvallend dat taalkorpusbeplanning tot ten minste in 2020 grootliks 'n van-benede-na-bowe inisiatief was. Ook hieromtrent ontstaan die vraag of daar 'n direkte korrelasie tussen die voortbring van artefakte en suksesvolle taalbeplanning bestaan. Die feit dat die President in 2023 binne die konteks van sy ondertekening van die sogenaamde SAGT-wet aangedui het dat hef aan nog voorlê wat die standaardisering van SAGT betref en dat PanSAT steeds die land se "... verskeie geografiese dialekte in een standaardweergawe van Suid-Afrikaanse Gebaretaal moet saamvoeg", dui kennelik op die grootlikse mislukking van die standaardisering van SAGT tot op hede. Ook die SAGT-woordeboeke wat oor die jare heen gepubliseer is, dui op mislukte pogings. Met die bekendstelling van die NID se PanSAT gesanksioneerde woordeboek in 2020 is byvoorbeeld geen erkenning aan die vroeëre werk gegee nie. Dit val op dat DFSA nie sy voorganger, SANRD, se korpusbeplanningsinisiatiewe met betrekking tot woordeboeke en standaardisering voortgesit het nie, en dat die NID met sy woordeboekprojek (in samewerking met PanSAT) eintlik die inisiatief oorgeneem het. Die rekord van van-bowe-na-onder beplanning vir SAGT tot op hierdie punt is nie oortuigend nie.

Hoe dit ook al sy, waar die TBP-fokus aanvanklik oorheersend op taalkorpusbeplanning vir SAGT geval het, dui die verspreiding van artefakte duidelik hoe die fokus na taal-in-onderwys- en taalstatusbeplanning verskuif het. Hierin het DFSA soos ons gesien het wel 'n prominente rol gespeel. Dit word ten besluite daarom nodig om vervolgens geselekteerde gevalle van taalbeplanning van naderby te bekyk.

8.5 Die ontplooiing van TBP vir SAGT

Een van die belangrikste insigte wat uit die voorafgaande besprekings na vore gekom het, is die kompleksiteit en verwickeldheid van die SAGT TBP-program. Ons sien dit

in die noue samehang tussen verskillende TBP-fokusse oor die gehele tydperk heen. Nieteenstaande die feit dat taalstatusbeplanning grootliks 'n deurlopende tema is, staan dit nooit los van taal-in-onderwysbeplanning nie, selfs nie eens van taalkorpusbeplanning nie – dink hier weer aan die President se opmerking omtrent taalstandaardisering by sy ondertekening van die SAGT-wet. Dit is veral die interaksie tussen eersgenoemde twee wat opval. Uiteraard kom taalprestigebeplanning ook ter sprake, maar dit is 'n onderwerp wat in 'n verdere studie ondersoek behoort te word.

In hierdie afdeling word dan saaklik stilgestaan by 'n ietwat dieper ontleding van drie gevallestudies, te wete taalkorpusbeplanning as 'n hoofsaaklik van-bowe-na-benede geval en taal-in-onderwys- en statusbeplanning vir SAGT, beide gevalle waar daar getuienis is van 'n mate van interaksie tussen van-benede-na-bowe en van-bowe-na-benede taalbeplanning.

Ten spyte daarvan dat taalkorpusbeplanning soos uit die voorafgaande oorsigte geblyk het grootliks aan van-benede-na-bowe taalbeplanning gekoppel kan word, is daar wel een groot uitsondering wat tot hiertoe nie aandag gekry het nie, naamlik die hele kwessie van die konvensionalisering van die taalnaam, 'South African Sign Language'. In die eerste afdeling hieronder word dit as die uitkoms van van-bowe-na-benede taalbeplanning behandel. Die ander twee gevallestudies kom in die daaropvolgende afdelings aan die bod.

8.5.1 Taalkorpusbeplanning vir SAGT – die naamskwessie as gevallestudie

Strenggesproke is die skryfwyse van Suid-Afrika se nasionale gebaretaal natuurlik nie 'n aspek van taalkorpusbeplanning vir SAGT nie. Daar bestaan wel 'n erkende gebaretaalteken SOUTH AFRICA + SIGN LANGUAGE¹ (die teken vir die land gevolg deur die generiese teken vir gebaretaal) vir die geskrewe Engelstalige naam 'South African Sign Language'. Die gekombineerde teken verwys inderdaad na Suid-Afrika se nasionale gebaretaal, maar word selde gebruik. Dit is meer gebruiklik om die teken SIGN

1 Dit is die konvensie om 'n gebaretaalteken in skrifvorm in hoofletters aan te dui.

LANGUAGE te gebruik wanneer na SAGT verwys word. Indien dit wel noodsaaklik is om die nasionale gebaretaalnaam te gebruik, is dit konvensie om die Engelse afkorting 'SASL' te vingerspel. Nietemin lyk dit nie nodig om bekommerd te wees oor die standaardisering van die erkende gebaretaalteken vir die naam nie. Die probleem is dat die gespesifiseerde Engelse skryfvorm vir die naam eers relatief onlangs die konvensie geword het, en dat daar sedert die eerste stappe tot regserkenning vir SAGT (in 1995 ingevolge die PanSAT-wet en in 1996 ingevolge die Skolewet en Grondwet) 'n verskeidenheid skryfvorms gebruik is, beginnende by die generiese skryfvorm, *gebaretaal*. Laasgenoemde verteenwoordig natuurlik nie die skryfvorm van die spesifieke taalnaam nie, maar eerder 'n foutiewe vertaling van die generiese gebaretaalteken.

Wat in hierdie afdeling aan die orde kom, is die vraag hoe dit gebeur het dat die korrekte skryfvorm uiteindelik wel in die Engelse skryftaal neerslag gevind het en watter rol die liggame verantwoordelik vir taalkorpusbeplanning vir SAGT in die konvensionaliseringproses gespeel het. As sodanig verteenwoordig die betrokke geval 'n vorm van taalkorpusbeplanning – hoofsaaklik in Engels – maar wel een wat met SAGT geassosieer kan word.

Die onderliggende kwessie ter sprake hou verband met die verskynsel van standaardisering deur middel van konvensionalisering (Du Plessis 2020a:5 e.v.). Die standpunt word gebaseer op 'n breër vertolking van Ferguson (1994:15) se aanvanklike beskrywing van konvensionalisering as "... 'n stilswyende ooreenkoms tussen 'n gemeenskap van gebruikers van 'n taalvariëteit dat sekere uitdrukkings bepaalde dinge sal beteken wanneer dit in sekere kombinasies onder sekere sosiale omstandighede gebruik word". Dit is deur konvensionalisering dat bepaalde variante ten koste van ander versprei en aanvaar word. Met sy studie oor die Arabies van Tunisië demonstreer Walters (2003:88 e.v.) byvoorbeeld hoe die linguïstiese praktyke van die betrokke sprekers verskil van dié van ander Arabiese lande. Sy studie wys hoedat taalkonvensionalisering selfs tot die ontstaan van verskillende taalvariëteite aanleiding kan gee. Ons onderhawige voorbeeld illustreer presies dit waarop Ferguson

gewys het, naamlik hoe (in die onderhawige geval) 'n spesifieke skryfvariant (die korrekte Engelse taalnaam) ten koste van ander skryfvariante (verskillende Engelse naamsvorms) versprei en gekonvensionaliseer het. Hoewel die geval in die eerste plek betrekking het op die Engelse skryfvorm van die naam, kan 'n mens dit nogtans as 'n indirekte vorm van taalkorpusbeplanning vir SAGT beskou, vandaar dat dit hier behandel word.

Ofskoon die korrekte Engelse taalnaam desondanks die PanSAT-wet en die 1996-Skolewet en die Grondwet se generiese gebruik daarvan, al sedert 1997 wel in amptelike dokumentasie voorkom, word dit nogtans op verskillende wyses geskryf en kom die generiese taalvorm (asook verskeie variasies daarvan) terselfdertyd ook nog 'n tyd lank voor. 'n Seleksie van beleidsdokumente tussen 1996 en 2017 weerspieël die ongestandaardiseerde toestand omtrent die naamskwessie, soos opgesom in Tabel 14.

Die jaar 2017 word as afsnypunt gebruik, omdat dit saamval met die GHK se aanbeveling omtrent die verampteliking van 'South African Sign Language' waarmee die generiese naamvorm toe reeds as deel van die betrokke resoluëie met die korrekte weergawe vervang is. Natuurlik is die finale regstelling van die grondwetlike gebruik van die generiese naamvorm eers met die aanvaarding van die 2023-Grondwetwysigingswet deurgevoer. Aangesien die betrokke amptelike dokumentasie meestal slegs in Engels verskyn, word die Engelse naamvorm wat in die gekose tekste voorkom, gebruik. (Ook verteenwoordig die Engelse weergawe van die 2023-Grondwetwysigingswet die gesaghebbende teks.) Ten einde die evolusie van die skryfwyse van die Engelse taalnaam te volg, word die jaartal van die betrokke dokument naas die betrokke instansie aangegee en gevolg deur die titel van die dokument waarin die gebruik van die naam voorkom.

Tabel 14: Inkonsekwente SAGT-naamvorme in Engelstalige beleidsdokumente, 1996–2017²

Variasies van die taalnaam	Jaar	Instansie	Dokument
'sign language'	1995	PanSAT	<i>Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995</i>
'Sign Language'	1996	DO	<i>Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, 1996</i>
'sign language'	1996	GV	<i>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</i>
'Sign Language'	1996	DKKWT	<i>Towards a national language plan for South Africa. Final report of the Language Plan Task Group (LANGTAG)</i>
'Sign Language'	1997	Kantoor van die Vice-President	<i>Integrated National Disability Strategy White Paper</i>
'South African Sign Language'	1997	DO	<i>Taal in Onderwysbeleid</i>
'sign language'	1999	DKKWT	<i>Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1999</i>
'South African Sign Language'	2001	PanSAT	<i>Annual Report 2001/2002</i>
'South African Sign Language'	2002	DO	<i>Revised National Curriculum Statement Grades R-9 (Schools)</i>
'SA Sign Language(s)'	2003	DKK	<i>National Language Policy Framework</i>
'Sign Language'			<i>Implementation Plan: National Language Policy Framework</i>
'South African Sign Language'			<i>Implementation Plan: National Language Policy Framework</i>
'SA Sign Languages'			<i>Implementation Plan: National Language Policy Framework</i>

2 Die titel van die gepubliseerde dokument word telkens weergegee.

Variasies van die taalnaam	Jaar	Instansie	Dokument
'South African Sign Language'	2004	Sako	<i>Government Notices (SGBSASL)</i>
'South African Sign Language'	2007	GHK	<i>Meeting report</i>
'sign language'	2009	Hoog-geregshof Pietermaritzburg	<i>Hofstukke (Springate v Minister of Basic Education)</i>
'South African sign language'	2012	DKK	<i>Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012</i>
'South African Sign Language'	2014	DBO	<i>SASL Home Language CAPS -</i>
'South African Sign Language'	2016	Departement van Sosiale Ontwikkeling	<i>White Paper on the Rights of Persons with Disabilities</i>
'South African Sign Language'	2017	GHK	<i>Report of the Constitutional Review Committee on 2015 Public Submissions</i>

Dit is opmerklik dat die destydse DvO die eerste regeringsinstansie is wat die taalnaam reeds in 1997 korrek gebruik en wel in die belangrike TiOB, wat die eerste stap tot die institusionalisering van SAGT in die onderwys is ingevolge die Skolewet se eerste verampteliking van die taal. Desnieteenstaande koppel laasgenoemde se 1996-wet verampteliking aan 'n erkende Gebaretaal [sic]', 'n duidelike aanduiding dat daar in daardie stadium nog nie uitsluitel oor die korrekte Engelse skryfwyse verkry is nie. Ten minste word die onsekerheid 'n jaar later in die TiOB uit die weg geruim. Die besonder vinnige regstelling – buiten dat die betrokke bepalings in die PanSAT-, Skole- en Grondwet nie ook tegelykertyd reggestel is nie – dui deels op 'n erkenning van die korrekte Engelse naamvorm en skryfwyse wat in akademiese kringe teen daardie tyd die rondte gedoen het.

Al is PanSAT die instansie wat ingevolge die Skolewet aan die DvO 'n aanbeveling moes maak oor 'watter' gebaretaal om vir skooldoeleindes te erken, gebruik die PanSAT-wysigingswet van 1999 opvallend genoeg steeds die generiese

naam. Trouens, die Raad self gebruik eers vyf jaar later in 2001 die korrekte Engelse taalnaam. Dit is nogal vreemd dat hierdie statutêre liggaam – wat in die eerste en laaste instansie vir taalstandaardisering in Suid-Afrika verantwoordelik is – oor die jare heen g'n sprak oor die hele aangeleentheid gesprook het nie. Nog vreemder is die feit dat die raad se taaladviesliggaam oor SAGT ook geswyg het. Soos eerder aangetoon, maak die PanSAT-wet voorsiening vir die oprigting van taalliggame om die raad te adviseer oor enige spesifieke taal, insluitende SAGT (RSA 1995 soos gewysig RSA 1999b).

Die norme en reëls wat vir die onderskeie nasionale taalliggame neergelê is (aanvanklik in 2001 maar gewysig in 2005), stel dit duidelik dat PanSAT hulle oprig met die primêre doel om vir twee taalbeplanningsoogmerke verantwoordelik te wees, te wete taalontwikkeling en –standaardisering. Wat laasgenoemde betref, word spesifiek van die liggame advies afgewag oor taalstandaarde, woordeboeke, terminologie en literatuur, waar toepaslik (PanSAT 2005). Hierbenewens word die taalliggame ook getaak met betrekking tot advies oor taalbevordering, –ontwikkeling en –handhawing. Kennelik vervul PanSAT met sy gepubliseerde norme en reëls vir nasionale taalliggame deels sy grondwetlike taalmandaat. (Die 2005-reëls is in 2019 verder hersien, maar die nasionale taalliggame se mandaat is nie gewysig nie – kyk DKK 2019.) Tot nog toe kon geen gegazetteerde kennisgewing opgespoor word waarin bogemelde taaladviesliggaam aan PanSAT taaladvies gee oor byvoorbeeld die skryfwyse van die gebaretaalnaam nie, 'n heel basiese taalstandaardiseringskwessie waaroor 'n mens redelikerwys riglyne sou kon verwag het. Selfs die adviesliggaam vir Engels het nie 'n vinger verroer nie.

Ook raaiselagtig is die feit dat die destydse DKK, die departement waaronder PanSAT administratief val, teen 2012 steeds nie die korrekte Engelse skryfwyse volg nie, soos blyk uit artikel 2(4)(d)(ii) van die WGAT. 'n Mens sou veral van die betrokke departement verwag het om met die promulgering van die WGAT in 2012 (RSA 2012) reeds sekerheid hieromtrent te bekom het. Weliswaar word 'n niegeneriese weergawe van die Engelse taalnaam gebruik, maar helaas steeds nie die korrekte

skryfwyse gevolg nie. Ook dokumentasie van parlementêre beraadslagings dui aan dat afwykinge bly voorkom, soos die rekord van 'n toeligtingsessie deur die destydse DKK oor 'n vorige weergawe van Suid-Afrika se eerste taalwet op 31 Januarie 2012 illustreer:

'n Lid het die kwessie van gebaretaal, soos gedek in artikel 4(d)(ii), aangeraak en verklaar dat dit gewysig moet word om te sê dat Suid-Afrikaanse gebaretaal [*sic*] gebruik moet word en nie enige gebaretaal nie. Die voorstel is gesteun deur me. Tshepe, wat saamgestem het dat die vorm van gebaretaal wat gebruik word, inderdaad Suid-Afrikaanse gebaretaal [*sic*] moet wees. Uit die bespreking het dit geblyk dat gebaretaal [*sic*] steeds beskerm en aangebied sou word ingevolge bepaling 4(2) (d), en die gebaretaal wat gebruik moes word, die [*sic*] Suid-Afrikaanse gebaretaal [*sic*] was (PKKK 2012b).

In die oorsigte van die voorafgaande hoofstukke is byvoorbeeld sporadies na die inkonsekwente skryfwyse in parlementêre dokumentasie verwys. 'n Mens moet soos vroeër aangedui wel in gedagte hou dat die parlementêre rekords van die Parliamentary Monitoring Group nie as amptelike dokumente beskou kan word nie.

Nogtans sou 'n mens van die twee staatsdepartemente wat spesifiek met taalbeleid gemoeid is, d.i. die onderwysdepartement (verantwoordelik vir taalverwerwingsbeplanning of taal-in-die-onderwysbeplanning) en die kultuurdepartement (verantwoordelik vir taalstatus- en prestige-beplanning), kon verwag het om as owerheidsagente 'n rol te speel by die standaardisering van die betrokke taalnaam en die regstel van foutiewe gebruike soos tot hiertoe aangedui. Dit is daarom teleurstellend dat veral laasgenoemde departement nie daarin kon slaag om die Engelse taalnaam te standaardiseer nie, des te meer aangesien laasgenoemde 'n besondere verhouding met PanSAT het, die taalinstantie wat vir taalstandaardisering in Suid-Afrika verantwoordelik is. Hierteenoor het die DvO, die voorganger van die huidige DBO, teen 1997 reeds die

spesifieke naamvorm gebruik en ook die korrekte Engelse skryfwyse nagevolg.

Hoewel DFSA nie 'n taalstandaardiseringsliggaam is nie, is dit tog ietwat verbasend dat die organisasie klaarblyklik ook niks omtrent die Engelse taalnaamkwessie gedoen het nie. Dit wil voorkom asof DFSA (asook ander eerder vermelde instansies) eenvoudig aanvaar het dat die grondwetlike bepaling oor 'gebaretaal' (by implikasie) na SAGT verwys. Trouens, dit is 'n afleiding wat natuurlik klop met die konvensie in SAGT om die teken SIGN LANGUAGE te gebruik om na SAGT te verwys. So byvoorbeeld lys Druchen (2014:78) in sy tydlyn van politieke aksies met betrekking tot SAGT onder meer die Grondwet (met die foutiewe naamvorm 'sign language') en die Skolewet (met die foutiewe naamvorm 'Sign Language') as belangrike mylpale vir die taal, maar sonder om enige regstelling omtrent die geskrewe generiese Engelse taalnaamvorm te maak. Nietemin is dit opmerklik dat Druchen in sy interaksie met die GHK vanuit die staanspoor wel die gekonvensionaliseerde Engelse taalnaam gebruik, die naam wat dan ook uiteindelik in die GHK se 2017-aanbeveling omtrent verampteliking neerslag gevind het en in die 2023-grondwetwysiging as bykomende amptelike taal opgeneem is.

As gevallestudie in taalkorpusbeplanning weerspreek die naamkwessie deels die gevolgtrekking van vroeër omtrent die feit dat van-benede-na-bowe taalkorpusbeplanning vir SAGT histories die taalbeplanningstoneel oorheers het. Soos aangetoon, het daar geen inisiatief omtrent 'n regstelling van die taalnaam uit laasgenoemde oord (by name DFSA en andere) opgeklink nie. Selfs die van-bowe-na-benede taalstandaardiseringsliggame, PanSAT en sy SAGT-adviesliggaam, het nie die nodige wetlike regstellings laat doen nie. Tog moet 'n mens in gedagte hou dat die liggame waarskynlik nie *per se* die standaardisering van die Engelse taalnaam as 'n gebaretaalaangeleentheid beskou het nie, veral aangesien daar skynbaar nie vanuit Dowe geleedere geluide omtrent enige regstelling opgegaan het nie.

Uiteindelik is die toon omtrent die regstelling van die Engelse taalnaam (weer eens van-bowe-na-benede) deur die

DBO se voorganger aangegee, waarna ander regeringsinstellings mettertyd gevolg en die (korrekte) skryfwyse as praktyk deurgevoer het. Dit het gebeur sonder dat die gepaste standaardiseringsliggame die betrokke praktyk gesanksioneer het. Die werkswyse bevestig die suggestie vroeër dat ons hier met 'n geval van standaardisering deur middel van konvensionalisering te make het.

Die verampteliking van die geskrewe (Engelstalige) taalnaam 'South African Sign Language' in 2023 korrigeer dan effektief 27 jaar na die grondwetlike erkenning (as taal wat deel vorm van PanSAT se taalmandaat omtrent taalbevordering en -ontwikkeling) die generiese taalnaam in 1996. Nie as die resultaat van bewuste taalstandaardisering deur die gepaste liggame nie, maar eerder as die uitkoms van die konvensionalisering van die taalnaam; as sodanig inderdaad 'n geval van taalkorpusbeplanning dog nie direk met betrekking tot SAGT nie.

8.5.2 Taal-in-die-onderwysbeplanning vir SAGT

Soos uit die Bygewerkte Raamwerk vir Taalbeplanningsoogmerke (in hoofstuk 3) blyk, vorm taalinstusionalisering een van die kernaspekte van taal-in-onderwysbeplanning en meer spesifiek beleid daaromtrent. Wanneer 'n mens die ontplooiing van taal-in-onderwysbeplanning vir SAGT bestudeer, behoort ten minste twee temas ter sprake kom. Weens 'n gebrek aan ruimte kan hierdie belangrike onderwerp egter hier slegs kripties behandel word. Trouens, die onderwerp is 'n volledige onafhanklike studie werd en kan aanleun by bestaande studies soos onder meer die van Penn en Reagan (1991), Storbeck (2000), Reagan (2007), Druchen (2010), Magongwa (2010), Holness (2016) en Morgan, Glaser en Magongwa (2016).

Uit die oorsig van hoofstuk 5 blyk dat daar met die aanvang van die sogenaamde 'nuwe' Suid-Afrika in 1994 reeds 'n gesprek oor die instusionalisering van SAGT in die onderwys onderweg was. 'n Mens aanvaar dat inisiatiewe hieromtrent 'n rol kon gespeel het by die kompromie-besluit om SAGT in 1996 in die onderwys te veramptelik. Tegnies gesproke het die instusionalisering van die taal as oogmerk van taal-in-

onderwysbeplanning egter eers in 1996 afgeskop. Die mylpale omtrent die proses word vervolgens in Tabel 15 opgesom. Die seleksie van artefakte sluit verskeie belangrike (amptelike sowel as nieamptelike) gespreksdokumente uit wat gedurende die tussentydse periode bekendgestel is en in die voorafgaande oorsigte aan die bod gekom het. Wat gelys word, is wetlike dokumente wat die institusionalisering van SAGT in die onderwys verseker het. Vir konteks kan die ietwat meer volledige tydlyn van Tabel 12 in gedagte gehou word.

Tabel 15: Institusionalisering van SAGT as taalmedium en -vak, 1996–2021

Jaar	Artefak	Institusionalisering		
		As taalmedium	As taalvak	
			HT	AT
1996	Skolewet	X	X	
1997	TiOB	X	X	
1997	South African Sign Language: Main language, draft curriculum for Grades 0–12		X	
2002	Revised National Curriculum Statement Grades R–9 (Schools)		X	
2003	Declaration of the framework for the assessment and promotion of learners in Grade 9 as interim policy		X	
2005	Unit Standards for GET/FET Language and Communication		X	
2014	South African Sign Language Home Language National Curriculum Statement (NCS) Curriculum Assessment Policy Statement		X	
2020	SASL Charter	X	X	X
2021	Languages (in Official guide to South Africa) ³			X
2024	SASL Indaba Report	X	X	X

3 Kyk RKIS (2021/22).

Die opsomming bied 'n perspektief op die wisselende graad van sukses wat met die institutionalisering van SAGT in Suid-Afrikaanse onderwys behaal is.

Dit is opvallend dat SAGT as taalvak sedert 1996 en veral gedurende die tussenperiode deurgaans aandag geniet het, maar dat dit nogtans 18 jaar geduur het voordat 'n Huistaalkurrikulum geïmplementeer is. (Hier dink 'n mens weer onwillekeurig terug aan die minister se eierdans ironies genoeg in die jaar 2018 – toe die eerste matrieks die Huistaaleksamen afgelê het – oor waarom dit gebeur het.) Die aandag is omgesit in die bekendstelling van artefakte wat as 'n respons op die Skolewet se verampteliking van SAGT in die onderwys beskou kan word. 'n Mens merk 'n mate van vooruitgang hieromtrent op.

- Die TiOB institutionaliseer SAGT as Taal van Onderrig en Leer, dit wil sê as taalmedium, maar ook as taalvak.
- Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bekragtig laasgenoemde deur SAGT by die amptelike tale van die Leerarea: Tale in te sluit.
- Die tussentydse beleidsraamwerk vir die assessering en promosie van Graad 9-leerders bekragtig verder beide beleide deur te spesifiseer dat vir promosiedoeleindes SAGT as een van die vereiste twee amptelike tale erken word.
- Die Eenheidstandaarde lê die grondslag vir die ontwikkeling van 'n kurrikulum.

Al die stappe het daartoe bygedra dat daar teen 2005 reeds wetlik gesproke alle maatreëls getref is om 'n SAGT-kurrikulum te ontwikkel en te implementeer, weliswaar bykans tien jaar na verampteliking in 1996. (Die voor die hand liggende progressie gee 'n aanduiding dat die betrokke departement ten volle bewus was van die implikasies vir die onderwys wat die Skolewet vir SAGT inhou, wat verdere vrae laat ontstaan oor die betrokke minister se bontpraterij in 2018.) Hoewel eers nege jaar later, word die Huistaalkurrikulum uiteindelik in 2014 geïmplementeer. Oorhoofs beskou, het dit dus 18 jaar geneem om uitvoering te gee aan die implikasies van die verampteliking van SAGT in die onderwysdomein.

Hoofstuk 8

Uit die oorsig van verwickelinge gedurende die tussenperiode het ons gesien dat die *Springate*-litigasie van 2009 die katalisator was wat op die (uiteindelike) ontwikkeling van 'n Huistaal-kurrikulum vir SAGT uitgeloop het. PanSAT se destydse kommentaar oor die hele saga is nogal veelseggend:

Ofskoon ons die skikking waardeer, vind ons as PanSAT dit jammer dat dit 'n hofsaak van hierdie aard geveerg het om die departement te sensibiliseer oor die noodsaaklikheid om die Grondwet te eerbiedig en voorsiening te maak vir die linguistiese behoeftes van die dowe gemeenskap (PanSAT 2009).

Soos die tydlyn van Tabel 12 aandui, het DFSA allerlei aktivistiese instrumente gedurende die tydperk aangewend ten einde die betrokke departement te probeer oortuig het om hulle wetlike mandate omtrent SAGT uit te voer. Dit het ingesluit die ontwikkeling van konsep-kurrikula, protesaksies, 'n indaba en 'n beleidsdokument. Soos ook aangedui, staan die Deaf March Memorandum van 2003 na afloop van 'n besondere protesaksies uit as 'n belangwekkende intervensie waarin by die betrokke departement aangedring word op die uitvoering van hul wetlike mandaat. Volgens Holness (2016:164) het DFSA die *Springate*-litigasie gesteun.

Al het dit 'n tydjie geduur, het die institutionalisering van SAGT as Huistaal in DHH-skole in teorie geslaag. Of dit ook in hoofstroomskole geïnternaliseer is, met ander woorde om voorsiening te maak vir leerders soos Kyle *Springate* wat verkies om by 'n hoofstroomskool in te skryf, bly onseker. Waarskynlik kan die tweede verampteliking van SAGT hierin 'n rol speel, indien die planne van die Wes-Kaapse onderwysdepartement as voorbeeld geneem word. Kort na 19 Julie 2023 het die departement aangekondig dat hulle die onderrig van gebaretaal na hoofstroomskole wil uitbrei (Sinxo 2023).

In dieselfde asem kan ook nie bevind word dat SAGT as Addisionele Taal geïnternaliseer is nie. Nieteenstaande die feit dat die kwessie reeds in die TiOB en Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring geïmpliseer is, het dit eers weer in 2020

opgeduik toe die *SAGT Handves* 'n onderneming geformuleer het dat 'n kurrikulum vir SAGT Eerste Addisionele Taal ontwikkel moet word sodat die taal as keusevak in hoofstroomskole aangebied kan word (PanSAT s.j.:10). Van die DBO is nog niks omtrent so 'n kurrikulum verneem nie. Trouens, hulle eerste beplanning oor SAGT as Addisionele Taal het eers in 2021 rugbaar geword toe die minister aangekondig het dat die taal tot die lys van goedgekeurde Tweede Addisionele Tale ingesluit gaan word.

Soos ons in die minister se 2021-aankondiging hieromtrent gemerk het, word amptelike tale in al drie taalvakkategorieë aangebied en nieamptelike tale as Tweede Addisionele Tale. Die probleem met die aankondiging is dat dit nie ook voorsiening maak vir SAGT Eerste Addisionele Taal naas die destydse 11 amptelike tale nie. Die taal se insluiting slegs as Tweede Addisionele Taal reflekteer die DBO se taksering van die taal eintlik as nieamptelike taal. Trouens, die direkteur van Kurrikulum-implementering het strenggesproke reeds na die 2018-aankondiging omtrent die toevoeging van Swahili tot hierdie kategorie bevestig dat nieamptelike tale slegs as Tweede Addisionele Tale aangebied word (DBO 2025). Die insluiting van SAGT saam met die nieamptelike tale en die verswyging van 'n kurrikulum vir SAGT as Eerste Addisionele Taal impliseer dat die taal steeds nie presies dieselfde status as die 11 amptelike tale in die onderwys geniet nie, dit ten spyte van die feit dat die taal die betrokke status reeds sedert 1996 moes geniet het. 'n Mens sal moet sien of die tweede verampteliking van SAGT betekenisvol aan hierdie agtergestelde status gaan verander.

Van die verwagte SAGT Tweede Addisionele-kurrikulum is ondertussen niks verder verneem nie. Nietemin is by die SAGT Indaba 2024 besluit dat die taal verpligtend gemaak moet word by skole, wat die kwessie van Addisionele Taal (hetsy Eerste of Tweede) net weer beklemtoon.

Alles is daarom nie pluis met die institusionalisering van SAGT as taalvak nie. Die DBO se (historiese en voortgesette) versuim om sy wetlike mandaat omtrent SAGT uit te voer, dra grootliks hiertoe by. Dit geld ook vir die institusionalisering van SAGT as taalmedium.

Uit 'n feiteblad van die EU-befondsde R2ECWD-projek blyk dat die meeste Dowe persone hulle vernaamste hindernis tot onderwys as linguisties van aard beskou (R2ECWD, s.j.). Vandaar dat die herinstelling van SAGT as onderrigmedium in 1988 tydens die pre-1994 periode as draaipunt in dowe onderwys in Suid-Afrika beskou kan word soos Heap (2003:68, 85, 235) aandui. Die Deaf March Memorandum van 2003 se aandrang daarop dat gebaretaal inderdaad as onderrigmedium aangewend word, dui daarop dat alles hieromtrent nogtans nie pluis is in DHH-skole nie. DFSA bevestig die toedrag van sake deur in hulle 2006-beleidstuk daarop te wys dat slegs 14% van opvoeders in hierdie skole gebaretaal as onderrigmedium kan aanwend (Holness 2016:166). Esterhuizen (2024) beweer op grond van (onverifieerbare) inligting verskaf deur De la Bat Skool vir Dowes dat daar tans (2024) '38 Skole vir Dowes' bestaan waarvan 3 SAGT as onderrigmedium gebruik. Uit inligting wat die minister van Basiese Onderwys in 2020 bekendgemaak het, blyk dat in werklikheid slegs ses van die skole as enkelmediumskole beskou kan word (MBO 2020). Dit impliseer egter nie dat SAGT slegs by sodanige skole as onderrigmedium gebruik word nie. Die uitdaging bly om werklik betroubare gegewens oor die stand van SAGT as taalmedium te bekom.

Wat betref die institusionalisering van SAGT as taalmedium moet ons in die lig van die voorafgaande tot die gevolgtrekking kom dat daar sedert 1988 wel vordering gemaak is, maar dat die ideale stand hieromtrent nog nie bereik is nie.

Uit die saaklike oorsig van taal-in-onderwysbeplanning vir SAGT blyk dat daar nog groot uitdagings voorlê en dat toekomsvooruitsigte as gevolg van die sentrale rol wat 'n onbetroubare onderwysdepartement hierin speel, nie te rooskleurig lyk nie. Gebaretaalveldtogvoeders sal moet herbesin oor 'n gewenste strategie om die institusionalisering van SAGT in die onderwys meer effektief voltrek te kry en oor hoe om die taal uit die kloue van 'n dominerende staat te bevry.

8.5.3 Taalstatusbeplanning vir SAGT

Soos blyk uit die Raamwerk vir Taalbeplanningsoogmerke van hoofstuk 3, vorm taalverampteliking een van kernaspekte van taalstatusbeplanning. Hawkey en Horner (2022:197 e.v.) wys op die historiese verwantskap tussen taalverampteliking en statusbeplanning en benadruk veral die rol van *de jure*-verampteliking, met ander verampteliking deur middel van wetgewing as uitkoms van taalstatusbeplanning. Die wetgewing hierby betrokke hoef natuurlik nie noodwendig die Grondwet van 'n land te wees nie: *de jure*-verampteliking kan deur enige tipe wetgewing bewerkstellig word.

Die narratief oor die stryd om die verampteliking van SAGT wat in die monografie aangebied is, weerspieël 'n byna obsessiewe behepthed met grondwetlike verampteliking onder die betrokke veldtogvoerders. Daar is aangetoon hoedat oproepe tot sodanige verampteliking reeds van vroeg in die stryd opgeklank en deurlopend en by herhaling opgeklank het. Enersyds dui die verbintenis tot die stryd op die vasberadenheid van die betrokkenes om hulle doel te bereik. Andersyds dui dit op 'n negering van wetlike prestasies met betrekking tot taalstatusbeplanning wat ondertussen ook oor die tydperk heen behaal is. Omdat veldtogvoerders só verbind was tot verampteliking deur middel van grondwetlike wetgewing het die gemelde prestasies oënskynlik by hulle verbygegaan. Hulle het gevolglik nie werklik die gewenste voordeel daaruit getrek nie en gulde geleenthede verbeur. In hierdie afdeling word ingegaan op die besonderhede omtrent die *de jure*-verampteliking van SAGT as uitkoms van taalstatusbeplanning.

Uit die oorsig van die veramptelikingsproses onder die Vierde Parlement (2009–2014) het dit duidelik geword dat SAGT danksy verskeie wetlike ingrepe sedert 1995 wat taalstatus betref prakties op dieselfde vlak as die 11 amptelike tale gestaan het. Ons kan spesifiek 2014 as die jaar uitsonder waarin vanuit die perspektief van *de jure*-verampteliking grootliks bereik is wat die Dowe beïnvloedingsgroepering met sy veramptelikingsveldtog ten doel gestel het. Dit is natuurlik kort van hulle oogmerk van grondwetlike verampteliking. Die betrokke wetlike prestasies was afgesien van dié uitsondering

van soveel belang dat dit vir alle praktiese doeleindes onnodig was om hierna die betrokke veramptelikingsveldtog voort te sit. Die wetlike prestasies met betrekking tot SAGT word in Tabel 16 opgesom.

Tabel 16: Die wetlike statusverhoging van SAGT, 1995–2014

Jaar	Artefak	Statusverhoging
1995	PanSAT-wet	Taaladviesliggaam naas die 11 vir amptelike tale, die NBIKTs en die erfenistale
1996	Skolewet	Amptelike taal vir die doeleindes van onderrig en leer in openbare skole
1996	Grondwet	Naas die 11 amptelike tale en die NBIKTs deel van PanSAT se mandaat omtrent taalontwikkeling en –bevordering en ingesluit by die LMRs van die Handves van Menseregte
2012	WGAT	Verpligte akkommodering vir kommunikasie in staatsinstellings (d.w.s. in ampstaaldomeine) van SAGT as voorkeurtaal
2014	SAGT Huistaal KABV	Kurrikulum vir Graad R–12
2014	SATPR-wet	Naas die 11 amptelike tale die taal waarin taalpraktykdienste gelewer moet word ten einde toegang aan agtergestelde gemeenskappe te verleen

Die opsomming van Tabel 16 bevestig dat statusgelykstelling (naas die 11 amptelike tale) reeds grootliks voor 19 Julie 2023 se verampteliking plaasgevind het.

Die enigste uitsondering omtrent die proses van statusgelykstelling is die feit dat nagelaat is om ook kurrikula vir SAGT as Eerste en Tweede Addisionele Taal bekend te stel, tegnies meer spesifiek kwessies rakende taal-in-

onderwysbeplanning. Wetgewing met betrekking tot persone met gestremdhede word doelbewus nie in berekening gebring nie, omdat dit nie die status van SAGT vanuit 'n taalregte-oogpunt benader nie en nie noodwendig op taalverampteliking betrekking het nie.

Wat blyk uit die opsomming van die statusgelykstellende prestasies van Tabel 16 is dat die Vierde Parlement eintlik onbedoeld (en beslis ongekoördineerd, soos uit die betrokke oorsigte duidelik geword het) deur die passering van twee verdere taalwette die proses van statusverhoging wat SAGT betref voltrek het, 'n proses wat in 1995 deur die PanSAT-wet geïnisieer is. Die gelykstelling het voorgekom sonder dat SAGT naas die 11 amptelike tale van die Grondwet as amptelike taal erken is, 'n vorm van beide *de jure*- en *de facto*-verampteliking. Só beskou, het daar veel gebeur tydens die termyn van die Vierde GHK wat betref die verampteliking van SAGT.

Dit wil voorkom asof die Dowe veldtogvoerders en ander betrokkenes nie van die hele proses bewus was en dit na behore getakseer het vir wat dit werd was nie, maar in stede daarvan grootliks die een snaar van grondwetlike verampteliking bly tokkel het. 'n Mens kry die indruk dat die Dowe beïnvloedingsgroepering waarskynlik nie tevrede was met die geïmpliseerde statusverhogings wat byna stilletjies gebeur het en wat nie aan die groot klok gehang is nie en daarom die Groot Prys (van meer sigbare grondwetlike verampteliking) verkies het.

Die ironie van die (doelbewuste?) mislees van al die wetgewende prosesse in die onderhawige periode is dat die verbintenis tot verampteliking as strategie om die nie-implementering van bestaande wetgewing reg te stel, in werklikheid die vinger lê op die grootste tekortkoming van die post-1994 Suid-Afrikaanse staat, naamlik sy onvermoë en onbeholpenheid om wetgewing en beleid te implementeer. Deur nie munt te slaan uit al die stille prestasies wat sedert 1995 behaal is nie, het die Dowe beïnvloedingsgroepering onbedoeld bygedra tot die *status quo* van nie-implementering. 'n Post-2014 koerswysiging wat op die implementering van bestaande wetlike prestasies gekonsentreer het, kon beslis gevorder het met die

aanpak van die uitdagings wat byvoorbeeld in die Deaf March Memorandum van 2003 aan die orde gestel is. Die feit dat die uitdagings aan die begin van 2024 nogeens by PanSAT se Dowe Indaba opgeduik het, gee 'n aanduiding dat kanse verspeel is deur op die Groot Prys te (bly) konsentreer en dat kanse verbeur is om munt te slaan uit dit wat *de jure* en *de facto* wel bereik is.

Die eintlik misplaaste fokus van die betrokke veldtogvoerders moet waarskynlik toegeskryf word aan die (ongegronde) mantra wat sy kop reeds gedurende die 1990s uitgesteek het, naamlik dat grondwetlike verampteliking die implementering van ander nie-geïmplementeerde wetgewing kan verseker. Dit reflekteer ook 'n mate van onkunde oor wat verampteliking werklik beteken (veral binne 'n ongelyke meertalige bedeling) en van 'n onvermoë om munt te slaan uit die implementering van reeds gepromulgeerde wetgewing.

Meer sou bereik kon gewees het indien daar post-2014 op die implementering van die vir SAGT-voordelige wetgewing gekonsentreer is. Nietemin is op dieselfde trant as voorheen voortgegaan en is nogtans twee verdere mylpale bereik, naamlik die bekendstelling van die *SAGT Handves* in 2020 en die aanvaarding van die 2023-Grondwetwysigingswet. Die bekendstelling van die *SAGT Handves* in 2020 het egter die uitsonderlike status van die taal net nog verder bekragtig deurdat dit (tans) die enigste Suid-Afrikaanse taal met so 'n handves is. Trouens, soos uit die oorsig geblyk het, slaan sommige rolspelers die *SAGT Handves* selfs hoër aan as artikel 4(2)(d)(ii) van die WGAT. Die ironie is egter dat die (besondere) uitkoms nie die direkte resultaat is van die veramptelikingsveldtog nie.

'n Mens moet onvermydelik tot die gevolgtrekking kom dat die Dowe veldtogvoering se voortgesette verbintenis tot grondwetlike verampteliking in die nege jaar na 2014 nie enige betekenisvolle uitkomst opgelewer het nie. Selfs die 2023-Grondwetwysigingswet het in werklikheid slegs bevestig en as't ware veramptelik wat *de jure* en *de facto* reeds teen 2014 verwesenlik is. Die enigste groot verandering is dat SAGT sedert 2023 nou as amptelike taal beide statutêre en simboliese amptelike status verkry het. Amptelike werkstaalstatus bly gekoppel aan Engels. Pogings om aan die genoemde statusse

iets verander te kry, gaan waarskynlik nie veel oplewer nie buiten miskien deur die gestremdheidskaart te speel. Meer sal dalk bereik kan word deur voordeel te probeer put uit dit wat ten minste teen 2014 reeds bereik was.

8.6 Gevolgtrekking

Oorwegend beskou, kan besluit word dat die voorafgaande besinning of TBP vir SAGT heelwat insiggewende insigte opgelewer het, veral ten opsigte van opsigtelike suksesse wat bereik is (met taal-in-onderwys- en statusbeplanning), maar ook ten opsigte van mislukkings en verbeurde kanse as gevolg van 'n onversetlike verbintenis tot grondwetlike verampteliking. Betekenisvolle mylpale met betrekking tot die geleidelike statusverhoging van SAGT en ander vorms van wetlike verampteliking sedert 1995 is óf onderskat óf gewoon misgekyk. Nietemin bly die feit staan dat SAGT se taalbeplanningsverhaal uniek en buitengewoon is, veral wanneer in aanmerking geneem word dat die gebaretaalgemeenskap ten spyte van ongeverifieerde opportunistiese aansprake hieromtrent, 'n onaansienlike deel van die Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig. Die dinamiese en aktiewe Dowe veldtogvoering se aandeel aan die verhaal is van groot belang. Ons het gesien dat hulle intervensies meermale deurbrake bewerkstellig het. 'n Mens kan net vertrou dat vir die toekoms die beïnvloedingsgroepering 'n gepaste nuwe strategie sal ontwikkel.

Een van die grootste uitdagings omtrent die pad vorentoe is van strukturele aard en het te make maniere hoe om om te gaan met die nadelige gevolge van die staat se sentrale rol by taalbeplanning by minderheidstale oor die algemeen in Suid-Afrika (Du Plessis 2022b) en des te meer nog op SAGT. Ons het gesien dat met van-bowe-na-benede taalbeplanning vir SAGT tot hiertoe nie die gewenste uitkomst bereik is nie en dat nog vele uitdagings die hoof gebied moet word. Hiervoor sal vindingryke oplossings bedink moet word. Die presedent wat geskep is met relatiewe suksesvolle van-benede-na-bowe taalkorpusbeplanning in die vroeë jare van die taalstryd kan dalk as inspirasie hiervoor dien.

Hoofstuk 9

Ten besluite en vooruitskouend

Die oogmerk met die monografie was om ter aansluiting by bestaande wêreldwye studies oor die regserkenning van nasionale gebaretale die opkoms van SAGT as amptelike taal vanuit die oogpunt van TBP te beskryf. Dit is gedoen aan die hand van 'n ontleding van relevante openbaar beskikbare dokumentasie hieromtrent en teen die agtergrond van teoretiese beginsels met betrekking tot TBP en die regserkenning van nasionale gebaretale.

Ter agtergrond is die groter konteks omtrent gebaretale en kwessies omtrent SAGT behandel en spesifiek ingegaan op vraagstukke omtrent die gebaretaalgemeenskap as minderheidsgroepering en op die rol van SAGT hieromtrent. Die oorsig wys op die belang van die onderskeiding tussen enersyds 'n sosiolinguisties gesproke *taalgemeenskap* en andersyds 'n demografiesgesproke *DHH-bevolkingsgroepering*. Eersgenoemde onderskeiding word op grond van linguistiese en kulturele kriteria gemaak terwyl laasgenoemde 'n oudiologiese onderskeiding is en nie na 'n gemeenskap *per se* verwys nie. Daar is in hierdie verband kortliks stilgestaan by die strategie wat Dowegemeenskappe nietemin volg om in hul stryd om groter erkenning en veral ook om regserkenning hulle op die steun van 'n groter oudiologiese deel van die bevolking (as skynbare gemeenskap) te beroep. Die aktivistiese geneigdheid en gevolglike mobiliseringsaksie het beslis in die suksesvolle stryd om SAGT as amptelike taal te erken vir SAGT vrugte afgewerp, soos later uit die studie geblyk het. Dit verklaar natuurlik die getallepolitiek waar van soms oordrewe en grootliks ongeverifieerde syfers omtrent die DHH-groepering gebruik gemaak word om die erkenningsaak op die spits te dryf.

Die verband tussen TBP en die regserkenning van nasionale gebaretaal was 'n tweede belangrike konteks wat ondersoek is en waaruit belangrike perspektiewe omtrent die wêreldwye verwetlikingsbeweging met betrekking tot gebaretaal na vore gekom het. Hieruit het geblyk dat 'n studie oor TBP vir SAGT heeltemal gepas is en goed aansluit by die groeiende internasionale korpusstudies op die terrein, studies wat die klem laat val op die betekenisvolle wisselwerking tussen TBP (hoofsaaklik taalstatus- en taal-in-onderwysbeplanning) en die regserkenning van nasionale gebaretaal. Insiggewend hieromtrent is dat die gemelde internasionale erkenningsbeweging sedert die VN se 1992-verklaring oor die regte van persone behorende tot nasionale of etniese, godsdienstige en taalkundige minderhede op dreef gekom het en dat Suid-Afrika opvallend genoeg in 1996 een van slegs 'n klein groepie lande was wat tot die stap van regserkenning van sy nasionale gebaretaal oorgegaan is, 'n uitsonderlike prestasie wat tot hiertoe eintlik nog nie behoorlik na waarde geskat is nie. Trouens, nie een land ter wêreld het teen 1996 hul gebaretaal sowel grondwetlik en as amptelike taal in die onderwys erken nie!

'n Belangrike perspektief omtrent die verband tussen TBP en regserkenning wat in die huidige studie bekom is, is dat daar onderskei moet word tussen die amptelike (d.i. wetlike) erkenning van 'n taal en sy wetlike erkenning as amptelike taal, 'n kwessie waarvoor gebaretaalveldtogvoerders en simpatiseerders in die aanloop tot SAGT se verampteliking nie altyd begryp het nie. Ook het dit duidelik geword dat die begrippe *de jure*- en *de facto*-erkenning nie gesnap word nie. Dit het later in die studie duidelik geword dat ook die uitsonderlike reeks prestasies met betrekking tot sodanige erkenning van SAGT die betrokkenes verbygegaan en heeltemal onderskat is.

Die pre-1994 taalbeidskonteks in Suid-Afrika wat ook ter agtergrond behandel is, het weer belangrike insigte omtrent die post-1994 ontplooiing van taalbeleid na vore gebring. Dit het duidelik geword dat met die aanvaarding van 'n nuwe bedeling vanaf 1994 en veral sedert 1996 daar met die beginsels van taalgelykberegting van die pre-1994 weggedoen is. Die weg is

voorberei vir die inwerkingstelling van 'n egalitêre taalbedeling waar simboliese ampteliketaalstatus van groter belang sou word as funksionele ampteliketaalstatus. Dit is onduidelik of die gebaretaalveldtogvoerders hiervan kennis geneem het omdat die verskuiwing in denke omtrent wat 'n amptelike taal is (en wat daarmee gedoen word) betekenisvolle implikasies inhou vir mense se verwagtinge omtrent ampteliketaalstatus. Een daarvan is dat in 'n post-1994 bestel groter klem gelê (sal) word op ongespesifiseerde individuele meertaligheid (teenoor die vorige bestel se verpligte burgerlike tweetaligheid). 'n Tweede implikasie is dat daar weggedoen is met 'n streng voorskriftelike taalbestuursraamwerk waarin amptelike tale op 'n gelyke basis bevoordeel word. Derdens, en besonder betekenisvol, is die ont koppeling van taalregte aan ampstaalstatus en die invoer van LMRs deur middel van die Handves van Menseregte. Laasgenoemde verskuiwing het meegebring dat gebruikers van SAGT voortaan en vir die eerste keer in Suid-Afrika op presies dieselde taalregte as die gebruikers van die 11 amptelike tale kan aandring. Uit die aangebode gedokumenteerde stryd om ampteliketaalerkenning vir SAGT het dit duidelik geword dat beide die gebaretaalveldtogvoerders en besluitnemers om een of ander rede dié deurslaggewende verwickeling gemis het en nie na waarde skat nie. Ons merk dit in die (misleidende) leerstellinge wat verkondig is dat Dowes eers werklik as waardige burgers erken sal word nadat SAGT veramptelik is.

In die eerste van die vier kernhoofstukke (hoofstukke 4-7) van die monografie word stilgestaan by die pre-1994 periode, wat gekenmerk word deur 'n bewusmaking van SAGT as unieke Suid-Afrikaanse minderheidstaal. Die bewusmaking was sodanig geslaagd dat teen 1993 met die aanvaarding van die tussentydse Grondwet die weg tot regserkenning voorberei is, dit desnieteenstaande die feit dat die taal nie in die Grondwet opgeneem is nie. Dat dit inderdaad die geval is, word bewys deur die feit dat die ANC slegs twee jaar later die eerste voorstel oor verampteliking gemaak het en dat die PanSAT-wet daardie jaar ook reeds voorsiening gemaak het vir die oprigting van 'n adviesliggaam oor die taal naas die van liggame wat die Raad oor die amptelike tale en ander erkende tale moet adviseer.

In die tweede van die aangewese hoofstukke word op die eerste verampteliking van SAGT in 1996 konsentreer. Hierin word aandag gegee aan die feitlik astronomiese opkoms van die taal vanaf 'n relatief onbekende taal – selfs 'n 'tegniek', soos een die NP-parlementslede daarna verwys het – tot amptelike onderwystaal, een van die eerste lande ter wêreld wat sodanige erkenning aan sy nasionale gebaretaal verleen het. Ook met die insluiting van SAGT in die Grondwet as taal wat deel uitmaak van PanSAT se taalmandaat met betrekking tot taalbevordering en -ontwikkeling gedurende dieselfde jaar verteenwoordig 'n uitsonderlike prestasie op die wêreldtoneel. Teen daardie stadium het daar in Suid-Afrika nog onsekerheid oor die aard van die taal bestaan, soos gesien kan word in die neiging tot die generiese verwysings na die taal in die betrokke wetsdokumente. Die kwessie is egter heel vinnig gedurende die tussentydse periode in die onderwysdomein reggestel maar in ander domeine eers later en in die grondwet eers in 2023.

As verdere konteks word hierna ruimte afgestaan aan 'n besinning oor die wetlike raamwerk vir 'n post-1996 bestel en implikasies daarvan vir SAGT. Verdere insigte omtrent die aard van Suid-Afrika se taalbedeling en die betekenis van ampteliketaalstatus kom hier aan die orde. Wat veral omtrent die tydperk opval, is die sentralistiese aard van taalbestuur in Suid-Afrika, 'n kommerwekkende nagevolg van die taalklousule van die 1996-Grondwet. By al drie gevalle van regserkenning gedurende die periode speel hetsy die staat en die regering (onder meer die onderwysdepartement) en PanSAT 'n deurslaggewende rol by die implementering van wetgewende reëlins. In 'n latere hoofstuk word laasgenoemde departement se klaaglike mislukking hieromtrent aan die kaak gestel. Daar is uitgewys dat sentralisme besondere uitdagings aan taalorganisasies en taalaktiviste stel, 'n verwickeling waarby hulle sou moes aanpas.

In 'n daaropvolgende hoofstuk wat handel oor die tussenperiode word hierop voortborduur deurdat dit blyk dat dit grootliks die staat is wat inisiatiewe met betrekking tot die konsolidering van die wetlike posisie van SAGT onderneem het maar sonder om werklik die implikasies van die verampteliking

van SAGT in die Skolewet ten volle te deurkund. Tekens van gebaretaalveldtogvoerders se pogings om implementering aan te help, dui daarop dat die betrokkenes wel probeer om by die nuwe omstandighede aan te pas, maar dat hulle uiteindelik tog nie eintlik hond haaraf maak met hulle goeie inisiatiewe nie. Trouens, dit kom uit die betrokke oorsig na vore dat DHH-onderwys by name teen 2006 in 'n groot krisis beland het toe alle bykomende wetgewing, beleid en regulasies daargestel is vir die implementering van die Skolewet se ampteliketaalverklaring sonder dat daar met die implementering daarvan gevorder is. Dit versterk ongelukkig die ietwat misleidende gedagtegang dat verampteliking oplossings vir talle uitdagings bied waarmee toenemend volhard word.

In die laaste van die kernhoofstukke van die studie word stilgestaan by die verloop van die eerste georkestreerde en wetlike poging tot die verampteliking van SAGT. Dit is die periode wat 'n reeks deurbrake met betrekking tot die erkenning van SAGT oplewer. Die eerste daarvan kom in die vorm van die *Springate*-litigasie wat nieteenstaande die feit dat dit nie op 'n oorwinning vir die litigant uitgeloop het nie tog die onderwysdepartement sover gekry het om 'n huistaalkurrikulum vir SAGT te ontwikkel. Daarna volg die tegemoetkoming in die WGAT omtrent die gebruik van SAGT as voorkeurtaal in staatsentiteite, 'n voorreg waaroor sprekers van die 11 amptelike tale nie beskik nie. Toe volg die SATPR-wet wat SAGT-tekste naas tekste in gesproke en geskrewe taal insluit en gebaretaalpraktisyns op gelyke voet stel met gesproketaalpraktisyns. Uiteindelik volg volledige verampteliking in 2023.

Op grond van al die behandelde prestasies word in die voorlaaste hoofstuk tot die besluit gekom dat taalbeplanning vir SAGT oorwegend as suksesvol bestempel kan word. Nogtans word gewys op die relatiewe mislukking van taalkorpusbeplanning deurdat die vroeë van-benede-na-bowe inisiatiewe hieromtrent nie deurgevoer is nie en die indirekte standaardisering van die taalnaam nie deur die aangewese instansies bewerkstellig is nie. Taal-in-onderwysbeplanning het gemengde resultate opgelewer met die ontwikkeling van 'n huistaalkurrikulum vir SAGT,

weliswaar 'n uitsonderlike prestasie, maar die gebrek aan die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir SAGT as eerste en tweede addisionele taal is 'n mislukking. Groot prestasies is op die terrein van taalstatusbeplanning bereik, soveel so dat vasgestel is dat, danksy verskeie wetlike ingrepe die taal teen 2014 met die aanvaarding van die SATRP-wet *de jure* en *de facto* reeds dieselfde status as die ander 11 amptelike tale geniet. In beginsel was dit teen daardie stadium nie werklik meer nodig om met die stryd om verampteliking te volhard het nie. Uiteindelik het die verampteliking van 2023 slegs tot die simboliese status van SAGT bygedra en nie betekenisvol op die prestasies wat teen 2014 behaal is, verbeter nie.

Die korpus dokumente wat vir die doeleindes van die huidige studie byeengebring en ontleed is, het uiteindelik waardevolle inligting omtrent TBP vir SAGT opgelewer, wat dit moontlik gemaak het om die veramptelikingsverhaal deur middel van die monografie te dokumenteer. Dit is opvallend dat soveel van die inligting wat na vore gekom het, skynbaar nie algemeen bekend is aan nóg die gebaretaalveldtogvoerders nóg die betrokke besluitnemers nie. 'n Mens kan net hoop dat die monografie in hierdie opsig vir diesulkes van nut kan wees.

Die vraag wat nou ten besluite ontstaan, is hoe die toekomstige vooruitsigte van TBP vir SAGT daar uitsien?

Hoewel die reeks post-1977 taalbeplanningsartefakte vir SAGT 'n aanduiding gee van die mate van sukses wat behaal is, het veral die ontledings in die voorafgaande hoofstuk nogtans leemtes omtrent die SAGT-taalbeplanningsprogram blootgelê. Terselfdertyd het die ontledings ook strukturele of sistemiese uitdagings omtrent TBP in Suid-Afrika oor die algemeen blootgelê wat vrae laat ontstaan oor die haalbaarheid van 'n 12de amptelike taal. Die twee kwessies kan 'n belangrike rol speel by toekomstige TBP-aksies vir SAGT. Ter aansluiting by Holness (2016:175 e.v.) se voorstelle omtrent 'n toekomstige TBP-plan, kom taalstatus-, taalverwerwings- en taalkorpusbeplanning ter sprake.

Wat betref **taalstatusbeplanning** vir SAGT behoort ter agtergrond rekening gehou te word met die uitdagings omtrent die institusionalisering van die taal binne die vier amptelike

taaldomeine, te wete wetgewing, geregteelik, die onderwys en staatsadministrasie. Du Plessis (2022b) se bestekopname van post-1996 taalreëlings in die vier amptelike taaldomeine laat blyk dat die reëlings gekenmerk word deur verskillende agentskappe se pogings om 'n balans te vind tussen 'n egalitêre (soveel tale as moontlik) en 'n meer funksionele of effektiewe (slegs 'n uitgesoekte aantal tale of een taal) benadering tot taalbestuur. Die balans word op verskillende maniere gerealiseer:

- in die wetgewende domein deur die aanwending van Engels as werk- en rekordtaal, maar die gebruik van ten minste 'n tweede amptelike taal op 'n rotasiebasis;
- in die geregtelike domein deur die gebruik van slegs Engels as rekordtaal, met dien verstande dat 'n tolkdiens verskaf kan word aan persone wat nie die taal magtig is nie;
- in die onderwysdomein deur die gebruik van hoofsaaklik Engels as onderrigtaal (en taal van assessering) na Graad 4 en op tersiêre vlak; en
- in die administratiewe domein deur (in beginsel) die gebruik van ten minste drie amptelike tale (en SAGT as voorkeurtaal), maar in die praktyk hoofsaaklik Engels, met soms simboliese toegewings aan 'n ander taal of twee (Ramuedzisi 2022).

Die implikasies van die taalreëlings – wat ondertussen as konvensie gevestig is – is minder bemoedigend vir SAGT. Soos gesien kan word, is Engels *de facto* die primêre taal van al vier domeine, 'n posisie wat moeilik uitgedaag kan word. Vandaar die uitspraak by die 2024 SAGT Indaba dat die staat nie sy *de jure* grondwetlike mandaat met betrekking tot die HGITs nakom nie (PanSAT 2024). Gebruikers van SAGT kan byvoorbeeld kwalik daarop aanspraak maak om dit as werkstaal naas Engels aangewend te kry of om altyd een van die drie aanbevole tale te wees (al word die aanbeveling selde gerealiseer). Waarop dit neerkom, is dat SAGT as 'n 12de amptelike taal 'n konteks betree wat ongunstig is vir die inrig van 'n funksionele en geïnstusionaliseerde meertalige bedeling, soos die implikasies hieronder suggereer:

- In die wetgewende domein kan SAGT wel in ooreenstemming met die reëlings vir die ander amptelike tale op rotasiebasis gebruik word (dus so af en toe), maar nie deurgaans tot die nadeel van die ander amptelike tale nie. Dit sou anders gewees het indien SAGT nie tot amptelike taal verklaar is nie, want dan geld die bepalings van die WGAT met betrekking tot SAGT as voorkeurtaal. Dit geld trouens vir al die domeine: SAGT kan nie 'n gunstiger posisie verwerf as dié van die ander tale nie. Gegewe die bestaande konvensie kan slegs Engels hierop aanspraak maak.
- In die geregtelike domein kan soos vir die ander amptelike tale (en wat dit betref, enige taal) voorsiening gemaak word vir tolking indien 'n persoon nie Engels verstaan nie, maar nie as rekordtaal naas Engels nie.
- In die onderwysdomein kan SAGT wel as onderrigtaal aangewend word, soos dit tans die geval by enkele skole is, maar daar sal werk van gemaak moet word om Engels as (die oorheersende) assesseringstaal van dowe onderwys te vervang en die taal by meer skole as onderrigtaal te implementeer.
- In die staatsadministrasie sal gebruikers van SAGT voorlopig nog kan aandrang op die toewyding wat die WGAT vir hulle maak, maar hulle sal moet aanvaar dat die reëling gemaak is voordat SAGT veramptelik is en dat dit strenggesproke geskrap behoort te word.

Die behandelde toedrag van sake impliseer dat die verampteliking van SAGT nie noodwendig die taal se posisie binne die gemelde domeine verbeter het nie. Trouens, dit het die situasie eintlik vererger, aangesien SAGT nou een van 12 amptelike tale is wat spreekwoordelik sy beurt moet afwag. Dit is 'n situasie wat illustreer waarom die vergunning van die WGAT omtrent die gebruik van SAGT as voorkeurtaal so 'n enorme deurbraak was. Ongelukkig het die verbetering van die gebaretaalveldtogvoerders (aangepor deur die ANC) om deur te druk met verampteliking nou SAGT se posisie moontlik nadelig beïnvloed. Die gevolge hiervan het ons gemerk in die feit dat min uitgerig is om voordeel te put uit die wetlike mylpale wat sedert 1995 behaal is. Gebaretaalveldtogvoerders

en besluitnemers behoort hieroor te herbesin om as't ware te probeer red wat te redde is.

Wat oorbly is, teenstrydig met Holness (2016:175 e.v.) se argument na aanleiding van die *Springate*-litigasie om (nie-effektiewe) gestremdheidswetgewing nie by taalkwessies te betrek nie, dat gebaretaalveldtogvoerders dit tog sal moet oorweeg om die gestremdheidskaart te speel ten einde te probeer om 'n meer funksionele taalbedeling te beding. 'n Aandrag op die simboliese belang van die aanwending van SAGT gaan mense dalk goed laat voel, maar gaan nie somaar funksionaliteit bewerkstellig nie.

Wat **taal-in-onderwysbeplanning** betref, geld buiten die uitdaging van taalmedium (deels ook 'n statusaanleentheid) die kwessie van SAGT as 'n addisionele taal. Dit is onaanvaarbaar dat die onderwysdepartement steeds nie daarin kon slaag om 'n kurrikulum vir SAGT Eerste Addisionele Taal en SAGT Tweede Addisionele Taal te ontwikkel nie. 'n Volwaardige amptelike taal moet naas huistaal ook as addisionele taal aangebied word. Die kwessie het soos aangedui, ook by die 2024 SAGT Indaba ter sprake gekom, waar aanbeveel is dat SAGT ook in hoofstroomskole onderrig behoort te word. 'n Ten volle ontwikkelde kurrikulum kan betekenisvol bydrae tot die realisering van inklusiewe onderwys. Soos Holness (2016:175 e.v.) suggereer, moet taal-in-onderwysbeplanning vir SAGT daartoe bydra om die taal deel te maak van die hoofstroom en sodoende los te wikkkel van die terrein van spesiale onderwys en gevolglike isolasie. By die SAGT Indaba is hierna verwys as die 'normalisering' van die taal (PanSAT 2024:47). Gebaretaalveldtogvoerders behoort hulle daarop toe te spits om die druk omtrent die implementering wat die kwessies betref, vol te hou.

Wat **taalkorpusbeplanning** betref, weliswaar nie een van die hoofkussies van die monografie nie, bly die kwessie van standaardisering 'n groot uitdaging en daarmee saam die ontwikkeling van woordeboeke, grammatikas, literatuur ensovoorts. Hieroor is uitvoerig by die SAGT Indaba gepraat maar is uiteindelik aanbeveel dat 'die natuurlike prosesse' van standaardisering gevolg behoort

te word (PanSAT 2024:30). Hiermee word waarskynlik na die kwessie van konvensionalisering verwys, 'n spontane standaardiseringsproses onder taalgemeenskappe. Die betrokke standpunt reflekteer waarskynlik ook die WFD se amptelike standpunt oor standaardisering, wat na aanleiding van die VN se KRPG "... nie formele standaardiseringsaktiwiteite wat met enige gebaretaal verband hou [ondersteun] nie, maar ondersteun toepaslik gekwalifiseerde linguistiese navorsing oor en dokumentasie van alle gebaretaale in die wêreld" (WFD 2016). Die WFD impliseer dat standaardisering taalvariasie binne gebaretaale ontmoedig en propageer die behoud van 'natuurlike taalvariasie'. Die kwessie verg verdere ondersoek, maar 'n mens kan aanvaar dat gebaretaalveldtogvoerders hulle waarskynlik nie te veel met die kwessie gaan bemoei nie.

Uiteraard betrek die drie TBP-fokusse ook bykomende kwessies, soos by die SAGT Indaba inderdaad aan die orde gekom het: onder meer gebaretaaltolking en -tolke, gebaretaalonderwysers, gebaretaaldienste, ensovoorts (PanSAT 2024:30), kwessies wat oor die jare heen inderdaad tydens die veramptelikingsproses na vore gekom het. Dit is aspekte wat beslis verdere ondersoek verg, maar wat vanweë die fokus (en beperkte omvang) van die monografie nie in besonderhede behandel kon word nie.

Ten besluite 'n voorstel:

Aangesien die *SAGT Handves* in werklikheid ten nouste aansluit by heelwat van die wetlike reëlings omtrent SAGT wat sedert 1995 getref is, kan hierdie dokument beslis as vertrekpunt vir 'n toekomstige TBP-program aangewend word. Trouens, daar kan selfs oorweeg word om die handves binne 'n toegewyde gebaretaalwet, soos dié van Nieu-Seeland, op te neem of daarby te integreer. Soos vroeër in die huidige studie aangedui, maak die meeste lande inderdaad van so 'n wet gebruik om regserkenning aan hulle nasionale gebaretaale te verleen. Die voordeel van 'n gebaretaalwet is dat dit alle TBP-oogmerke omtrent die betrokke taal in een regsdocument met seggingskrag saamtrek, 'n kragtiger wetsdokument

Hoofstuk 9

as die huidige handves. Ook kan dit in meer direkte terme uitspel watter rolspelers welke rolle met betrekking tot TBP vervul. Dit vergemaklik sake vir die amptenare wat vir implementering verantwoordelik is en kan baie van die onsekerheid omtrent take en verantwoordelikhede uitskakel. Ook kan dit die veldtogvoerders wat druk moet uitoefen om sodanige implementering te verseker, geweldig help om meer doelgerig te werk te gaan.

Bibliografie

- Aarons, D. 1997a. *Draft curriculum for South African Sign Language as a school subject (Grades R–12)*. Pretoria: Deafsa.
- Aarons, D. 1997b. *Draft curriculum for South African Sign Language as a Second Language*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Aarons, D. 1999. South African Sign Language: changing policies and practices. *Spil Plus*, 30:111–143. <https://doi.org/10.5842/30-0-94>
- Aarons, D. & Akach, P. 1998. South African Sign Language – one language or many? A sociolinguistic question. *SPIL (Stellenbosch Papers in Linguistics)*, 31:1–28. <https://doi.org/10.5774/31-0-55>
- Aarons, D. & Morgan, R. 1998. The linguistic structure of South African Sign Language after apartheid. *Paper presented at the 6th International Conference on Theoretical Issues in Sign Language Research*, November 1998, Washington, DC.
- Abbott, R. 1977. Schools teach independence. Pupils are trained to take place in society. *Pretoria News*, 6 September, 8.
- Adam, R. 2015. Standardization of Sign Languages. *Sign Language Studies*, 15(4):432–445. <https://doi.org/10.1353/sls.2015.0015>
- Akach, P. & Naudé, JA. 2008. Empowering marginalised culture. The institution of South African Sign Language. *Journal for New Generation Sciences*, 6(3):3–21.
- Alexander, N. 1989. *Language policy and national unity in South Africa/Azania*. Kaapstad: Buchu Books.
- Alexander, N. 2000. Language policy and planning in South Africa: some insights. In: R Phillipson (red). *Rights to language. Equity, power, and education*, 174–177. New York: Routledge. <https://doi.org/10.4324/9781410605603-42>
- ANC (African National Congress). 1994. *A policy framework for education and training. Draft*. Braamfontein: Education Department, ANC.
- ANC (African National Congress). 1995. *A Policy Framework for Education and Training. Discussion document*. Braamfontein: Centre for Education Policy Development (CEPD).
- ANC (African National Congress). 2012a. *ANC 53rd National Conference Programme*. <https://www.anc1912.org.za/wp-content/uploads/2021/01/Programme-2012.pdf> [afgelaai op 17 November 2022].
- ANC (African National Congress). 2012b. *African National Congress 53rd National Conference Resolutions* <https://www.anc1912.org.za/wp-content/uploads/2021/01/Resolutions-2012.pdf> [afgelaai op 17 November 2022].
- ANC Language Commission. 1992. Press release. *Language Projects' Review*, 7(1):2–3.

- Anderson, L. 1979. A comparison of some American, British, Australian and Swedish Signs: Evidence on historical changes in signs and some family relationships of sign languages. *Paper presented at First International Symposium on Sign Language, Stockholm, June 1979*.
- Ann, J. 2004. Bilingualism and language contact. In: C Lucas (red). *The sociolinguistics of sign languages*, 33–60. Cambridge: Cambridge University Press. <https://doi.org/10.1017/CBO9780511612824.005>
- Arzoz, X. 2007. The nature of language rights. *JEMIE (Journal on Ethnopolitics and Minority Issues in Europe)*, 6(2):1–35.
- Asonye, E. 2019. Decolonising African Sign Language system: the roadmap, 27 May 2019. <https://medium.com/@easonye/decolonizing-african-sign-language-system-the-roadmap-d6193fe18923> [afgelaai op 6 Mei 2021].
- Bangani, Z. 2020. Will sign language become SA's 12th official language? *New Frame*, 12 October. <https://www.newframe.com/will-sign-language-become-sas-12th-official-language/> [afgelaai op 17 November 2022].
- Baron, A. 1981. Douglas' silent world. *The Cape Times*, 4 April, 8.
- Batterbury, S., Ladd, P. & Gulliver, M. 2007. Sign Language Peoples as indigenous minorities: implications for research and policy. *Environment and Planning*, 39:2899–2915. <https://doi.org/10.1068/a388>
- Bauman, H-L. & Murray, J.J. 2017. Sign languages. In: O. Garcia, N. Flores & M. Spotti (reds). *The Oxford Handbook of Language and Society*, 243–260. New York: Oxford University Press. <https://doi.org/10.1093/oxfordhb/9780190212896.013.28>
- Behr, A. 1988. *Education in South Africa: origins, issues and trends, 1652–1988*. Pretoria: Academica.
- Beukes, A-M. 2004a. *PanSALB: A historiographic Outline (1991–2003. Prepared for the Pan South African Language Board*. Pretoria: Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.
- Beukes, A-M. 2004b. The first ten years of democracy: language policy in South Africa. *Xth Linguapax Congress on Linguistic Diversity, Sustainability and Peace, 20–23 May, Barcelona, 20–23*. https://www.linguapax.org/wp-content/uploads/2015/03/1_beukes.pdf [afgelaai op 8–29 Oktober 2024].
- Beukes, A-M. 2009. Language policy incongruity and African languages in post-apartheid South Africa. *Language Matters*, 40(1):35–55. <https://doi.org/10.1080/10228190903055550>
- Beukes, A-M. & Barnard, M. 1994. *Proceedings of the Languages for All Conference: Towards a Pan South African Language Board, 27–28 May 1993, CSIR Conferences Centre, Pretoria*. Pretoria: Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.

Bibliografie

- Beukman, J. 2000. Towards a commission for the promotion and protection of the rights of cultural, religious and linguistic communities. In: K. Deprez & T. du Plessis (reds). *Multilingualism and government*, 138–147. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- boostlingo. 2021. *6 Sign language families (and where they're used)*. <https://boostlingo.com/2021/04/01/6-sign-language-families-and-where-theyre-used/> [afgelaai op 4 April 2023].
- Bot, M. & Masehela, K. 2003. Provincialisation of education: a review (July 2001– December 2002). *Edusource DataNews*, 41:11–37.
- Branson, J. & D. Miller. 1997. National sign language and language policies. In: R. Wodak & D. Corson. *Encyclopedia of language and education: language policy and political issues in education. Volume 1*, 89–98. Dordrecht: Kluwer Academic Publishers. https://doi.org/10.1007/978-94-011-4538-1_9
- Brenzinger, M. 2014. Classifying non-bantu click languages. In: C Saunders (red). *Papers from the pre-colonial catalytic project, Volume I*, 123–135. Kaapstad: Centre for African Studies, University of Cape Town.
- Brown, D. 1991. A tower of Babel. The language debate. *Indicator SA*, 9(1):23–26.
- Byatt, T.J., Duncan, J., Dally, K. & De Beuzeville, L. 2021. Evolving identities of adolescents who are deaf or hard of hearing: a scoping view. *American Annals of the Deaf*, 166(1):5–30. <https://doi.org/10.1353/aad.2021.0008>
- Carstens, W. & Raidt, E. 2019. *Die storie van Afrikaans uit Europa en van Afrika. Deel 2*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Chakoma, S. & Baron, P. 2023. Converting South African sign language to verbal. *SAIEE Africa Research Journal*, 114(2):49–57. <https://doi.org/10.23919/SAIEE.2023.10071977>
- C.J.A. Lourens vs. *Die President van die Republiek van Suid-Afrika e.a.* 2010. *Uitspraak*, 49807/09 (Noord Gautengse Hooggeregshof 16 Maart 2010).
- Clark, J.G. 1981. Uses and abuses of hearing loss classification. *ASHA*, 23(7):493–500.
- Cognizance. 2021. *DEAFinition*. <https://www.deafinition.co.za/> [afgelaai op 21 September 2022].
- Cognizance. 2022. *About us*. <https://www.edeaf.co.za/about> [afgelaai op 21 September 2022].
- CODA International. 2021. *About CODA International*. <https://coda-international.org/about/> [afgelaai op 11 Mei 2021].
- Colyn, T. 2022. DCAS and PanSALB partner to launch new online SA Sign Language dictionary, 2 September 2022. <https://www.westerncape.gov.za/gc-news/70/58632> [afgelaai op 21 September 2022].

- Combs, M. & Penfield, SD. 2012. Language activism and language policy. In: B Spolsky (red). *The Cambridge handbook of language policy*, 461–474. Cambridge: Cambridge University Press. <https://doi.org/10.1017/CBO9780511979026.028>
- Conradie, J. 2013. Op die keper beskou: oor die ontstaan van Afrikaans. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 31(3):393–397. <https://doi.org/10.2989/16073614.2013.837618>
- Constitute. 2005. *Portugal's Constitution of 1976 with Amendments through 2005*. https://constituteproject.org/constitution/Portugal_2005?lang=en [afgelaai op 7 November 2022].
- Constitute. 2009. *Poland's Constitution of 1997 with Amendments through 2009*. <https://constituteproject.org/countries/Europe/Poland?lang=en> [afgelaai op 7 November 2022].
- Constitute. 2010. *Kenya 2010*. https://www.constituteproject.org/constitution/Kenya_2010 [afgelaai op 19 Julie 2023].
- Constitute. 2011. *Finland's Constitution of 1999 with Amendments through 2011*. <https://constituteproject.org/countries/Europe/Finland?lang=en> [afgelaai op 7 November 2022].
- Constitute. 2014. *New Zealand's Constitution of 1852 with Amendments through 2014*. https://constituteproject.org/countries/Oceania/New_Zealand?lang=en [afgelaai op 7 November 2022].
- Constitute. 2017a. *Uganda 's Constitution of 1995 with Amendments through 2017*. <https://constituteproject.org/countries/Africa/Uganda?lang=en> [afgelaai op 7 November 2022].
- Constitute. 2017b. *Zimbabwe 2013 (rev. 2017.)* https://www.constituteproject.org/constitution/Zimbabwe_2017 [afgelaai op 7 November 2022].
- Constitute. 2025. About. <https://www.constituteproject.org/content/about?lang=en> [afgelaai op 7 Augustus 2025].
- Cooper, R. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge, New York, Melbourne, Sydney: Cambridge University Press.
- CotP (Congress of the People). 1955. The Freedom Charter. Adopted at the Congress of the People, Kliptown, on 26 June 1955. In: Department of Education. *History of the Freedom Charter*, 12–13. Pretoria: Directorate: Race and Values in Education, Department of Education.
- Coulombe, P. 2000. Citizenship and official bilingualism in Canada. In: W. Kymlicka & N. Wayne (reds). *Citizenship in diverse societies*, 273–295. Oxford, New York: Oxford University Press. <https://doi.org/10.1093/019829770X.003.0011>
- Crawhall, N. 1993. *Negotiations and language policy options in South Africa. The National Language Project Report to the National Education Policy Investigation Sub-committee on Articulating Language Policy*. Salt River: National Language Project.
- Crawhall, N. 1995. Sign of the times. Deaf rights in South Africa. *Democracy in Action*, 15 Desember, 4.

Bibliografie

- Currie, I. 2005. Official languages and language rights. In: S Woolman, T Roux, J Klaaren, A Stein & M Chaskalson (reds). *Constitutional law of South Africa* (2de uitgawe), 65–1–18. Kaapstad: Juta & Co. Ltd.
- Das Gupta, J. & Ferguson, CA. 1977. Problems of language planning. In: J Rubin, B Jernudd, J Das Gupta, J Fishman & C Ferguson (reds). *Language planning processes*, 3–8. Den Haag, Parys, New York: Mouton Publishers. <https://doi.org/10.1515/9783110806199.3>
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2011. *Nasionale Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring, Afrikaans Huistaal, Senior fase Graad 7–9*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2020. *Newsroom/ Newsletter: Thuto*. <https://www.education.gov.za/Newsroom/NewsletterThuto.aspx> [afgelaai op 23 Maart 2021].
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2021a. *Curriculum Assessment Policy Statements (CAPS)*. <https://www.education.gov.za/CurriculumAssessmentPolicyStatements.CAPS.aspx> [afgelaai op 26 Januarie 2023].
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2021b. *SA Sign Language CAPS*. <https://www.education.gov.za/Curriculum/CurriculumAssessmentPolicyStatementsC.APS.aspx> [afgelaai op 17 Maart 2022].
- DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2025. *Implementation of Kiswahili as Second Additional Language in SA schools*. <https://www.education.gov.za/ArchivedDocuments/ArchivedArticles/Kiswahili-SAL-implementation.aspx> [afgelaai op 15 April 2025].
- De la Bat (De la Bat Skool vir Doves). 2022. *Sign language*. De la Bat Skool vir Doves/School for the Deaf. [afgelaai op 7 Junie 2022].
- De la Hunt, N. 2019. FingerTalk – SASL mobile app, Power Point-aanbieding, 21 Februarie 2019 (PRA19_1200_AW_presentationZeroCon19.pptx). <https://zeroproject.org/view/project/903d6336-9917-eb11-a813-000d3ab9b226> [afgelaai op 24 Januarie 2023].
- De Meulder, M. 2015. The legal recognition of sign languages. *Sign Language Studies*, 15(4):498–506. <https://doi.org/10.1353/sls.2015.0018>
- De Meulder, M, Murray, J & McKee, R (reds). 2019. *The legal recognition of sign languages. Advocacy and outcomes around the world*. Clevedon & Buffalo & Toronto: Channel View Publications. <https://doi.org/10.21832/9781788924016>
- De Meulder, M, Murray, J & McKee, R. 2019a. Introduction: the legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world. In: M. de Meulder, J.J. Murray & R.L. McKee (reds). *The legal recognition of sign languages: advocacy and outcomes around the world*, 1–15. Bristol: Multilingual Matters. <https://doi.org/10.21832/9781788924016-002>

- De Meulder, M., Murray, J. & McKee, R. 2019b. Epilogue: claiming multiple positionalities: lessons from the first two decades of sign language recognition. In: M. de Meulder, J.J. Murray & R.L. McKee (reds). *The legal recognition of sign languages. Advocacy and outcomes around the world*, 301–312. Bristol, Blue Ridge Summit: Multilingual Matters. <https://doi.org/10.21832/9781788924016-021>
- De Quadros, RM. 2018. Language policies and sign languages. In: J.W. Tollefson & M. Pérez-Milans (reds). *The Oxford handbook of language policy and planning*, 442–462. New York: Oxford University Press.
- De Sousa, F. 2022. Essential framework of the legal status of sign language: recognition and officiality. *Revista de Llengua i Dret/ Journal of Language and Law*, 78:177–193.
- De Sousa, F. 2024a. Decoding sign language legal status: exploring a distinct category (or tertium genus) between recognition and officiality. A comparative analysis. *Comparative Language and Law*, 3(1):1–31.
- De Sousa, F. 2024b. Shaping sign language policy: status planning towards multilingualism. *Caderno de Letras*, 49:289–311. <https://doi.org/10.15210/cdl.vi49.27436>
- De Wet, P. 2013. Mandela memorial interpreter: SA’s meaningless gestures. *Mail&Guardian*, 12 Desember. <https://mg.co.za/article/2013-12-12-mandela-memorial-interpreter-sas-meaningless-gestures/> [afgelaai op 24 Augustus 2023].
- DEWB (Deaf Education Without Borders). 2022. *Sign Language Family Tree infographic, 4th edition*. <https://www.facebook.com/profile/100064691256476/search?q=family%20tree> [afgelaai op 4 April 2023].
- DFSA (Dowe Federasie van Suid-Afrika). 1996. *South African Sign Language. Curriculum for level 1, 2, 3*. Johannesburg: DeafSA.
- DFSA (Dowe Federasie van Suid-Afrika). 1997. *South African Sign Language: Main language, draft curriculum for Grades 0-12*. Johannesburg: DeafSA.
- DGO (Departement van Grondwetlike Ontwikkeling). 1996. *Masakhane Campaign Business Plan 1996/97 and 1997/98*. Pretoria: Departement van Grondwetlike Ontwikkeling.
- DHOO (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding). 2015. National Qualifications Framework Act, (67/2008): Revised policy on the minimum requirements for Teacher Education Qualifications. *Staatskoerant*, 596(38487):3–72.
- DHOO (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding). 2020. Language policy framework for public higher education institutions determined in terms of section 27(2) of the Higher Education Act, 101 of 1997 (as amended.). *Staatskoerant*, 664(43860):3–20.

Bibliografie

- DHOO (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding). 2023. Higher Education Act, 101 of 1997 (as amended). Amendment of the definition on the language Policy Framework for public Higher Education Institutions, determined in terms of section 27(2) of the Act. *Staatskoerant*, 48923:15.
- DiA (Democracy in Action). 1995. Deaf in South Africa. *Democracy in Action*, 15 Desember, 2.
- Disa (Disability Info South Africa). 2022. *Sign Language*. Disa Disability Info South Africa: <http://disabilityinfosa.co.za/hearing-impairments/assistive-devices-equipment/sign-language/> [afgelaai op 7 Junie 2022].
- Disability Insider. 2022. New South African app 'SASL DEAFinition' helps users to learn basic sign language. *Disability Insider*, 26 Januarie 2022. <https://disabilityinsider.com/2022/01/26/technology/new-south-african-app-sasl-deafinition-helps-users-to-learn-basic-sign-language/> [afgelaai op 21 September 2022].
- DJGO (Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling). 2022a. Part A: Invitation for public comments on the Constitution of the Republic of South Africa, 1996: Amendment to Section 6 of the Constitution, Notice 1156 of 2022. *Staatskoerant*, 47049:3-4.
- DJGO (Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling). 2022b, Part B: Republic of South Africa Constitution Eighteenth Amendment Bill, 2022, Notice 1156 of 2022. *Staatskoerant*, 47049:5-7.
- DKK (Departement van Kuns en Kultuur). 2003a. *National Language Policy Framework*, 12 February 2003. Pretoria: Departement van Kuns en Kultuur.
- DKK (Departement van Kuns en Kultuur). 2003b. Implementation Plan: National Language Policy Framework. Konseps. Pretoria: Departement van Kuns en Kultuur.
- DKK (Departement van Kuns en Kultuur). 2003c. South African Languages Bill. Hersiene finale konsep, 24 April 2003. *Staatskoerant*, 30 Mei, 29-42.
- DKK (Departement van Kuns en Kultuur). 2015. South African Language Practitioners' Council Act, 2014: Regulations. *Staatskoerant*, 39408:4-39.
- DKK (Departement van Kuns en Kultuur). 2019. Pan South African Language Board Call for Comment: Rules for National Language Bodies. *Staatskoerant*, 42474:15-22.
- DKKWT (Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie). 1996. Towards a National Language Plan for South Africa. *Final Report of the Language Plan Task Group*. Pretoria: Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie.
- DKKWT (Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie). 2001. *Study Tour to Brussels; South African Languages Bill: briefing*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/1105/> [afgelaai op 14 Augustus 2024].

- DNO (Departement van Nasionale Onderwys). 1988. *Educational programmes for pre-tertiary education in South Africa*. Nated 02-124(88/06). Pretoria: Departement van Nasionale Onderwys.
- DNV (Daily News verslaggewer). 1994. Lobby wants sign language to be officially recognised. *The Daily News*, 30 Augustus, 3.
- DODA (Departement van Openbare Dienste en Administrasie). 1997. Batho Pele White Paper on Transforming Public Service Delivery, 18 September 1997. Pretoria: Departement van Openbare Dienste en Administrasie.
- DP (Die Presidensie). 2023. *President Cyril Ramaphosa enacts sign language as 12th official language*. 19 Jul. <https://www.gov.za/speeches/president-cyril-ramaphosa-enact-sign-language-2th-official-language> [afgelaai op 15 Mei 2024].
- Druchen, B. 2007. *DeafSA Memorandum towards recognition of South African Sign Language as the 12th official language*. Meeting report: Joint Constitutional Review Committee, 16 February 2007. <https://pmg.org.za/committee-meeting/8091/> [afgelaai op 4 Februarie 2020].
- Druchen, B. 2010. Challenges and resolutions for the Deaf Education Sector in South Africa. *American Annals of the Deaf*, 155(4):496-498. <https://doi.org/10.1353/aad.2010.0046>
- Druchen, B. 2014. The legacy of Deaf President Now in South Africa. *Sign Language Studies*, 30(2), 74-86. <https://doi.org/10.1353/sls.2014.0020>
- Druchen, B. 2023. SASL 12: Journey. Public hearings on the Constitution Eighteenth Amendment Bill [B1 - 2023], 7 March 2023, Parliament of the Republic of South Africa.
- DSKK (Departement van Sport, Kuns en Kultuur). 2023a. South African Language Practitioners' Council Act: Declaration of South African Language Practitioners' Council (SALPC) as public entity, Notice No. 2959, 27 January 2023. *Staatskoerant*,(47291):3.
- DSKK (Departement van Sport, Kuns en Kultuur). 2023b. Call for Nominations for Persons to serve on the Board of the South African Language Practitioners' Council (SALPC). <https://www.dsac.gov.za/Board%20of%20the%20South%20African%20Language%20Practitioners%E2%80%99%20Council> [afgelaai op 12 Augustus 2024].
- DSKK (Departement van Sport, Kuns en Kultuur). 2023c. South African Language Practitioners' Council Act (8/2014): Notice of appointed Board Members of the South African Language Practitioners' Council, Notice No. 3804, 18 August 2023. *Staatskoerant*, 698(49140):73.
- DSKK (Departement van Sport, Kuns en Kultuur). 2024. Address by Acting Director General of the Department of Sport, Arts and Culture, Dr Stella Khumalo, on the occasion of International Mother Language Day, East London, 22-Feb-2024. <https://www.dsac.gov.za/node/997> [afgelaai op 14 Augustus 2024].

Bibliografie

- DSO (Departement van Sosiale Ontwikkeling). 2023. President of the 11th Children 's Parliament Welcomes the Signing of the Bill for Sign Language to be 12th Official Language. [https:// www.dsd.gov.za/index.php/latest-news/21-latest-news/498-president-of-the-11th-children-s-parliament-welcomes-the-signing-of-the-bill-for-sign-language-to-be-12th-official-language](https://www.dsd.gov.za/index.php/latest-news/21-latest-news/498-president-of-the-11th-children-s-parliament-welcomes-the-signing-of-the-bill-for-sign-language-to-be-12th-official-language) [afgelaai op 1 Augustus 2024].
- DT (Dominican Today). 2023. Executive branch enacts Sign Language Law. *Dominican Today*, 1 August. <https://domicantoday.com/dr/local/2023/08/01/executive-branch-enacts-sign-language-law/> [afgelaai op 19 Oktober 2023].
- Du Plessis, L. 2012. The benefits of multilingualism for statutory and constitutional interpretation in South Africa. *International Journal of Language & Law (JLL)*, 1:76– 86.
- Du Plessis, M. 2019. The Khoisan Languages of Southern Africa: Facts, theories and confusions. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 33(4-5):33–54. <https://doi.org/10.1080/02560046.2019.1647256>
- Du Plessis, T. & Van Gensen, A. 1999. Taal en Stryd: Tien jaar in oënskou. In: L.T. du Plessis & A. van Gensen (reds). *Taal en Stryd 1989–1999: Gedenkbundel*. Geselekteerde bydraes van die Taal en Stryd-kongres aangebied deur die Departemente Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit van Natal, op 28 en 29 April 1989 in Durban, 1–31. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Du Plessis, T. 1985. The state of the art of language planning in South Africa. *SA Journal of Linguistics*, 3(sup 2):1–23. <https://doi.org/10.1080/10118063.1985.9723721>
- Du Plessis, T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Du Plessis, T. 1995. *Die evaluering van taalbeplanningsprosesse [The evaluation of language planning processes]*. Howick: Brevitas.
- Du Plessis, T. 2006. Language activism in South Africa. In: G Sica (red). *Open problems in linguistics and lexicography*, 73–96. Milaan: Polimetrica.
- Du Plessis, T. 2009. Taalwetgewing in Suid-Afrika. *Litnet*, 6(3):132–154.
- Du Plessis, T. 2010. 'n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 7(2):65–97.
- Du Plessis, T. 2012. 'n Kritiek op 'n normatiewe vergelyking van die 2003- en 2011-weergawes van die South African Languages Bill aan die hand van sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 9(2):309–353.
- Du Plessis, T. 2017. Taalbeleidshersiening en die ontplanning van Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 53:78–96. <https://doi.org/10.5842/53-0-748>
- Du Plessis, T. 2020a. The officialisation of South African Sign Language: Implications for place-name planning. *Language Matters*, 51(3):66–86. <https://doi.org/10.1080/10228195.2020.1825515>

- Du Plessis, T. 2020b. The role of Language Planning Agencies in higher education in South Africa – comparing two cases. In: J. Darqueness, T. du Plessis & J. Soler (reds). *Language diversity management in higher education. Sociolinguistics 34, International Yearbook of European Sociolinguistics*, 173–193. Berlyn, Boston: De Gruyter. <https://doi.org/10.1515/soci-2020-0011>
- Du Plessis, T. 2022a. Taalbeplanning. In: W. Carstens & T. van Dyk (reds). *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*, 279–304. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Du Plessis, T. 2022b. The officialisation of South African Sign Language – What is there to gain? *Language Matters*, 53(3):47–71. <https://doi.org/10.1080/10228195.2022.2126582>
- Du Plessis, T. 2023. Die opkoms van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as Suid-Afrika se 12de amptelike taal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(3):585–614. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2023/v63n3a11>
- Du Toit, P. 2007. Gebaretaal binnekort dalk 12de landstaal. *Burger*, 16 Junie, 6.
- DV (*Die Volksblad*). 1995. Raad vir dowes het nuwe naam. *Die Volksblad*, 6 Junie, 3.
